

**DIE ONTWIKKELING EN EVALUERING VAN 'N  
SKOOLFASILITERINGSPROGRAM VIR VROEË  
SKOOLBEGINNERS**

**PETRUS DU TOIT HERBERT**

# **DIE ONTWIKKELING EN EVALUERING VAN 'N SKOOLFASILITERINGSPROGRAM VIR VROEË SKOOLBEGINNERS**

deur

**PETRUS DU TOIT HERBERT**

**Proefskrif ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad**

van

**Philosophiae Doctor**

**In die Fakulteit Geesteswetenskappe, Departement Sielkunde,**

**(in Kindersielkunde en Aanverwante Terreine)**

aan die

**Universiteit van die Vrystaat**

**Promotor: Dr. M.J. Theron**

**Mede-promotor: Prof. A. le Roux**

**November 2007**

# BEDANKINGS

Die uitvoering van dié projek is te danke aan die hulp en ondersteuning van verskeie persone. Graag dra ek my opregte dank hiervoor oor aan:

- My promotor, Dr. M.J. Theron (Direkteur: Gespesialiseerde Onderwys-ondersteuningsdienste) van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, vir sy beskikbaarheid en die voorreg om die taak onder sy bekwame leiding te kon uitvoer.
- Mes. Saretta Louw; Truida Hofmeyr; Petra Dunn; Betsie Vlok; Annetjie Pienaar en Joey van der Westhuizen vir die uitwerk van die drie leerprogramme, wat 'n ongelooflike groot taak was. Dankie dat julle tot die bittereinde daar was.
- Me. Pauline van der Merwe, vir die raad en hulp met die statistiese verwerking van die data.
- Me. Namari Kotze vir haar ongelooflike veelsydigheid ten opsigte van die proeflees en taalkundige versorging van die proefskrif.
- Me. C. Park vir die tegniese versorging van die proefskrif.
- Die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir die verlening van toestemming vir die projek, asook die 21 skole se skoolhoofde en graad een opvoeders vir hul volgehoue ondersteuning met die uittoets van die leerstof en die assessering van die leerders.
- My *eggenote*, Ann, sonder wie se onbaatsugtige liefde en volgehoue ondersteuning oor 'n tydperk van 24 jaar van studie, hierdie ideaal nooit verwesenlik sou kon word nie.
- My drie pragtige kinders, Rochelle, Ruan en Neal, vir hul volgehoue ondersteuning, motivering en belangstelling.
- My oorlede moeder vir haar inspirasie oor die jare heen.

**Soli Deo Gloria**

# INHOUDSOPGAWE

<b>HOOFSTUK 1</b>	
<b>INLEIDING, MOTIVERING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK .....</b>	<b>1</b>
1.1	INLEIDING .....
1.2	PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE .....
1.3	DOEL VAN DIE NAVORSING.....
1.4	NAVORSINGSMETODE .....
1.5	UITEENSETTING VAN DIE STUDIE .....
1.6	BEGRIPSVERKLARINGE EN AKRONIEME .....
1.7	SAMEVATTING .....
<b>HOOFSTUK 2</b>	
<b>TEORETIESE BEGRONDING.....</b>	<b>11</b>
2.1	INLEIDING .....
2.2	SKOOLGEREEDHEID .....
2.3	KINDGEREEDHEID.....
2.4	DIE WAARDE VAN DIE ONTWIKKELINGSIELKUNDE .....
2.5	ONTWIKKELING AS 'N LEWENSLOOP-BENADERING.....
2.5.1	Ontwikkeling deur rypwording en ervaring .....
2.5.2	Lewenstadia-indeling .....
2.6	ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE KLEUTERTYDPERK EN DIE MIDDEL-KINDERJARE.....
2.6.1	Die kleutertydperk .....
2.6.1.1	<i>Ontwikkelingstake onderliggend aan skolastiese vordering.....</i>
2.6.1.1.1	<i>Perseptuele ontwikkeling.....</i>
2.6.1.1.2	<i>Motoriese ontwikkeling.....</i>
2.6.1.1.3	<i>Taalontwikkeling.....</i>

2.6.1.1.4	<i>Kognitiewe of intellektuele ontwikkeling</i> .....	57
2.6.1.1.5	<i>Emosionele ontwikkeling</i> .....	64
2.6.1.1.6	<i>Sosiale ontwikkeling</i> .....	65
2.6.1.1.7	<i>Spel as medium in die ontdekking van 'n wyer omgewing</i> .....	69
2.7	DIE MIDDELKINDERJARE .....	75
2.8	SAMEVATTING .....	77

### **HOOFSTUK 3**

## **NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING .....**

3.1	INLEIDING .....	80
3.2	ONDERLIGGENDE OPVOEDKUNDIGE FILOSOFIE EN BELEID .....	80
3.3	STRUKTUUR VAN DIE NASIONALE KURRIKULUM-VERKLARING VIR GRAAD R-9 (SKOLE) .....	82
3.3.1	Belangrike begrippe in die Leerareaverklarings .....	83
3.3.1.1	<i>Wat is 'n Leeruitkoms?</i> .....	83
3.3.1.2	<i>Wat is 'n Assesseringstandaard?</i> .....	84
3.3.1.3	<i>Hoe verskil 'n Assesseringstandaard van 'n Leeruitkoms?</i> .....	85
3.3.1.4	<i>Leerprogramme</i> .....	85
3.4	RIGLYNE WAT TYDENS DIE ONTWIKKELING VAN LEERPROGRAMME IN AG GENEEM MOET WORD .....	86
3.4.1	Tydstoekenning en gewigstoekenning .....	86
3.4.2	Integrasie .....	87
3.4.3	Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (hulpmiddels) .....	88
3.4.4	Groepering van assesseringstandaarde .....	88
3.4.5	Aspekte wat aandag behoort te verdien tydens die ontwikkeling van 'n leerprogram .....	89
3.4.6	Hoofdoel van elke afsonderlike leerprogram met die oog op programontwikkeling .....	91
3.4.6.1	<i>Geletterdheid</i> .....	91

3.4.6.2	<i>Gesyferdheid</i> .....	92
3.4.6.3	<i>Lewensvaardighede</i> .....	93
3.4.7	Die teikengroep van hierdie studie .....	93
3.5	ASSESSERING IN DIE GRONDSLAGFASE .....	94
3.5.1	Beginsels van Leerderassessering en Assesseringsbeleid .....	94
3.5.2	Doelstellings met betrekking tot assessering en verskillende vorme van assessering .....	95
3.5.3	Voorbeelde van assesseringsmetodes in die Grondslagfase.....	100
3.5.4	Verslaghouding (Rapportering) aangaande assessering .....	101
3.5.5	Leerderportefeulje .....	102
3.6	DIE DRIE KERNLEERAREAS IN DIE GRONDSLAGFASE.....	104
3.6.1	Tale (Geletterdheid) .....	104
3.6.1.1	<i>Definisie</i> .....	104
3.6.1.2	<i>Leeruitkomste</i> .....	105
3.6.2	Wiskunde (Gesyferdheid).....	122
3.6.2.1	<i>Definisie</i> .....	122
3.6.2.2	<i>Leeruitkomste</i> .....	123
3.6.3	Lewensoriëntering (Lewensvaardighede) .....	132
3.6.3.1	<i>Definisie</i> .....	132
3.6.3.2	<i>Leeruitkomste</i> .....	132
3.7	ONTWIKKELING VAN DIE SKOOLFASILITERINGSPROGRAM.....	138

#### **HOOFSTUK 4**

#### **DIE ONTWIKKELING VAN 'N SKOOLFASILITERINGSPROGRAM**

#### **EN 'N ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR VROEË SKOOLBEGINNERS..... 140**

4.1	INLEIDEND .....	140
4.2	DIE ONTWIKKELING VAN DIE SKOOLFASILITERINGS- PROGRAM.....	141
4.2.1	Samestelling van die multifunksionele span.....	141

4.2.2	Analisering van al die navorsers se versamelde inligting .....	142
4.2.3	Samestelling van die programraamwerk .....	142
4.2.4	Werkswyse in die ontwikkeling van die program .....	143
4.2.5	Bladuitleg van die leerprogramme.....	148
4.2.6	Assessering en aanpassing van die program.....	154
4.3	<b>ONTWIKKELING VAN DIE ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR SKOOLGEREEDHEID .....</b>	<b>156</b>
4.3.1	Inleiding.....	156
4.3.2	Ontwikkelingspan wat meetinstrument ontwikkel het .....	156
4.3.3	Metode van ontwikkeling .....	156
4.3.4	Omskrywing van die toetsmateriaal .....	159
4.3.4.1	<i>Motoriese ontwikkeling</i> .....	159
4.3.4.2	<i>Visueel perseptuele ontwikkeling</i> .....	160
4.3.4.3	<i>Ouditiewe persepsie</i> .....	161
4.3.4.4	<i>Syferkundigheid</i> .....	162
4.3.4.5	<i>Geletterdheid</i> .....	163
4.3.4.6	<i>Emosionele ontwikkeling</i> .....	164
4.3.4.7	<i>Sosiale ontwikkeling</i> .....	165
4.3.5	Afneemprosedures.....	165
4.3.6	Puntetoekenning .....	166
4.3.7	Betroubaarheid van die meetinstrument .....	166
4.3.8	Toets-hertoetsbetroubaarheid .....	167
4.3.9	Interne konsekwentheid .....	168
4.3.10	Bepaling van die effektiwiteit van die assesseringsinstrument.....	171
4.4	<b>SAMEVATTING .....</b>	<b>172</b>



<b>HOOFSTUK 5</b>	
<b>PROGRAMIMPLEMENTERING EN EVALUERING.....</b>	<b>173</b>
5.1	INLEIDING ..... 173
5.2	DIE IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM ..... 173
5.2.1	Aksienavorsing..... 173
5.2.2	Stap 1 – Om te begin ..... 178
5.2.2.1	<i>Observasie</i> ..... 178
5.2.2.2	<i>Praat met ander</i> ..... 179
5.2.2.3	<i>Lees en kritiese denke</i> ..... 179
5.2.2.4	<i>Identifisering van kwessies wat op navorsing gefokus is</i> ..... 180
5.2.2.5	<i>Formulering van vrae en die ontwikkeling van idees</i> ..... 180
5.2.2.6	<i>Begin navorsingsdagboek</i> ..... 183
5.2.3	Stap 2 – Vestiging van konsultasie ..... 184
5.2.3.1	<i>Vestig groep</i> ..... 184
5.2.3.2	<i>Konsultasie met betrokkenes by die implementering van die program</i> ..... 185
5.2.3.3	<i>Verkry toestemming</i> ..... 186
5.2.3.4	<i>Dink oor etiese kwessies</i> ..... 186
5.2.4	Stap 3 – Samewerking ..... 188
5.2.4.1	<i>Gesamentlike beplanning</i> ..... 188
5.2.4.2	<i>Programimplementering aan die hand van 'n rooster</i> ..... 189
5.2.4.3	<i>Monitering van programimplementering</i> ..... 191
5.2.4.4	<i>Monitering en evaluering van verandering</i> ..... 192
5.2.5	Stap 4 – Verander saam ..... 193
5.2.5.1	<i>Konsultasie met groep en andere wat deur verandering geaffekteer word</i> ..... 193
5.2.5.2	<i>Kritiese reflektoring</i> ..... 194
5.2.5.3	<i>Optekening van opsomming oor proses en uitkomste</i> ..... 194

5.2.5.4	<i>Herassesseer situasie</i> .....	196
5.3	EVALUERING VAN DIE SKOOLFASILITERINGSPROGRAM DEUR OPVOEDERS .....	197
5.4	EMPIRIESE EVALUERING VAN DIE SKOOLFASILITERINGS- PROGRAM.....	200
5.4.1	Die navorsingsontwerp.....	200
5.4.2	Toepassing van die program.....	202
5.4.3	Hipotesestelling.....	202
5.4.4	Die verwerking van die data .....	204
5.5	SAMEVATTING .....	204

## **HOOFSTUK 6 BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS .....205**

6.1	INLEIDING .....	205
6.2	BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS .....	205
6.2.1	Bevindinge ten opsigte van die aksienavorsing.....	205
6.2.1.1	<i>Geletterdheid</i> .....	205
6.2.1.2	<i>Gesyferdheid</i> .....	208
6.2.1.3	<i>Lewensvaardighede</i> .....	210
6.2.1.4	<i>Vergelyking van evaluerings per vraag van al drie die leerprogramme</i> .....	212
6.2.1.5	<i>Samevattend</i> .....	213
6.2.1.6	<i>Bevindinge op grond van waarneming en gesprekvoering</i> .....	214
6.2.2	Resultate van empiriese evaluering .....	215
6.2.2.1	<i>Vergelyking van die eksperimentele en die kontrolegroep op voormetingsvlak</i> .....	215
6.2.2.2	<i>Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroepe deur middel van verskiltellings</i> .....	218
6.2.2.3	<i>Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroepe deur gebruik te maak van verbandsterktes</i> .....	220
6.3	BESPREKING VAN DIE PROJEK EN DIE RESULTATE .....	223

6.4	AANBEVELINGS .....	225
6.5	SLOT.....	226
	<b>OPSOMMING .....</b>	<b>227</b>
	<b>SUMMARY.....</b>	<b>229</b>
	<b>BRONNELYS.....</b>	<b>231</b>
BYLAE A:	DIE MEETINSTRUMENT.....	251
BYLAE A:	MEETINSTRUMENT – AFRIKAANS .....	252
BYLAE A:	MEETINSTRUMENT – ENGELS .....	253
BYLAE A:	MEETINSTRUMENT - ISIXHOSA.....	254
BYLAE B:	VRAELYS VIR OPVOEDERS – AFRIKAANS.....	255
BYLAE B:	VRAELYS VIR OPVOEDERS – ENGELS .....	256
BYLAE C:	SKOOLFASILITERINGSPROGRAM .....	257

## LYS VAN FIGURE

Figuur 4.3:	Frekwensie-verspreiding van toetsresultate .....	171
Figuur 5.1:	Armstrong en Moore (2004) se aangepaste model aangaande medewerkende aksienavorsing vir inklusiewe onderrig .....	176
Figuur 6.1:	Die gemiddelde evalueringspunt van die opvoeders per vraag: <i>Geletterdheid</i> .....	206
Figuur 6.2:	Die gemiddelde evalueringspunt van die opvoeders per vraag: <i>Gesyferdheid</i> .....	208
Figuur 6.3:	Die gemiddelde evalueringspunt van die opvoeders per vraag: <i>Lewensvaardighede</i> .....	211
Figuur 6.4:	Gemiddelde evalueringspunt per vraag per leerprogram deur die opvoeders toegeken.....	212
Figuur 6.5:	Voorstelling van die gemiddelde evalueringspunt per leerprogram deur die opvoeders .....	213
Figuur 6.6:	Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroepe ten opsigte van al die ontwikkelingsvaardighede op voormetingsvlak .....	216
Figuur 6.7:	Grafiese voorstelling van die voor- nametingsresultate van die eksperimentele groep .....	218
Figuur 6.8:	Grafiese voorstelling van die effek van die skoolfasiliterings- program deur middel van verskiltellings .....	220
Figuur 6.9:	Grafiese voorstelling van die effek (verbandsterktes) van die skoolfasiliteringsprogram .....	221

## LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1:	Formele onderrigtydstoekenning vir die Grondslagfase .....	87
Tabel 3.2:	Staatskoerant No. 29626 .....	101
Tabel 3.3:	Staatskoerant no. 29626 .....	103
Tabel 3.4:	Leeruitkoms 1: Engels Huistaal en assesseringstandaarde .....	109
Tabel 3.5:	Leeruitkoms 2: Engels Huistaal en assesseringstandaarde .....	111
Tabel 3.6:	Leeruitkoms 3: Engels Huistaal en assesseringstandaarde .....	114
Tabel 3.7:	Leeruitkoms 4: Engels Huistaal en assesseringstandaarde .....	117
Tabel 3.8:	Leeruitkoms 5: Engels Huistaal en assesseringstandaarde .....	119
Tabel 3.9:	Leeruitkoms 6: Engels Huistaal en assesseringstandaarde .....	121
Tabel 3.10:	Leeruitkoms 1: Wiskunde en assesseringstandaarde .....	126
Tabel 3.11:	Leeruitkoms 2: Wiskunde en assesseringstandaarde .....	127
Tabel 3.12:	Leeruitkoms 3: Wiskunde en assesseringstandaarde .....	129
Tabel 3.13:	Leeruitkoms 4: Wiskunde en assesseringstandaarde .....	130
Tabel 3.14:	Leeruitkoms 5: Wiskunde en assesseringstandaarde .....	131
Tabel 3.15:	Leeruitkoms 1: Lewensoriëntering en assesseringstandaarde .....	135
Tabel 3.16:	Leeruitkoms 2: Lewensoriëntering en assesseringstandaarde .....	136
Tabel 3.17:	Leeruitkoms 3: Lewensoriëntering en assesseringstandaarde .....	137
Tabel 3.18:	Leeruitkoms 4: Lewensoriëntering en assesseringstandaarde .....	138
Tabel 4.1:	Koppelling van funksioneringsvlakke aan leervlakke .....	145
Tabel 4.2:	Uiteensetting van statistiek van frekwensie-verspreiding soos in figuur 4.3 .....	172
Tabel 5.2:	Nasionale Kodes vir rapportering oor leerderprestasie .....	198
Tabel 6.1:	Variansie-analise van voortoetsingsresultate met die groep (eksperimenteel of kontrole) as die onafhanklike veranderlike.....	215
Tabel 6.2:	Eksperimentele Groep: T-toets vir beduidendheid van verskille tussen voor- en nameting.....	217

Tabel 6.3:	Kontrolegroep: T-toets vir beduidendheid van verskille tussen voor en nametings .....	217
Tabel 6.4:	T-toets vir die beduidendheid van verskille in verskiltellings .....	219
Tabel 6.5:	Eta koëffisiënte van beide eksperimentele en kontrolegroepe .....	220
Tabel 6.6:	Persentasie verbetering ten opsigte van verbandsterktes: Eksperimentele teenoor kontrolegroep .....	221

## LYS VAN DIAGRAMME

- Diagram 4.1: Verskillende leerareas geïntegreer in die  
Geswyferdheid–leerprogram ..... 147
- Diagram 4.2: 'n Skematiese voorstelling wat al die aspekte met die  
ontwikkeling van die drie leerprogramme illustreer ..... 155

## HOOFSTUK 1

# INLEIDING, MOTIVERING EN DOEL VAN DIE ONDERSOEK

### 1.1 INLEIDING

Die relevantheid van skoolgereedheid kan afgelei word uit die hoeveelheid literatuur wat die afgelope paar dekades daaroor verskyn het. Skoolgereedheid is al beskryf as een van die mees omstrede onderwerpe in die onderwys (Engelbrecht, 1991). Dit blyk 'n aangeleentheid van besondere belang vir die ouer, die opvoeder, die sielkundige en alle opvoedkundige navorsers te wees.

Volgens statistiek wat van die Nasionale Onderwysdepartement verkry is, begin daar jaarliks, sedert begin 2002, 1 289 000 graad een leerders hul skoolloopbaan in die Republiek van Suid-Afrika (Departement van Onderwys [hierna verwys as DvO], 2006). In die Wes-Kaap alleen gaan daar sedert 2002 jaarliks gemiddeld ongeveer 90 500 graad een leerders vir die eerste keer skool toe (Wes-Kaap Onderwysdepartement [hierna verwys as WKOD], 2006a). Dit sluit die sogenaamde 5½ jariges in, wat weens veranderde wetgewing ook skool toe mag gaan, mits hulle voor of op 30 Junie in die jaar van skooltoetredes ses jaar oud word en vir formele onderwys gereed is (Staatskoerant, 11 Desember 2001). Intussen maak nuwe wetgewing dit sedert die begin van 2004 nou ook moontlik, dat ouers/voogde hul kinders in graad een mag inskryf sonder dat 'n skoolgereedheidstoets afgelê is (Staatskoerant, 28 November 2002). Dit beteken nou dat die ouderdomme van leerders by skooltoetredes in graad een, binne al die bevolkingsgroepe in die RSA, dus vanaf vyf en 'n half tot sewe jaar wissel. Bestaande wetgewing, naamlik dat die kind skoolpligtig is in die jaar waarin hy/sy sewe jaar oud word, bly egter steeds van krag (Kotzé & Van der Walt, 1990). By implikasie beteken dit dus nou dat, volgens veranderde wetgewing, leerders wat voorheen nog in pre-primêre klasse/skole was, hulle nou reeds in graad een kan bevind.

Skoolgereedheid is volgens Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997), Maxwell, Bryant, Ridley en Scott-Little (2001) en Pieterse (2001) 'n omvattende begrip wat aandui dat



kinders 'n spesifieke vlak van fisieke, motoriese, taal-, kognitiewe, emosionele en sosiale ontwikkeling bereik het. Dit sal hulle in staat stel om aan die vereistes van die skool te voldoen, ten einde by formele opvoeding binne die skoolkonteks te kan baatvind. In die verslag van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing is skoolgereedheid as 'n voorwaarde vir suksesvolle onderwys erken (RGN, 1981). Skool- en leergereedheid is 'n voorwaarde vir en vorm die basis van 'n suksesvolle skoolloopbaan, maar is veral tydens die aanvangsonderwys van kritieke belang. Van Rooyen en Engelbrecht (1997) het bevind dat daar baie min leerders is wat met hulle eerste skooltoelating ten volle skoolgereed is. Derbyshire (2003), Herbst, Schoeman en Hysamen (1993) is dit eens dat skoolgereedheidsprobleme nie net die aanvangsonderwys van die kind kompliseer nie, maar ook in baie gevalle sy algemene skolastiese vordering benadeel en gevolglik ook dikwels sy totale volwassewording negatief affekteer.

Volgens 'n longitudinale studie van Bender (1990), bepaal skool- en leergereedheid nie alleen die kind se skoolvordering in die aanvangsklas (graad 1) nie, maar beïnvloed dit ook sy verdere skoolvordering in graad 2 en selfs tot in die sekondêre skoolfase. Dit bepaal trouens ook sy uiteindelijke houding en gesindheid teenoor die skool, die wêreld van werk en die lewe self.

Dit blyk dus dat skoolgereedheid 'n belangrike rol in die volle aktualisering van menslike potensiaal speel. Skoolgereedheid blyk 'n voorwaarde vir effektiewe leeraktualisering by die primêre skool leerder te wees (Grobler, 1975). Dit is ook 'n bekende feit dat die eise wat die hedendaagse formele onderwys aan leerders stel, vereis dat die leerder met skooltoetrede skoolgereed sal wees (Grové, 1979). Dit impliseer dat die kind ten minste aan die minimum vereistes, wat deur die assesseringstandaarde vir Graad R (ten opsigte van die drie leerprogramme: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede) gestel word, sal voldoen.

Die graad van skoolgereedheid waarmee 'n kind tot die formele leersituasie toetree, is van fundamentele belang en dien as 'n bepalende faktor vir sy toekomstige leersukses. Dit hang dikwels af of die kind voorskoolse onderrig ontvang het, al dan nie (Verhoef, 1989).

Volgens Bezuidenhout (1995), De Villiers (1997) en Marais (1991) verskil skoolbeginners aansienlik van mekaar ten opsigte van hul mate van skoolgereedheid.

Navorsing in baie lande het bevind dat leerders wat tot graad een toetree, nie oor die nodige kennis, vaardighede en houdings beskik het om doeltreffend aan formele skoolonderrig deel te neem nie (WKOD, 2006b). Hierdie situasie kan moontlik aan faktore soos die volgende toegeskryf word, naamlik: armoede, televisie, beduidende agterstande ten opsigte van motoriese ontwikkeling, gebrek aan spelgeleenthede, swak taalgebruik deur rolmodelle, dwelm- en drankmisbruik tydens swangerskap, ondervoeding, enkelouergesinne, ongeletterde ouers, gebrek aan ouerbetrokkenheid by die lewens van kinders, gebrek aan omgang met boeke voor skooltoetrede, ens. (WKOD, 2006b).

Aan die begin van 2002 en 2003, is daar 9 364 onderouderdom-leerders (ongeveer 10% van alle graad een leerders) dwars oor die Wes-Kaap geëvalueer, ten einde hul stand van skoolgereedheid te bepaal. Daar is toe bevind dat slegs 36,69% van dié leerders skoolgereed was. Die gemiddelde slaagsyfer in Geletterdheid en Gesyferdheid van al die graad drie leerders, wat in 2002 in die provinsie geëvalueer is, was 36% (WKOD, 2006b). Die vraag sou dus gestel kon word of daar nie moontlik 'n direkte korrelasie tussen die skoolgereedheidsyfer (36,69%) en die leerders wat Geletterdheid en Gesyferdheid geslaag het (36%), is nie.

Volgens die navorsers in 'n vorige paragraaf is daar wel 'n direkte korrelasie tussen skoolgereedheid en skoolprestasie. Daar sou dus met redelike sekerheid gekonstateer kan word dat, ten minste een van die redes waarom leerders in die Wes-Kaap so swak in Geletterdheid en Gesyferdheid vaar, die feit is dat so 'n klein persentasie van hulle skoolgereed by skooltoetrede is. As die slaagsyfer vir graad drie Geletterdheid en Gesyferdheid, asook die slaagsyfer vir skoolgereedheid in aanmerking geneem word, dan wil dit voorkom asof hopeloos te veel leerders na graad twee bevorder is.

Dit is ook betekenisvol om daarop te let dat benewens die 36,69% leerders wat nie skoolgereed bevind is nie, daar aan die einde van 2002 en 2003 slegs vir ongeveer 7 tot 8% van graad een leerders in die Wes-Kaap aanbeveel is dat hulle meer tyd in

die graad benodig, en dus nie na graad twee bevorder kon word nie. Dit sluit die ongeveer 1% leerders uit wat met ondersteuning bevorder is (WKOD, 2006a). Op grond van die voorafgaande inligting sou verwag kon word dat veel meer leerders in graad een teruggehou behoort te word.

Jooste (1983) beweer dat baie van die leerprobleme op skool uit die jare waarin aanvangsleer plaasvind voortspruit, aangesien bepaalde leerinhoud aan die leerders voorgehou is waarvoor hulle nog nie ten volle gereed was nie.

Volgens Verhoef, Krüger en Engelbrecht (1990) sal die leerder met ontwikkelings-agterstande moeilik by die formele skool se leer- en onderrigwyses en leereise van graad een aanpas. Indien die eise wat aan hom gestel word te ver buite sy bereik is, sal hy nie vir die uitdaging ontvanklik wees nie.

Hierbenewens is die skool ook 'n vreemde milieu vir die kind wat nie doelgerig vir skooltoetreding voorberei is nie. Volgens Onderwyswitskrif Vyf, wat oor Vroeë Kindontwikkeling handel, word ongeveer 40% van die kinders in die RSA groot in omstandighede wat gekenmerk word deur armoede en verwaarlosing. Kinders wat in sodanige omstandighede grootword, sukkel om op skool aan te pas, benodig dan ook dikwels meer tyd in die fase en van hulle verlaat dan selfs die skool op 'n baie vroeë ouderdom (DvO, 2001a; Hay & Hay, 1999).

Navorsing wat deur die Universiteit van Stellenbosch onderneem is, het weer gevind dat graad een leerders wat vanuit lae sosio-ekonomiese omstandighede afkomstig is, 'n agterstand van sowat twee jaar teenoor hul klasmaats het ten opsigte van geletterdheid (Die Burger, 28 September 2004). Daar kan verwag word dat baie van hierdie leerders moontlik reeds vroeg in hul skoolloopbaan met mislukking gekonfronteer sal word, omdat hulle nie die voorgeskrewe leerstof in graad een kon bemeester het nie. Taylor (1989) reken dat mislukking in die eerste skooljaar die enkele grootste faktor is wat bydra tot die vertraging van leerders se vloei deur die opvoedingsstelsel en die instandhouding van die hoë vlak van ongeletterdheid.

Volgens statistiek wat van die Nasionale Onderwysdepartement verkry is, het 1 588 591 leerders in 1994 graad een in die Republiek van Suid-Afrika begin, waarvan slegs 538 909 (34%) graad 12 in 2005 geslaag het (DvO, 2006). In vergelyking hiermee, het 99 158 leerders in 1995 graad een in die Wes-Kaap begin,

waarvan slegs 40 459 (41%) in 2006 vir graad 12 ingeskryf was (WKOD, 2006a). Dit sluit diegene uit wat moontlik gedurende hierdie tydperk die gewone hoofstroomskole verlaat het en hulle by Verdere Onderwys- en Opleidingskolleges (VOO), sentrums vir Volwasse Onderwys of dalk privaatskole ingeskryf het. Dit is betekenisvol om daarop te let dat byna dieselfde persentasie leerders wat in graad een skoolgereed is, ook graad twaalf slaag.

Volgens Hanekom (1991) is die algemene beskouing van akademiese onderprestasie en uitsakking 'n komplekse probleem waarvoor daar geen maklike oplossing of kitsklaar regstelling bestaan nie. Die ideaal is dat dit liefers voorkom behoort te word. In aansluiting hierby het navorsing getoon dat voorkomende optrede, deur die blootstelling van jong kinders aan gepaste vroeë stimulerende ervarings, 'n waardevolle bydrae tot die bemeestering van essensiële ontwikkelingstake vir skooltoetredende kan lewer (Herbst et al., 1993).

Daarom is dit vir die navorser baie belangrik dat die kind by skooltoetredende skoolgereed sal wees óf dat bogenoemde aspek bevorder sal word.

Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat, in terme van die SA Skolewet, 'n leerder nie "skoolgereed" hoef te wees nie. Die uitgangspunt is dat die skool vir die leerder gereed moet wees en nie andersom nie. Die vraag is dan: Is die skool en skoolkurrikulum sodanig dat die skool in elke leerder se behoeftes kan voorsien, ongeag of die leerder skoolgereed is of nie?

## **1.2 PROBLEEMSTELLING EN MOTIVERING VIR DIE STUDIE**

Die 63,31% onderouderdom-leerders (5½ jariges) wat gedurende 2002 en 2003 nie skoolgereed in die Wes-Kaap bevind is nie, is vir die navorser 'n ernstige bron van kommer. Soos voorheen gestel, het die WKOD in 2002 bevind dat slegs 36% van die provinsie se graad drie leerders die lees- en syferkundigheidsuitkomst bereik het. 'n Verdere skokbevinding was dat die oorgrote meerderheid leerders in graad drie, twee tot drie jaar benede die verwagte peil presteer (WKOD, 2006b). Op grond van dié statistiek het die navorser in 'n vorige paragraaf die afleiding gemaak dat min of meer dieselfde persentasie van die graad drie leerders moontlik ook by skooltoetredende nie skoolgereed was nie. Volgens reeds genoemde statistieke is dit vir die navorser dus baie duidelik dat daar 'n dringende behoefte aan 'n program of een

of ander vorm van oorbruggingshulp bestaan om onderouderdom-leerders (die sogenaamde 5½ jariges) se skoolgereedheid te bevorder. Onderwyswitskrif Ses stel dit duidelik dat hierdie leerders op hulpverlening en ondersteuning geregtig is (DvO, 2001b). Dit het ook uit talle gesprekke wat die navorser met grondslagfase-opvoeders, skoolhoofde en kurrikulumadviseurs gevoer het, duidelik geword dat daar 'n dringende behoefte aan 'n goeie skoolfasiliterings-/skoolgereedheidsprogram bestaan.

Ten spyte van die feit dat Onderwyswitskrif Ses (wat handel oor leerders se spesiale leerbehoefte) meld dat alle leerders oor die innerlike potensiaal, energie, nuuskierigheid, verbeeldingrykheid en vermoë beskik om te kan leer (DvO, 2001b), is daar volgens Engelbrecht, Green, Naicker en Engelbrecht (1999) ook baie opvoeders wat voel dat hulle nie oor die nodige opleiding en ondersteuning beskik om aan die uitdagings wat leerders aan hulle stel, te voldoen nie. De Villiers (1997) is van mening dat daar iets drasties gedoen sal moet word om opvoeders se onderwysvaardighede te verbeter sodat hulle leerders se graad van skoolgereed kan help bevorder. Die afleiding wat die navorser hieruit maak, is dat daar baie opvoeders is wat nie gereed is om die leerder op sy vlak van funksionering te ontmoet en skoolgereedheid te bevorder nie.

Die navorser het ook in sy interaksie met baie Grondslagfase-opvoeders tot die gevolgtrekking gekom dat van hulle oor géén skoolfasiliteringsprogramme (skoolgereedmakingsprogramme) beskik nie. Deur middel van die daarstelling van 'n skoolfasiliteringsprogram, wil die navorser daardeur poog om Grondslagfase-opvoeders juis te help bemagtig, sodat hulle ten spyte van groot klasse, administratiewe laste, ens. effektief onderrig aan skoolbeginners kan gee.

Omdat die navorser as sielkundige glo in voorkomende optrede, kan die daarstelling van 'n skoolfasiliteringsprogram ook help met die vroeë identifisering van leerders in die Grondslagfase wat moontlik leerstoornisse of die een of ander vorm van leerprobleme ondervind. Juis deur middel van die vroeë identifisering van moontlike leerstoornisse of leerprobleme én die nodige opvoedkundige intervensie(s), kan 'n leerder sodoende gehelp word, sodat hy in staat sal kan wees om sy volle potensiaal op skool te kan verwesenlik. Pro-aktiewe optrede deur Grondslagfase-opvoeders, deur middel van vroeë intervensie(s), kan bydra dat leerders 'n positiewe skolastiese

selfbeeld ontwikkel, en nie enige rede hoef te hê om skool vroegtydig te verlaat nie. Juis omdat die navorser glo in voorkomende optrede, sal hy ook wil toesien dat die skoolkurrikulum voorsiening sal maak vir ondersteuning van skoolbeginners wat nog nie skoolgereed is nie.

Die DvO beveel buigsaamheid ten opsigte van programontwikkeling aan. Deur middel van Grade R en een se assesseringstandaarde, die onderliggende kriteria ten opsigte van skoolgereedheid en die ontwikkelingsielkunde, wil die navorser die kurrikulum meer buigsaam ten opsigte van die akkommodering van alle skooltoetreders, ongeag hul vlak van funksionering, help maak.

Skoolgereedheid sal meebring dat leerders in selfstandige, verantwoordelike en trotse landsburgers, wat hulle regmatige plek in die samelewing sal kan inneem en volstaan, kan ontwikkel.

Daarbenewens eis belastingbetalers dat die belasting wat hulle betaal, effektief en doeltreffend deur die Staat aangewend moet word. Die miljarde rande wat die Staat jaarliks aan die verbetering van gehalte-onderwys spandeer, noodsaak dit dat leerders leersukses moet behaal. Daarom moet toegesien word dat leerders skoolgereed is wanneer hulle met formele onderwys begin.

Ten slotte kon die navorser nêrens in die Wes-Kaap of in die res van die RSA enige skoolfasiliteringsprogramme vind wat aan die hand van die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) ontwikkel is, of aan die hand daarvan geassesseer is nie.

Die voorafgaande het die navorser daartoe gedryf om 'n skoolfasiliteringsprogram te ontwikkel.

### **1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING**

Die doel van die studie is om 'n effektiewe skoolfasiliteringsprogram te ontwikkel waarvolgens skoolbeginners die kennis, vaardighede en ingesteldheid kan ontwikkel, wat vir suksesvolle leer vereis word.

## 1.4 NAVORSINGSMETODE

Die navorser sal by wyse van 'n literatuurstudie vasstel wat die kennis, vaardighede en ingesteldhede is waaroor 'n skoolbeginner moet beskik ten einde met formele skoolonderrig te kan begin. Hy sal daarna riglyne binne die raamwerk van die Nasionale Kurrikulumverklaring ontwikkel, waaraan 'n skoolfasiliteringsprogram sal moet voldoen. Daarna sal die navorser met die hulp van 'n multifunksionele span kundiges 'n skoolfasiliteringsprogram ontwikkel. 'n Aantal skole sal volgens bepaalde kriteria geïdentifiseer word. Die Grondslagfase-onderwysers van hierdie skole sal opgelei word om die skoolfasiliteringsprogram te implementeer en hulle sal van die program voorsien word. Die skoolbeginners by die geïdentifiseerde skole sal vooraf ten opsigte van skoolgereedheidstand getoets word. Nadat die skoolfasiliteringsprogram vir ongeveer 'n jaar geïmplementeer is, sal die leerders se vordering weer getoets word om die effektiwiteit van die fasiliteringsprogram te bepaal en moontlike aanpassings daaraan te maak.

## 1.5 UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

- In hoofstuk **twee** sal daar 'n Literatuurondersoek oor die ontwikkelingstake, wat as essensieël vir skoolgereedheid beskou word, gedoen word.
- In hoofstuk **drie**, wat handel oor die Nasionale Kurrikulumverklaring, sal riglyne aangedui word, waarvolgens leerprogramme ontwikkel behoort te word.
- Die eerste deel van hoofstuk **vier** handel oor die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, terwyl die tweede deel van die hoofstuk sal handel oor die ontwikkeling van 'n assesseringsinstrument, wat as voortoets vir die identifisering van moontlike uitvalle by vroeë skoolbeginners gebruik sal word én om hul stand van skoolgereedheid te help bepaal.
- Hoofstuk **vyf** handel oor die evaluering van die program deur aksienavorsing, die voltooiing van 'n vraelys deur opvoeders oor die program en 'n voor- en natoets van leerders se skoolgereedheidsontwikkeling.
- Hoofstuk **ses** handel oor die bevindinge van die navorsing, ontleding en die interpretasie van die evalueringresultate. Ten slotte word aanbevelings oor die

moontlike aanpassing van die program en die verdere implementering daarvan maak.

## 1.6 BEGRIPSVERKLARINGE EN AKRONIEME

Vir die doel van hierdie studie sal onder meer van die volgende begrippe gebruik maak word:

- *Skoolfasiliteringsprogram*. Dié begrip dui eintlik op die ontwikkeling van 'n "skoolgereedmakingsprogram" vir leerders wat 5½ jaar oud is en hulself voor 2002 nog in pre-primêre onderwys bevind het. Die begrip "skoolgereedmaking" is nie meer in sommige Suid-Afrikaanse onderwysgeledere aanvaarbaar nie. Die beleidmakers is van mening dat die skool vir die leerder gereed moet wees en nie noodwendig die leerder vir die skool nie. Die skool moet leer *fasiliteer*, ongeag die "skoolgereedheidstand" van die leerder. Die navorser het gevolglik besluit om in hierdie studie eerder van die term *skoolfasiliteringsprogram*, as van die term "skoolgereedheidsprogram", gebruik te maak. Die navorser sal nogtans van albei terme in hierdie studie gebruik maak.
- *Opvoeder*. In hierdie konteks word daar verwys na die onderwyser in die Grondslagfase (Grade R-3).
- *Leerders*. Vir die doel van hierdie studie sal die begrip *leerder(s)* gebruik word, behalwe wanneer daar verwys word na "ouers" en hul "kind(ers)". Afhangende van die konteks, sal die begrip kind(ers) ook wel gebruik word.
- *Grondslagfase*. Dié begrip dui op die onderwysfase waarin Grade R-3-leerders hulle bevind. Die Grondslagfase maak deel uit van die Vroeë kindontwikkeling (VKO) (WKOD, 1997;1999).
- *Vroeë kindontwikkeling*. Dié begrip word as 'n sambreelterm gedefinieer wat toegepas word op die prosesse waarvolgens kinders vanaf geboorte tot op die ouderdom van nege jaar fisies, verstandelik, emosioneel, moreel en sosiaal groei en ontwikkel (DvO, 2001a; WKOD, 1997; 1999).
- *Uitkomsgebaseerde Onderrigbenadering (UGO)*. Volgens dié begrip moet UGO gedryf word deur die uitkoms wat deur die leerder aan die einde van 'n



leerervaring (proses) gedemonstreer moet word. Uitkomsgebaseerde Onderrig, gebaseer op die filosofie dat alle leerders kan leer, definieer duidelik wat die leerders behoort te ken en kan doen, asook wat hulle gesindhede en houdings moet wees (DvO, 2002b; 2002c; 2002d; WKOD, 1999).

- *Asseseringstandaarde*. Dit is die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet toon ten einde die leeruitkomste in elke graad te kan bereik (DvO, 2002b; 2002c; 2002d).
- *Leerstoornis*. Dit is daardie faktore wat onderrig en leer verhinder, wat binne in die leerder self geleë is (intrinsieke faktore), asook dié wat buite die leerder lê (ekstrinsieke faktore) (DvO, 2002).

Daar sal voorts van die volgende akronieme gebruik gemaak word:

- DvO = Nasionale *Departement* van Onderwys
- WKOD = *Wes-Kaap* Onderwysdepartement
- UGO = *Uitkomsgebaseerde* Onderwys
- VKO = *Vroeë Kindontwikkeling*.

## 1.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk het die navorsers ter inleiding aangedui hoe belangrik dit is dat leerders by skooltoetreding wel skoolgereed sal wees. Die omvang van die skoolgereedheidsprobleem in die Wes-Kaap is bespreek. Die motivering en doel van die studie is aangedui. Daar is ook beskryf hoe die navorsing gedoen sal word.

In die volgende hoofstuk volg 'n literatuurondersoek oor wat skoolbeginners by skooltoetreding behoort te weet, en kan doen, asook wat hulle ingesteld (houdings) behoort te wees.

## HOOFSTUK 2

# TEORETIESE BEGRONDING

### 2.1 INLEIDING

Voorheen is leerders vir skoolgereedheid getoets. Indien hulle nie skoolgereed was nie, is hulle aan 'n skoolgereedmakingsprogram onderwerp óf vir spesiale onderwys verwys. Die uitgangspunt was dat die leerder vir die skool gereed moes wees vir formele onderrig. Leerders is by skooltoetreding aan 'n skoolgereedheidstoets(e) onderwerp. Dié toets(e) het ten doel gehad om te bepaal of die leerder(s) oor die nodige kennis, vaardighede en houdings beskik wat noodsaaklik is vir die aanleer van lees-, skryf- en rekenvaardighede. Bogenoemde het geïmpliseer dat die onderrigprogram vir aanvangsonderrig betreklik homogeen kon wees. Die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) in 1998 in Suid-Afrika, het egter die grondslag van 'n totaal nuwe benadering ten opsigte van onderwys ingelei, wat meebring dat bogenoemde benadering deesdae nie meer aanvaar word nie. Waar die leerder voorheen vir die skool gereed moes wees, moet die skool nou gereed wees om die leerder te ontvang. Die implikasie hiervan is dat die skool moet vasstel wat die leerder se ontwikkelingsstand is en dit dan as basis vir verdere, progressiewe ontwikkeling gebruik. Hierdie nuwe benadering impliseer dat die opvoeder tydens aanvangsonderrig vir diversiteit voorsiening moet maak. Dit stel dus veel hoër eise aan die opvoeder in terme van programontwikkeling, in vergelyking met 'n homogene aanvangsonderrigbenadering. Dit behels ook dat die grondslagfase opvoeder 'n indiepte kennis van: (i) die ontwikkeling van die skoolbeginner moet hê, (ii) die leerders goed moet kan assesser, (iii) onderwysdifferensiasie in die grondslagfase moet kan toepas en (iv) onderrigleerprogramme vir leerders in die grondslagfase moet kan ontwikkel.

Omdat die navorser na konsultasie met graad een opvoeders besluit het om 'n skoolfasiliteringsprogram vir leerders tussen die ouderdomme drie tot sewe jaar te ontwikkel, is die doel van hierdie hoofstuk juis om progressief en duidelik aan te dui watter kennis, vaardighede en houdings kinders tussen drie- en sewejarige

ouderdom behoort te bemeester. Dit is noodsaaklik om daarop te wys dat, alhoewel navorsing aangedui het dat kinders van dieselfde ouderdom min of meer op dieselfde ontwikkelingsvlakke kan wees, skoolbeginners hulle op verskillende ontwikkelingsvlakke bevind. Die verskil in ontwikkelingsvlakke kan aan verskillende faktore toegeskryf word, byvoorbeeld genetiese faktore, wanvoeding, swak sosio-ekonomiese omstandighede en die hoeveelheid en kwaliteit van stimulasie waaraan die kind blootgestel is (DvO, 2001a; WKOD, 2006b).

Om 'n skoolfasiliteringsprogram te kan ontwikkel en om leiding aan Grondslagfase opvoeders ten opsigte van assessering te kan gee, sal die navorser nou verder in hierdie hoofstuk aandui watter kennis, vaardighede en houdings kinders, volgens navorsing, tussen drie-en sewejarige ouderdom behoort te bemeester. Dit sal vir die opvoeder help om die leerders se ontwikkelingsvlak(ke) te kan vasstel, en ook aandui watter kennis, vaardighede en houdings die kind volgende behoort te verwerf, m.a.w. riglyne ten opsigte van onderrig en leerprogramontwikkeling bied.

Daar behoort deeglik kennis geneem te word dat dit prioriteit in die grondslagfase is om die leerder te leer praat, lees, skryf en reken. Die navorser sal daarom in hierdie hoofstuk nie 'n volledige ontwikkelingsbeeld van die skoolbeginner weergee nie, maar hoofsaaklik fokus op die kennis, vaardighede en houdings wat verband hou met praat, lees, skryf en reken.

Soos reeds vroeër genoem, het die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys (UGO) ook 'n klemverskuiwing aangaande die benadering tot leerders meegebring. Dit is nie meer 'n geval van 'n kind wat *skoolgereed* moet wees nie, maar eerder die skool wat *kindgereed* moet wees. Ten einde die studie beter in perspektief te stel, word die begrippe *skoolgereedheid* en *kindgereedheid* vervolgens bespreek.

## **2.2 SKOOLGEREEDHEID**

Volgens Grové (1984), Plug, Louw, Gouws en Meyer (1997), Maxwell, Bryant, Ridley en Scott-Little (2001) en Pieterse (2001) is skoolgereedheid 'n omvattende begrip wat aandui dat kinders 'n spesifieke vlak van fisieke, perseptueel-motoriese, emosionele, sosiale, taal en kognitiewe ontwikkeling bereik het. Alles is belangrike vereistes waaraan die kind moet kan voldoen, ten einde optimaal by formele

opvoeding binne die skoolkonteks te kan baatvind. In teenstelling met skoolrypheid wat nie verhaas kan word nie, is dit wel moontlik om die vlak van die kind se skoolgereedheid te verhoog. Skoolrypheid, aan die ander kant, het weer betrekking op die spontane en natuurlike fisieke en fisiologiese rypwording, wat deur middel van biologiese en, meer spesifiek deur neurologiese groei, bereik word (Derbyshire, 2003; Pieterse, 2001).

Volgens Derbyshire (2003) kan die kind as skoolgereed beskou word indien hy 'n sekere vlak van ontplooiing bereik het om by die opvoedingsituasie in die klaskamer te kan baat. De Witt (in van Rooyen & Engelbrecht, 1997), wat op sy beurt skoolgereedheid by skoolrypheid insluit, wys daarop dat dit verder dui op 'n stadium wanneer die kleuter, as totale organisme, vir formele onderwys gereed is.

### **2.3 KINDGEREEDHEID**

Van die realiteite wat verband hou met die nuwe onderrigbenadering, naamlik dat die skool kindgereed moet wees, is dat baie nuwe skoolbeginners tot die skool toetree met verskille in kulturele agtergrond, fisieke groei, intellek, graad van skolastiese gereedheid, ouderdom, emosionele ontwikkeling, gesondheid, taalbeheersing, belangstelling en selfstandigheid (DvO, 2001a; Marais, 1991). Bo en behalwe bogenoemde uniekhede van leerders waarmee opvoeders ook mee rekening moet hou, het die implementering van UGO opvoeders ook genoodsaak om 'n totaal nuwe benadering ten opsigte van onderrig en leer in te slaan. Waar graad een leerders in die verlede slegs aan 'n ses weke lange skoolgereedmakingsprogram blootgestel is én opvoeders direk daarna met die kurrikulum begin het, word daar nou met die nuwe UGO benadering van opvoeders verwag om die diverse behoeftes van hul leerders te akkommodeer.

Die nuwe benadering ten opsigte van kindgereedheid stel volgens die navorser geweldige hoë eise aan opvoeders. Buiten die reeds genoemde unieke eienskappe van leerders, dra die volgende faktore ook by tot die groot uitdaging wat opvoeders daaglik in die gesig staar, naamlik: die realiteite van groot klasse, ongelyke befondsing van skole, ontoepaslik gekwalifiseerde opvoeders, tekorte aan leer- en onderrigondersteuningsmateriaal in baie skole, probleme met die korrekte interpretering van leeruitkomste se assesseringstandaarde en die beplanning van

aktiwiteite wat met assesseringstandaarde verband hou. Ook word leerders in baie gevalle in hul eerste addisionele taal, in plaas van hul huistaal, onderrig. Daar word ook nou van die opvoeder verwag om, deur middel van assessering, te help bepaal op watter funksioneringsvlak elke leerder in hul klas is (WKOD, 2006b). Deur middel van die gebruik van byvoorbeeld siftingstoetse, kan die opvoeder 'n geheeloorsig van 'n leerder se ontwikkeling kry. Die DvO (2001b; 2004; 2005a) beklemtoon die belangrikheid van assessering van veral Grondslagfase-leerders (Grade R-3), sodat leerstoornisse vroegtydig geïdentifiseer en aangespreek sal word. Dit as sodanig is vir veral Grondslagfase opvoeders 'n ekstra stressor. Die aard van ondersteuning sal die aanpassing van die kurrikulum behels, óf ondersteuningsprogramme wat op die kurrikulum geskoei is - in dié geval die NKV. Volgens die DvO (2004; 2005a) is die primêre doel met assessering, binne onderwysverband, juis die bevordering van effektiewe onderrig en leer.

Vir die navorser impliseer die term kindgereedheid dan ook juis die vroeë identifisering van moontlike leerprobleme/ontwikkelingsagterstande, sodat die leerder dienooreenkomstig gehelp kan word, ten einde maksimum voordeel uit formele onderrig te kan put/haal en sodoende sy werklike/volle potensiaal kan verwesenlik.

Samevattend stem die navorser saam met Van der Merwe (1998) dat, wat kindgereedheid betref, die rol van die sosiale omgewing, die konteks van die skool en interaksie met die kind, eerder as skoolgereedheid beklemtoon moet word. Kindgereedheid behels dus dat die skool vir die leerder gereed moet wees terwyl skoolgereedheid impliseer dat die leerder gereed vir formele onderwys moet wees.

Dié nuwe kindgesentreerde benadering plaas volgens die navorser beslis ekstra druk op opvoeders omdat baie opvoeders nie oor die nodige kundigheid beskik om elke leerder op sy vlak van funksionering te ontmoet én programme dienooreenkomstig te ontwikkel nie.

Na die bespreking van die term kindgereedheid, het dit vir die navorser dus baie duidelik geword dat kennis van die waarde van die ontwikkelingsielkunde van kardinale belang is, ten einde 'n skoolfasiliteringsprogram vir vroeë skoolbeginners te

ontwikkel. Vervolgens word daar kortliks gekyk na wat die waarde van die ontwikkelingsielkunde vir programontwikkeling inhou.

## **2.4 DIE WAARDE VAN DIE ONTWIKKELINGSIELKUNDE**

Die navorser stem volkome saam met Craig (1996), Loxton (2005a) en Meyer (1998) dat 'n deeglike en grondige kennis van die kind se ontwikkeling van kardinale belang is, juis omdat menslike ontwikkeling na sistematiese veranderinge en kontinuïteit verwys wat tussen bevrugting en die dood by die individu voorkom. Volgens Loxton (2005a) impliseer dit dat daar 'n orde, patroon of relatief volgehoue kwaliteit aan hierdie veranderinge toegeskryf kan word, hetsy in die struktuur, denkpatrone, gedrag of al die genoemde aspekte van die individu. Sonder 'n deeglike kennis van die ontwikkelingsielkunde, is behoorlike beplanning van onder meer 'n skoolstelsel, leerplanne en alle aspekte van onderrig en opvoeding dus ondenkbaar. Onderwysdepartemente en ander organisasies maak gelukkig al hoe meer gebruik van die dienste van ontwikkelingsielkundiges.

Sosiale konstruksioniste, waaronder Gergen in besonder, het weer heftig teenkanting gebied teen ontwikkelingsteorieë óf ontwikkelingstadiums (Vorster, 2003). Hulle spreek hulle kommer uit oor 'n universele standaard waarvolgens menslike funksionering gemeet kan word. Hulle noem verder dat die hele idee van 'n normale lewenspan volgens hulle ernstige gebreke toon. Jean-Jacques Rossouw is weer van mening dat die kind volgens stadia ontwikkel en dat rypwording 'n belangrike rol hierin speel. Volgens Rossouw moet opvoeders kindgesentreerd wees en die leerstof aanpas by die kind se stadium van ontwikkeling (Crain, 2005).

Opsommend meen Miller (2002) dat die waarde van 'n ontwikkelingsteorie tweeledig van aard is, naamlik eerstens organiseer en gee dit betekenis aan feite en tweedens gee dit riglyne aangaande verdere navorsing.

Vir die doel van hierdie studie sal daar dus ook van die lewensloopbenadering gebruik gemaak word. Dit sal gevolg word deur 'n ondersoek na die spesifieke ontwikkelingstake tydens die kleuter- en die middelkinderjare ten opsigte van skolastiese gereedmaking, wat dan op hierdie stadium 'n aanvang neem en die kind help vir formele onderwys voorberei.

## **2.5 ONTWIKKELING AS 'N LEWENSLOOP-BENADERING**

Havinghurst (1973) en Learner, Easterbrooks en Mistry (2003) was van mening dat daar voor die middel van die twintigste eeu geen eksplisiete teorie ten opsigte van die ontwikkelingsielkunde was, wat op die lewensloop-benadering gegrond was nie. Volgens Learner et al. (2003) en Santrock (1984; 1997; 2002) was daar dus geen sistematiese bron van inligting, modelle of teorieë wat die hele lewensloop van die individu gedek het nie. In teenstelling hiermee bestaan daar volgens Kaluger en Kaluger (1984) en Santrock (1984; 1997; 2002) 'n veel ryker en meer omvattende geskiedenis van die kinderjare, wat deel van die lewensiklus vorm. Volgens Meyer (1998) berus die indeling van die totale lewensloop in stadia, op die gedagte dat elke tydperk besondere kenmerke het. Sommige kenmerke is ooglopend, en op grond hiervan kan sekere grense tussen stadia getrek en algemeen aanvaar word.

Die lewensloop-benadering vervul dus in die behoefte aan 'n meer omvattende raamwerk of sienswyse deurdat dit, benewens vir die normale groei en ontwikkeling van die kind, ook vir die invloed van persoonlike ervarings en veranderings op die kind se ontwikkeling ruimte laat. Hierdie breër sienswyse sal volgens die navorser baie goed in die behoeftes, ontwikkelingsverskille en probleme van Wes-Kaapse kleuters kan voorsien. Dit sal meebring dat hulle met beter insig binne die konteks van hul omstandighede geassesseer sal kan word.

Omdat daar vir die doel van hierdie studie van die lewensloop-benadering tot die kind se ontwikkeling gebruik gemaak sal word, word enkele aspekte van die sienswyse vervolgens oorsigtelik bespreek.

### **2.5.1 Ontwikkeling deur rypwording en ervaring**

Meyer (1998) en Loxton (2005a) beskou ontwikkeling as 'n patroon van verandering en rypwording wat tydens bevrugting begin en dwarsdeur die mens se lewe voortduur. Hierdie patroon is kompleks, omdat dit dikwels die produk van verskillende prosesse, soos byvoorbeeld rypwording en ervarings, is. Rypwording geskied volgens 'n geneties bepaalde patroon by alle mense. Ervarings dra volgens Burns (1986) en Papalia en Olds (1995) egter by tot die breedste, en soms ook die vaagste, bestanddeel van die mens se ontwikkelingsinvloede. Ervarings kan byvoorbeeld vanuit die mens se biologiese, sowel as sy sosiale omgewing,

afkomstig wees. Die biologiese omgewing sluit voeding, mediese en fisiese versorging in, terwyl die sosiale omgewing sy gesin, vriendekring, skool, gemeenskap en die media insluit. Volgens Santrock (1992; 1997; 2002) is die mens se ervarings die sleutel tot sy ontwikkeling en onontbeerlik vir die bereiking van volwassenheid. So is daar ook bewyse dat omgewings wat ryk aan stimuli is, gewoonlik die gunstigste ontwikkelingsresultate oplewer.

Volgens Lerner et al. (2003) en Newman en Newman (1999; 2003) vestig die lewensloop-benadering tot die ontwikkelingsielkunde die aandag daarop dat daar, ten opsigte van elke lewensstadium, voortdurende verandering ten opsigte van verskillende dimensies en tempos, op spesifieke stadia, plaasvind. So vind daar gedurende die baba- en kleuterjare vinnige integrasie van alle sisteme, insluitende fisiese, intellektuele, emosionele en sosiale dimensies, plaas. Hoewel dié patrone nie onomkeerbaar is nie, is hulle fundamenteel en vorm die grondslag van toekomstige groei.

Die lewensloop-benadering is gebaseer op die veronderstelling dat elke ontwikkelingsstadium voortbou op die vorige een. Daar kom egter kritieke periodes gedurende sekere stadia van vroeë ontwikkeling voor, wanneer die kind buitengewoon ontvanklik vir invloede van die omgewing en stimulasie is (Loxton, 2005a; Rice, 2001). Kaluger en Kaluger (1984) noem vervolgens dat elke fase of stadium kenmerkende karaktereienskappe het. Gedurende die mens se lewensloop kan tye van agteruitgang of regressie, sowel as uitsonderlike prestasies, voorkom. Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat die lewensloop-benadering die waarskynlikheid van herhalende, sowel as nuwe temas, beklemtoon. In dié opsig stem die navorser saam met Herbst (1989) dat die lewensloop-benadering jou as navorser tot 'n meer ingewikkelde siening aangaande menslike ontwikkeling uitdaag. Hierdie ingewikkeldheid ten opsigte van die lewensloop-benadering lê 'n fondament vir 'n meer outentieke benadering vir insig in die persoon en die invloed wat die verlede en toekoms op hom het (Newman & Newman, 1999; 2003).

### **2.5.2 Lewenstadia-indeling**

Sekere tydperke in die mens se lewensloop het besondere kenmerke, met meer of minder duidelike grenslyne. Hierdie tydperke of stadia word onderskei, deurdat daar



van die individu verwag word om, op 'n betrokke stadium, sekere eienskappe of vaardighede te ontwikkel volgens die verwagtinge van die samelewing. Die leerder moet dus sekere kennis, vaardighede en houdings verwerf, voordat nuwes aangeleer kan word wat daarop voortbou. Dit hang nou saam met een van die uitgangspunte van Uitkomsgebaseerde Onderwys, naamlik dat alle leerders die vermoë het om te kan leer, maar dat dit sistematies teen elke individu se unieke tempo geskied (DvO, 2001b). Meyer (1998) vat bogenoemde mooi saam en verwys na bepaalde ontwikkelingstake wat die individu dus op bepaalde stadia van sy lewe moet kan bemeester. Een van die voordele van so 'n indeling is om sekere beslissings oor individue te vergemaklik. Ons bevind ons in 'n gesofistikeerde samelewing, waar daar baie gevalle is waar besluite oor individue, op grond van hulle ontwikkelingstand, geneem moet. Só moet byvoorbeeld besluit word wanneer kinders skoolryp is of hoe lank hulle skoolpligtig moet wees. Sommige van hierdie kenmerke is ooglopend en ter wille van organisasie en begrip word die lewensloop in verskillende stadia onderverdeel. Donald, Lazarus en Lolwana (2000) en Meyer (1998) wys egter daarop dat ontwikkelingsielkundiges verskillende stadiaverdelings van die lewensloop onderskei.

Alhoewel die lewenstadia-indeling, soos wat dit deur Craig (1996) en Meyer (1998) beskryf word, noue ooreenstemming toon veral ten opsigte van die verskillende ontwikkelingstake onderliggend aan skolastiese vordering, word daar vir die doel van hierdie studie, soos alreeds vroeër in hierdie hoofstuk genoem is, slégs gefokus op:

- die *kleuterstadium* (ongeveer twee tot ses jaar) en
- die *middelkinderjare* (ongeveer ses jaar tot met die aanvang van puberteit).

Volgens die literatuur is dit samevattend dus baie belangrik om kennis te neem dat die suksesvolle bemeestering van 'n ontwikkelingstaak gewoonlik tot persoonlike geluk en sukses met latere take lei. Die onsuksesvolle voltooiing ten opsigte van 'n lewenstaak lei weer nie net tot ongelukkigheid by die individu nie, maar ook tot afkeur van die gemeenskap en probleme met latere ontwikkelingstake (Meyer, 1998).

Vervolgens word daar oorgegaan tot die bespreking van die ontwikkelingstake gedurende die kleutertydperk en die middelkinderjare.

## **2.6 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE KLEUTERTYDPERK EN DIE MIDDEL-KINDERJARE**

### **2.6.1 Die kleutertydperk**

Volgens Botha, van Ede, Louw, Louw en Ferns (1998) en Loxton (2005b) strek die kleutertydperk vanaf ongeveer twee- tot sesjarige ouderdom en word daar voortgebou op die ontwikkeling wat tydens die eerste twee jaar plaasgevind het. Die kind is in verskeie opsigte meer selfstandig as ooit tevore. Die mees dramatiese veranderinge in menslike ontwikkeling geskied dan ook gedurende hierdie periode. Die kleuter se ontwikkeling word veral beïnvloed deur die gesin, sosiale invloede soos maatjies en die kleuterskool, sowel as die kultuur waarin hy grootword (Botha et al., 1998; DvO, 2001a).

Die kleuter se ontwikkelingstake hang ten nouste saam met die oorkoepelende taak om in liggaamlike, motoriese, kognitiewe, emosionele en sosiale opsig te vorder tot 'n vlak wat hom in staat sal stel om suksesvol in die skool te wees (Coetzee, 1990; Daniels, Beaumont & Doolin, 2002). Van belang vir die navorser is die feit dat die kleuter nou nuwe aspekte van die sosiale wêreld, soos die skool met onder meer sy werksetiek, met sy gesinsomstandighede moet inkorporeer.

Die vroeë kinderjare waarna Santrock (1992; 1997; 2002) verwys en wat volgens Craig (1996) bekend staan as die voorskoolse jare, sluit die ontwikkeling van verbale en motoriese vaardighede, persoonlike versorgingsvaardighede, bewuswording van geslagsverskille en die onderskeiding van reg en verkeerd, tesame met die ontwikkeling van die gewete, in. Volgens Papalia en Olds (1995) en Santrock (1992; 1997; 2002) bemeester die kind nou belangrike vaardighede sodat hy skolasties kan vorder, terwyl interpersoonlike verhoudings met sy portuurgroep, asook sy vermoë om by spele betrokke te raak, terselfdertyd ontwikkel. Aan die einde van die kleutertydperk word die kind aan formele onderwys blootgestel.

Omdat die navorser vir die doel van hierdie studie van die lewensloopbenadering gebruik sal maak, word die vernaamste ontwikkelingstake onderliggend aan skolastiese gereedheid, vervolgens bespreek.

### **2.6.1.1 *Ontwikkelingstake onderliggend aan skolastiese vordering***

Craig (1996) is van mening dat liggaamlik-motoriese vaardighede, sosiale en emosionele ontwikkeling, asook kognitiewe prosesse, die grondslag van die kind se latere ontwikkeling vorm. Feitlik alles wat die kind gedurende sy eerste lewensjare doen, het 'n belangrike invloed op sy latere ontwikkeling. Volgens Craig (1996) is dit ook tydens die kleuterjare baie moeilik om liggaamlik-motoriese en perseptuele ontwikkeling van kognitiewe ontwikkeling te skei.

Wanneer die literatuur wat hierop betrekking het bestudeer word, wil dit egter voorkom asof veral die volgende ontwikkelingstake 'n belangrike rol in die skolastiese gereedwording van die kleuter speel (Botha et al., 1998; De Witt en Booyesen, 1994; Du Toit en Kruger, 1991; Grové 1984; Grové en Hauptfleisch, 1990; Kriegler, 1990; Vulpe, 1982):

1. Perseptuele ontwikkeling
2. Motoriese ontwikkeling
3. Taalontwikkeling
4. Kognitiewe ontwikkeling
5. Emosionele ontwikkeling
6. Sosiale ontwikkeling en
7. Spel as medium in die ontdekking van die wyer omgewing.

Benewens reeds genoemde ontwikkelingstake, beklemtoon Pieterse en Marais (1995), ook soos Graig (1996) die belangrikheid van klasmusiek en ander vaardighede.

Vervolgens word die verskillende ontwikkelingstake wat hier bo genoem is, bespreek.

#### **2.6.1.1.1 *Perseptuele ontwikkeling***

Perseptuele ontwikkeling verwys volgens Botha et al. (1998), Owens (1996), Shaffer (1989) en Pieterse (2001) na die ontwikkelende vermoë van die kind om inligting te interpreteer, wat deur middel van die sintuie waargeneem is. Dit is 'n komplekse

proses wat onder meer afhanklik is van die genotipe van die kleuter, rypheid van die sensoriese stelsel, sensoriese ervarings van die kleuter wat beskikbaar is om te analiseer en te interpreteer, sowel as die kleuter se ontwikkelende kognitiewe vermoëns en die sosiale konteks waarin hy funksioneer (Meij & Sombolase, 1993). Perseptuele ontwikkeling vind volgens Gabers, Faure en Kok (1976) vanaf geboorte by die kind plaas. Die tempo van ontwikkeling versnel egter tussen die ouderdomme drie en sewe jaar met die bereiking van maksimale ontwikkeling op ouderdom sewe jaar. By skooltoetreding behoort die kind oor 'n goed ontwikkelde perseptuele sisteem te beskik. Indien nie, sal hy sukkel om aan die uitkomst wat die kurrikulum aan hom stel, te voldoen.

Wat skoolgereedheid aanbetref, is die bevredigende ontwikkeling van visuele en auditiewe persepsie van die allergrootste belang. Pieterse (2001) en Grové (1989) beskou dit as een van die belangrikste voorwaardes vir leer. Trouens, volgens Snyman (1983) verwag die skool van die skooltoetredende dat hy sy sintuie al goed kan benut en redelike fyn waarnemings kan maak. Hy moenie net kan hoor nie, maar ook effektief kan luister. Hy moenie net kan kyk nie, maar effektief kan sien en waarneem. Vervolgens word visuele en auditiewe persepsie onderskeidelik bespreek.

### **(i) Visuele persepsie**

Akkurate visuele persepsie stel die kind in staat om te leer lees, skryf, teken, naskryf en reken én om enige ander taak aan te pak wat vereis dat hy simbole akkuraat kan herken en weergee. Met die regte stimulering vind die ontwikkeling van hierdie vermoë hoofsaaklik tussen die ouderdom van drie en sewe jaar plaas (Pieterse, 2001; Grové, 1989).

Vir die doeleindes van skoolgereedheid, onderskei ons onder meer tussen die volgende belangrike aspekte van *visuele persepsie*, naamlik:

#### **(a) Visuele diskriminasie**

Ten einde optimaal skoolgereed te wees, word daar van die kind verwag om sekere belangrike vaardighede ten opsigte van visuele diskriminasie aan te leer. Daar word onder meer van die kind verwag om visueel byvoorbeeld voorwerpe volgens

patrone, kleur, prente, letters, simbole, syfers en vorms te sorteer én te kan onderskei, sowel as om verskille en ooreenkomste raak te sien. Hy moet verstaan wat hy sien, dit kan vergelyk, klassifiseer en sorteer, aangesien dit 'n voorvereiste is vir lees, spel, skryf en reken (Grové, 1989; Sterkenburg,1991). Visuele diskriminasievermoë sal die kind in staat stel om tussen woorde en simbole, wat baie eenders lyk, te onderskei, byvoorbeeld *krot/kort* en *12/21*. Die kind sal ook in staat wees om getalsimbole met die korrekte getalwaarde te koppel, om sodoende korrekte wiskundige berekeninge te kan doen (Botha et al., 1998; Grové, 1989). Volgens Shaffer (1989) sukkel vierjariges byvoorbeeld baie om tussen 'n b en 'n d te onderskei, aangesien die onderskeidende kenmerk van die twee letters subtiel en nie baie betekenisvol vir 'n kind van hierdie ouderdom is nie. Slentz en Krogh (2001) is weer van mening dat kinders eers op ongeveer sesjarige ouderdom tussen die verskillende letters kan onderskei. Volgens Botha et al. (1998) is daar steeds kinders wat op ses- tot sewejarige ouderdom probleme ondervind met die benoeming van die primêre kleure rooi, blou en groen. So moet die kind ook oor die nodige kennis kan beskik, sodat hy kan onderskei tussen konsepte soos *dieselfde* en *verskillend*, verskillende vorms (vierkant, driehoek, sirkel), rigtings en posisie (bo, onder, links en regs, voor, na, eerste, laaste), hoeveelhede (baie, min, meer, minder) en kleure (WKOD, 2006c). Dit kan die kind later help om geometriese inligting en getalpatrone te interpreteer en die verhouding en posisie van syfers en simbole tot mekaar, raak te sien. Simmetrie in voorwerpe sal ook raakgesien kan word (Grové,1989). Belangrike houdings wat die kind moet kan ontwikkel ten opsigte van visuele diskriminasie, is 'n ingesteldheid om op detail te kan fokus, doelmatige besluitneming en maak van keuses (WKOD, 2006c).

Samevattend stem die navorser saam met Du Toit (1996) dat visuele diskriminasie onontbeerlik is vir kognitiewe ontwikkeling en dat onvoldoende visuele diskriminasievermoë 'n kind se vordering op skool sal benadeel.

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser dus kom is, dat enige skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite asook toetse aangaande visuele diskriminasie moet insluit.*

### **(b) Visuele geheue**

Visuele geheue is die vermoë om te onthou wat die oë gesien het en is van besondere belang by leer. Visuele geheue integreer inligting van al die sensoriese modaliteite (Lanser, 1989; Sterkenburg, 1991). Volgens die DvO (2003), Grové (1984), Lanser (1989) en Sterkenburg (1991) is die ontwikkeling van visuele geheue baie belangrik om te leer lees. By skooltoetreding moet die kind, volgens Jordaan (1994), Lanser (1989), Pieterse (2001) en Sterkenburg (1991), die vaardigheid aanleer om te onthou wat hy gesien het. Indien 'n kind swak visuele geheuevaardighede het, sal hy nie kan weergee wat hy gesien of gelees het nie, en mag ook later probleme ervaar met begripslees. Volgens Hanekom (1991) word daar in die aanvangsonderrig swaar geleun op die kind se visuele geheue. Indien hy 'n probleem ten opsigte hiervan ondervind, sal hy nie woorde en syfers kan identifiseer en memoriseer nie. In teenstelling hiermee, sal 'n kind met 'n goed ontwikkelde visuele geheue byvoorbeeld in staat wees om skoolwerk korrek van die bord af te skryf, omdat hy kan onthou wat hy gesien het. Wanneer die kind in wiskunde met 'n reeks getalsimbole gekonfronteer word, sal hy in staat wees om dit te organiseer om dit sodoende in die regte orde te rangskik. Die kind sal ook in staat wees om ontbrekende klanke in woorde in te vul, sowel as getalpatrone te voltooi. Visuele geheue van klanke, simbole, patrone, vorms en hul onderskeie waarde en/of verhouding tot ander simbole is belangrik, veral om ontbrekende inligting te kan invul (Grové, 1989; Pieterse, 2001; Sterkenburg, 1991). Hanekom (1991) meen egter dat 'n kind wat probleme ten opsigte van visuele sluiting ondervind, ook nie oor die vermoë sal beskik om onvolledige vorms te voltooi nie en mag ook sukkel om te identifiseer watter letter in 'n woord uitgelaat is. 'n Belangrike houding in die verband is die ingesteldheid op die omgewing, wat later kan lei tot inter-en onafhanklikheid by die kind (WKOD, 2006c). Ten einde hierdie aspek te ontwikkel, kan die kleuter byvoorbeeld blootgestel word aan 'n aantal voorwerpe waarna hy moet kyk. Hy kyk dan weg terwyl een van die voorwerpe verwyder word. Hy kry dan die geleentheid om weer na die oorblywende voorwerpe te kyk en aan te dui watter voorwerp verwyder is. Die kleuter kan ook die geleentheid kry om na 'n prent te kyk, wat heelwat detail bevat. Die prent word dan weggeneem en die kleuter moet vertel wat hy alles kan onthou (Grové, 1989).

*Samevattend is dit vir die navorser dus baie duidelik dat enige goed ontwikkelde skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite en visuele geheue-toetse moet insluit.*

**(c) Vormkonstantheid en vormwaarneming**

Vormkonstantheid behels die vermoë om vorms en simbole in die omgewing te herken, ongeag hul grootte, afstand of posisie in die ruimte. Dit behels ook die vermoë om sekere permanente eienskappe van 'n voorwerp soos vorm, kleur en helderheid te kan waarneem (Grové, 1984; Jordaan 1994). Indien die skoolbeginner probleme ten opsigte van vormkonstantheid ervaar, kan dit daartoe lei dat hy mag sukkel om syfers van verskillende groottes te herken. So 'n kind sal ook probleme ondervind om letters, syfers en woorde te herken, te reproduseer of na te teken. Die kind wat probleme ondervind met vormkonstantheid, sal byvoorbeeld ook nie bekende letters kan herken as dit in 'n ander konteks (byvoorbeeld tipografies anders) voorkom nie (Jordaan, 1994). Volgens Grové (1989), Jordaan (1994) en Pieterse (2001) is vormwaarneming die herkenning van vorms, en die grootte (van vorms) baie belangrik vir die skoolbeginner. So byvoorbeeld beklemtoon Piaget die beginsel van konservasie van hoeveelheid - dit wil sê dat die kind beseft dat die aantal krale wat vanaf 'n breë glas na 'n lang smal glas oorgegooi word, dieselfde te bly (Robeck, 1978). Die kind moet ook beseft dat 'n voorwerp wat ver is kleiner lyk as wat dit werklik is, en dat 'n piering byvoorbeeld nie altyd dieselfde lyk as 'n mens dit in verskillende posisies hou nie. Vormherkenning is 'n belangrike faktor, veral by die aanleer van lees. Volgens Grové (1989) moet die kind letters, syfers en woorde kan herken, afgesien van hulle vorm of grootte. Hy moet ook oor die kennis beskik en weet dat iets wat ver van hom is, kleiner vertoon as iets wat naby is en ook dat kleur 'n ander skakering vertoon as die lig daarop val. Die vermoë om vorms waar te neem en betekenis daaraan te kan heg, sal weereens van belang wees vir die kennis van getalsimbole, letters, patrone en vorms. Omdat die kind in staat is om verskillende konkrete en later abstrakte vorms waar te neem en betekenis daaraan te heg, kan hy tussen vorms, letters en getalsimbole onderskei en die korrekte betekenis aan elkeen koppel. Wiskundige berekenings en geometriese stellings sal dus met insig benader kan word (Grové, 1989). 'n Kind met 'n swak ontwikkelde persepsie van vorm en grootte sal probleme ondervind met die herkenning van syfers of letters as

hulle in verskillende groottes, vorms of kleure voorkom. 'n Voorbeeld hiervan is die verskil tussen drukskrif en lopende skrif of die gedrukte letter in 'n boek en 'n geskrewe letter (Grové & Hauptfleisch, 1990; Grové, 1984; Jordaan, 1994). Volgens Wallace en McLaughlin (1988) sal kinders wat probleme ten opsigte van vormkonstantheid en vormwaarneming ondervind, nie maklik verskillende kenmerke van sirkels, vierkante en reghoeke kan waarneem nie. Die kind behoort 'n sirkel, vierkant, asook 'n kruis op vierjarige ouderdom te kan teken, op vyf 'n driehoek, op ses 'n diamant en op sewe 'n reghoek met 'n kruis, asook 'n diamant wat dwars lê (Grové & Hauptfleisch, 1990). 'n Belangrike houding wat 'n kind moet ontwikkel, is 'n ingesteldheid om op detail te fokus. Aangesien die kind konkrete vorms en abstrakte simbole kan herken en betekenis daaraan heg, kan hy byvoorbeeld leer wat die gebruike van verskillende voorwerpe is en dus nog 'n stap nader aan onafhanklikheid kom (WKOD, 2006c). Dis belangrik om die jong kind se aandag op ooreenkomste en verskille tussen voorwerpe en vorms te fokus en hulle toe te laat om self te ontdek wat die verskille tussen voorwerpe, vorms en later klanke is. Die opvoeder moet byvoorbeeld 'n 'b' en 'n 'd' op die bord skryf en die leerders vra om te beskryf in watter opsigte die twee klanke verskil. Lengte van woorde kan ook beskryf en met mekaar vergelyk word. Legkaarte is ook 'n uitstekende aktiwiteit om vormwaarneming te bevorder (Grové, 1989).

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom is, dat enige skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite en toetse aangaande vormkonstantheid en vormherkenning moet insluit, aangesien dit belangrik is ten opsigte van leer reken en lees.*

#### **(d) Visuele analise en sintese**

Visuele analise en sintese is die vermoë om 'n woord of patroon in sy onderskeie elemente raak te sien, op te breek (analise) en dan weer tot 'n sinvolle geheel saam te voeg. Dit is 'n belangrike vaardigheid wat die kind moet aanleer ten einde te kan lees. Hy moet byvoorbeeld in die woord *kat* die drie elemente *k-a-t* afsonderlik raaksien (analiseer) en dit weer tot 'n sinvolle geheel saamvoeg (sintetiseer) tot die woord *kat* (Herselman, 1981; Lanser, 1989). Indien 'n kind hiermee probleme sou ondervind, sal dit nie net tydens lees manifesteer nie, maar sal hy ook kopieerprobleme ondervind, deur byvoorbeeld verkeerd van die bord af te skryf. Die



kind sal ook sukkel om woorde in lettergrepe op te breek (Grové, 1984). Kennis van klanke en getalsimbole, getalbegrip, sowel as die betekenis of waarde wat elkeen verteenwoordig, is van groot belang (Pieterse, 2001). 'n Belangrike houding is die ingesteldheid om die geheelbeeld raak te sien, sowel as die onderskeie komponente van die geheel waar te neem (Pieterse, 2001). Die ingesteldheid op konteks is ook belangrik. Kontekstuele leidrade help leerders dikwels om te voorspel watter woorde moontlik in 'n teks kan wees. As die kind dan sou sukkel om 'n moeilike woord te lees, kan die kontekstuele leidrade wat die sin, paragraaf of teks bied, die kind help om tog te voorspel wat die woord moontlik kan wees. Hierdie vaardigheid kan ook konkreet aangeleer word, deurdat die opvoeder byvoorbeeld prente van 'n boomstam, takke en blare aan die kleuters wys en hulle vra watter geheel dit vorm ('n boom) (Grové & Hauptfleisch, 1990). Volgens Herselman (1981) en Lanser (1989) lees die goeie leser globaal analities-sinteties.

*Omdat visuele analise en sintese so 'n integrale deel van visuele persepsie vorm, is dit vir die navorser van belang dat 'n skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite ten opsigte van hierdie vaardigheid, asook toetse moet insluit.*

### **(e) Posisie in die ruimte**

Persepsie van posisies in die ruimte kan gedefinieer word as die persepsie van die verhouding van 'n voorwerp tot 'n waarnemer. Die persoon neem voorwerpe waar as agter, voor, bo, onder en langs hom. Alle posisies verwys na 'n persoon se eie liggaam. Ruimtelike oriëntasie beteken dat 'n persoon voortdurend sal weet waar hy hom in die ruimte bevind. Deur beweging word die vaardigheid om die self in die omgewing te lokaliseer, goed vasgelê. Visuele waarneming is die vernaamste manier waarop 'n mens ruimte kan struktureer. Tyd, diepte en afstand speel 'n groot rol hierin. Persepsie van posisie in die ruimte is belangrik by die lees en skryf van getalle. Groot getalle word van links na regs geles, alhoewel die tiene en ene in daardie getalle van regs na links geles word (Grové, 1984; Sterkenburg, 1991). 'n Kind wat probleme ervaar met posisie in die ruimte, se wêreld kom vir hom verwarrend voor. Hy is lomp en huiwerig wanneer hy bewegings moet uitvoer. Hy sal dit ook moeilik vind om woorde soos *op, af, voor, bo, onder, agter, in, uit, links* en *regs* te verstaan. Tydens lees en skryf kom omkerings soos *b* en *d*, *p* en *q*, *kam* en *mak*, 24 en 42 voor (Grové, 1984; Sterkenburg, 1991). Die kind moet oor die nodige

kennis kan beskik om te weet dat hoe verder weg 'n voorwerp is, hoe kleiner sal dit lyk, alhoewel dit dieselfde grootte bly. Die bewegings van die liggaam moet ook aanpas by die afstand binne 'n sekere tyd wat afgelê moet word. As 'n voorwerp val, sal die reaksie vinnig moet wees om dit betyds te gryp (Grové & Hauptfleisch, 1990). 'n Algehele oplettendheid en ingesteldheid op die omgewing is belangrike houdings in hierdie verband (WKOD, 2006c).

Visie is 'n toenemend belangrike inligtingsbron vir die kleuter en daar is 'n vinnige toename in kleuters se vermoë om detail in hulle omgewings te onderskei. Tussen vier- en sesjarige ouderdom is daar ook 'n drastiese verbetering in die kleuter se waarneming van figuur-agtergrond. Dit is die vermoë om duidelik tussen die voorwerp waarop gefokus word en die res van die waarnemingsveld te onderskei. Tydens die kleuterjare verbeter die kind se visuele en fokusvermoë ook aansienlik (Botha et al., 1998; Huisamen, 1991).

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat posisie in die ruimte so 'n geweldig belangrike vaardigheid is wat leerders moet kan bemeester, ten einde skolasties optimaal te kan vorder, dat 'n skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite en toetse moet insluit.*

Visuele persepsie behels dus die essensiële vaardighede wat die kind nodig om dit wat hy sien korrek te interpreteer en daarvolgens te kan handel. Dit sal hom dus in staat stel om tussen letters en getalsimbole te onderskei en ook die volgorde van klanke tydens lees te kan memoriseer. Tydens programontwikkeling en die ontwikkeling van toepaslike assesseringsinstrumente, kan opvoeders van onderstaande aktiwiteite gebruik maak, wat op die lewensloopbenadering gebaseer is. Sodoende sal leerders stelselmatig blootgestel kan word aan die ontwikkeling van hul visueel-perseptuele vaardighede, ten einde optimaal in die skoolsituasie te kan funksioneer.

Met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, sal ook onder meer van onderstaande aktiwiteite gebruik gemaak moet word om te differensieer en leerders wat op verskillende vlakke ten opsigte van visueel-perseptuele ontwikkeling funksioneer, te akkommodeer. Hierdie aspekte kan ook gebruik word om te toets op watter vlak die leerder in terme van ontwikkeling is.

Die kenmerkende *visuele perseptuele ontwikkelingseienskappe* van die kleuter kan volgens die literatuur (Owens, 1996; Pieterse, 2001) hiërargies soos volg saamgevat word:

### **Drie jaar**

- (i) Kan onderskei tussen groot en klein
- (ii) Kan prente in 'n boek uitken
- (iii) Hou sy kop en oë naby 'n boek wanneer hy dit deurkyk
- (iv) Kan 'n eenvoudige legkaart van twee tot vier stukke pak
- (v) Kan onderskei tussen 'n ronde en vierkantige blokkie
- (vi) Herken die basiese kleure - rooi, geel, groen en blou - en kan blokkies volgens dié kleure sorteer.

### **Drie-en-'n-half jaar**

- (vii) Herken basiese vorms soos 'n driehoek, sirkel en vierkant en kan dit in 'n vormbord inpas
- (viii) Herken meer as net die basiese kleure - kan byna al die kleure bymekaar pas
- (ix) Kan 'n legkaart van ses tot agt stukke bou
- (x) Kan volgens grootte sorteer en die grootste en kleinste uit verskeie voorwerpe kies.

### **Vier jaar**

- (xi) Kan 'n legkaart van ses tot vyftien stukke bou
- (xii) Kan die name van drie tot vier bekende voorwerpe op 'n skinkbord onthou
- (xiii) Ken die verskil tussen 1, 2 en 3, sowel as die konsepte min en baie
- (xiv) Kan die meeste kleure benoem
- (xv) Kan moeiliker vorms soos 'n reghoek, ovaal en halvesirkel bymekaar pas
- (xvi) Kan vorms nateken, tussen hulle onderskei en vorms bymekaar voeg, byvoorbeeld twee driehoeke om 'n vierkant te maak.

### Vier-en-'n-half jaar

- (xvii) Kan 'n legkaart van 15 - 20 stukke bou
- (xviii) Kan die name van vyf items op 'n skinkbord onthou
- (xix) Ken al die kleure
- (xx) Sien detail in illustrasies van stories raak wat nie met die storie verband hou nie
- (xxi) Kleuter kan sy oë en hande met toenemende vaardigheid saam gebruik (hand-oogkoördinasie)
- (xxii) Kan 'n kruis nateken en skuins strepe trek.

### Vyf jaar

- (xxiii) Knip prente taamlik goed uit en plak met gom
- (xxiv) Kan versteekte voorwerpe in 'n prent vind
- (xxv) Teken en kleur binne die lyne in
- (xxvi) Kan 'n legkaart van 20 - 30 stukke pak as die prent self relatief min detail bevat
- (xxvii) Kan al die kleure benoem en ken ook die skakerings. Kan ook kleure volgens skakerings rangskik
- (xxviii) Is visueel wakker en opletend en vertel van mense, voorwerpe en plekke wat hy gesien het.

### Vyf-en-'n-half jaar

- (xxix) Kan onderskei tussen 'n vierkant en 'n reghoek
- (xxx) Kan legkaarte van meer as 30 stukke bou
- (xxxi) Kan met behulp van 'n patroon 'n prentjie met mosaïekblokkies of op 'n pennetjebord pak
- (xxxii) Kan sy naam en syfers naskryf
- (xxxiii) Kan 'n vierkantige papier in 'n driehoek vou
- (xxxiv) Pas vormwaarneming op voorwerpe toe, byvoorbeeld die piering is rond, die boek is reghoekig, die waslap vierkantig, ensovoorts.

### Ses jaar

- (xxxv) Kan al die vorms teken en benoem en ken ook die verskil
- (xxxvi) Kan letters en syfers bymekaar pas. Kan ook drieletter-woorde by mekaar pas, al kan hy nie lees nie
- (xxxvii) Kan halwes en kwarte by mekaar pas, byvoorbeeld 'n sirkel van twee halvesirkels.

Vervolgens word ouditiwe persepsie as belangrike voorvereiste vir skoolgereedheid bespreek.

#### (ii) Ouditiwe persepsie

Volgens die Departement van Onderwys (2003), Grové (1989) en Pieterse (2001) vorm *ouditiwe persepsie* die grondslag van die kind se taalontwikkeling, luister- en leervaardighede. Dit behels die interpretasie van inligting wat deur die ore na die brein gestuur word. Ouditiwe persepsie is weer opsigself noodsaaklik vir die intellektuele ontwikkeling van die kind. Vervolgens word enkele belangrike aspekte van ouditiwe persepsie én die belangrikheid daarvan vir skoolgereedheid beskou, naamlik:

##### (a) Ouditiwe diskriminasie

Dit verwys na die kind se vermoë om klanke te kan onderskei en om ooreenkomste en verskille tussen klanke (geluide) te kan hoor. Ouditiwe diskriminasie is baie belangrik by die aanleer van klanke, woorde en sinne. 'n Kind wat hiermee probleme ervaar kan maklik letters en klanke wat amper eenders klink, soos *k/t*, *n/m* en *b/d*, verwar, asook woorde wat amper eenders klink, soos *vier/vuur*, *kas/kat*, *dop/pop*, *muur* en *mier* (Grové, 1984). Probleme ten opsigte van ouditiwe diskriminasie kan ook meebring dat die aanleer en uitspraak van nuwe woorde ernstig belemmer word. Om onnodige probleme ten opsigte van ouditiwe diskriminasie te voorkom, moet die kind die vaardigheid aanleer om tussen ooreenkomste en verskille te identifiseer ten opsigte van inligting wat hy hoor. Volgens Grové (1984) is die bemeestering van hierdie vaardigheid belangrik vir die korrekte uitspraak en onderskeiding van woorde. Die kind moet ook weet dat klanke ten opsigte van klankintensiteit (hard en sag), toonhoogte (hoog en laag), duur (lank en kort) en interval (Pieterse, 2001) verskil.

Volgens Van Coller (1992) is dit baie belangrik dat die kind klankkontoere sal ontwikkel, wat na aspekte soos intonasie, beklemtoning en variasie in toonhoogte en ritme verwys. Die verskillende klanke van spraak word deur klankkontoere in herkenbare klankpatrone of in woorde afgebaken. 'n Ander belangrike vaardigheid en aktiwiteit is om leerders bloot te stel aan rympies en hul te leer om rymwoorde te identifiseer of op te noem (Grové, 1984; Pieterse, 2001). 'n Belangrike voorvereiste vir lees, volgens Herselman (1981), is dat die kind juis klanke korrek moet kan onderskei voordat die woorde korrek uitgespreek en die regte klanke aan die betrokke lettersimbole gekoppel kan word. Volgens Payne en Isaacs (2002) is kleuters se ouditiewe diskriminasievermoë teen ouderdom vyf jaar feitlik op dieselfde vlak as dié van volwassenes. Namate die kind leer om dit wat hy sien, hoor, voel en proe te interpreteer, word toenemend meer betekenis aan daaropvolgende stimuli geheg. Wat kennis betref, volgens Grové (1984), moet die kind tussen die konsepte *dieselfde* en *verskillend* kan onderskei en weet wat *eerste* en *laaste* beteken, aangesien daar verwag kan word dat die kind op skoolvlak aandui ten opsigte waarvan woorde verskil, byvoorbeeld *kat en mat* (eerste klanke verskil van mekaar). Kinders met leesprobleme ondervind volgens Herselman (1981) dikwels 'n onvermoë om klanke van mekaar te onderskei. 'n Kind met ouditiewe diskriminasieprobleme sal volgens Lanser (1989) waarskynlik dikwels terugbeweeg in die teks om foute reg te stel en dit kan sy werkspoed vertraag. Dit kan selfs tot gevolg hê dat die kind woorde verkeerd lees, wat sy begrip kan benadeel. 'n Belangrike houding vir hierdie vaardigheid is die ingesteldheid om inligting te vergelyk en nie bloot net te aanvaar nie (WKOD, 2006b). Ontdekking speel 'n belangrike rol hier. Die opvoeder lees byvoorbeeld 'n reeks woorde of klanke en vra die leerders om hul vingers te klik as hul 'n spesifieke woord of klank hoor wat herhaaldelik in die reeks voorkom. Volgens Grové (1984) kan die opvoeder ook pare woorde lees (terwyl sy haar hand voor hand mond hou om visuele leidrade te verwyder) en leerders vra om aan te dui of twee woorde dieselfde/verskillend is (nat/mat).

*Omdat ouditiewe diskriminasie so geweldig belangrik is ten opsigte van die kind se taalontwikkeling en die aanleer van klanke, woorde en sinne, is dit daarom vir die navorser van kardinale belang dat 'n goeie skoolfasiliteringsprogram, progressief-ontwikkelde aktiwiteite en toetse moet insluit vir die inoefening van hierdie baie belangrike vaardigheid.*

**(b) Ouditiewe geheue**

Dit behels die kind se vermoë om te onthou wat hy hoor en is 'n belangrike vaardigheid wat die kind moet kan bemeester, ten einde optimale taalontwikkeling te verseker. Die skoolbeginner se ouditiewe aandagspan moet tot so 'n mate ontwikkel wees dat hy redelik komplekse sinne sal kan onthou (Jordaan, 1994). So byvoorbeeld behoort die sesjarige kind ses items van 'n storie te kan onthou en reekse van vyf woorde, klanke of syfers te herhaal (Pieterse, 2001; Thayer & Westby, 2001). Indien 'n kind probleme sou ondervind met ouditiewe geheue, kan dit sy lees- en spelvermoë regstreeks beïnvloed. Sonder ouditiewe geheue bly letters betekenisloos, want die kind kan nie onthou hoe die letter klink nie. Ouditiewe geheue is ook noodsaaklik om 'n woord in klanke te kan analiseer, anders kan hy tydens analise die woord *b-ee-s* in klanke ontsluit en dan *koei sê* (Grové, 1984). Dit help ook die kind om 'n reeks opdragte te onthou en korrek uit te voer en stel die kind in staat om die feite van 'n storie of gebeure te onthou, verduidelikings te volg en meer effektief van kontekstuele leidrade gebruik te maak. Ten opsigte van kennis is algemene woordeskat van belang. 'n Kind gaan selde ouditiewe inligting onthou as hy nie werklik die konteks en relevante woordeskat ken nie (Grové, 1984). Hier is die kwessie van moedertaalonderrig ook volgens die navorser ter sprake. Ouditiewe inligting is totaal betekenisloos as dit nie in verband gebring kan word met 'n bekende verwysingsraamwerk nie. Kennis van die algemene klankstruktuur van die taal is belangrik, omdat die kind dan weet dat sekere klanke in 'n taal nie langs alle klanke kan staan nie (WKOD, 2007). 'n Belangrike houding is om 'n belangstelling te hê in dit wat gehoor word en om leergierig te wees. Indien laasgenoemde houdings ontbreek, sal die leerder hoor wat gesê word, maar nie werklik luister nie (WKOD, 2006c). Die opvoeder lees byvoorbeeld 'n reeks nommers of woorde (begin aanvanklik by 2 en maak die reekse geleidelik langer) en vra die leerders om dit te herhaal. Die opvoeder kan ook 'n reeks woorde of syfers noem, dit herhaal en een van die woorde of syfers uitlaat, wat die leerders moet identifiseer (Grové & Hauptfleisch, 1990). 'n Belangrike lewensvaardigheid, volgens die navorser, wat kinders in dié verband moet aanleer, is kennis van persoonlike besonderhede, soos byvoorbeeld hul geboortedatum, telefoonnommers, noodnommers, adres, ens (Pieterse, 2001).

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat geheue, maar veral ouditiewe geheue, van kardinale belang vir die kleuter is, ten einde skolasties te kan vorder. Enige skoolfasiliteringsprogram behoort dus progressief - ontwikkelde aktiwiteite, asook toetse in te sluit, om te kan help bepaal of 'n leerder wel dié belangrike vaardigheid bemeester het.*

**(c) Ouditiewe analise en sintese**

By skooltoetse moet die kind die vaardigheid aanleer om 'n woord in klanke op te breek, sowel as 'n woord te vorm deur klanke by mekaar te voeg. Indien die kind nie hierdie vaardigheid aanleer nie, sal dit sy lees, spel, wiskunde- en skryfvermoë ernstig belemmer (Herselman, 1981; Lanser, 1989). Om dit te verhoed, moet die kind oor die kennis beskik dat woorde uit lettergrepe en klanke bestaan en dat laasgenoemde saamgevoeg kan word om weer 'n woord te vorm. Ouditiewe analise en sintese is dus baie belangrik by klankleer en woordbou (Grové, 1984). Soms kan 'n kind 'n woord korrek analiseer, byvoorbeeld *s-ie-k*, maar hy kan nie die afsonderlike klanke bymekaar voeg (sintetiseer) nie of hy voeg die letters verkeerd saam en sê dan 'n ander woord. 'n Belangrike houding is die ingesteldheid om op die geheel te fokus, maar ook om belangstelling in die dele van die geheel te toon (Grové & Hauptfleisch, 1990).

*Die insluiting van progressief-ontwikkelde aktiwiteite en toetse ten opsigte van ouditiewe analise en sintese, is belangrike elemente van enige goed ontwikkelde skoolfasiliteringsprogram, aangesien dit 'n baie belangrike vaardigheid is waaroor die kind moet kan beskik by die aanleer van skrif, lees, wiskunde en spel.*

Samevattend kan gestel word dat die perseptuele vermoëns van 'n leerder een van dié belangrikste bepalers vir suksesvolle leer sal wees. Visuele persepsie is veral belangrik by aktiwiteite soos lees, skryf, teken, knip, ensovoorts, terwyl ouditiewe persepsie baie belangrik vir taalontwikkeling is (Grové, 1989). Die kind met ontoereikende sensoriese ontwikkeling, kan volgens Grové (1984) en Jooste (1983), onder meer probleme ten opsigte van die volgende ouditiewe en visueel-perseptuele vaardighede ervaar: diskriminasie, geheue, volgorde-geheue, voorgrond/agtergrond-onderskeiding en ruimtelike verhoudings. Op grond van die navorser se ervaring, mag hierdie probleme op hulle beurt weer aanleiding gee tot onoplettendheid in die



klassituasie, wanorganisasie, onvermoë om die gesproke of geskrewe woord te verstaan en probleme met die mondelinge herhaling van die skoolwerk, skryf, lees en spel. Omdat die mens se sintuie so 'n belangrike rol by leer speel, is die navorser sterk van mening dat alle graad een leerders se oë en ore by skooltoetrede getoets behoort te word. *Aangesien perseptuele ontwikkeling, volgens die navorser, een van die hoekstene van suksesvolle skolastiese vordering is, moet daar by die ontwikkeling van 'n skoolfasiliteringsprogram ruim voorsiening gemaak word vir aktiwiteite wat perseptuele ontwikkeling van die leerder optimaal sal kan help ontwikkel, indien 'n leerder nie oor die verlangde vaardighede, kennis en houdings sou beskik nie.*

#### 2.6.1.1.2 *Motoriese ontwikkeling*

Fisiese ontwikkeling wat gedurende die vroeë kinderjare geskied, het verrykende opvoedkundige implikasies vir die kind (Loxton, 2005b; Mwamwenda, 1996). Gedurende die kleuterjare neem die kind se motoriese beheer aansienlik toe vanweë vier faktore naamlik: die fisiese rypwording van die brein en liggaamsisteme, die verkryging van beheer oor verskillende liggaamsdele deur middel van oefening, die verwerwing van 'n akkurate liggaamsbeeld en die ontwikkeling van bilaterale kontrole (Harris & Liebert, 1987; Pieterse, 2001; Santrock, 1997; 2002).

Opvoeders op die gebied van kinderontwikkeling beweer dat onvoldoende motoriese ontwikkeling 'n algemene oorsaak van leerprobleme is. Die korrekte bewegings en doeltreffende gebruik van die spiere is noodsaaklik vir alle intellektuele funksies. Die kind leer nie net met sy verstand nie, maar die liggaam en liggaamlike funksies is wesenlik betrokke by die leerhandeling. Sonder beweging kan die kind nie sy wêreld behoorlik verken nie (Grové, 1989).

#### **(i) Grootmotoriese ontwikkeling**

Vervolgens word daar nou gekyk na enkele belangrike aspekte van grootmotoriese ontwikkeling wat as onontbeerlik vir skoolgereedheid beskou word, naamlik:

**(a) Grootspier-ontwikkeling**

Dit behels onder meer die ontwikkeling van die groot spiere wat byvoorbeeld gebruik word vir loop, hardloop, huppel, swem, touspring, rol, klim en gly op 'n glyplank (Daniels et al., 2002; Sterkenburg, 1991). Volgens Grové (1989) verwag die skool dat die skoolbeginner oor genoegsame beheer en koördinasie van sy groot spiere sal beskik om te kan loop, hardloop, spring en reik sonder om lomp te wees. Doeltreffende grootspier-ontwikkeling is dus nie net noodsaaklik by spel nie, maar vorm volgens Grové (1989) 'n integrale deel van die leerinhoud en is 'n baie belangrike aspek by die sosialisering van die kind. Samevattend beskou Grové (1984) die skoolbeginner se beheer én die koördinasie van die groot spiere as 'n baie belangrike vaardigheid waarvoor hy moet beskik. So word die volgende van die sesjarige kleuter verwag: om ritmies op die maat van musiek te kan marsjeer en eenvoudige dansies aan te leer (Pieterse, 2001); vaardig op die skool se speelapparaat te wees en byvoorbeeld ook bollemakiesie te slaan; 'n bal te kan vang en gooi. Grové (1989) vat dit mooi saam en meen dat die kind gereelde en baie oefening nodig het om die groot spiere van die liggaam te ontwikkel. Grootspier-ontwikkeling, wat volgens Pieters (2001) aanvanklik fynspierontwikkeling en koördinasie gedurende die kleuterjare voorafgaan, word as uiters belangrik vir skoolgereedheid beskou, asook vir latere skolastiese sukses. Volgens die literatuur is die kleuter gewoonlik baie aktief en hou daarvan om aksiespeletjies te speel, soos byvoorbeeld wegkruipertjie en vang-vang. Kleuters begin met mekaar kompeteer deur te kyk wie die vinnigste kan hardloop en in die proses raak hulle ook meer bewus van hul eie liggame. Aan die ander kant kan swak beheer oor die groot spiere daartoe lei dat die kleuter sy liggaam as negatief beleef (Harris & Liebert, 1987). Deur middel van spel doen die kleuter sodoende ook kennis op van ander liggaamsdele, soos elmboë, knieë, skouers, ensovoorts en raak ook bewus van verskillende aksies wat uitgevoer kan word, byvoorbeeld skop, een-beentjie spring, klouter ensovoorts (Pieterse, 2001). 'n Belangrike houding in dié verband, is die kind se hunkering tot ontdekking en verkenning en nuwe dinge, dit wil sê 'n natuurlike nuuskierigheid en leergierigheid (WKOD, 2006c). Volgens Owens (1996) bemeester die kind teen ongeveer vier- tot vyfjarige ouderdom die basiese bewegingspatrone en raak die verskeidenheid van bewegings ook al hoe groter.

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat 'n skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite en toetse ten opsigte van grootspier-ontwikkeling moet bevat, aangesien dit die leerder help om sy liggaam te ontdek. Andersins help aktiwiteite aangaande grootspier-ontwikkeling ook die leerder ten opsigte van sosialisering met ander leerders.*

**(b) Liggaamsbeeld**

Liggaamsbeeld verwys na die kind se bewustheid van sy liggaam en die moontlikhede daarvan. Hy moet weet hoe sy liggaam in die ruimte om hom beweeg en hy moet ook dele van mekaar kan onderskei. Hierdie spierbeheer en evaluering van sy eie liggaam is skolasties en intellektueel van groot belang vir suksesvolle aanvangsleer (Grové, 1989). So behoort die sesjarige kind van die twee kante van sy liggaam bewus te wees en hy moet tussen links en regs kan onderskei en dit ook kan beleef (Santrock, 2002; Slentz & Krogh, 2001). Hy moet die belewenis van links en regs eers innerlik ervaar voordat hy *bo*, *onder*, *agter*, *voor*, *in* en *uit* kan verstaan. Kinders wat probleme hiermee ervaar, is gewoonlik lomp, stadig van begrip, hulle verwar *b* en *d*, lees *maan* in plaas van *naam* of skryf *24* in plaas van *42* (Grové & Hauptfleisch, 1977; Grové, 1984; Pieterse, 2001). Volgens Faas (1981), Payne en Isaacs (2002) verwys liggaamsbeeld of liggaamskonsep na die feit dat die kind 'n duidelike, akkurate en volledige beeld van sy eie liggaam en dié liggaam se posisie in die ruimte moet hê. Deur die liggaam as verwysingspunt te gebruik, kan die kind nou bewegings uitvoer, vanweë toereikende kennis van sy liggaam. Hierdie spierbeheer en evaluering van sy eie liggaam is 'n uiters belangrike vaardigheid wat die kind moet aanleer en bemeester omdat dit belangrik is vir sy skolastiese en intellektuele ontwikkeling. 'n Moontlike oefening ter bevordering van 'n leerder se liggaamsbeeld is byvoorbeeld om aan sy tone, voete, bene, rug en bors te raak (Grové, 1989). Volgens Pieterse (2001) vloei die kind se selfbeeld voort uit sy liggaamsbeeld. 'n Kind wat 'n goeie liggaamsbeeld ontwikkel, sal deur middel van selfkennis verder ontdek en verken. Sy beweer verder dat 'n goeie liggaamsbeeld en selfbeeld baie belangrik vir skoolgereedheid is. Die kind moet die verskillende liggaamsdele, sowel as die funksies en gebruike van elk, ken. 'n Belangrike houding wat met liggaamsbeeld gepaard gaan, is om te begin verantwoordelikheid neem vir die versorging en die beskerming van die liggaam en om die oordeel te begin

ontwikkel om nie die liggaam aan gevaarlike situasies bloot te stel nie (WKOD, 2006c). Uit die literatuur is dit dus duidelik dat die liggaam as uitgangspunt vir ruimtelike oriëntasie en rigtingsekerheid dien én dat voldoende kennis van die liggaamsbeeld nodig vir bewegings is.

Dit is vir die navorser dus baie duidelik dat 'n deeglike kennis van sy liggaamsbeeld vir die kind 'n noodsaaklikheid is ten einde skolasties optimaal te kan vorder.

*Uit die literatuur is dit vir die navorser duidelik dat enige goed ontwikkelde skoolfasiliteringsprogram aktiwiteite en toetse ten opsigte van die ontwikkeling van liggaamsbeeld moet bevat, wat progressief ontwikkel is.*

Vier aspekte wat volgens Grové (1989) nou saamhang met liggaamsbeeld, word vervolgens bespreek: naamlik *lateraliteit*, *dominansie*, *ruimtelike oriëntasie* en *middellyn*.

### **(c) Lateraliteit**

Lateraliteit is die innerlike bewustheid van die twee kante van die liggaam naamlik links en regs. Volgens Pieterse (2001) is die kind vanaf ongeveer drie-en-'n-half jaar bewus van die verskil, al kan hy dit nie reg benoem voor sesjarige ouderdom nie. Dit stel die kind in staat om te weet watter kant beweeg; wanneer die kant beweeg en hoe dit beweeg. Faas (1981) beweer dat wanneer die kind lateraliteit innerlik gevestig het en bewus is van 'n linker- en regterkant van sy liggaam, hy dan hierdie begrippe na die ruimte buite homself kan begin projekteer. Voorbeelde om 'n leerder se lateraliteit te help vestig, is byvoorbeeld: "Wys my jou regterhand, linkervoet en linkeroor", ensovoorts (Grové, 1989). Volgens Grové (1989), Payne en Isaacs (2002) en Rice (2001) is die aanleer van 'n duidelike begrip van die liggaam met sy bewegings buite sy liggaam, 'n belangrike vaardigheid vir skoolgereedheid. Lateraliteitsbesef is belangrik by lees en wiskunde, omdat die leesaksie en die lees van woordsomme van links na regs op die bladsy geskied, terwyl sommige wiskundige bewerkings van regs na links gedoen word. Leerders wat probleme ten opsigte van lateraliteit ervaar, kan volgens Herbst (1989) ook moontlik ernstige probleme ten opsigte van wiskunde, lees en spel ondervind. Goeie lateraliteitsbesef sluit in dat die kind vryelik met sy ledemate oor sy middellyn kan beweeg. Kinders wat nie 'n baie duidelike begrip van die liggaam of die bewegings buite hul liggaam

het nie, ontwikkel in baie gevalle leerprobleme (Grové, 1989; Rice, 2001). Die kind met lateraliteitsprobleme sal beslis oriëntasieprobleme ondervind, wat weer sy skoolvordering kan belemmer. Omkerings van woorde, letters en syfers tydens lees, skrif en wiskunde kan dikwels toegeskryf word aan onvoldoende lateraliteitsbesef (Grové, 1984; Grové & Hauptfleisch, 1990; Lanser, 1989; Sterkenburg, 1991). Die kind moet deur ontdekking bewus raak van die twee kante van sy liggaam en die moontlikhede van elke kant. Sodoende sal persoonlike veiligheid en versorging beter nagestreef kan word. In gevalle waar die lateraliteitskonsep nie goed vasgelê is nie, ontstaan rigtingonsekerheid en verwarring. Hierdie leerder het dus nie 'n toereikende innerlike bewustheid van 'n linker- en regterhand nie en dit kan tot 'n dominansieprobleem lei (Herselman, 1981).

*Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat lateraliteit baie belangrik is ten einde te leer lees en wiskunde baas te raak. 'n Skoolfasiliteringsprogram behoort dus progressief-ontwikkelde lateraliteitsaktiwiteite, asook toetse in te sluit, waardeur die leerder genoegsame oefening kan kry.*

**(d) Ruimtelike oriëntasie (posisie in die ruimte)**

Persepsie van posisies in die ruimte kan gedefinieer word as die persepsie van die verhouding van 'n voorwerp tot die waarnemer. Die persoon neem voorwerpe waar as *agter, voor, bo, onder* en *aan sy kante* (Grové, 1984; Sterkenburg, 1991). Volgens Harris en Liebert (1987), Payne en Isaacs (2002) en Rice (2001) leer die kind op die manier van die verskillende posisies waarin hulle hulself ten opsigte van die omgewing kan ondervind, byvoorbeeld op 'n tafel, onder 'n tafel, langs 'n maat en tussen twee stoele. Dit is 'n belangrike vaardigheid wat die kind moet aanleer ten einde skolasties optimaal te kan funksioneer. Volgens Pieterse (2001) behoort die kind op sesjarige ouderdom al die woorde *bo, onder, agter, voor, links en regs* te kan onderskei, verstaan en gebruik. Indien 'n kind nie tussen hierdie begrippe kan onderskei nie, kan dit 'n invloed hê op die skryf van syfers, plekwaarde in wiskunde, motoriese bewegings en die vermoë om temporale volgorde, soos *gister* en *môre* te onthou (Kok, 1975). Volgens Grové (1989) is kennis van dié verskillende posisies onder meer baie belangrik, aangesien van hierdie konsepte ook nodig is vir latere ontwikkeling van wiskundige begrippe (Grové, 1989). Hierdie vaardigheid en kennis dra aansienlik by tot die ontwikkeling van ruimtelike oriëntering (WKOD, 2006c). Alle

posisies verwys na 'n persoon se eie liggaam. Ruimtelike oriëntasie beteken dat die persoon voortdurend sal weet waar hy hom in die ruimte bevind (Grové, 1989). Deur middel van beweging word die vaardigheid om die self in die omgewing te lokaliseer goed vasgelê.

*Omdat ruimtelike oriëntasie volgens die literatuur en die navorser so belangrik vir die kind is om skolasies optimaal te kan funksioneer, behoort 'n skoolfasiliterings-program progressief - ontwikkelde aktiwiteite en toetse in te sluit, sodat die kind genoegsame oefening in die inoefening van hierdie belangrike vaardigheid kan kry.*

### **(e) Dominansie**

Dominansie is die voorkeur en gebruik van die een kant van die liggaam bo die ander (Grové, 1989). Tydens perseptueel-motoriese aktiwiteite is daar 'n dominante kant, wat meer verfynd is, beter ontwikkel is en leiding gee. 'n Oorwegende links- of regsydigheid kom dus voor. Grové (1989) is egter van mening dat dominansie stabiel moet wees, ongeag watter oog en hand. 'n Kind met 'n positiewe liggaamsbeeld ontwikkel nie alleen 'n bewustheid van eie lateraliteit nie, maar sy rigtingsekerheid en dominansie-stabiliteit sal daartoe bydra dat hy homself in tyd en ruimte sal lokaliseer. Op ongeveer vyfjarige ouderdom toon kinders 'n duidelike hand-dominansie (Owens, 1996). Dominansie en rigtingsbewustheid ontwikkel volgens Pieterse (2001) uit lateraliteit en 'n gevestigde dominansie is 'n noodsaaklike vaardigheid vir die aanleer van lees-, skryf- en syfervaardighede. Volgens Grové (1989) kan onstabiele of gemengde dominansie daartoe lei dat 'n kind ernstige probleme met lees en spelling kan ondervind. So byvoorbeeld sal 'n kind wat regshandig is, met 'n linkeroog wat dominant is, dikwels 'n woord omkeer of van regs na links lees (Grové, 1989; Lanser, 1989; Sterkenburg, 1991). 'n Manier om byvoorbeeld oog-dominansie te bepaal, is om vir 'n kind 'n leë toiletrol te gee en hom te vra om te maak of dit 'n verkyker is en na voorwerpe te loer. Die kind moet bewus wees van die twee kante van sy liggaam en deur middel van ekperimentering en ontdekking agterkom watter kant dominant ten opsigte van sekere funksies is. So sal hy, deur byvoorbeeld in te kleur of te teken, agterkom of hy links-of regsdominant is (WKOD, 2006c).

*Omdat links/regs dominansie so 'n belangrike vaardigheid is wat kinders moet kan bemeester, is dit noodsaaklik dat 'n skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde dominansie-aktiwiteite, asook dominansietoetse moet insluit.*

**(f) Middellyn**

Die middellyn is die vertikale middellyn wat die liggaam in twee simmetriese dele verdeel (Grové, 1984). Grové (1989) wys daarop dat sommige leerders as gevolg van 'n negatiewe liggaamsbeeld moontlik probleme ondervind om oor die vertikale middellyn van sy liggaam te beweeg. Dit is 'n baie belangrike vaardigheid wat leerders moet kan bemeester óf anders sal die kind sy boek of eie liggaamsposisie moet verskuif om te kan lees, byvoorbeeld deur sy papier na regs te verskuif sodat hy net bewegings van sy middellyn af na regs hoef uit te voer. 'n Kind wat volgens Grové (1984) en Sterkenburg (1991) middellynkruisingsprobleme ervaar, ervaar ook soms probleme met oogbewegings en sal gevolglik leesprobleme ondervind. Omkerings van letters en woorde kan voorkom asook regs-na-links-lees en verwarring by byvoorbeeld *b/d, u/n, t/f, kas/sak, eet/tee*, ensovoorts. Hierdie neiging kan die kind se motoriese vaardigheidsbeheer beïnvloed en oefeninge ten opsigte van middellynkruising behoort dus ook gedoen te word. 'n Eenvoudige aktiwiteit om dié vaardigheid te oefen, is om die kind te vra om 'n volwassene na te boots wat byvoorbeeld met die regterhand aan die linkerknie raak of met die linkerhand aan die regteroor (Grové & Haupffleisch, 1977). Die kind wat nie middellynkruisingsprobleme ervaar nie, weet waar die middellyn van sy liggaam is en hy sal by die middellyn die teenoorgestelde beweging kan maak sonder om die beweging (byvoorbeeld die skrifpatroon waarmee hy besig is) te versteur en op 'n vloeiende manier kan voortgaan nadat hy die middellyn oorgesteek het (Grové, 1984; Sterkenburg, 1991). Die kind moet weereens bewus wees van die twee simmetriese kante van sy liggaam. Hy moet ook kennis van rigting hê, deur byvoorbeeld te weet dat hy van links na regs tot aan die einde van die reëltjie moet skryf. Hy moet ook simmetrie kan herken as 'n vertikale lyn 'n prent presies in twee dele verdeel. 'n Belangrike houding in die verband is die ontdekking van die eie liggaam en 'n algehele belangstelling, oplettheid en ingesteldheid op die twee kante van die liggaam en simmetrie in voorwerpe (WKOD, 2006c).

*Volgens die literatuur sal leerders wat met middellynkruising sukkel, onder meer ernstige probleme ten opsigte van lees en spelling kon ondervind en daarom behoort 'n skoolfasiliteringsprogram middellynkruisingsaktiwiteite, wat progressief ontwikkel is, in te sluit, asook middellynkruisingstoetse.*

Omdat balans 'n belangrike rol speel by die aanleer van die twee begrippe *links* en *regs*, word dit vervolgens ook bespreek (Grové, 1989).

### **(g) Liggaamsbalans**

Om doeltreffend te balanseer, behels die handhawing van ewewig (ook ekwilibrium genoem), die vermoë om 'n regop posisie te kan behou, sowel as die handhawing van dieselfde liggaamsposisie, terwyl 'n deel van die liggaam nie ondersteun word nie. Ekwilibrium is die vermoë om verplasing teen te staan of te oorkom en dit sluit aktiwiteite soos staan, sit, draai, buk en swaai in. 'n Goeie balans verseker 'n goeie liggaamshouding, 'n mindere mate van vermoeidheid en lei tot meer deursettingsvermoë en volharding. Om effektief te balanseer vereis noukeurige besef van die twee kante van die liggaam en hulle verhouding tot mekaar. Wanneer die kind volgens Grové (1986) balanseer, ontwikkel die begrippe lateraliteit en dominansie, wat onder andere sy leesvaardigheid beïnvloed. Dit is 'n belangrike vaardigheid wat leerders moet aanleer. Om rigtingbewustheid te verbeter, kan balansoefeninge gedoen word. Die leerder ervaar 'n innerlike gevoel van links en regs terwyl hy balanseer. Hieruit ontwikkel dan weer sy dominante kant. As hy beweeg terwyl hy balanseer, ondervind hy 'n innerlike bewustheid van vorentoe en agtertoe. So byvoorbeeld behoort 'n vyfjarige kind op 'n wit lyn van een meter te kan loop en 'n sesjarige kind weer op sy hakke te kan loop (Bukatko & Daehler, 1998). Op sesjarige ouderdom behoort 'n kind, volgens Slentz en Krogh (2001), sonder enige probleme hak-toon op 'n balanseerbalk te kan loop. Die balanseerbord en loopbalk is belangrike hulpmiddels wat gebruik kan word om leerders te help om balans te oefen en 'n beter liggaamshouding te ontwikkel (Grové, 1984; Grové & Hauptfleisch, 1977; Sterkenburg, 1991). Die kind moet die funksie van balans verstaan, naamlik dat dit hom in staat stel om regop te bly en op 'n reguit lyn te beweeg. Deur eksperimentering en ontdekking sal hy byvoorbeeld agterkom dat dit moeiliker is om regop te bly wanneer mens net op een been staan of op 'n tou moet loop. Die kind besef ook die belang van balans om persoonlike veiligheid te



verseker. So sal 'n driejarige kind aanvanklik met 'n driewiel fiets begin ry (Santrock, 2002), daarna met 'n tweewiel fiets met stabiliseerders aan die kant en later sonder die stabiliseerders.

Dit is vir die navorser dus duidelik uit die literatuur dat goeie balans gepaard gaan met goeie liggaamshouding en dat 'n swak liggaamsbalans moontlik ook 'n kind se leesvermoë kan beïnvloed.

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat enige skoolfasiliteringsprogram progressief - ontwikkelde aktiwiteite en toetse aangaande liggaamsbalans moet insluit.*

Volgens die literatuur is dit vir die navorser dus baie duidelik dat die kleuter se motoriese bewegings reeds by skooltoetreding optimaal ontwikkel moet wees. Dit is belangrik omdat grootmotoriek die basis van alle intellektuele aktiwiteite is, aangesien die kind sy wêreld deur middel van beweging verken en sodoende intellektueel groei. Die kind se psigiese lewe word deur sy grootmotoriese bewegings geopenbaar en taalvaardighede word deur bewegingspel gereflekteer. 'n Kind moet eers oor goed ontwikkelde grootmotoriek beskik, voordat fynmotoriek effektief ontwikkel kan word (Lanser, 1989).

Opsommend wil die navorser saamvat dat baie van die probleme wat leerders by skooltoetreding ervaar, aan ontoereikende grootmotoriese vaardighede toegeskryf kan word. Volgens Herbst (1989) vertoon die leerders baie dikwels lomp of stadiger van begrip as hulle tydgenote.

*Dit is daarom vir die doel van hierdie studie baie belangrik dat, wanneer 'n graad een opvoeder 'n leerder by skooltoetreding assesser en hy nie op peil ten opsigte van sy grootmotoriese vaardighede is nie, die skoolfasiliteringsprogram oor genoegsame aktiwiteite sal beskik om sodanige leerder(s) se grootmotoriese ontwikkeling te ontwikkel.*

Met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, sal onder meer ook van onderstaande aktiwiteite gebruik gemaak moet word om te differensieer en voorsiening te maak vir leerders wat op verskillende vlakke in terme van

grootmotoriese ontwikkeling funksioneer. Hierdie aspekte kan ook gebruik word om te toets op watter vlak die leerder in terme van ontwikkeling is.

Die kenmerkende grootmotoriese ontwikkelingseienskappe van die kleuter kan volgens die literatuur (Biehler & Hudson, 1986; Botha, van Ede & Piek, 1990; Bukatko & Daehler, 1998; Craig, 1996; Harding & Meldon-Smith, 1999; Pieterse, 2001; Santrock, 1997; 2002; Slentz & Krogh, 2001; Thayer & Westby, 2001) opsommend hiërargies soos volg saamgevat word:

### **Drie tot drie-en-'n-half jaar**

- (i) Kan vir 'n kort rukkie op tone staan en loop sonder om balans te verloor
- (ii) Spring vanaf 'n lae trap met beide voete gelyk
- (iii) Speel graag op apparaat soos die klimraam, glyplank, ensovoorts
- (iv) Speel gemaklik op 'n klimraam
- (v) Loop drie meter toon-hak agteruit op lyn.

Volgens Santrock (1997; 2002) het driejarige 'n hoër aktiwiteitsvlak as tydens enige ander lewensstadium van die totale, menslike lewensfase.

### **Vier jaar tot vyf jaar**

- (vi) Loop trappe af deur voete te alterneer
- (vii) Wend 'n poging aan om 'n bal met beide hande te vang
- (viii) Hardloop goed en kan trappe op- en afhardloop met nodige vertroue
- (ix) Kan vinnig of stadig hardloop, indien dit versoek sou word
- (x) Marsjeer op ritme van musiek
- (xi) Kan 'n groot bal vang wat van naby vir hom gegooi word
- (xii) Gooi bal redelik onderdeur of oorhands.

Op vyfjarige ouderdom kan kleuters al fietsry en gimnastiek beoefen. Steinberg en Meyer (1995) is van mening dat hierdie ontwikkeling op sterker spiere, beter liggaamlike koördinasie en verbeterde balans, wat uit beter liggaamsproporsies spruit, dui.

### **Vyf jaar tot ses jaar**

- (xiii) Loop vorentoe, agtertoe en sywaarts op 'n balanseerbalk
- (xiv) Balspele geskied met goeie koördinasie en dans op die ritme van musiek
- (xv) Kan vorentoe, agtertoe en sywaarts op 'n smal muurtjie (balanseerbalk) loop
- (xvi) Is vaardig met 'n bal en kan dit bons en met twee hande vang.

### **Ses jaar tot sewe jaar**

- (xvii) Spring met selfvertroue van skoolapparaat
- (xviii) Kan sekere danspassies leer en beweging is goed gekoördineerd
- (xix) Algemene spierkoördinasie en balans is nou goed ontwikkel
- (xx) Kan 'n bal vang terwyl hy hardloop en spring
- (xxi) Loop, hardloop en galop moet gemaklik uitgevoer word.

Vervolgens word die belangrikheid van fynmotoriese ontwikkeling vir die kind se skolastiese gereedmaking bespreek.

### **(ii) Fynmotoriese ontwikkeling**

Fynmotoriese vaardighede ontwikkel volgens Steinberg en Meyer (1995) stadiger as grootmotoriese vaardighede. Volgens Vulpé (1982), Payne en Isaacs (2002) is fynmotoriese vaardighede dikwels gebaseer op die verfyning van selektiewe grootmotoriese vaardighede. Dit sluit bewegings in wat met die chronologiese ontwikkeling van die kleiner spiere, soos die bewegings van die oë, mond, lippe, tong, gewrigte, arms, hande en oë verband hou. Dit begin met refleksiewe bewegings, vorder tot vroeë doelgerigte (nie-refleksiewe) volging met die oë en verder tot doelbewuste uitreik, greep, loslating en uiteindelik die manipulasie van speelgoed en ander objekte (Vulpé, 1982; Payne & Isaacs, 2002). By die geboorte van 'n kind is die suigrefleks volgens Vulpé (1982) een van die eerste fynmotoriese vaardighede wat die kind leer om te bemeester. Op 'n meer bewustelike vlak verg fynmotoriese vaardighede 'n motoriese plan wat die korrekte tydsberekening, opeenvolging van spieraktiwiteit, posisie in die ruimte en ruimtelike verhoudingskonsepte insluit (Vulpé, 1982). Volgens Craig (1996) is sommige ontwikkelings-opeenvolgings aaneenlopend, soos wanneer krabbel spontaan tot skrif

oorgaan, terwyl andere minder aaneenlopend voorkom. So is die kleuter se eenvoudige, onbeplande fynmotoriese eksperimentering met kryt en papier byvoorbeeld aanvanklik 'n einddoel op sigself, terwyl die maak van merke op papier op 'n latere stadium funksioneel aan meer komplekse vaardighede soos, skryf, teken, ontwerp of selfs houtwerk onderworpe is. Die kleuter bemeester ook fynmotoriese vaardighede volgens 'n redelik gevestigde patroon deur middel van ryping, differensiasie en integrasie (Graig, 1996). Hierdie prosesse is op hul beurt afhanklik van die ontwikkeling van die sentrale senuweestelsel (Hanekom, 1991).

Progressiewe hand- en vingerbeheer, tussen die ouderdomme drie tot vyf jaar, stel die kleuter in staat om sy hande met selfvertroue te gebruik, wat tot skolastiese vordering kan bydra, aangesien die skool verwag dat die skoolbeginner moet kan leer skryf (Slentz & Krogh, 2001). Die toenemende koördinasie van die kleuter se kleinspiere en handvaardigheid stel hom in staat om eenvoudige musiekinstrumente te speel, meer akkuraat te teken en te begin skryf (Steinberg & Meyer, 1995). Volgens Gabers et al. (1976) vind daar by die kind tussen die derde en sewende jaar 'n intensiewe ontwikkeling en verfyning ten opsigte van motoriek plaas, wat onder andere kleinmotoriese bewegings en koördinasie insluit. Leerders wat probleme met fynmotoriese vaardighede ondervind, sal volgens Huisamen (1991) dan ook sukkel om klein voorwerpe te hanteer.

Volgens Grové (1979) en Jordaan (1994) hang die volgende ontwikkelingsfasette nou saam met die ontwikkeling van fynmotoriek: Oog-handkoördinasie (die vermoë om bewegings wat met die oë gelei word, met die hand uit te voer) en oog-voetkoördinasie (die vermoë om bewegings wat met die oë gelei word met die voet uit te voer). Omdat hierdie vaardighede volgens Grové (1979) en Jordaan (1994) onontbeerlik is vir die kleuter se skolastiese vordering, word reeds genoemde twee fasette, asook die belangrikheid van oogbewegings, veral ten opsigte van lees en beweging, vervolgens bespreek.

### **(a) Oogbewegings**

Om doeltreffend te kan lees, moet die leser sy oë kan fokus. Albei oë moet saam funksioneer. Oogbewegings moet vlot verloop sodat die oë maklik van links na regs oor die teks kan beweeg en paslike regressies gemaak kan word wanneer nodig. Die

leser moet duidelike naby en ver visie ervaar. Hy moet onthou wat hy gelees het en in staat wees om die visuele konsentrasie vol te hou (Grové & Hauptfleisch, 1990; Grové, 1984; Sterkenburg, 1991; Van Coller, 1992). Grootte en afstand moet ook doeltreffend waargeneem word. Die oogspiere moet ook doeltreffend funksioneer om ver waarneming te doen (byvoorbeeld op die skryfbord) en dan naby waar te neem (in die skrif). Doeltreffende akkommodasie is nodig om korrek vanaf die skryfbord te kopieër. Volgens Grové (1984), Sterkenburg (1991) en Van Coller (1992) is oogbewegings die primêre faktor tydens die uitvoering van beweging. Persone met visuele probleme ervaar dikwels motoriese probleme. Die meeste kinders begin tussen vyf- en agtjarige ouderdom die nodige visuele akkommodasie en koördinasie ontwikkel wat nodig is tydens die leesproses. Die klaskameraktiwiteite vereis gespesialiseerde en rigting georiënteerde tipes oogbewegings, waarvoor die meeste voorskoolse kinders nog onvoorbereid is. Oogbewegings en oogvaardighede is belangrik vir visuele ontwikkeling (Grové, 1984). Oogbewegings vind plaas met behulp van die ses uitwendige okulêre spiere wat akkuraat moet saamspan en saambeweeg. Nadat die kind hierdie kontrole volgens Grové (1984) bemeester het, moet hy leer om sy oogbewegings met sy handbewegings te koördineer. Wanneer die kind beheer oor sy oogbewegings aangeleer het, word dit met die handbewegings verbind. Sodra hy hierdie vaardigheid bemeester het, kan hy sy oë gebruik as 'n projekmeganisme om rigting in die ruimte buite die bereik van sy hand te bepaal (Sterkenburg, 1991; Van Coller, 1992). 'n Skoolbeginner wat reeds oor goeie oogvaardighede beskik, sal 'n voorsprong hê omdat hy oor goeie visuele waarneming beskik. Sistematiese oogbewegings van links na regs is volgens Grové en Hauptfleisch (1990) 'n baie belangrike voorvereiste en vaardigheid vir leesgereedheid. Deur 'n kind se oogbewegings waar te neem, kan 'n afleiding gemaak word of hy 'n goeie of 'n swak leser is. Indien oogbewegings rukkerig en beperk is, sal visuele persepsie onvoldoende wees. Indien die kind se oë nie albei goed kan saamwerk en vrylik kan beweeg nie, sal skolastiese vordering swak wees (Grové & Hauptfleisch, 1977; Grové, 1984; Sterkenburg, 1991; Van Coller, 1992).

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom is dat oogbewegings 'n baie belangrike vaardigheid is wat die kleuter moet kan bemeester ten einde skolasties te kan vorder. Daarom moet enige skoolfasiliteringsprogram progressief - ontwikkelde aktiwiteite en toetse bevat, ten einde die kind maksimaal oog oefeninge te kan gee.*

### **(b) Oog-handkoördinasie**

Dit is die vermoë om bewegings, met die oë gelei, deur die hand uit te voer (Grové, 1989). Al die bewegings wat die kind op skool uitvoer, word deur sy oë gelei en daarom is doeltreffende oog-handkoördinasie nodig vir die uitvoer van alledaagse aktiwiteite, soos aantrek, sportbeoefening, kunsaktiwiteite, skryf en huishoudelike take. 'n Kind wat probleme ervaar met oog-handkoördinasie, sal moeilik van die bord afskryf en probleme ervaar met handskrif, kunsaktiwiteite, om netjies met 'n skêr te knip, om lyne met 'n liniaal te trek en selfs die vasmaak van knope (Grové, 1984; Sterkenburg, 1991). 'n Kind wie se oog-handkoördinasie goed ontwikkel is, sal volgens Grové (1989) oor die nodige vaardigheid beskik wat hom in staat sal stel om knope vas en los te maak, met 'n skêr te knip, veters te vleg en te knoop, die potlood of kleurkryt korrek vas te hou, ensovoorts. So byvoorbeeld kan 'n driejarige kind al knope los- en vasmaak, 'n vierjarige kind al skoenveters knoop na demonstrasie, 'n vyfjarige kind al binne lyne inkleur en 'n sesjarige kind al 'n toring regop bou (Papalia & Olds, 1995). Oog-handkoördinasie kan onder andere verbeter word deur te teken, te verf, met 'n skêr te knip, papier te skeur en te plak, papiermodelle te vou, inkleurwerk en balgooi-oefeninge (Grové, 1984; Sterkenburg, 1991). Dit word ook van die skoolgaande kind verwag om kennis te hê van sy ledemate en die omvang en gebruik van elk. So moet hy ook kennis hê van verskillende aktiwiteite wat hom die nodige blootstelling aan fynmotoriese vaardighede gaan gee. 'n Belangrike houding in die verband is natuurlike nuuskierigheid en ontdekking van die omgewing en apparaat, sowel as die veilige gebruik daarvan (byvoorbeeld 'n skêr en 'n naald waardeur gare geryg word) (WKOD, 2006c).

*Volgens die literatuur, is dit vir die navorser duidelik dat oog-handkoördinasie 'n belangrike vaardigheid is wat die kleuter moet kan bemeester ten einde skolasties te kan vorder. Omdat daar onder meer van die kleuter verwag word om by skooltoetrede 'n potlood korrek te kan vashou en om van die skryfbord te kan afskryf, is dit vir die navorser daarom dus van kardinale belang dat enige goeie skoolfasiliteringsprogram progressief - ontwikkelde aktiwiteite en toetse ten opsigte van oog-handkoördinasie sal insluit.*

### **(c) Oog-voetkoördinasie**

Dit is die vermoë om bewegings (gelei deur die oë) met die voet uit te voer. Oog-voetkoördinasie is belangrik by liggaamsopvoeding, touspring en sportaktiwiteite. Volgens Grové (1984), Grové en Hauptfleisch (1977) sal 'n kind met swak oog-voetkoördinasie dit moeilik vind om 'n bal te skop of om ander aktiwiteite waar die oog en voet moet saamwerk uit te voer. So behoort 'n driejarige kind al op 'n streep te kan loop, 'n vierjarige voetspore uit papier kan knip - hulle op die vloer plaas en die kleuter met sy voete op die spore loop (Grové, 1979). So behoort vyf tot sesjariges al te kan touspring en skotse hop te kan uitvoer (Grové & Hauptfleisch, 1990).

*Dit behoort duidelik te wees dat 'n skoolfasiliteringsprogram ook aktiwiteite en toetse aangaande oog-voetkoördinasie moet bevat wat progressief ontwikkel is, sodat die kleuter hierdie belangrike vaardigheid kan inoefen.*

Met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, sal onder meer ook van onderstaande aktiwiteite gebruik gemaak moet word om te differensieer en voorsiening te maak vir leerders wat op verskillende vlakke funksioneer in terme van fynmotoriese ontwikkeling. Hierdie aspekte kan ook gebruik word om te toets op watter vlak die leerder in terme van ontwikkeling is.

Vervolgens word daar aan die hand van Botha et al. (1990), Bukatko en Daehler (1998), Craig (1996), Harding en Meldon-Smith (1999), Pieterse (2001), Santrock (1997; 2002), Slentz en Krogh (2001), Thayer en Westby (2001) 'n uiteensetting van enkele belangrike fynmotoriese vaardighede gegee, wat op verskillende ouderdomme van voorskoolse kinders verwag word.

#### **Drie tot vier jaar**

- (i) Hou 'n potlood met nodige kontrole vas
- (ii) Begin 'n voorbeeld van 'n sirkel, vierkant en kruis op papier naboots
- (iii) Kan met 'n skêr 'n sirkel knip met minder as 'n kwart sentimeter afwyking
- (iv) Kan knope los- en vasmaak
- (v) Begin skoenveters knoop na demonstrasie

- (vi) Werk nog hardhandig met die pak van legkaartstukke
- (vii) Kan 'n kleuterskêr heel vaardig gebruik
- (viii) Probeer binne lyne inkleur
- (ix) Bou verskillende strukture met blokkies
- (x) Goeie manipulasie van konstruksiespeelgoed soos *Lego* en bou verskillende strukture daarmee.

#### **Vier tot vyf jaar**

- (xi) Kan aan- en uittrek sonder enige hulp - maar kan nog nie klein knopies vasmaak nie
- (xii) Verbeterde fynmotoriek word bespeur. Die kind kan knope losmaak wanneer hy uittrek, indien hy gewys word hoe om dit te doen
- (xiii) Kan al figure met 'n skêr begin uitknip
- (xiv) Kan 'n stuk papier in twee helftes sny
- (xv) Kan 'n papier in vier dele vou
- (xvi) Mensfigure het 'n kop, lyf en ledemate
- (xvii) Kan binne dwars- en regaf strepe teken en kan basiese vorms soos sirkel, vierkant en driehoek teken
- (xviii) Kan langs 'n reguit lyn knip
- (xix) Pak klein objekte in, byvoorbeeld in pennetjiesbord
- (xx) Korrekte, volwasse potloodgreep tussen duim, indeks- en middelvinger.

#### **Vyf tot ses jaar**

- (xxi) Toon 'n regter- of linkerhand voorkeur
- (xxii) Klap 'n ritmiese patroon met hande
- (xxiii) Kan binne lyne inkleur
- (xxiv) Skoenveters inryg en 'n strik maak
- (xxv) Sny en plak eenvoudige vorms
- (xxvi) Kan nommers, letters en ontwerpe natrek
- (xxvii) Kan 'n kryt of potlood redelik goed beheer en prente inkleur
- (xxviii) Kan 'n vierkant nateken en benoem
- (xxix) Begin duidelike voorkeur aan die een hand gee - links/regs
- (xxx) Tekeninge van mense bevat meer detail.



### Ses tot sewe jaar

- (xxxix) Kind kan nou 'n regop toring bou
- (xxxix) Kind se potloodgreep is bykans so goed ontwikkel soos 'n volwassene s'n
- (xxxix) Geniet knipaktiwiteite
- (xxxix) Skryf in drukskrif, nog met ongelyke spasiëring tussen letters
- (xxxix) Kan skoenveters vasmaak
- (xxxix) Skryf syfers en woorde
- (xxxix) Sy skrif moet ooreenkom met die model wat die onderwyser verwag.

Samevattend kan op grond van die literatuur gesê word dat die bemeestering van fynmotoriese vaardighede van kardinale belang is, om te verseker dat leerders skolasties optimaal kan funksioneer. By die aanleer van lees- en skryfvaardighede, speel die kind se toereikende fynmotoriese vermoë 'n deurslaggewende rol (Grové & Hauptfleisch, 1982). Fynmotoriese tekorte kan ernstige probleme veroorsaak tydens skryfaktiwiteite en aanvanklike leesvaardighede - om 'n potlood korrek te hanteer en reg van die bord af te skryf, netjies in te kleur en drukletters korrek te vorm, kan 'n baie moeilike taak wees. Heelwat skrif-, kopiërings- en natrekprobleme kan die gevolg van onvoldoende oog-handkoördinasie wees (Wallace & McLoughlin, 1988). Die navorser is van mening dat, indien 'n leerder se fynmotoriese vaardighede nie op peil is nie, hy moontlik nie aan die vereiste assesseringstandaarde van graad een sal kan voldoen, ten opsigte van geskrewe en skeppende aktiwiteite, nie. Hierdie vermoëns sou, volgens Herbst (1989), ook van min waarde wees indien die leerder nie ook kognitief gereed is nie. Wanneer die opvoeder 'n graad een leerder by skooltoetreding volgens die aanvangsassesseringskriteria vir die graad assesser en daar bevind word dat sy fynmotoriese ontwikkeling nog benede peil is, moet daar verskeie aktiwiteite in die skoolfasiliteringsprogram wees, ten einde die leerder se fynmotoriese ontwikkelingsagterstand te kan uitwis.

#### 2.6.1.1.3 Taalontwikkeling

Volgens Botha et al. (1998) en Owens (1996) kan die verwerwing van 'n taalsisteem as een van dié belangrikste mylpale van die kleutertydperk beskou word. Taal illustreer, volgens Craig (1996) en Pieterse (2001), meer as enige ander enkele mylpaal, die ongelooflike kompleksiteit en onbepaalde potensiaal van die menslike organisme. Die jong kind ontwikkel gedurende die kleuterjare 'n taalsisteem wat hom

in staat stel om suksesvol met maats en volwassenes te kommunikeer (Craig, 1996; Owens, 1996). Taalontwikkeling beïnvloed nie net kinders se kognitiewe ontwikkeling nie, máár ook persoonlikheids- en sosiale ontwikkeling. Volgens Bukatko en Daehler (1998) sluit teorieë oor die stadia van taalontwikkeling toenemend meer komplekse probleme in, soos linguistiek, kognisie en sosialisering.

Taalaktiwiteite kan onderverdeel word in: *ouditiewe reseptiewe taal* (dit is die intellektuele proses van interpretasie van die kind se begrip van die gesproke of geskrewe taal) en *ouditiewe ekspressiewe taal* (dit is waar die motoriese aktiwiteit voorkom - naamlik wat die kind sê, of later ook skryf) (Pieterse, 2001; Vulpé, 1982). Vervolgens word die belangrikheid van ouditiewe reseptiewe taal, met die oog op die skolastiese gereedmaking van die kind, bespreek.

### **(i) Ouditiewe reseptiewe taal**

Vir die verwerwing van *ouditiewe reseptiewe taal* moet kinders, volgens Botha et al. (1998), 'n reëlstelsel verwerf waarvolgens klank met betekenis gekombineer word, sodat kommunikasie kan plaasvind. Indien die kind nie hierdie belangrike vaardigheid verwerf nie, sal dit nie net sy taalontwikkeling strem nie, maar ook sy skolastiese vordering ernstig belemmer (Grové, 1989; Pieterse, 2001). Volgens Vulpé (1982) verloop die ontwikkeling van ouditiewe reseptiewe taal vanaf die hoor van klanke vanuit die omgewing, begrip vir die betekenis van die klanke (byvoorbeeld die telefoon wat lui en opgetel moet word), begrip van woorde in die konteks van die situasie (ons gaan *ta-ta* beteken om by die deur uit te gaan) en laastens die volle begrip van woorde - sonder enige visuele of ander leidrade. Kinders moet ook 'n woordeskat verwerf, wat by die voorskoolse kind aansienlik uitbrei, aangesien hulle nie net woorde direk geleer word nie, maar ook nuwe woorde leer deur radio te luister, televisie te kyk of wanneer persoonlik met hulle gepraat word. Kleuters verwerf ook semantiek (die betekenisstelsel van taal, wat die betekenis van woorde en ander dele van taal, soos sinne behels) namate hulle ouer word (Botha et al., 1998; Craig, 1996). Lundsteen en Tarrow (1981) verwys na die tydperk tussen die ouderdomme van twee en ses jaar as die linguistiese stadium van taal. Die uitbreiding van die voorskoolse kind se woordeskat dra nie net by tot die ontwikkeling van hulle reseptiewe taal nie, maar ook tot die ontwikkeling van hulle uitdrukking van taal. Ten einde bogenoemde te bemeester, moet die kind 'n

ingesteldheid hê om werklik na ander te luister, sowel as 'n belangstelling in wat om hom aangaan. Sodoende sal die kind algaande meer begrip openbaar vir wat vir hom gesê word.

Met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, sal onder meer ook van onderstaande aktiwiteite gebruik gemaak moet word om te differensieer en voorsiening te maak vir leerders wat op verskillende vlakke funksioneer in terme van ouditiewe reseptiewe taalontwikkeling. Hierdie aspekte kan ook gebruik word om te toets op watter vlak die leerder in terme van ontwikkeling is.

Vervolgens word 'n opsomming van die ontwikkeling van die kleuter, ten opsigte van ouditiewe reseptiewe taal, gegee (Harding & Meldon-Smith, 1999; Mussen, Conger, Kagan & Huston, 1990; Owens, 1996; Pieterse, 2001; Thayer & Westby, 2001).

### ***Ontwikkelingstadia van ouditiewe reseptiewe taal***

#### **Drie tot vier jaar**

- (i) Verstaan langer en meer ingewikkelde sinne
- (ii) Demonstreer en verstaan voorsetsels soos *op, onder, voor* en *agter*
- (iii) Lag vir grappe wat hy verstaan
- (iv) Kan 'n opdrag met drie dele uitvoer, byvoorbeeld "Vat jou teddie en gaan bêre dit in jou kamer"
- (v) Kan drie tot vier syfers herhaal
- (vi) Onthou dele van liedjies en sing saam.

#### **Vier tot vyf jaar**

- (vii) Waardeer humor en metafore
- (viii) Kan opdragte uitvoer wat betrekking het op iets wat hy nie kan sien nie, byvoorbeeld "Gaan haal asseblief my trui op die bed in my kamer"
- (ix) Kan absurditeite in prente uitwys
- (x) Verstaan die verskil tussen begrippe *dieselfde* en *verskillend*
- (xi) Kan emosies, soos *hartseer, gelukkig, moeg* en *kwaad*, op prente uitwys.

### Vyf tot ses jaar

- (xii) Verstaan verbale probleme en kan daarop reageer en antwoorde verskaf
- (xiii) Verstaan en beskryf ooreenkomste en verskille tussen voorwerpe
- (xiv) Kan die muntstukke in ons geldstelsel identifiseer en weet watter is die meeste werd
- (xv) Verstaan passiewe en negatiewe taalvorme en begin begrip ontwikkel van *werkwoorde, voorsetsels, naamwoorde, voegwoorde* en *byvoeglike naamwoorde*.

*Uit die voorafgaande blyk dit dat enige goeie skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite en toetse moet bevat aan die hand waarvan ouditiewe reseptiewe taal ontwikkel kan word.*

#### **(ii) Ouditiewe ekspressiewe taal**

Ouditiewe ekspressiewe taal verloop, volgens Bukatko en Daehler (1998) en Craig (1996), vanaf die vokalisering van geluide na babbel en dan na eenwoord-uitinge, insluitend die benoeming van bekende objekte. Daarna volg tweewoord-uitinge, waar een of twee woorde 'n hele sin verteenwoordig, totdat vrye uitdrukking en oordrag uiteindelik moontlik is. Die ontwikkeling geskied dus geleidelik, vanaf die blote produsering van geluide om betekenis oor te dra, tot die vermoë om 'n sinvolle gesprek te voer. Inisiëring en handhawing van die onderwerp, beurtnaam, vraagstelling en relevante beantwoording van vrae is ook essensiële vaardighede. Die kind leer aangaande wat die rol van die spreker en die luisteraar in die gesprek is en toon die nodige respek wanneer iemand anders praat. Terselfdertyd leer die kind ook woordboueëls aan, byvoorbeeld op watter wyse trappe van vergelyking, meervoude en verlede tyd gevorm word. Hulle leer ook die manier aan waarop sinne gevorm word en die elemente waaruit sinne bestaan. Die kind leer nie net om in sinne te praat nie, maar volgens Rice (1989) leer voorskoolse kinders ongeveer nege nuwe woorde per dag aan. Teen ongeveer vierjarige ouderdom kan die meeste kinders 'n onlangse gebeurtenis oorvertel, terwyl vyfjariges weer gemaklik in hulle eie taal met diegene om hulle gesprekke kan voer (Owens, 1996). Volgens Newcombe (1996) beskik die kind nie net op sesjarige ouderdom oor 'n woordeskat van tussen 10 000 en 13 000 woorde nie, maar gebruik hy reeds die meeste van die

eenvoudige grammatikale beginsels en strukture van sy eie taal en dialek. Volgens Newman en Newman (2003) geskied taalontwikkeling volgens 'n reeks opeenvolgende fases. Alhoewel die fases feitlik universeel is, blyk dit dat die tempo van taalverwerwing heelwat kan verskil van kind tot kind. 'n Kind wie se taalontwikkeling dus op peil is vir sy ouderdom, betree die formele skoolsisteem met 'n voorsprong, in vergelyking met diegene wat ontwikkelingsagterstande ten opsigte van taalontwikkeling ondervind. 'n Goeie woordeskat en goeie taalgebruik vorm dus die basis vir goeie vordering op skool.

Met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, sal onder meer ook van onderstaande aktiwiteite gebruik gemaak moet word om te differensieer en voorsiening te maak vir leerders wat op verskillende vlakke funksioneer in terme van ouditiewe ekspressiewe taalontwikkeling. Hierdie aspekte kan ook gebruik word om te toets op watter vlak die leerder in terme van ontwikkeling is.

Vervolgens word 'n opsomming van die ontwikkeling van die kleuter, ten opsigte van ouditiewe ekspressiewe taal, gegee (Harding & Meldon-Smith, 1999; Mussen et al., 1990; Owens, 1996; Pieterse, 2001; Thayer & Westby, 2001).

### ***Ouditiewe ekspressiewe taalontwikkeling***

#### **Drie tot drie-en-'n half jaar**

- (i) Spraak is grotendeels verstaanbaar
- (ii) Vra soms vir hulp en geniet dit om vir ander te sê wat hulle moet doen
- (iii) Begin nou te gesels oor gebeure van die verlede sowel as hede
- (iv) Maak eie woorde op en eksperimenteer met nuwe klanke
- (v) Gebruik aksiewoorde soos *hardloop* en *eet*
- (vi) Gebruik ook beskrywende woorde soos *klein*, *skoon* en *gelukkig*
- (vii) Kan drie syfers herhaal
- (viii) Kan sekere meervoudsvorme korrek gebruik wanneer hy praat.

#### **Drie-en-'n-half tot vier jaar**

- (ix) Woordeskat bestaan uit ongeveer 1000 woorde
- (x) Maak min grammatikale foute

- (xi) Vra baie vrae en gebruik graag woorde soos hoekom, wat en waar
- (xii) Gebruik meervoude
- (xiii) Gebruik vier- tot vyf woord sinne
- (xiv) Vertel stories oor persoonlike ervarings
- (xv) Neem deel aan die geselskap.

#### **Vier tot vier-en-'n half jaar**

- (xvi) Vra vrae soos hoekom, *wanneer, hoe, kan ek gaan?*
- (xvii) Is in staat om 'n onlangse gebeurtenis te vertel
- (xviii) Ken sy naam(e), van en adres - kan dit mondelings noem
- (xix) Gebruik voorsetsels soos *in, op, onder*
- (xx) Herken bekende woorde soos sy naam en handelsname op pakkies
- (xxi) Ken sy ouderdom
- (xxii) Noem ses voorwerpe in 'n prenteboek
- (xxiii) Kan vier syfers herhaal.

#### **Vier-en-'n-half tot vyf jaar**

- (xxiv) Woordeskat en sintaksis brei uit
- (xxv) Ken sy adres (huisnommer en straat)
- (xxvi) Spreek amper alle woorde reg uit
- (xxvii) Kan 'n behoorlike gesprek voer en sinne raak meer ingewikkeld
- (xxviii) Vra relevante vrae en kan dit beantwoord
- (xxix) Gebruik meeste voornaamwoorde reg, byvoorbeeld *ek, my, jy, sy, julle, hulle, ons*
- (xxx) Kan vier tot vyf syfers herhaal.

#### **Vyf-en-'n-half tot ses jaar**

- (xxxi) Gebruik komplekse grammatikale strukture
- (xxxii) Ontwikkel vaardigheid om met volwassenes te kan kommunikeer - verstaan betekenis van verskillende woorde
- (xxxiii) Kan meeste woorde wat hy in sy moedertaal gebruik, korrek uitspreek
- (xxxiv) Ken die teenoorgesteldes van *groot, swaar* en *sterk*
- (xxxv) Ken materiale, byvoorbeeld waarvan 'n tafel, venster of huis gemaak is

(xxxvi) Herhaal vier tot vyf woorde en vyf op sesjarige ouderdom.

### Ses jaar en ouer

- (xxxvii) Taalgebruik is vergelykbaar met dié van 'n volwassene
- (xxxviii) Verstaan die reël van beurt afwag wanneer hy in gesprek met iemand is
- (xxxix) Kan telefoon op redelik volwasse manier antwoord en kommunikeer duidelik
- (xl) Indien hy meer as een taal magtig is, sal daar 'n verskil wees ten opsigte van die graad waarin hy elk magtig is
- (xli) Kan 'n paar sinne oor 'n prent vertel
- (xlii) Ken die dae van die week
- (xliii) Gebruik *gister*, *vandag* en *môre* reg
- (xliv) Kan vyf syfers herhaal en tot tien voorwerpe uittel
- (xlv) Verstaan en gebruik woorde soos *bo-op*, *agter*, *voor*, *ver*, *naby* en *tussenin*.

*Uit die voorafgaande blyk dit dat enige goeie skoolfasiliteringsprogram progressief-ontwikkelde aktiwiteite, asook toetse, moet bevat waarvolgens ouditiewe ekspressiewe taal ontwikkel en geassesseer kan word.*

Samevattend, volgens Herbst (1989) en Owens (1996), is die verwerwing van effektiewe kommunikasievaardighede baie belangrik met die oog op optimale skolastiese funksionering. Indien die kind se taalgebruik dus nie toereikend by skooltoetse is nie, sal dit nie net sy sosiale interaksie belemmer nie, maar sal alle aspekte van sy skolastiese leer nadelig beïnvloed word. Die kind sal byvoorbeeld ook nie kan leer en skryf, indien hy slegs oor die nodige motoriese vaardighede en oog-hand koördinasie beskik, maar nie die gesproke taal begryp nie. Pieterse (2001) is van mening dat taalontwikkeling die grondslag lê vir intellektuele ontwikkeling en dat 'n kind se taalvermoë grotendeels bepaal tot watter mate hy sy intellektuele potensiaal sal verwesenlik. Taalontwikkeling beïnvloed volgens haar ook 'n kind se interaksie met almal om hom, asook sy selfbeeld, leergierigheid, sosiale en emosionele ontwikkeling, begrip van morele waardes én sy vermoë om tussen reg en verkeerd te kan onderskei. *Daarom is dit van kardinale belang dat, ten einde die kind in sy totaliteit te kan opvoed, 'n skoolfasiliteringsprogram besondere aandag aan taalontwikkeling moet gee, om veral in die behoeftes van dié leerders wat taalagterstande toon, te kan voorsien.*

#### 2.6.1.1.4 *Kognitiewe of intellektuele ontwikkeling*

Vir die bespreking van die kognitiewe of intellektuele ontwikkeling van die kind sal daar vir die doel van hierdie navorsing van die uitgangspunte van Piaget, sowel as Vygotsky gebruik gemaak word. Volgens Van Rooyen en Engelbrecht (1997) en die WKOD (2000a; 2006b), word daar tans in Suid-Afrika nog sterk op Piaget se ontwikkelingsmodel gesteun, ook veral ten opsigte van Uitkomsgebaseerde Onderwys. Skoolgereedheid en kognitiewe ontwikkeling impliseer, volgens die Piaget-model, die bemeestering van perseptueel-motoriese ontwikkelingstake en die standpunt word gehuldig dat lees, skryf en reken eers teen ongeveer sesjarige ouderdom onderrig kan word. Hierdie standpunt vorm die grondslag vir die hiërargiese of "boublokkies-model" van kinderontwikkeling, wat ook die basis vir skoolgereedheidsevaluasie vorm.

Piaget (Hanekom, 1991; Maier, 1969) beskryf die mens se kognitiewe ontwikkeling as 'n kombinasie van ryppwording, ervaring, sosiale oordrag en ewililibrium. Volgens Piaget moet kinders leer om tasbare objekte aktief te kan manipuleer (konstruktivisme)-(WKOD, 2006b). Sy (Piaget) teorie aangaande leer het die sentrale beginsels van die konstruktivistiese teorie geword (WKOD, 2006b).

Om intelligensie en die werking van die menslike verstand te begryp, is dit volgens Piaget nodig om te verstaan hoe die individu kennis verwerf en hoe hy dit gebruik. Kennis is 'n produk van voortdurende interaksie tussen die individu en sy omgewing. Denkpatrone (intelligensiestrukture) lê volgens Piaget die grondslag van alles wat jong kinders doen. Namate kinders ontwikkel, behoort hul intelligensiestrukture volgens 'n vaste patroon op 'n kontinuum van gedrag te verander. Soos wat die kind byvoorbeeld sekere nie-verbale, kognitiewe mylpale bereik, ontwikkel die gepaste woordeskat wat daarmee verband hou, byvoorbeeld die woord "weg" word gebruik die oomblik as die kind komplekse objekpermanensie-probleme kan oplos. Tussen 18 en 24 maande ontwikkel die kind se woordeskat ook teen 'n dramatiese vinnige tempo, wat byvoorbeeld verband hou met sy vermoë om objekte te begin kategoriseer. Hierdie insigte van Piaget is veral van belang, omdat die betrokke patrone nie aan spesifieke kultuurgroepe gekoppel word nie, maar poog om die kognitiewe ontwikkeling van enige kind uit enige omgewing op 'n stapsgewyse, logies-voorwaartse manier te begryp en te verklaar (Craig, 1996; Joubert, 1984).



Piaget en Inhelder (1971) praat van die opbou van 'n hiërargie van kognitiewe strukture in die kind totdat hy as volwassene oor baie ingewikkelde beelde, gedagteprosesse, konsepte, logiese vermoëns, probleemoplossingsvaardighede en 'n goeie geheue beskik. Aanvanklik is die kind se kognitiewe vermoëns op die konkrete gebaseer, veral wat sy eie liggaam en onmiddellike omgewing aanbetref. Soos wat verdere ontwikkeling plaasvind, is die kind in staat om op regte voorwerpe, speelgoed en prente te fokus en dit met insig te vertolk. Deur eksperimentering en beweging ontdek die kind ook oorsaak-gevolg verwantskappe, byvoorbeeld as daar te veel blokkies op mekaar gestapel word, sal die toring kantel of as die skakelaar aangesit word, sal die lig brand.

Piaget (1972) stel dit verder dat intelligensie op aanpasbaarheid dui en dat oorerwing en omgewing 'n wisselwerkende rol ten opsigte van intellektuele ontwikkeling inneem.

Volgens Herbst (1989) is daar navorsers wat beweer dat Piaget se karakterisering van jong kinders se gedagteprosesse dikwels in sogenaamde negatiewe terme geïnterpreteer word. Vir die doel van hierdie studie word Piaget egter uitgesonder, omdat hy volgens Herbst (1989) en die WKOD (2006b) 'n sensitiewe waarnemer van kinders was, wat probeer vasstel het hoe die inwin van kennis geskied en dat sy benadering nog steeds gebruik word sedert die implementering van Uitkomsgebaseerde Onderwys in Suid-Afrika in 1998.

Van die verskillende stadia van intellektuele ontwikkeling wat deur Piaget (1972; Piaget & Inhelder, 1971) by die kind onderskei kan word, val die pre-operasionele periode, wat tussen die ouderdomme van twee tot sewe jaar strek, binne die bestek van die huidige studie. Die sensories-motoriese periode, wat dié stadium voorafgaan en die konkreet-operasionele periode (sewe tot elf jaar) wat daarop volg, sal nie vir die doel van hierdie studie bespreek word nie.

#### **(i) Die pre-operasionele periode (2 - 7 jaar)**

Volgens Herbst (1989) is hierdie ontwikkelingsperiode kritiek, aangesien dit die kind se vermoë om formele skolastiese leerstof suksesvol te kan bemeester, bepaal.

Die pre-operasionele periode bestaan uit twee subfases, naamlik *prekonseptuele denke*, wat aanvanklik ontwikkel, en *intuïtiewe denke*, wat gesamentlik vanaf die tweede tot ongeveer die sewende lewensjaar strek (Bybee & Sundt, 1982; McNally, 1973; Sonnekus & Ferreira, 1986). Hierdie fase staan as die pre-operasionele periode bekend, omdat operasionele denke nog afwesig is. Laasgenoemde verwys na operasies (sekere soorte kognitiewe skemas) wat tydens denke gebruik word. Dit behels die innerlike voorstelling wat uit alledaagse handelinge ontstaan, dit wil sê die beeld wat in die persoon se gedagtes is. 'n Voorbeeld sou wees wanneer 'n paar albasters uit 'n sakkie verwyder word (overtel handeling) en die innerlike voorstelling van hierdie wegneemhandeling, wat neerkom op aftrekking in wiskunde (Meyer & Van Ede, 1998). Gedurende hierdie tydperk brei die kind se simboliese sisteem uit, sowel as die gebruik van taal en perseptuele beelding (Santrock, 1992; 1997; 2002). Die kind is byvoorbeeld nou in staat om denke van aksies te skei en omdat hy in staat is om nou in woorde te kan dink, word die beperkings van onmiddellike ruimte en tyd oorkom. Daar kan nou met die verlede, hede en toekoms tegelykertyd gehandel word en groter, geïntegreerde beelde van realiteit kan opgebou word (Berk, 1997).

Volgens Bybee en Sundt (1982) word die eerste subfase, naamlik *pre-konseptuele denke* (wat strek vanaf ongeveer die tweede tot die vierde lewensjaar), veral gekenmerk deur die feit dat die kind nou al in staat is om innerlike voorstellings van konkrete objekte in sy onmiddellike omgewing te vorm. Piaget is van mening dat sensories-motoriese aktiwiteite tot innerlike voorstellings van ervarings lei, wat dan met woorde geëtiketteer word. Kinders se eerste woorde het dikwels 'n sterk sensories-motoriese basis, in die sin dat dit na objekte wat beweeg of bekende aksies verwys (Berk, 1997). Pre-konseptuele denke behels dat die kind nog nie beseft dat 'n konsep op 'n klas items dui wat sekere ooreenkomste, maar ook verskille ten opsigte van mekaar, het nie. Die konsep 'hond' verwys dus na 'n klomp soorte honde, wat op grond van sekere eienskappe almal honde is, maar ook verskille toon, byvoorbeeld ten opsigte van grootte, haartipes, ensovoorts.

Hierdie subfases kan nie van mekaar geskei word nie en daar is altyd aspekte van die een wat met die ander verband hou (McNally, 1973). Die kind leef in die wêreld van hier en nou en is konkreetgebonde. Leer is kumulatief van aard en

vooraangaande leer vorm 'n basis vir algemene vaardighede, waarop latere leer berus en voortbou. Sy verwysingsraamwerk weerspieël sy innerlike voorstellings en word opgebou deur aspekte van nuwe ervarings by die van vorige ervarings te assimileer, deur ooreenkomste tussen die twee te soek (Bybee & Sundt, 1982). Tydens hierdie ontwikkelingstadium kan die jong kind met enkelvoudige objekte omgaan, maar kan hy nog nie objekte groepeer nie. Hy is ook nog nie ingestel op die soeke na ooreenkomste en verskille nie. Volgens Santrock (1992; 1997; 2002) kan hy wel simbole, soos woorde, gebruik om sy probleme te hanteer. Tussen die tweede en vierde lewensjaar is die ontwikkeling van innerlike voorstellings dramaties. Voorbeelde hiervan word gereflekteer in die ontwikkeling van taal, fantasespel, betekenisvolle tekeninge en begrip vir ruimtelike simbole (soos foto's, eenvoudige kaarte en modelle). Die kind begin ook die perspektiewe van ander in eenvoudige, bekende situasies en in alledaagse kommunikasie insien. Hy kan regte objekte van animasie-objekte onderskei en objekte kategoriseer volgens basiese funksie en tipe (nie net op grond van perseptuele eienskappe nie).

Gedurende die tweede subfase van die pre-operasionele periode, naamlik *intuïtiewe denke*, wat vanaf die vierde tot die sewende lewensjaar kan strek, ontwikkel die kind se redenasievermoë, maar is hy steeds aan die hier en nou gebonde (Bybee & Sundt, 1982). Kinders begin gedurende hierdie subfase daarvan bewus word dat sekere verskille belangrik is, ten spyte van die ooreenkomste waarna hulle tot dusver gesoek het. Hulle begin dus intuïtief om hul verwysingsraamwerk te wysig sodat verskille geakkommodeer kan word. Intuïtiewe denke berus nie op logika nie, maar waarneming (Meyer & Van Ede, 1998). Die kleuter sal byvoorbeeld albasters tussen twee identiese houers verdeel en saamstem dat daar ewe veel in elke houer is. Een van die houers word dan leeggemaak in 'n lang, smal houer en die kleuter redeneer dan dat daar meer in dié houer is, omdat die vlak hoër is. Hierdie denke is dus op waarneming gebaseer.

Kinders moet gedurende hierdie stadium deur vrye ontdekking uitvind watter wysigings in hul verwysingsraamwerk nodig is, ten einde by hul omgewing te kan aanpas. Wat vir 'n volwassene sin maak, maak nog nie noodwendig vir 'n kind in hierdie subfase sin nie, omdat hy nog nie self die sinsverbande ontdek het en dit sy eie gemaak het nie. Volgens Joubert (1984) is dit juis hier waar probleme in verband

met skoolgereedmaking kan ontstaan. Die kind vorm wel sekere konsepte, maar dit word tot die voor die handliggende beperk. Kinders se gedagtes is egosentriese in hierdie fase en hulle beskou hul omgewing slegs vanuit hulle eie oogpunt (Santrock, 1992; 1997; 2002). Die oorheersing van persepsie word geleidelik beperk ten gunste van kognitiewe beredenering. Namate hierdie periode sy einde nader, verbeter die kind se begrip van ruimtelike, getals- en tydskonsepte en begin die kinderlike, egosentriese denke te verval (Piaget, 1972; Piaget & Inhelder, 1971). Tydens die vierde tot sewende lewensjaar word hy al meer in staat om moontlike verduidelikings vir gebeure in bekende kontekste te gee, begin veranderinge in die omgewing oplet en is meer in staat om tussen fantasie en realiteit te onderskei (Piaget, 1972).

## **(ii) Die waarde van Piaget se teorie**

Volgens Meyer en Van Ede (1998) is Piaget se teorie die mees geïntegreerde en uitgebreide teorie oor kognitiewe ontwikkeling. Sy beskrywing van die ontwikkelingstadia maak ons weereens bewus van die feit dat kinders se denke op verskillende ouderdomme verskil. Alhoewel hierdie ontwikkelingstadia, volgens Donald et al. (2000) en Drummond (2004), nie in yster gegiet kan word nie, bied dit aan ons waardevolle inligting, wat as riglyne gebruik kan word by die ontwikkeling van kurrikulums, opvoedkundige programme en assesseringsinstrumente. Die rede hiervoor is omdat hy verduidelik watter kognitiewe vaardighede optimaal ontwikkel kan word gedurende 'n betrokke stadium. Vir die doel van hierdie studie is dié inligting dus baie waardevol.

Tydens die programontwikkeling sal 'n verskeidenheid konkrete, semi-konkrete en abstrakte aktiwiteite ingesluit moet word om leerders op verskillende ontwikkelingsvlakke te kan akkommodeer. Indien die opvoeder byvoorbeeld sou vra "Ek het een appel en kry nog 'n appel by. Hoeveel appels het ek nou?" sou daar sommige leerders wees wat die korrekte antwoord kan gee omdat hulle in staat is om die proses te visualiseer. Hulle is dus in staat om die innerlike voorstelling van die byvoegaksie te maak. Ander leerders sou weer die proses moes teken van een appel en nog een wat bygevoeg word, omdat hulle op semi-konkrete vlak funksioneer. 'n Derde groep leerders sal net die antwoord kan bereken as hulle fisies die aksie met appels uitvoer, omdat hulle op konkrete vlak funksioneer. Die opvoeder moet dus bewus wees van hierdie vlakke van leerders in haar klas, ten

einde te differensieer in terme van hoe opdragte vir leerders aangebied word (WKOD, 2006b).

Piaget se teorie beklemtoon ook die waarde van vrye ontdekking, waar leerders byvoorbeeld moet ontdek dat houers van verskillende lengtes en breedtes dieselfde hoeveelheid voorwerpe verskillend voorstel, al lyk die een houer moontlik voller as die ander een. Ook beklemtoon Piaget die essensie van die ontdekking van ooreenkomste en verskille, wat opvoeders dus ook aanmoedig om leerders te leer om voorwerpe op grond van voorkoms en funksie te klassifiseer (Meyer & Van Ede, 1998).

Vervolgens word oorgegaan tot die bespreking van Lev Vygotsky se teorie aangaande kognitiewe ontwikkeling. Dit word gevolg deur die waarde wat sy teorie vir programontwikkeling inhou.

### **(iii) Lev Vygotsky**

Lev Semenovich Vygotsky (1978) was 'n tydgenoot van Piaget. Hy het 'n belangrike teorie oor die kulturele en sosiale konstruksie van die psige daargestel. Sy teorie is veral bekend vir die studie van die diversiteit van kognitiewe ontwikkeling en die kardinale belang daarvan ten opsigte van skoolonderwys en geletterdheid (WKOD, 2006b).

Volgens Vygotsky berus kognitiewe ontwikkeling op die volgende:

- verwerwing van taal;
- die sone van proksimale ontwikkeling; en
- opvoeding as begeleier van ontwikkeling.

Vygotsky (Slentz & Krogh, 2001) glo dat die klaskamer sodanig ingerig moet wees dat interaksie tussen opvoeder en kind, asook tussen kind en kind kan plaasvind. Vygotsky (1978) benadruk 'n holistiese taalontwikkelingsbenadering en beklemtoon dat die belangstellings van die kind in ag geneem moet word. Kinders van verskillende ouderdomme moet die geleentheid kry om te kan sosialiseer.

Die sone van proksimale (of potensiële) ontwikkeling verwys na die verskil tussen die kind se werklike vlak van ontwikkeling en die prestasievlak wat hy bereik in

samewerking met 'n volwassene. Dit beteken dat kinders met die aanwysings en samewerking van ander persone (volwassenes of tydgenote) 'n hoër vlak van kognitiewe ontwikkeling kan bereik, in vergelyking met sonder hulle hulp (Craig, 1996; Crain, 1992).

Vygotsky was ook van mening dat die sosio-kulturele geskiedenis van individue (dit is die geskiedenis van die samelewing waarin hulle grootword, sowel as hulle eie geskiedenis en ondervindings in die samelewing) help bepaal watter vlak van kognitiewe ontwikkeling hulle sal bereik, sowel as die kognitiewe vaardighede wat hulle sal verwerf. Dit is omdat die kulturele konteks waarin hulle funksioneer vir hulle geleentheid skep om die kognitiewe vaardighede te ontwikkel wat in die spesifieke kulturele konteks vereis word (Donald et al., 2000; Hoffman, Paris & Hall, 1994; Thomas, 1992).

#### **(iv) Die waarde van Vygotsky se teorie**

Vygotsky se kognitiewe ontwikkelingsmodel behoort volgens die navorser in die Nasionale Kurrikulumverklaring (Grondslagfase) die nodige ondersteuning te geniet, aangesien dit vir noodsaaklike ontwikkelingsvaardighede van die kleuter voorsiening maak. Die opvoeder se rol in die ontsluiting van leerinhoud op die kleuter se funksioneringsvlak in die Nasionale Kurrikulumverklaring, kan 'n lewenslange legerigheid by die kleuter kweek, wat sy uiteindelijke selfaktualisering tot gevolg kan hê.

Die waarde van Vygotsky se teorie lê ook daarin dat die navorser, alvorens daar met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram begin word, bewus daarvan moet wees onder watter omstandighede kinders grootword indien ons hulle denke wil verstaan, veral in 'n land soos Suid-Afrika met sy diverse samestelling (Meyer & Van Ede, 1998).

*In die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram sal die implikasie van Piaget en Vygotsky se kognitiewe ontwikkelingsteorieë behoorlik verreken moet word.*

### 2.6.1.1.5 *Emosionele ontwikkeling*

'n Gesonde emosionele lewe is 'n belangrike voorwaarde vir suksesvolle leer. Emosionele probleme manifesteer hulself meestal in die kind se sosiale lewe en as allerlei gedragsprobleme. As hierdie probleme ernstig is moet die kind gespesialiseerde hulp ontvang (Garbers et al., 1976). Dit is dus noodsaaklik dat die skoolbeginner emosioneel gesond is.

Volgens Grové (1989) en Hanekom (1991) moet die kind emosioneel gereed wees vir skooltoetreding om effektief in die formele skoolsituasie in te pas. Hy moet onder meer oor 'n goeie werkingesteldheid (-houding) en prestasie-motivering beskik. Verder behoort hy sy aandag intensioneel in 'n bepaalde tydsduur te kan rig, die gesag, dissipline en roetine van die skool aanvaar en hom daaraan onderwerp. Verder moet hy ook mislukkinge kan aanvaar en verwerk.

Volgens Jordaan (1994) gee emosionele aanpassingsprobleme aanleiding tot ongelukkigheid by kinders en kan dit manifesteer in onder andere, uitermatige skaamheid, vrees, onwilligheid of 'n onvermoë om aan te pas.

By skooltoetreding behoort die kind emosioneel en gevoelsmatig voorbereid vir die nuwe wêreld te wees. Hy moet aanvaar dat hy van sy gesinslede (veral sy moeder) geskei gaan word vir 'n groot gedeelte van die dag. Ouers moet hulle ook kan losmaak van die kind. Die kind moet verder ook sy emosies en impulse kan beheer en kan aanpas by die skoolreëls (Grové, 1989; Hanekom, 1991; Jordaan, 1994).

Volgens Jordaan (1994) en Van Coller (1992) is die voorskoolse kind se emosies kort van duur, intens en wisselvallig. Die skoolbeginner tree egter meer gekontroleerd op en hy is ook bewus van ander mense om hom en sy verhouding wat hy met hulle wil handhaaf. Die kind moet reeds voor skooltoetreding begelei word om bestendig, bedaard en beheersd uiting aan sy emosies te gee. Volgens Huisamen (1991) is die huislike atmosfeer en kontak wat die kind met betekenisvolle ander in sy lewe het, primêr verantwoordelik vir die stabiele emosionele ontwikkeling van die kind.

Samevattend is Jordaan (1994) en Van Coller (1992), net soos die navorser, egter ook van mening dat 'n gelukkige kind wat geborge voel 'n groter kans tot

skoolsukses het, in teenstelling met 'n emosionele onstabiele kind wat leerprobleme kan ervaar. Die kind moet dus by skooltoetrede reeds in 'n mate oor 'n redelike stabiele persoonlikheid beskik.

*Die navorser is van mening dat enige skoolfasiliteringsprogram so ontwikkel moet word dat dit vir die emosionele ontwikkeling van die leerder sal voorsiening maak. By skooltoetrede behoort die emosionele ontwikkelingstand van die leerder ook daarom geassesseer te word.*

Vervolgens word die belangrikheid van sosiale ontwikkeling in die skolastiese gereedheid van die kind bespreek.

#### 2.6.1.1.6 Sosiale ontwikkeling

Volgens Botha et al. (1998) behels sosiale ontwikkeling tydens die kleuterjare veranderinge in die voorskoolse kind se omgang en verhoudings met ander mense. Du Toit en Kruger (1991:91) omskryf die kleuter se sosiale ontwikkeling as "... a process whereby he learns to fulfill moral standards, expectations and requirements for acceptable behaviour". Harris en Liebert (1991) beskou weer sosiale ontwikkeling as die proses waardeur die kleuter leer watter gedragspatrone toepaslik is, asook die vermoë om dienooreenkomstig op te tree.

Volgens Slentz en Krogh (2001) word babas al vanaf geboorte op 'n "unieke" wyse toegerus om sosiaal en interaktief met ouers en oppassers om te gaan. Pieterse (2001) beskou sosiale ontwikkeling as die basis en doel van elke ander soort ontwikkeling en daarom beskou sy ook die voorskoolse jare as beslissend vir die kind se vorming. Sosiale ontwikkeling behels 'n groeiende sneeubal van bykomende kennis en begrip van beide die self en ander en vorm voorts die basis vir persoonlike groei (Nuttall, Romero & Kalesnik, 1999). Volgens Burns (1986) berus die kind se aanpassing in die lewe op sy subjektiewe interpretasie van hoe sy gesin hom behandel en van omstandighede binne sy gesin. Hierdie vroeë verhoudings en die kind se gevoelens daarvoor word dus prototipes vir die toekoms. Maxwell en Eller (1994) beklemtoon die waarde van ouerbetrokkenheid, waardeur kleuters se sosiale ontwikkeling bevorder word. Dié skrywers meen dat ouers wat geleenthede skep waarbinne die kleuter sy sosiale vaardighede kan inoefen, sosiale ontwikkeling en bevoegdheid bevorder. Deur middel van sosiale ontwikkeling doen die kleuter en



jong kind noodsaaklike kennis op deur oor die self te dink, veral in terme van die selfkonsep en selfbeeld. Waardevolle kennis word ook oor ander mense opgedoen, veral wat hul intensies en perspektiewe betref. Ook doen die jong kind kennis op in terme van die verhoudings wat tussen mense bestaan, byvoorbeeld vriendskappe en sosiale probleemoplossingsstrategieë.

Belangrike vaardighede wat met sosiale ontwikkeling verband hou, is die vermoë om op grond van mense se gedrag af te lei wat hul intensies is, sowel as die verskeidenheid en kwaliteit van sosiale probleemoplossingsstrategieë. Waar die kleuter se vermoëns aanvanklik beperk is om die perspektiewe van ander in te sien, begin die sesjarige beseft dat mense dieselfde gebeurtenis verskillend vertolk (Berk, 1997).

Deursettingsvermoë is 'n belangrike houding wat die kleuter moet ontwikkel, aangesien hulle in die kleuterjare glo dat hul suksesvol is as gevolg van goeie vermoëns en dat mislukking die gevolg van swak pogings is. Hulle glo dus dat vermoëns kan verbeter deur net hard te probeer.

Wedersydse vertrouwe en hulpverlening is ook belangrike houdings, aangesien vriendskappe teen ongeveer sesjarige ouderdom ontwikkel, in vergelyking met vriendskappe in die kleuterjare wat baie konkreetgebonde is en op spel en die uitruil van materiële dinge gegrond is (Berk, 1997).

Die skool verwag dat die skoolbeginner homself sosiaal sal kan aanpas by nuwe situasies, klasse, opvoeders, leerders, speelgoed en dies meer. Hy moet met maats van sy eie ouderdom kan speel en homself aan gesag en dissipline kan onderwerp (Grové, 1989).

Volgens Pretorius (2001) beïnvloed die kleuter se kommunikasievermoë- en vaardighede ook sy sosiale ontwikkeling.

Gedurende die kleuterjare verbeter kleuters se selfbeheersing ook merkwaardig. Sesjariges het byvoorbeeld meer beheer oor intense emosies en dryfvere as driejariges.

Die DvO (2002b), nes die navorser, beskou die sosiale ontwikkeling van die kind as 'n baie belangrike prioriteit, veral met die oog op skolastiese gereedmaking. Daarom word daar in die assesseringstandaarde van leeruitkoms twee (sosiale ontwikkeling) van die leerarea (vak) Lewensoriëntering, ruim voorsiening gemaak vir die uitwerk van aktiwiteite, ten einde die kind se sosiale ontwikkeling en aanpassing op skool te bevorder.

Vervolgens word 'n opsomming van die mylpale van die kleuter se sosiale ontwikkeling gegee (Harding & Meldon-Smith, 1999; Papalia & Olds, 1975; Pieterse, 2001; Thayer & Westby, 2001).

### **Drie tot vier jaar**

- (i) Gesels graag oor homself, sy familie en besittings
- (ii) Kan op hierdie ouderdom al leer om te wag tot iemand klaar gepraat het voor hy praat, maar sy geduld moenie te veel beproef word nie
- (iii) Raak nog besitlik oor sy speelgoed en verwag dat hy alles moet kry waarvoor hy vra
- (iv) Spel toon tekens van verbeelding en dien as uitlaatklep
- (v) Vriendskappe is vir hom belangrik en hy ontwikkel noue bande met sommige vriende
- (vi) Gee om vir jonger kinders en diere
- (vii) Assosiatiewe spel ontwikkel en interaksie met ander vind nou plaas, maar alleenspel duur nog voort.

### **Vier tot vyf jaar**

- (viii) Kan onderskei tussen homself en ander mense
- (ix) Fantaseer heerlik en fantasie en die werklikheid is vir hom baie na aan mekaar
- (x) Hy begin mededingend raak en eerste en beste is vir hom belangrik
- (xi) Indien dit aangeleer word, sal hy dankie en asseblief gebruik en respek teenoor huisgenote begin betoon.
- (xii) Alleen-/assosiatiewe spel kom nog voor. Begin beter saamwerk

- (xiii) Begin onderskei tussen reg en verkeerd en wend pogings aan om te probeer verstaan
- (xiv) Benodig nog hulp ten opsigte van persoonlike higiëne en toesig.

### **Vyf tot ses jaar**

- (xv) Vriendskappe wat gevorm word, raak meer stabiel. Sy portuurgroep raak al hoe belangriker vir hom
- (xvi) Speel ook graag in groepe, veral van dieselfde geslag en gee voorkeur aan speletjies wat volgens 'n stel reëls gespeel word
- (xvii) Is dikwels baasspelerig en vind dit moeilik om saam te speel en mekaar se voorstelle te aanvaar
- (xviii) Kompetisie met maats neem toe t.o.v. aktiwiteite, sowel as besittings
- (xix) Kleuters spog graag met hul ouers se besittings
- (xx) Is oor die algemeen meer bedagsaam as jonger kleuters
- (xxi) Geniet een-tot-een vriendskappe, maar speel ook graag in groepe
- (xxii) Vriendelik, vrygewig, beskermend teenoor ander, jonger kinders en diere
- (xxiii) Kan eenvoudige boodskappe oordra
- (xxiv) Alleenspel duur voort en hy kan koöperatief speel.

### **Ses tot sewe jaar**

- (xxv) Neem ander se wense en begeertes in ag
- (xxvi) Voel ongelukkig indien vriendskap weens argumente "vertroebel"
- (xxvii) Neem verantwoordelikheid om jonger kinders te help, veral in spelsituasies
- (xxviii) Kan sy eie vaardighede redelik akkuraat evalueer
- (xxix) Gedrag is meer toepaslik en aanvaarbaar in sosiale situasies
- (xxx) Geniet koöperatiewe speletjies en kan koöperatief saam met ander speel
- (xxxi) Gedurende rollespel word rolle aan ander toegedig en is die uitkoms voorspelbaar.

Die navorser is van mening dat 'n leerder wat sosiaal goed aangepas is, optimaal sal kan baatvind by Uitkomsgebaseerde Onderwys, wat onder meer sterk op die beginsel van interaktiewe leerderdeelname gebaseer is. Sodanige leerder skakel gemaklik by die skoolsituasie in en sy waaginstelling behoort ook goed te wees. Interaktiewe leerderdeelname bied juis vir die leerder, wat sosiaal goed op skool

aanpas, die geleentheid om moontlike sluimerende leierseienskappe te begin openbaar en ontwikkel.

*Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat enige goeie skoolfasiliteringsprogram aktiwiteite ter bevordering van die kind se sosiale ontwikkeling sal moet insluit. Die sosiale ontwikkelingsvlak van die skoolbeginner behoort daarom ook bepaal te word.*

Ten slotte moet daar genoem word dat al die verskillende ontwikkelingstake wat tot op hede bespreek is, geïntegreerd ontwikkel moet word en nie in isolasie beskou moet word nie. Vervolgens sal spel as medium tot die holistiese ontwikkeling van die individu ten opsigte van die reeds genoemde ontwikkelingstake meer breedvoerig bespreek word.

#### *2.6.1.1.7 Spel as medium in die ontdekking van 'n wyer omgewing*

Volgens Botha et al. (1990), Chazan, Laing en Harper (1987) en Fantuzzo en McWayne (2002) lewer spel 'n uiters waardevolle bydrae tot die kleuter se liggaamlike, kognitiewe, perseptuele, emosionele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling. Naas fisieke gesondheid, is dit alles belangrike bepalers wat as voorvereistes vir skoolgereedheid beskou word. Hughes (1991) is van mening dat kinders se spel 'n weerspieëling is van die kultuur waarin hulle grootword. Kinders wat byvoorbeeld in tegnologieë meer gevorderde kulture grootword, word onder meer blootgestel aan gesofistikeerde apparate, soos rekenaars en video's. Hierdie kinders ontwikkel daarom andersoortige vaardighede as kinders afkomstig van kulture van beperkte tegnologiese vordering. Volgens Botha et al. (1998) het sosio-ekonomiese faktore soos lewensomstandighede en gesinsinkomste ook 'n invloed op kinders se spel. Kinders het nie net speelgeleenthede nodig om nuut verworwe vaardighede te oefen nie, maar volgens Botha et al. (1998) is dit ook nodig dat volwassenes hierdie vaardighede vir hulle leer.

Op grond van die navorser se blootstelling en ervaring in sy werk as skoolsielkundige, is dit 'n gegewe dat 'n beduidende persentasie van Wes-Kaapse kinders in minder bevoorregte huise grootword. Baie van hulle woon in gemeenskappe, waar ouers werkloos en selfs onkundig is, en nie die waarde van opvoedkundige speelgoed besef nie. Kinders wat in sodanige omstandighede

grootword, sal uiteraard 'n agterstand hê, in vergelyking met meer bevoorregte kinders, en nie teen dieselfde tempo ontwikkel nie.

Herbst (1989) is van mening dat faktore soos ouderdom, gesondheid, intellek en die kind se unieke persoonlikheidseienskappe almal veranderlikes is wat die kind se spelwyse kan beïnvloed. Gewoonlik speel kinders ook net wanneer hulle veilig en geborge voel en hul behoeftes bevredig is.

Die kind se sosiale ontwikkeling, wat deur middel van spel na vore kom, toon 'n spesifieke ontwikkelingsverloop, wat in terme van die graad van sosiale betrokkenheid soos volg geklassifiseer word (Botha et al., 1998; Bukatko & Daehler, 1998; Craig, 1996; Santrock, 1992; 1997; 2002):

- **Alleenspel.** Die kleuter speel alleen met sy speelgoed. Hy is nie by ander kinders betrokke nie en dit lyk of hy nie van hulle bewus is nie.
- **Onbetrokke spel.** In hierdie stadium loop die kleuter as 'n onbetrokke enkeling rond en kyk hoe ander speel. Hy is nie langer as enkele minute konstruktief by enige aktiwiteit betrokke nie. Indien niks interessant plaasvind nie, speel hy met sy eie liggaam, klouter op stoele en weer af.
- **Toeskouerspel.** Die kind spandeer sy tyd deur te kyk hoe ander kinders speel, maar raak nie self betrokke nie. Anders as in die vorige stadium, is die kleuter egter meer betrokke as bloot 'n toeskouer.
- **Parallele spel.** Twee of meer kleuters speel op min of meer dieselfde wyse langs mekaar met dieselfde speelgoed. Hulle is bewus van mekaar se teenwoordigheid, maar daar vind geen interaksie plaas nie.
- **Assosiatiewe spel.** Spel geskied nou binne 'n groep. Speelgoed word gedeel en hulle boots mekaar na, maar elkeen speel op sy eie manier en doen waarvoor hy lus het.
- **Samewerkingspel of koöperatiewe spel (groepspeel).** Die spel is meer georganiseerd en groepsdoelwitte is belangrik vir die kind. Leierskap en taakverdeling is belangrike eienskappe van koöperatiewe spel. Volgens Herbst (1989) word 'n sterk groepsgevoel by dié tipe spel aangetref.

Volgens Craig (1996) oorheers verskillende spelwyses op verskillende ouderdomsvlakke, byvoorbeeld 2-jariges is meestal by toeskouer- en parallellespel betrokke, terwyl 4- en 5-jariges weer assosiatiewe en koöperatiewe spel verkies. Hanline (1999), wat ook die belangrikheid van spel in die kleuter se ontwikkelingsverloop beklemtoon, beveel aan dat 'n voorskoolse (Graad R) kurrikulum hoofsaaklik op spel gebaseer moet wees. Sedert die implementering van Kurrikulum 2005 in 1998, vorm Graad R (preprimêr) nou ook deel van die grondslagfase (Grade R-3). Uit vele onderhoude wat die navorser met grondslagfase opvoeders gevoer het, is dit baie duidelik dat 'n skoolfasiliteringsprogram vir vroeë skoolbeginners verkieslik aktiwiteite moet bevat wat op spel geskoei is. Volgens Fantuzzo en McWayne (2002) is daar belangrike assosiasies tussen interaktiewe portuurspel, gedrag en die ontwikkeling van ander vaardighede wat op skoolgereedheid dui, soos byvoorbeeld vroeë geletterdheid én benadering tot leer en selfregulering. Deur middel van voorgeespel ontwikkel kinders weer die vermoë om stories te vertel en geheuevaardighede, wat bydraend en noodsaaklik vir die ontwikkeling van geletterdheid is.

Vervolgens word die funksies en waarde van spel op die verskillende ontwikkelingsaspekte van die kleuter bespreek.

### **(i) Die invloed van spel op liggaamlike ontwikkeling**

Ten spyte van die feit dat kleuters wêreldwyd dieselfde fyn- en grootmotoriese vaardighede ontwikkel, speel kultuur en die gesin 'n belangrike rol in die ontwikkeling van dié vaardighede. Die kleuter se gesondheidstoestand, algehele ontwikkelingsverloop en veral 'n gestremdheid, kan dié proses vertraag. Daar vind ongelooflike liggaamlike ontwikkeling deur middel van spel by die kleuter plaas, omdat die kind daardeur in staat gestel word om sy aangebore vaardighede te help ontwikkel (Rogers & Sawyers, 1990). Voorskoolse kleuters kombineer, volgens Slentz en Krog (2001), statiese, nie-statische en manipulerende bewegings met mekaar tydens spel.

Volgens Nel (2002), Slentz en Krogh (2001) is die fisiese waarde van spel daarin geleë dat dit die spiere ontwikkel en motoriese vaardighede bevorder, wat as absoluut noodsaaklik vir skolastiese vordering beskou word. Terwyl die kind speel,

ontwikkel hy terselfdertyd op verskillende vlakke, met 'n gedurige interaksie tussen die vlakke. Grové (1984) is weer van mening dat daar 'n noue verband tussen die ontwikkeling van motoriese vaardighede, liggaamsbeeld en -skema, en die latere sukses in hoëvlak leertake, bestaan.

## **(ii) Die invloed van spel op kognitiewe ontwikkeling**

Volgens Santrock (1992; 1997; 2002) bevorder spel die kind se kognitiewe ontwikkeling. Piaget het ook spel as 'n medium beskou wat die kind se kognitiewe ontwikkeling aanhelp en ontwikkel (Santrock, 1992; 1997; 2002). Die kind wat leer hoe om op te tel, begin deur middel van spel op verskillende maniere met getalle te speel. Spel is nie net vir die kind ook 'n waardevolle medium in die ontdekking van nuwe inligting nie, maar bring ook mee dat hy toenemend 'n beter en groter greep op die werklikheid as geheel kry (Derbyshire, 2003). Wanneer kinders speel, bied dit geleentheid vir die inoefening van nuwe vaardighede, terwyl vorige aangeleerde gedrag vasgelê word. Die kind kom ook dikwels met probleemsituasies in aanraking wat hy moet leer analiseer en oplos (Cohen, 1987; Derbyshire, 2003; Rogers & Sawyers, 1990). Volgens Smith (1994) leer kinders byvoorbeeld om te klassifiseer, asook getalle, groottes en vorms. Die kind se kennisbasis word in die proses ook verbeter en hy raak al meer vir die skoolsituasie gereed.

Volgens Derbyshire (2003) versterk spel ook die kind se taal- en kommunikasievermoë en gesamentlik dien dit as medium tot uitdrukking vir die kind. Deur byvoorbeeld tydens spel met mekaar te praat, ontwikkel kinders sodoende ook hulle taalvaardighede (Bukatko & Daehler, 1998). Smith (1994) is ook van mening dat spel kreatiwiteit in kinders bevorder en as 'n medium van uitdrukking dien, na gelang van keuse. Kinders leer ook tydens spel om voorwerpe op 'n ander manier te gebruik as waarvoor dit ontwerp is, wat sodoende kreatiwiteit bevorder.

Rogers en Sawyers (1990) meen dat 'n gemaklike atmosfeer tydens spel geskep word, waarin kinders kan leer hoe om probleme op te los. Wanneer kinders dan later voor ingewikkelder probleme in die werklikheid te staan sou kom, kan hulle volgens Hughes (1991) die kennis en vaardighede wat hulle tydens spel verwerf het, gebruik om oplossings te vind.

### **(iii) Die invloed van spel op persoonlikheidsontwikkeling**

Volgens Grieve (1992) en Louw (1990) bevorder spel die kind se persoonlikheidsontwikkeling. Indien hy byvoorbeeld iets suksesvol oprig, kan dit tot 'n gevoel van beheer lei, wat weer die kind se selfvertroue versterk. Tydens die spelsituasie word daar ook dikwels van die kind verwag om hom aan reëls en wette te onderwerp. Sodoende word hy onbewustelik voorberei om hom later aan die reëls en wette van die samelewing te onderwerp (Wessels, 1970).

Spel beïnvloed ook die kind se latere houding ten opsigte van die lewe en toekomstige eienskappe soos leierskap, betroubaarheid, belangstellings, onafhanklikheid van idees en stokperdjies (Wessels, 1970).

Wessels (1970) is van mening dat nie net die kind se persoonlikheid deur spel ontwikkel nie, maar dat sy huidige persoonlikheid ook tydens spel na vore kom. Deur middel van spel kan die kind ook 'n balans bereik tussen sy individuele behoeftes aan outonomie en inisiatief, sowel as die gemeenskap se eise om te konformeer. Kleuters ontdek deur middel van spel hulle eie vaardighede en eienskappe en in die proses leer hulle ook byvoorbeeld om hulself as 'n seun of dogter te identifiseer. Kleuters raak ook bewus daarvan dat hulle aantreklik of onaantreklik is en of hulle stadig of vinnig kan hardloop. Hierdie kennis dra by tot die ontwikkeling van hulle selfkonsep.

Opsommend word die kleutertydperk deur Loxton (2005b) beskou as 'n tydperk waar die bemeestering van vaardighede en outonomie in noue verbintenis tot mekaar staan, aangesien jong kinders se individualiteit ontwikkel deur middel van die beoefening van vaardighede. Die kind se eie vermoëns en sy bepaalde kultuur bepaal egter die grense van outonomie. Loxton (2005b) is verder van mening dat ouerlike interaksie, aanvaarding en dissipline bydraend is tot die vorming van die kind se individualiteit.

### **(iv) Die invloed van spel op sosiale ontwikkeling**

Volgens Vygotsky maak die kind gedurende die voorskoolse jare veral van sosiale voorgeespel gebruik. Dit is veral gedurende hierdie fase van ontwikkeling dat kinders by koöperatiewe spel betrokke raak, sowel as ander sosiale vaardighede aanleer



(Craig, 1996). Spel is op liefde en vertroue geskoei en vind alleen plaas as die kind veilig voel. Deur middel van spel ontmoet die kind ander kinders en leer hy bedagsaamheid, mededeelsaamheid en onselfsugtigheid. Hy kry eerbied en agting vir ander en verwerf toenemend vryheid tot verantwoordelikheid (Derbyshire, 2003). Spel leer ook die kind om hom aan sekere reëls te onderwerp en in die proses begin hy ook om probleemoplossingsstrategieë aan te leer (Cohen, 1987; Craig, 1996; Rogers & Sawyers, 1990). Sosialisering met die portuurgroep kan volgens Fantuzzo en McWayne (2002) ook 'n belangrike invloed op 'n kind se betrokkenheid by leer hê.

Volgens Curtis (1994) en Derbyshire (2003) verwerf kinders toepaslike geslagsrolgedrag tydens spel. Wanneer kinders aantrek soos sekere persone en voorgee om soos hulle te wees, bevorder dit hulle begrip van sekere rolle in die samelewing. Dit bied ook aan kinders die geleentheid om gedrag te begin antisipeer.

Botha et al. (1998), Herbst (1989) en Loxton (2005b) beklemtoon ook die waarde van spel in die sosiale ontwikkeling van die kleuter. Volgens hulle leer die kleuter deur middel van spel, onder meer om te waag, sy beurt af te wag, reëls te gehoorsaam en met ander te deel. Bogenoemde waardes en houdings is volgens Herbst (1989) en die navorser belangrike voorwaardes vir gemaklike inskakeling in die skoolsituasie.

#### **(v) Die invloed van spel op emosionele ontwikkeling**

Volgens Derbyshire (2003), Rogers en Sawyers (1990) kry die kind tydens spel die geleentheid om sy emosies op 'n aanvaarbare wyse uit te druk. Ook word die kind se emosionele selfstandigheid en sy selfbeheersing bevorder - beide essensiële aspekte vir skoolgereedheid. Spel bied vir die kind ekspressiewe of projeksiemoontlikhede in dié sin dat hy uitdrukking kan gee aan hoe hy oor dinge voel en watter betekenis dit vir hom inhou, wat weer 'n positiewe bydrae tot sy skoolgereedheid kan maak (Bredenkamp & Copple, 1997; Shaffer, 1993). Deur middel van spel kan kinders ook angste en vrees hanteer, omdat hulle dan geleentheid het om met hanteringsgedrag in nie-bedreigende omstandighede te eksperimenteer. Volgens Grové (1984) ondersoek die kind 'n wye spektrum van emosies gedurende

sy voorskoolse jare en begin hy om bepaalde gewoontes ten opsigte van sy emosionele gedragssuïtinge vas te lê.

Die navorser is van mening dat emosionele ontwikkeling die grondslag vir die kind se latere sosiale ontwikkeling vorm. Ouerbetrokkenheid by kinderspel kan die emosionele ontwikkeling van die kind help bevorder, aangesien die kind spesiaal voel en sekuriteit ervaar.

Samevattend kan dus gesê word dat spel 'n positiewe bydrae tot die kind se fisiese, kognitiewe en emosionele ontwikkeling lewer. Dit bied onder meer ook aan die kind 'n belangrike uitlaatklep om van opgekropte emosies, behoeftes en drange ontslae te kan raak (Loxton, 2005b). Verder dien dit, volgens Santrock (1992; 1997; 2002), as 'n belangrike bron van leer, stimulering van kreatiwiteit, sosiale aanmoediging, vorming en verhoging van morele standaarde en die ontwikkeling van wenslike persoonlikheidseienskappe. Dit is dus uit voorafgaande vir die navorser ook baie duidelik dat, deur van spel as 'n onderrigmedium gebruik te maak, die leerder die noodsaaklike ontwikkelingstake, ten einde skolastiese sukses te ervaar, informeel kan bemeester en inoefen. Spel leen hom ook daartoe dat leerders informeel op elk van die ontwikkelingstake geassesseer kan word.

*Die gevolgtrekking waartoe die navorser kom is, dat spel so 'n belangrike medium is waardeur kinders leer, dat 'n goeie skoolfasiliteringsprogram juis ruim voorsiening vir spel moet maak. Dit is noodsaaklik sodat leerders al die reeds genoemde vaardighede, wat as noodsaaklik vir optimale skolastiese vordering beskou word, deur middel van progressief-ontwikkelde aktiwiteite sal kan oefen. Deur spel sal ook waargeneem kan word of leerders die verlangde vaardighede reeds bemeester het, al dan nie.*

## **2.7 DIE MIDDELKINDERJARE**

Aangesien die skoolfasiliteringsprogram hoofsaaklik op die vroeë kinderjare fokus, en in die middelkinderjare tot ongeveer sewe jaar, word hier slegs baie kortliks na die middelkinderjare verwys.

Volgens Craig (1996), Louw, Van Ede, Ferns, Schoeman en Wait (1998) staan die middelkinderjare bekend as die tydperk tussen die sesde en die twaalfde lewensjare.

Volgens Herbst (1989) begin die kind gedurende dié periode met verpligte formele onderwys. Die uitbreiding van die kind se ervarings gedurende dié periode, is volgens Herbst (1989) van kardinale belang veral met die oog op die verwerwing van skolastiese vaardighede.

Die take van die middelkinderjare as uitvloeisel van die kleuterjare, kan volgens Brems (2002), Craig (1996) en Louw et al. (1998), soos volg saamgevat word:

- Verdere en verfynde motoriese ontwikkeling, wat onder meer die verbetering van skryf- en tekenvaardighede insluit
- Die vaslegging van geslagsrolidentiteit
- Die ontwikkeling van konkreet-operasionele denke
- Die uitbreiding van kennis en die ontwikkeling van skolastiese vaardighede
- Die uitbreiding van sosiale deelname en waarneming en die ontwikkeling van 'n sensitiwiteit vir ander se behoeftes
- Die ontwikkeling van groter selfkennis
- Die verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag.

Havinghurst (1973), Newman en Newman (1999) en Rice (2001) se indeling stem baie nou met bogenoemde ooreen. Hulle beklemtoon onder meer die belangrikheid dat die skoolgaande kind sy eie liggaam moet kan versorg. Die leeruitkomste en assesseringstandaarde van die leerarea Lewensoriëntering bied veral 'n raamwerk aan opvoeders hoe hierdie vaardighede in die skoolsituasie ontwikkel kan word. Verder is die opbou van 'n eie waardestelsel en algemene persoonlike onafhanklikheid vir die kind van kardinale belang. Volgens Wait (2005) bevind die kind hom in die primêre skoolfase gedurende die middelkinderjare, waar daar van opvoeders verwag word om vir kinders die basiese gereedskap van die leerproses aan te leer. Wait (2005) is van mening dat die meeste kinders gedurende hierdie fase die basiese lees, skryf en wiskundige vaardighede aanleer. Hulle leer en besef toenemend dat hardwerkendheid beloon word. Volgens Santrock (1992; 1997; 2002)

bly die kind se gedagteprosesse egter nog baie konkreet, in vergelyking met latere stadiums.

Opsommend kan dus gesê word dat die middelkinderjare bekend staan as 'n tydperk waar die kind, volgens Craig (1996) en Santrock (1992; 1997; 2002), sy ervaringe op grond van die ontwikkelingstake van die kleuterjare uitbrei. Hoewel die ouers en gesin 'n belangrike rol speel, moet die bydrae van die skool geensins onderskat word nie. By skooltoetrede vind daar 'n dramatiese verandering in die kind se lewe plaas én tydens die middelkinderjare oefen die skool ook 'n baie belangrike invloed op die totale ontwikkeling van die kind uit.

## 2.8 SAMEVATTING

Volgens die literatuur is dit vir die navorser baie duidelik dat enige goeie skoolfasiliteringsprogram (aanvangsonderwysprogram) en aanvangsonderwys-assesseringsinstrument die kennis, vaardighede en houdings moet insluit wat die kind nodig het om skolasties optimaal te kan vorder. Aktiwiteite behoort progressief en geïntegreerd ontwikkel te word, aan die hand van dié kriteria wat as noodsaaklik vir die kind se optimale funksionering beskou word.

Volgens die navorser behoort so 'n skoolfasiliteringsprogram op grond van die voorafgaande literatuurstudie aan die volgende kriteria te voldoen:

1. Die program moet vir die volgende **Perseptuele ontwikkelingsaspekte** voorsiening maak:
  - (i) **Visuele persepsie**
    - (a) Visuele diskriminasie
    - (b) Visuele geheue
    - (c) Vormkonstantheid en vormwaarneming
    - (d) Visuele analise en sintese
    - (e) Posisie in die ruimte.

**(ii) Ouditiewe persepsie**

- (a) Ouditiewe diskriminasie
- (b) Ouditiewe geheue
- (c) Ouditiewe analise en sintese.

2. Die program moet ten minste vir die ontwikkeling van die volgende **Motoriese aspekte** voorsiening maak:

**(i) Grootmotoriese ontwikkeling**

- (a) Groot spierontwikkeling
- (b) Liggaamsbeeld
- (c) Lateraliteit
- (d) Ruimtelike oriëntasie
- (e) Dominansie
- (f) Middellyn
- (g) Liggaamsbalans.

**(ii) Fynmotoriese ontwikkeling**

- (a) Oogbewegings
- (b) Oog-handkoördinasie
- (c) Oog-voetbewegings.

3. Die program **moet** ten minste vir die volgende **Taalontwikkelingsaspekte** voorsiening maak:

**(i) Ouditiewe reseptiewe taal****(ii) Ouditiewe ekspressiewe taal.**

4. Die program **behoort** ook vir **Kognitiewe of intellektuele vaardighede** voorsiening te maak.

5. Benewens **reeds** genoemde ontwikkelingsaspekte, moet die program ook **Emosionele** en **Sosiale ontwikkelingsvaardighede** insluit.
6. Ten slotte behoort al reeds genoemde ontwikkelingsvaardighede deur middel van **Spel** as medium geïntegreer te word.

Vir die doel van hierdie studie gaan die navorser 'n skoolgereedmakingsprogram ontwikkel, wat as aanvullend en ondersteunend tot opvoeders se leerprogramme, werkskedules en lesbeplanning beskou kan word. In die volgende hoofstuk word 'n breedvoerige beskrywing gegee van die Nasionale Kurrikulumverklaring, asook riglyne waarvolgens programme ontwikkel moet word.

## HOOFSTUK 3

# NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

### 3.1 INLEIDING

Sedert die begin van 2006 word daar nou verwys na die Nasionale Kurrikulumverklaring en nie meer na die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring nie (Staatskoerant no. 29467 van 11 Desember 2006).

Volgens die DvO (2003) moet alle leerprogramme aan die hand van bepaalde riglyne, soos vervat in die *Onderwysersgids vir die Ontwikkeling van Leerprogramme (Grondslagfase)*, ontwikkel word. Ander ontwikkelaars van leerprogramme, buiten opvoeders, moet ook van hierdie riglyne gebruik maak. Hierdie riglyne is op nasionale vlak (met provinsiale insette) ontwikkel om te verseker dat onderrig-, leer- en assesseringspraktyke doeltreffend ontwikkel word.

Vervolgens word daar oorgegaan tot die bespreking van die riglyne waarbinne leerprogramme ontwikkel behoort te word, ook die onderhawige skoolfasiliteringsprogram. Alhoewel die fokus van hierdie hoofstuk die Nasionale Kurrikulumverklaring is, sal daar ook gekyk word na die ooreenkomste hiervan met die onderwysbenaderings van enkele oorsese lande, waar van toepassing.

Ten einde 'n skoolfasiliteringsprogram in Suid-Afrika vir vroeë skoolbeginners te kan ontwikkel, is dit belangrik dat die navorser hom sal vergewis van die onderliggende filosofie en beleid, wat die grondslag en vertrekpunt vir die ontwikkeling van leerprogramme vorm.

### 3.2 ONDERLIGGENDE OPVOEDKUNDIGE FILOSOFIE EN BELEID

Die implementering van ons nuwe onderwysbenadering (Uitkomsgebaseerde Onderwys - hierna verwys as UGO) in 1998 het enersyds die beperkinge van die ou tradisionele vorme van onderrig, leerteorieë en klaskamerpraktyke onderstreep en andersyds die weg help baan vir 'n nuwe teoretiese raamwerk, wat die uitdagings van UGO sal kan aanspreek (WKOD, 2000a). Volgens die DvO (2001b) en die

WKOD (2000a) is dit die onderwysstelsel se verantwoordelikheid om omstandighede te help skep, waarbinne leerders optimale geleenthede vir suksesvolle leer, in belang van 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika, gegun kan word. In hierdie geval bied konstruktivisme as leerteorie, asook die bydraes van Piaget en Vygotsky aangaande kognitiewe of intellektuele ontwikkeling, soos reeds in die vorige hoofstuk bespreek is, 'n beduidende grondslag vir UGO, asook 'n ryk en vrugbare perspektief op leer. Dit is waarom die DvO van die konstruktivistiese teorie gebruik maak (WKOD, 2006b).

Volgens Killen (2000) en die WKOD (2000a) kan konstruktivisme as teoretiese model en dié nuwe denkrigting opvoeders help bemagtig om hul denke rondom leer te verander en hulle van nuwe konsepte te voorsien, wat van hulp sal wees met die transformasie van klaskamerpraktyke.

In 'n land soos die Verenigde Koninkryk, word die leerproses, eerder as die uitkoms, beklemtoon (Horgan & Douglas, 1995). Die onderliggende opvoedkundige filosofie en beleid in lande soos Australië, Kanada en die Verenigde State van Amerika, is dat leer 'n natuurlike proses is én hoogs effektief is, wanneer dit binne 'n sosiale konteks plaasvind. Optimale leer vind, volgens Fisher (1991), in 'n nie-kompeterende atmosfeer plaas. In Nieu-Seeland word daar weer baie sterk klem gelê op die skepping van 'n gunstige leerklimate, waar die kind as individu raakgesien moet word én begeleide leer deur 'n opvoeder baie hoog aangeskryf word (Carr & May, 1997).

Om aan die nasionale onderwysbeleid te voldoen, sal in die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram van die Uitkomsgebaseerde Onderwysbenadering gebruik gemaak moet word. Die program sal op die konstruktivistiese teorie gebaseer moet word.

Soos uit die woord konstruktivisme afgelei kon word, behels dit die sistematiese, dinamiese opbou van strukture (konstrukte) soos onder andere denk- en taalstrukture wat binne sosiale konteks ontwikkel. Konstruktivisme en die lewensloopbenadering sluit gevolglik nou by mekaar aan aangesien albei benaderings/teorieë sistematiese ontwikkeling/opbou veronderstel.



In die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram sal die navorser gevolglik toesien dat hierdie twee benaderings programontwikkeling lei. Die leser sal gevolglik in die volgende hoofstuk opmerk dat die skoolfasiliteringsprogram sistematies in nege ontwikkelingsvlakke aan die hand van die lewensloopbenadering ontwikkel is.

Behalwe dat die navorser kennis moet neem van die riglyne waarbinne leerprogramme ontwikkel moet word, is 'n deeglike kennis van die Nasionale Kurrikulumverklaring 'n besliste voorvereiste vir programontwikkeling. Vervolgens word daar kortliks gekyk na die struktuur en samestelling van die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Grade R-9 (skole). Dit word gevolg deur die riglyne wat tydens die ontwikkeling van leerprogramme in ag geneem moet word.

### **3.3 STRUKTUUR VAN DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING VIR GRAAD R-9 (SKOLE)**

Volgens die DvO (2002a) bestaan die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 uit agt leerareas, wat elk in 'n afsonderlike leerareaverklaring omskryf word. 'n Leerarea is 'n veld van kennis, vaardighede en waardes wat unieke kenmerke het, sowel as skakels met ander kennisvelde en leerareas. Die volgende leerareas vorm deel van die Nasionale Kurrikulumverklaring:

- Tale (Huistaal en Eerste Addisionele Taal van toepassing in die Grondslagfase)
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Omdat die navorser se primêre doel die ontwikkeling van 'n skoolfasiliteringsprogram is, is dit daarom baie belangrik om kennis te neem van die presiese uiteensetting van elke leerareaverklaring. Volgens die DvO (2002a), bestaan elk van die agt

verskillende leerareaverklarings vir Graad R-9 uit die volgende vier afdelings, naamlik:

- *'n Inleiding*, wat die Nasionale Kurrikulumverklaring en die spesifieke leerarea bekend stel, sowel as die doelstellings en unieke kenmerke daarvan.
- *'n Afdeling oor leeruitkomste en assesseringstandaarde*, wat die vereistes vir en verwagtinge van leerders in elke graad, byvoorbeeld in die Grondslagfase, beskryf. Die Grondslagfase fokus op die primêre vaardighede, kennis en waardes om verdere leer te verseker. Die leeruitkomste en assesseringstandaarde behoort as minimum of essensiële kennis, waardes en vaardighede, vir die suksesvolle voltooiing van die graad, beskou te word. Dit behoort egter nie al te wees wat onderrig word nie, maar bloot aan te dui wat noodsaaklik vir die leerder se vordering in die grondslagfase is, op 'n kontinuum van leeruitkomste en assesseringstandaarde.
- *'n Afdeling oor assessering*. Hierdie afdeling omskryf beginsels en riglyne vir assessering en maak voorstelle vir die verslaghouding en rapportering van assessering.
- *Naslaanlyste*. Hierdie afdeling sluit afkortings, akronieme (begrippe) en woordlyste in.

Omdat begripsverwarring moontlik 'n beduidende invloed op die kwaliteit van die skoolfasiliteringsprogram kan hê, word daar vervolgens oorgegaan tot die bespreking van enkele belangrike begrippe in die leerareaverklarings.

### **3.3.1 Belangrike begrippe in die Leerareaverklarings**

#### **3.3.1.1 Wat is 'n Leeruitkoms?**

Dit is 'n beskrywing van kennis, vaardighede, houdings en waardes wat leerders aan die einde van die Algemene Onderwys- en Opleidingsband (Gr. 9) behoort te weet, te demonstreer en na te streef. Leeruitkomste behoort integrasie en progressie in die ontwikkeling van begrippe, vaardighede en waardes te verseker, wat beteken dat sekere leeruitkomste gelyktydig aangespreek word binne 'n enkele aktiwiteit. Integrasie van leeruitkomste kan binne een leerarea plaasvind, maar leeruitkomste

van verskillende leerareas kan ook geïntegreer word. Progressiewe vordering, in terme van die moeilikheidsgraad van werk, kan binne graadverband geskied, maar ook van een graad na 'n volgende waargeneem word. So sal gesien word dat die leeruitkomste vir Grade R-3 basies dieselfde is, maar omdat die assesseringstandaarde progressief moeiliker raak van een graad tot 'n volgende, word leerders aan meer uitdagings blootgestel vanaf een graad tot die volgende. Leeruitkomste skryf nie inhoud of metode voor nie en kan gebruik word om gepaste kontekste te kies vir die ontwikkeling van die nodige kennis, vaardighede, houdings en waardes (DvO, 2002a).

Die skoolfasiliteringsprogram sal dus die leeruitkomstes duidelik moet aantoon.

### **3.3.1.2 Wat is 'n Assesseringstandaard?**

'n Assesseringstandaard beskryf die vlak, sowel as die manier, waarop leerders hul bereiking van die leeruitkoms(te) moet toon. Dit is graadspesifiek en toon hoe konseptuele progressie in 'n leerarea sal plaasvind, dit wil sê die assesseringstandaarde binne 'n enkele leeruitkoms bied toenemend meer uitdaging aan die leerders. Dit omskryf die nodige kennis, vaardighede en waardes ten einde die leeruitkomste te bereik, maar skryf nie metode voor nie (DvO, 2002a). Die opvoeder is dus welkom om enige konteks te kies wat gepas sal wees om die nodige kennis, vaardighede, houdings en waardes te onderrig. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat assesseringstandaarde die minimum vereistes aandui waaraan leerders behoort te voldoen, ten einde na 'n volgende graad bevorder te word. Opvoeders moet dus daarna streef om leerders te lei tot 'n vlak wat kognitief meer uitdagend is as wat bloot deur die assesseringstandaarde vereis word en geleenthede en uitdagings vir verdere ontwikkeling skep. Omdat daar so ongelooflik baie assesseringstandaarde is wat deur die loop van die jaar gedek moet word, is dit onmoontlik om te probeer om elke assesseringstandaard met 'n afsonderlike aktiwiteit te probeer aanspreek. Daarom kan assesseringstandaarde wat binne een leeruitkoms val, saamgegroepeer of gekluster word en gelyktydig deur middel van 'n enkele aktiwiteit gedek word (DvO, 2002a).

*Die skoolfasiliteringsprogram sal dus assesseringstandaarde moet aandui.*

### **3.3.1.3 Hoe verskil 'n Assesseringstandaard van 'n Leeruitkoms?**

Leeruitkomste beskryf wat leerders behoort te weet en te kan doen, terwyl assesseringstandaarde die minimum vlak, diepte en omvang beskryf van wat geleer word. In die praktyk beteken dit dat leeruitkomste, in die meeste gevalle, dieselfde van graad tot graad kan en sal bly, terwyl assesseringstandaarde progressief moeiliker word van een graad na die volgende. Leerondersteuningsmateriaal en ontwikkelingsprogramme vir onderwysers sal 'n belangrike rol in die interpretasie en verwesenliking van die leeruitkomste en assesseringstandaarde vervul (DvO, 2002a).

### **3.3.1.4 Leerprogramme**

Die Nasionale Kurrikulumverklaring vir Graad R-9 (Skole) word deur middel van leerprogramme in skole geïmplementeer. Leerprogramme is gestruktureerde en sistematiese groeperings van aktiwiteite, wat die bereiking van leeruitkomste en assesseringstandaarde vir die fase bevorder. Die navorser sal die leeruitkomste en assesseringstandaarde van Tale (Huistaal), Wiskunde en Lewensoriëntering as riglyn gebruik vir die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram. Die rede hiervoor is dat hierdie leerareas die kern van die drie leerprogramme (Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede) vorm. Die leeruitkomste en assesseringstandaarde van die vyf oorblywende leerareas (Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Kuns en Kultuur en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) word dan binne die drie leerprogramme geïntegreer. Leerprogramme spesifiseer die omvang van leer- en assesseringsaktiwiteite per fase. Omdat die skoolfasiliteringsprogram as aanvullend tot opvoeders se bestaande leerprogramme beskou moet word, kan opvoeders dus na gelang van omstandighede en afhangende van hul leerder(s), self besluit oor hoé hulle die inligting in die skoolfasiliteringsprogram by hul bestaande voorbereiding gaan integreer, ten einde skoolgereedheid te bevorder (DvO, 2003; WKOD, 2003a).

Opsommend is dit vir die navorser baie belangrik dat daar absolute duidelikheid moet wees aangaande die korrekte interpretasie van enkele belangrike begrippe, wat betrekking sal hê op die ontwikkeling van die skoolfasiliterings-program.

### **3.4 RIGLYNE WAT TYDENS DIE ONTWIKKELING VAN LEERPROGRAMME IN AG GENEEM MOET WORD**

Riglyne waarvolgens leerprogramme ontwikkel moet word, moet in lyn wees met Onderwyswitskrif Vyf oor Vroeë Kindontwikkeling (VKO), wat vereis dat leerprogramme sodanig ontwikkel moet word dat dit nie net die kind se regte beskerm nie, maar ook sy volle kognitiewe, emosionele en liggaamlike potensiaal sal ontwikkel, met inagneming van sy maatskaplike posisie (DvO, 2001a). In lande soos die Verenigde Koninkryk, Australië, Kanada, Verenigde State van Amerika, Nieu-Seeland, Ysland en Japan, vorm die ontwikkeling van reeds genoemde kriteria, die teoretiese onderbou, in die ontwikkeling van dié lande se skoolgereedheidsprogramme (skoolfasiliteringsprogramme) (Anning, 1998; Einarsdóttir & Tryggvadóttir, 1996; Fisher, 1991; Horgan & Douglas, 1995; Ishigaki, 1992; May & Carr, 1997; Miller, 1997; Reynarsson, 1992).

#### **3.4.1 Tydstoekening en gewigstoekening**

Tyds- en gewigstoekennings is 'n kwessie waarmee opvoeders en programontwikkelaars rekening moet hou. Dit behels die frekwensie of gereeldheid waarmee sekere leeruitkomste en assesseringstandaarde in die grondslagfase aangespreek moet word (DvO, 2003; WKOD, 2003d). In Graad een sal daar aanvanklik byvoorbeeld baie meer aandag gegee word aan leeruitkoms een van Wiskunde (Getalle, Bewerkings en Verwantskappe), aangesien dit die grondslag vir die ontwikkeling van getalbegrip vorm, waarop al die ander leeruitkomste berus. Dit sal dus daaglik aangespreek word, in vergelyking met byvoorbeeld Leeruitkoms vyf, wat handel oor datahantering. In Geletterdheid, sal die opvoeder aanvanklik baie meer fokus op Leeruitkoms een van Tale (Luister) en Leeruitkoms twee (Praat), aangesien dit weer die grondslag vir die ander leeruitkomste sal vorm. 'n Kind wat nie oor gepaste luister-en praatvaardighede beskik nie, sal dit byvoorbeeld baie moeilik vind om te dink en te redeneer (Leeruitkoms vyf van Tale).

In die Grondslagfase (Grade R, 1 en 2) behoort 22 uur 30 minute weekliks aan onderrig bestee te word en in Graad 3 ongeveer 25 uur (DvO, 2002a).

Die formele onderrigtydstoekening vir die Grondslagfase word in tabel 3.1 hieronder as persentasies van die tyd, soos alreeds genoem, verskaf:

Leerprogram	Tyd (%)
Geletterdheid	40%
Gesyferdheid	35%
Lewensvaardighede	25%

**Tabel 3.1: Formele onderrigtydstoekening vir die Grondslagfase (DvO, 2002a:19)**

Indien die persentasies omgeskakel word in terme van onderrigtyd per leerprogram per dag, dan behoort dit soos volg daaruit te sien.

Verpligte tye vir leerprogramme per dag vir Gr R-2 (relevant tot die studie)

Geletterdheid: 1h 45 min per dag

Syferkundigheid: 1h 30 min per dag

Lewensvaardigheid: 1h 15 min per dag (Departement van Onderwys, 2002a).

*By die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, sal die toekening van tyd aan bepaalde aktiwiteite in aanmerking geneem moet word.*

### **3.4.2 Integrasie**

Integrasie behels die saamgroepering van leeruitkomste binne 'n leerarea, of van uitkomste afkomstig van verskeie leerareas, binne een onderrigervaring (DvO, 2003). Geïntegreerde leer is ook van kernbelang in UGO. Die histories gefragmenteerde aard van kennishantering kan oorkom word, indien aandag geskenk word aan toepaslike integrasie binne leerareas, sowel as tussen leerareas. Met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram sal integrasie verseker word, aangesien die agt leerareas nie in isolasie aangespreek behoort te word nie, maar geïntegreerd binne die drie leerprogramme van die grondslagfase. Die integrasie sal op so 'n wyse gedoen word dat opvoeders dit maklik sal verstaan en dat dit natuurlik sal geskied en nie geforseerd nie.

*Volgens die DvO (2003) en die WKOD (2003d) moet programontwikkelaars dus bewus en op die uitkyk wees vir geleenthede vir integrasie.*

### 3.4.3 Leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (hulpmiddels)

Volgens die DvO (2003) speel leer- en onderrigondersteuningsmateriaal 'n baie belangrike rol in die onderrig-, leer- en assesseringsproses van die skoolkurrikulum (DvO, 2003). Verskillende leerareas, en dus ook verskillende leerprogramme, maak staat op verskillende hulpmiddels vir die sukses daarvan. Opvoeders moet wanneer hulle hul programme ontwikkel, vertrou wees met watter hulpmiddels benodig word en watter beskikbaar is. Volgens die DvO (2003) moet sorg gedra word dat daar nie leerprogramme ontwikkel word, waar 'n gebrek aan toegang tot hulpmiddels teen leerders sal diskrimineer nie. Opvoeders en ander ontwikkelaars van leerprogramme kan inisiatief neem en byvoorbeeld 'n verskeidenheid konkrete apparaat opbou (doppies of stokkies vir tellers) of hul eie leesmateriaal op ongedrukte koerantpapier skep na aanleiding van bekende stories of onlangse gebeure. Opvoeders moet ook sensitief wees vir die beperkings van leerders wat leerhindernisse ondervind en hoe hulle vordering deur die beskikbaarheid van hulpmiddels beïnvloed kan word. Hoewel leer- en onderrigondersteuningsmateriaal gebruik word om leer, onderrig en assessering in die klaskamer te steun, moet opvoeders daarteen waak om dit nie te gebruik om die kurrikulum te vervang nie. Die suksesvolle aanwending van materiaal word bepaal deur die opvoeder se vermoë om dit toepaslik en doeltreffend in die leerkonteks te gebruik. Deeglike keuring van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal is dus baie belangrik (DvO, 2003).

In 'n land soos die Verenigde Koninkryk, speel konkrete hulpmiddels 'n belangrike rol in die onderrig- en leerproses (Horgan & Douglas, 1995).

*In die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram sal deeglik rekening gehou word met beskikbare onderrigleerhulpmiddels of die ontwikkeling daarvan.*

### 3.4.4 Groepering van assesseringstandaarde

Wanneer opvoeders assesseringsaktiwiteite beplan, leerderprestasie opteken en verslag oor leerders se vordering doen, gaan hulle die assesseringstandaarde raadpleeg vir beskrywings van die minimum vlak waarop leerders bewys moet lewer dat hulle die verskillende leeruitkomste bereik het. Nadat opvoeders en programontwikkelaars die leeruitkomste gekies het en onderrig, leer en assessering beplan, sal hulle moontlik vind dat sekere assesseringstandaarde binne een

leeruitkoms op natuurlike wyse saamgegroepeer kan word (DvO, 2003; WKOD, 2003d). In sommige leerareas sou dit byvoorbeeld nie prakties wees om elke assesseringstandaard individueel te onderrig nie. Assesseringstandaarde staan eerstens nie alleen in daardie leerareas nie, en tweedens is daar eenvoudig te veel assesseringstandaarde per leeruitkoms om elkeen individueel te hanteer. (DvO, 2003; WKOD, 2003d).

In die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram sal deeglik rekening gehou moet word met die groepering van assesseringstandaarde.

### **3.4.5 Aspekte wat aandag behoort te verdien tydens die ontwikkeling van 'n leerprogram**

Programontwikkelaars en opvoeders moet, benewens reeds genoemde kriteria en riglyne vir programontwikkeling, ook kennis neem van die kritieke en ontwikkelingsuitkomst tydens programontwikkeling. Dit is uitkomst wat uit die Grondwet voortspruit, sowel as in die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewet (1995) omvat word. Dit definieer die eienskappe van die landsburger wat die onderwys en opleidingstelsel behoort op te lewer. Kritieke uitkomst kan nie as sodanig geassesseer word nie en daarom behoort die inhoud van die assesseringstandaarde die opvoeder te rig in terme van die diepte en omvang waarop onderrig behoort plaas te vind (DvO, 2003).

Die volgende aspekte moet tydens die ontwikkeling van 'n leerprogram aandag geniet (DvO, 2003):

#### ***(i) Kies die leeruitkomst***

Die leeruitkomst en die wyse waarop daaraan aandag geskenk word, is die dryfveer van die ontwikkelingsproses. Dit is belangrik dat programontwikkelaars sal besluit op watter leeruitkomst daar op 'n spesifieke tydstip gefokus moet word en hoe dit saam as 'n pakket aangebied sal word (DvO, 2003).

#### ***(ii) Identifiseer die assesseringstandaarde***

Programontwikkelaars moet identifiseer op watter assesseringstandaarde van elke leeruitkoms daar op 'n bepaalde tydstip in die leerprogram gefokus gaan word.



Assesseringstandaarde word juis beplan om te verseker dat bewyse verskaf word van hoe leerders teen die assesseringstandaarde presteer. Wanneer leerderprestasie opgeteken word, gaan programontwikkelaars, sowel as opvoeders, aandui hoe elke leerder aan die assesseringstandaard(e) voldoen en op watter vlak die leeruitkomste bereik word. Programontwikkelaars en opvoeders doen dan verslag oor elke leerder se prestasie en vordering teen die leeruitkomste (DvO, 2003).

***(iii) Bepaal die onderrig-, leer- en assesseringskonteks(te) en/of kernkennis en -begrippe***

By die ontwikkeling van leerprogramme moet programontwikkelaars andersyds duidelikheid hê oor die leerders se maatskaplike, ekonomiese, kulturele en omgewingskontekste. Andersyds moet rekening gehou word met moontlike kontekste wat gebruik kan word. Dit word weerspieël in die soort voorbeelde wat gebruik word, soort projekte wat gegee word, taal wat gebruik word, die struikelblokke wat uit die weg geruim word, en die onderrig-, leer- en assesseringsaktiwiteite. Wat kernkennis en -begrippe betref, moet opvoeders en programontwikkelaars 'n spesifieke een kies wat op die geïdentifiseerde leeruitkomste en assesseringstandaarde betrekking het (DvO, 2003).

***(iv) Uitgebreide geleentheid***

Dit behels die aanpassing van aktiwiteite om leerders met leerstoornisse te akkommodeer, sowel as uitdagings aan bogemiddelde presteerders te bied (DvO, 2003). In 'n land soos Nieu-Seeland, is die kurrikulum onder meer op ontdekkingsgeleentheid, wat deur middel van spel ontwikkel en bewerkstellig moet word, geskoei (Carr & May, 1993).

***(v) Beplanning van assessering***

Die verskillende assesseringsvorme en metodes behoort ook aangedui te word, aangesien onderrig en assessering geïntegreerd is. By die bespreking van assessering sal daar gefokus word op die relevante beginsels en beleide, wat van toepassing in die Grondslagfase (DvO, 2003) is.

In die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram sal bogenoemde stappe behoorlik gevolg moet word.

Vervolgens word daar oorgegaan tot die bespreking van die hoofdoel van elkeen van die drie afsonderlike leerprogramme, soos vervat in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole)-Onderwysersgids vir die ontwikkeling van leerprogramme (Grondslagfase) (DvO, 2003).

### **3.4.6 Hoofdoel van elke afsonderlike leerprogram met die oog op program-ontwikkeling**

#### **3.4.6.1 Geletterdheid**

Volgens die DvO (2002c; 2003) en die WKOD (2003c), is die hoofdoel van 'n Geletterdheid-leerprogram om die leerders in staat te stel om doeltreffend te kommunikeer, hetsy in gesproke of geskrewe/visuele vorm, soos weerspieël deur die leeruitkomstes in die NKV.

Volgens die DvO (2002c; 2003) en die WKOD (2003d), behoort leerders dus in staat te wees om die volgende te kan doen:

- Hulle sal inligting kan verwerk. Deur middel van die Geletterdheid-leerprogram word leerders van geleenthede voorsien om 'n verskeidenheid tekste te verstaan en daarop te reageer, insluitend gedrukte en nie-gedrukte media.
- Oordra van idees en inligting. Die Geletterdheid-leerprogram bied aan leerders geleenthede om idees te genereer en uit te ruil en dit met akkuraatheid, duidelikheid en kreatiwiteit oor te dra.
- Om verbande te trek tussen hulleself en die samelewing. Die Geletterdheid-leerprogram laat leerders toe om 'n begrip van hulleself en hulle wêreld te ontwikkel, deur bewus te raak van hoe mense taal vir verskillende doeleindes gebruik, byvoorbeeld om saam met ander te werk en verhoudings in die skool en die gemeenskap te vestig.
- Om toegang tot inligting te verkry. Deur middel van lees, kyk en skryf word leerders toegang gebied tot inligting, lewenslange leer en werksgeleenthede.

- Kreatiewe uitdrukking en aanbieding van prestasie. Die Geletterdheid-leerprogram laat leerders toe om hulleself deur verskeie kunsvorms te ervaar en om hulle vermoë te ontwikkel om hulle kreatiewe denke en idees uit te druk.

*Die skoolfasiliteringsprogram sal dus uit 'n sub-program vir die ontwikkeling van geletterdheidsontwikkeling moet bestaan wat vir die bogenoemde voorsiening sal moet maak, in ag genome die ontwikkelingsvlak van die onderhawige leerders.*

### **3.4.6.2 Gesyferdheid**

Die hoofdoel van 'n Gesyferdheid-leerprogram, is volgens die DvO (2002d; 2003) om by te dra tot die volle persoonlike ontwikkeling van die leerder en jong leerders van kennis, vaardighede en waardes te voorsien wat nodig is vir algemene sosiale en ekonomiese ontwikkeling. Dié leerprogram stel hom dus ten doel om die volgende te bereik:

- die kweek van voortgesette waarnemings-, sensoriese en motoriese ontwikkeling;
- die gebruik van die leerder se eie aangebore, intuïsie en ervaringskennis en vermoë, met getalle en ruimte as vertrekpunt vir voortgesette leer;
- genot te verseker van die ervarings wat voorsien word;
- vertrou te wek in die jong leerder se eie wiskundige vermoëns;
- om leerders aan te moedig om hulle eie benaderings met die omgang van getalle te ontwikkel;
- leerders in staat te stel om verwantskappe en logiese patrone in getalle te verstaan en te waardeer;
- te bou op die leerder(s) se ervaring van ruimte, tyd en beweging in hulle alledaagse lewe om te help met die strukturering en vertolking daarvan, deur middel van konkrete en diagrammatiese voorstelling, skatting en meting;

- die leerder(s) se vermoë(ns) te ontwikkel om wiskundig te kommunikeer, saam te werk om die oplossing van probleme te vind en die korrekte wiskundige terminologie en simbole te gebruik.

Die skoolfasiliteringsprogram sal dus uit 'n sub-program vir die ontwikkeling van syfervaardigheid moet bestaan wat vir die bogenoemde voorsiening sal moet maak, in ag genome die ontwikkelingsvlak van die onderhawige leerders.

### **3.4.6.3 Lewensvaardighede**

Lewensvaardighede is volgens die DvO (2002b; 2003) en die WKOD (2003d) daarop gerig om leerders te bemagtig om hul talente te gebruik, sodat hulle hul volle liggaamlike, geestelike, intellektuele, persoonlike, emosionele en sosiale potensiaal kan verwesenlik én holisties kan ontwikkel. Dit het verder ten doel om leerders:

- in staat te stel om sin te kan maak van die dinge wat hulle by die skool leer en om dit in hulle daaglikse lewens te integreer;
- leerders in staat te stel om verantwoordelike en ingeligte lewensbesluite te kan neem;
- bemagtigde burgers te word en
- kreatiewe denkers te wees.

In veral lande soos die Verenigde Koninkryk, Nieu-Seeland en Ysland, word daar baie klem gelê op die ontwikkeling van kinders se volle liggaamlike, geestelike, intellektuele, persoonlike, emosionele en sosiale potensiaal. In 'n land soos Ysland, spreek die skoolkurrikulum ook kulturele tradisies aan (Reynarsson, 1992).

Samevattend blyk dit vir die navorser dat riglyne en ontwikkelingskriteria, waarvolgens leerprogramme in Suid-Afrika ontwikkel behoort te word, slegs in enkele opsigte 'n beduidende korrelasie met dié van oorsese lande toon, soos wat genoem en bespreek is nie. Daarom sal die navorser vir die doel van hierdie studie, in samewerking met 'n multifunksionele span kundiges, 'n eie skoolfasiliteringsprogram vir Suid-Afrikaanse onstandighede moet ontwikkel.

*Die skoolfasiliteringsprogram sal dus uit 'n sub-program vir die ontwikkeling van lewensvaardighede moet bestaan wat vir die bogenoemde voorsiening sal moet maak, in ag genome die ontwikkelingsvlak van die onderhawige leerders.*

### **3.4.7 Die teikengroep van hierdie studie**

Die teikengroep vir wie die skoolfasiliteringsprogram ontwikkel sal word, is leerders tussen vyf-en-'n half en sewejarige ouderdom. Vir die doel van hierdie studie sal daar gevolglik hoofsaaklik op die assesseringstandaarde van Grade R en een gefokus word.

Die primêre doel van die skoolfasiliteringsprogram is juis die fokus op leerders se bemeestering van die nodige kennis, vaardighede en houdings, ten einde hulle in staat te kan stel om skolasties optimaal te kan funksioneer. Daarom is dit nodig dat leerders se progressie deeglik volgens Provinsiale en Nasionale riglyne geassesseer en gemonitor sal word. Vervolgens word daar nou oorgegaan tot die bespreking van assessering in die Grondslagfase.

## **3.5 ASSESSERING IN DIE GRONDSLAGFASE**

Leerderassessering is die barometer waarteen leerderprestasie(s) gemeet word, in terme van die integrasie en toepassing van vaardighede, kennis en houdings. Daarom word daar vervolgens gefokus op die relevante leerderassesseringsbeginsels en assesseringsbeleid wat van toepassing op die Grondslagfase en die skoolfasiliteringsprogram is.

### **3.5.1 Beginsels van Leerderassessering en Assesseringsbeleid**

Die Nasionale Kurrikulumverklaring vorm die grondslag vir deurlopende kurrikulumontwikkeling, die aanbieding daarvan én leerderassessering in Suid-Afrikaanse skole. Dit word duidelik gemeld dat leerderprestasie teen die assesseringstandaarde van die verskillende leeruitkomste in elke graad gemeet moet word (Staatskoerant no. 29626, 12 Februarie 2007). Dit is 'n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling, sintetisering en interpretering van inligting wat waardevol vir opvoeders, ouers en ander belanghebbendes is met betrekking tot leerderprestasie en vordering. (DvO, 2005b).

Ten einde leerders te help om hul volle potensiaal te bereik, moet assessering volgens die DvO (2002b), Naicker (1999), Staatskoerant (no. 29626, 12 Februarie 2007) en die WKOD (2003b; 2004) oor die volgende kenmerke beskik, naamlik:

- Rekening hou met die diverse behoeftes van leerders en hul konteks - 'n verskeidenheid assesseringstrategieë moet daarom gebruik word.
- Dit moet gebruik en beskou word as 'n integrale deel van die leer- en onderrigproses. Assessering moet daarom ook beskou word as 'n proses wat handel oor die inwin van inligting en die evaluering van onderrig en leer.
- Demokraties, deursigtig en duidelik gefokus wees.
- Dit moet nie-bevooroordeelend en sensitief wees ten opsigte van geslag, ras, kulturele agtergrond en leerders se vermoëns.
- Op voorafbepaalde kriteria of standarde gebaseer wees.
- Assessering behoort in die leerder se taal van leer- en onderrig te geskied.

Dit is dus duidelik dat beplanning en assessering 'n geheel vorm en assessering dus uit beplanning vloei. In die skoolfasiliteringsprogram, wat deur 'n multifunksionele span kundiges ontwikkel sal word, sal dus gesien kan word dat elke assesseringstandaard deur 'n verskeidenheid aktiwiteite toegelig sal wees, met assessering wat op die beplande aktiwiteite baseer is.

Vervolgens word die verskillende redes vir én vorme van assessering in die Grondslagfase beskou.

### **3.5.2 Doelstellings met betrekking tot assessering en verskillende vorme van assessering**

Die hoofdoel met betrekking tot leerderassessering is om leerders individueel te laat groei en ontwikkel, hul vordering te monitor en leer te fasiliteer. Ander belangrike redes vir leerderassessering sluit volgens Staatskoerant no. 29626 (12 Februarie, 2007) onder meer die volgende in:

- om aan ouers en ander belanghebbendes te rapporteer of 'n leerder die gewenste vlak(ke) van leervaardigheid gedurende die leerproses bereik het en om 'n profiel van die leerder se prestasies binne die kurrikulum te kan saamstel;
- om leerders se toegang ten opsigte van bepaalde kennis, vaardighede, waardes en houdings te help maksimaliseer, soos bepaal deur die Nasionale Kurrikulumverklaring;
- die vroeë identifisering van leerders met moontlike leerstoornisse en ontwikkelingsagterstande met die oog op leerondersteuning;
- om die progressie van elke leerder aan die hand van bepaalde kennis en 'n verskeidenheid vaardighede te help bepaal.

Dit kan genoem word dat die DvO (2004; 2005a; Foxcroft & Roodt, 2001) wel die gebruik van sielkundige toetsing ondersteun, mits dié inligting saam met kliniese waarneming korrek gebruik word vir die doel wat dit veronderstel is om te dien. Dit kan onder meer aangewend word om sterktes en leemtes by individue te help identifiseer.

In hierdie studie is die doel van assessering eerstens om te bepaal waar die leerder hom op elke ontwikkelingsaspek bevind sodat dit as basis vir lesbeplanning en differensiasie kan dien. Tweedens is die doel van assessering om te bepaal of die leerder vorder.

Die implikasie van bogenoemde vir die skoolfasiliteringsprogram is dat dit sodanig ontwerp sal word dat elke assesseringstandaard in nege ontwikkelingsvlakke afgebreek sal word (drie- tot sewejarige ouderdom). Sodoende kan dus bepaal word of 'n leerder op graadvlak presteer, of ontwikkelingsagterstande ondervind wat aangespreek moet word. Dit sal dan die nodige differensiasie in die klaskamer vergemaklik, veral in groot klasse waar leerders op verskillende vlakke funksioneer en presteer.

In die Grondslagfase is deurlopende assessering (DAS) 'n baie gewilde manier van assessering. Dit is die proses wat die versameling van geldige en betroubare inligting oor die prestasie van die leerder op 'n deurlopende grondslag behels. Dit

word aan die hand van duidelik gedefinieerde kriteria gedoen, terwyl daar van 'n verskeidenheid metodes, instrumente, tegnieke en kontekste gebruik gemaak word. Op hierdie manier ondersteun dit nie net leerders se groei en ontwikkeling nie, máár bied ook deurlopende terugvoering en versamel bewyse van leerderprestasie, met verwysing na die assesseringstandaarde van die leeruitkomst (DvO, 2002; 2003; WKOD, 2003a).

Verskillende assesseringsmetodes in die grondslagfase, sluit volgens die DvO (2002b; 2002c; 2002d; 2003) en Staatskoerant. No. 29626 (12 Februarie, 2007) onder meer die volgende in:

**(i) Aanvangsassessering van vroeëre leer**

Hierdie manier van assessering word gewoonlik aan die begin van 'n graad of fase gebruik om vas te stel of leerders oor die nodige vaardighede, kennis, houdings en waardes beskik om die eise van die nuwe graad aan te pak . Dit stel opvoeders ook in staat om leerprogramme en leeraktiwiteite te beplan. Die implikasie van aanvangsassessering vir die skoolfasiliteringsprogram is dat, wanneer leerders aan die begin van graad een geïdentifiseer word wat nie gereed is vir die eise van die graad nie, kan die skoolfasiliteringsprogram as hulpbron gebruik word om die leerders se skoolgereedheid te bevorder en uitvalle aan te spreek.

**(ii) Diagnostiese assessering**

Diagnostiese assessering word gebruik om vas te stel wat die aard en oorsaak van spesifieke leerders se leerhindernisse is. Dit word opgevolg deur gepaste strategieë vir ondersteuning of mediasie. Die opvoeder sou byvoorbeeld alle leerders se kennis van die betrokke klanke, wat vir die kwartaal aangeleer is, kon assesseer en bepaal watter leerders nog addisionele ondersteuning benodig. Soos wat uitvalle dus geïdentifiseer word, kan die opvoeder bepaal op watter vlak hulpverlening moet geskied. Na verloop van tyd kan ook bepaal word of 'n leerder na 'n volgende ontwikkelingsvlak gevorder het.



### **(iii) Formele assessering**

Formele assessering monitor en ondersteun die leer- en onderrigproses en word gebruik om opvoeders en ouers oor 'n leerder se vordering in te lig, ten einde leer te verbeter. Opbouende terugvoering, wat op leerdergroei gerig is, word gegee. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat formele assessering op graadvlak gedoen word, ten einde te bepaal of die leerder(s) aan die vereistes vir die graad voldoen het. Indien 'n leerder beduidende agterstande sou toon, sou die skoolfasiliteringsprogram as hulpbron gebruik kon word om hierdie leerder te ondersteun. Vervolgens word enkele voorbeelde van formele assessering genoem en bespreek.

- *Prestasiegebaseerde assessering.* Hierdie soort assessering vereis van leerders om hul vaardighede, kennis, houdings of waardes, hoofsaaklik in die vorm van waarneembare take, ens., te demonstreer. Daar word van leerders verlang om iets te skep, te maak of te demonstreer. Voordat 'n taak vir die leerders gegee word, moet die kriteria eers duidelik uitgespel word waarvolgens dit geassesseer gaan word. Die eindproduk, sowel as die proses wat die leerders gebruik om die taak te voltooi, word geassesseer volgens 'n puntestelsel, rubriek of kontrolelys.
- *Onderhoude (ouditiewe/mondelinge vrae).* Bewyse word verkry van 'n leerder se vermoë om te luister en om idees en kennis te vertolk en tydens 'n onderhoud (bv. 'n dialoog tussen die opvoeder en die leerder) of 'n gesprek oor te dra. In dié proses word twee assesseringsmetodes gekombineer, naamlik waarneming en vraagstelling. Die onderhoud moet goed beplan wees en die opvoeder moet aantekeninge maak van die leerder se response, byvoorbeeld op 'n rubriek.
- *Skryflike werk, insluitend werkblaaie.* Wanneer van leerders vereis word om aktiwiteite op skrif voor te lê, moet dit so beplan word dat die leerders se prestasie (skryflike werk) duidelik weerspieël word wanneer dit volgens die assesseringstandaard(e) vir die aktiwiteit geassesseer word.

### **(iv) Informele assessering**

Hierdie metode van assessering is ook deurlopend van aard, maar word op die vlak van die leerder gedoen om te bepaal of hy volgens sy eie vermoëns verbeter het, al dan nie. Vervolgens word enkele voorbeelde genoem en bespreek:

- *Waarneming.* 'n Voorbeeld van informele assessering is byvoorbeeld waarneming. Opvoeders gebruik hierdie tegniek om leerders se begrip en vordering te assesser. Opvoeders let byvoorbeeld fyn op wanneer leerders aan individuele, paar- en groepsaktiwiteite deelneem en luister na hulle gesprekke en besprekings.
- 'n *Spontane klastoets of aantekening* in 'n *skootboekie* tydens matwerk is ook voorbeelde hiervan. Nasionale kodes word nie tydens informele assessering toegeken nie, maar eerder rubrieke, kontrolelyste en punte. Omdat die skoolfasiliteringsprogram as deurlopende ondersteuning op die leerder se vlak van funksionering kan dien, sou dit ook deel kon vorm van informele assessering.

#### **(v) *Sistemiese assessering***

Deur middel van sistemiese assessering word die gepastheid van die onderwysstelsel geëvalueer. Een komponent hiervan is die assessering van leerderprestasie ten opsigte van nasionale aanduiders. Sistemiese assessering word aan die einde van elke fase van die Algemene Onderwys- en Opleidingsband uitgevoer. In hierdie opsig sal die skoolfasiliteringsprogram as hulpbron gebruik kon word vir skole wat swak presteer het ten opsigte van Geletterdheid en of Gesyferdheid.

Assesseringsvorme en -strategieë wat gekies word, moet gepas wees vir die assesseringstandaarde wat geassesseer word. Dit moet die leerder se kennis, vaardighede, houdings sowel as ontwikkelingsbehoefte op 'n gegewe ouderdom kan assesser (Staatskoerant no. 29626, 12 Februarie 2007). Die doel van assessering moet ook baie duidelik deur al die betrokke leerders en onderwysers verstaan word. Die samestelling van assesseringstake moet dus van so 'n aard wees, dat dit 'n verskeidenheid van leervaardighede assesser (DvO, 2002b; 2002c; 2002d; WKOD, 2003b). Die DvO (2004; 2005a), Luis en Jansen (2001) bepleit ook 'n holistiese benadering ten opsigte van assessering, aangesien die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaanse kinders in swak sosio-ekonomiese omstandighede grootword.

Alhoewel dit belangrik is om te besluit wat geassesseer gaan word en hoé dit gedoen sal word, is 'n ander belangrike oorweging ook wié die assessering gaan doen. Enkele moontlikhede sal vervolgens bespreek word, asook die implikasies daarvan vir die skoolfasiliteringsprogram.

### **3.5.3 Voorbeelde van assesseringsmetodes in die Grondslagfase**

Die volgende is voorbeelde van assesseringsmetodes wat opvoeders in die Grondslagfase met groot vrug kan gebruik.

- *Selfassessering.* Leerders kry deur middel van selfassessering die geleentheid om uitdrukking te gee aan wat hulle dink en hoe hulle oor hulleself en hulle werk voel, en/of hoe hulle aan die taak se kriteria voldoen het.
- *Opvoederassessering.* Dit is wanneer die opvoeder fisies die leerders individueel, in groepsverband of klasverband assesseer.
- *Paar- en groepeerassessering.* Die aantal groeplede kan van twee tot ongeveer tien wissel (DvO, 2002c; 2003; 2005b).

Uit bogenoemde kan dus afgelei word dat 'n verskeidenheid assesseringsmetodes gebruik sal moet word om 'n gebalanseerde leerervaring te verseker. Die navorser sal ook in die skoolfasiliteringsprogram moet verseker dat voorbeelde van al bogenoemde assesseringsmetodes ingesluit is, om leerders bloot te stel aan aktiewe deelname aan hul eie assessering en insig in hul vordering. Die skoolfasiliteringsprogram kan moontlik as 'n waardevolle hulpbron gebruik word saam met al die ander verskillende metodes van assessering, ten einde sinvolle hulpverlening te kan beplan.

Alhoewel die inagneming van assesseringsvorme, strategieë en metodes baie belangrik is, is die noukeurige optekening en rapportering 'n belangrike bydraende faktor om werklik die progressie van elke leerder te kan weergee. Enkele beginsels in hierdie verband sal vervolgens bespreek word.

### 3.5.4 Verslaghouding (Rapportering) aangaande assessering

Aangesien formele en informele assessering deurlopend van aard is, is goeie verslag- of rekordhouding 'n noodsaaklikheid. Alle rekords moet toeganklik wees, maklik wees om te interpreteer, veilig bewaar word en vertroulik en nuttig in die onderrig- en rapporteringsproses wees. Die assesseringskodes wat gebruik word, moet duidelik en verstaanbaar vir beide leerders en ouers wees (DvO, 2002b; 2002c; 2002d; WKOD, 2003a).

Gewoonlik is dit nie moontlik om inligting oor prestasie in elke leeruitkoms te gee nie. Rapporte behoort egter inligting oor prestasie in elke leerarea of leerprogram (in die geval van die Grondslagfase) te verskaf. Sulke inligting behoort van 'n verhalende aard te wees. Wanneer leerderprestasie gerapporteer word, moet die volgende nasionale kodes, tesame met kommentaar, volgens die DvO (2005b) en Staatskoerant No. 29626 (12 Februarie, 2007) gebruik word, soos in onderstaande tabel.

Nasionale Kodes	Beskrywing van leerdervaardighede
4	Uitstaande/uitstekende prestasie
3	Bevredigende prestasie
2	Gedeeltelike prestasie
1	Nie bereik nie

**Tabel 3.2: Staatskoerant No. 29626 (12 Februarie, 2007:13)**

Die uiteindelijke kode wat aan 'n leerarea of leerprogram toegeken word, verskaf 'n globale beeld van die prestasie van die leerder in daardie betrokke leerarea of leerprogram. Dit neem al die assesserings in daardie leerarea of leerprogram, dwarsdeur die jaar, in ag (WKOD, 2003a).

Die nasionale kodes word slegs toegeken aan formele assesseringstake. Elke assesseringstaak bestaan uit 'n aantal aktiwiteite. Elkeen van hierdie aktiwiteite word afsonderlik beoordeel. Nasionale kodes word egter nie by die beoordeling van hierdie afsonderlike aktiwiteite gebruik nie. Daar word byvoorbeeld van rubrieke, kontrolelyste en punte, byvoorbeeld uit tien, gebruik gemaak. Nadat elke afsonderlike aktiwiteit beoordeel is, word na die beoordeling van al die aktiwiteite in

totaliteit gekyk en 'n nasionale kode word aan die taak toegeken. In die skoolfasiliteringsprogram sal opvoeders onder meer van rubrieke, kontrolelyste en punte gebruik kon maak om aktiwiteite te assesseer. Hierdie aktiwiteite in die skoolfasiliteringsprogram sou dus deel kon vorm van 'n formele assesseringstaak (Staatskoerant no. 29626, 12 Februarie 2007).

Die skoolfasiliteringsprogram kan ook met groot vrug tydens informele assessering gebruik word. Die aktiwiteite tydens informele assessering kan deur middel van rubrieke, punte en kontrolelyste, asook simbole en op grond van waarneming, beoordeel word en byvoorbeeld op klaslyste aangeteken word. Soos alreeds elders in hierdie hoofstuk genoem is, is informele assessering egter op die leerder se vlak en dus sal die ontwikkelingsvlakke van die skoolfasiliteringsprogram gebruik kan word om aktiwiteite vir individuele leerders se assessering te kies.

Deeglike assessering en verslaghouding is dus van groot belang. Daar moet egter bewyse gelewer kan word waarop nasionale kodes en punte gebaseer is. Die leerderportefeulje is van uiterste belang, want dit kan as handige kruisverwysing dien tussen verslaghouding en die fisiese bewyse daarvan. Vervolgens word die leerderportefeulje en die relevansie daarvan vir die skoolfasiliteringsprogram bespreek.

### **3.5.5 Leerderportefeulje**

Die bewyse van die leerder se prestasie of bereiking in deurlopende assessering (DAS), d.w.s alle assesseringstake wat gebruik sal word om die leerder se prestasie te beoordeel, behoort in 'n portefeulje gebêre te word (Cohen & Spenciner, 2003). 'n Leerder behoort 'n portefeulje vir elk van die leerprogramme in die Grondslagfase te hê, naamlik vir Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede. Al dié inligting kan in 'n enkele lêer met drie onderafdelings, een vir elke leerprogram, gebêre word. Die datum waarop 'n taak voltooi is, moet duidelik aangedui word, aangesien dit inligting oor die leerder se ontwikkeling kan verskaf (Cohen & Spenciner, 2003; DvO, 2003; WKOD, 2003a).

In meegaande tabel 3.3 verskyn die verskillende leerareas vir Grade R-3 asook die voorgestelde aantal kere wanneer leerders formeel, per leerprogram per kwartaal, geassesseer behoort te word (Staatskoerant no. 29626, 12 Februarie 2007).

Leerprogramme	Kwartaal 1	Kwartaal 2	Kwartaal 3	Kwartaal 4	Totaal
Geletterdheid	4	4	4	4	16
Addisionele Taal (Opsioneel in Grade 1&2)	2	2	2	2	8
Gesyferdheid	3	3	3	3	12
Lewensvaardighede	1	1	1	1	4

**Tabel 3.3: Staatskoerant no. 29626 (12 Februarie 2007:13)**

Aangesien die skoolfasiliteringsprogram uit verskeie aktiwiteite met voorgestelde assesseringstrategieë bestaan, sou laasgenoemde deel van elke leerder se portefeulje kon vorm om (i) te bepaal of die leerder op graadvlak presteer het en (ii) watter individuele hulpverlening plaasgevind het om leerders met leerstoornisse te akkommodeer.

Hierdie portefeulje sal dan ook as aanvullend tot ander bewyse van intervensie gebruik kan word om te bepaal of 'n leerder na die volgende graad kan vorder, al dan nie.

Aangesien die leerderportefeulje waardevolle bewyse gee ten opsigte van die leerder se vlak van funksionering en uitvalle wat hy mag ondervind, dien dit as waardevolle hulpbron om hulpverlening spesifiek en relevant te maak.

Soos reeds genoem, bestaan die Nasionale Kurrikulumverklaring uit agt leerareas. Opvoeders en programontwikkelaars moet hulle deeglik vergewis van die inhoud van elkeen van hierdie leerareas. Die navorser fokus sy werk op die Grondslagfase (Grade R-3). Hy sal dus slegs op die bespreking van hierdie onderwysfase fokus en nie op die ander drie onderwysfases nie. In die Grondslagfase word die agt leerareas in die drie leerprogramme geïntegreer.

Vervolgens word daar oorgegaan tot die bespreking van die drie leerareas wat die kern van beplanning in die Grondslagfase vorm, naamlik: *Tale*, *Wiskunde* en *Lewensoriëntering*. Dié drie leerareas vorm op hul beurt weer die ruggraat van die drie leerprogramme in die Grondslagfase, naamlik *Geletterdheid*, *Gesyferdheid* en *Lewensvaardighede*, waarop gefokus sal word vir die doel van hierdie studie (DvO, 2002a).

Die skoolfasileringsprogram, wat ontwikkel sal word, sal uit hierdie drie leerprogramme bestaan.

### **3.6 DIE DRIE KERNLEERAREAS IN DIE GRONDSLAGFASE**

Soos reeds in die hoofstuk genoem is, sal daar van die leeruitkomste en assesseringstandaarde van Tale (Geletterdheid), Wiskunde (Geswyferdheid) en Lewensoriëntering (Lewensvaardighede) tydens die ontwikkeling van die skoolfasileringsprogram gebruik gemaak word. Dit is reeds genoem dat hierdie drie leerareas die kern van die drie leerprogramme vorm, waarby die oorblywende vyf leerareas integreer word. Vervolgens sal hierdie drie kernleerareas van naderby beskou word.

#### **3.6.1 Tale (Geletterdheid)**

##### **3.6.1.1 Definisie**

Volgens die DvO (2002a) sluit die leerarea Tale die volgende in:

- Al elf amptelike tale: Afrikaans, Engels, isiNdebele, IsiXhosa, isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda en Xitsonga.
- Tale wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) en die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad (SAFSERT) goedgekeur is, soos byvoorbeeld Suid-Afrikaanse gebaretaal.

Die navorser sal Engels-, Afrikaans- en IsiXhosa-sprekende leerders by sy studie betrek om sy steekproef sodoende verteenwoordigend van die Wes-Kaap se skoolgaande populasie te maak. Die DvO (2002c) en die WKOD (2007) se beleid is dat leerders, waar moontlik, solank as moontlik in hul huistaal moet leer en onderrig ontvang. Aangesien Engels die mees toeganklike taal vir die betrokke steekproef is, sal daar van die leerareaverklaring Huistaal (Engels) se assesseringstandaarde gebruik gemaak word, met die oog op die ontwikkeling van die skoolfasileringsprogram (Geletterdheid). Alhoewel Eerste Addisionele Taal reeds vanaf Graad R onderrig word, word dit eers formeel in Graad drie geassesseer. Vir die doeleindes van hierdie studie word daar slegs op Huistaal gefokus om die omvang van die studie te beperk.

Met die oog op die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, is dit baie belangrik dat die navorser deeglik sal kennis neem van die verskillende leeruitkomst van die leerarea, aangesien die leeruitkomst en hul onderskeie assesseringstandaarde die kern van die beplanning van die skoolfasiliteringsprogram sal vorm. Vervolgens word die leerarea Tale se verskillende leeruitkomst van nader beskou.

### **3.6.1.2 Leeruitkomst**

Die ses leeruitkomst van die leerarea Tale (Geletterdheid) word vervolgens bespreek, waarna 'n kort opsomming sal volg wat betrekking het op die relevansie en implikasies daarvan vir programontwikkeling.

- *Leeruitkoms 1: Luister. Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.* Die luistervaardighede waarmee leerders tot die skool toetree, behoort verfyn en gebruik te word om hulle praat-, lees-, kyk- en skryfvaardighede te ontwikkel. Aktiewe luister is sentraal tot leer, asook tot die ontwikkeling van beleefde verhoudings. Leerders kan luister om hul kennis van hul eie taal, sowel as ander tale en kulture uit te brei (DvO, 2002a; 2002c; WKOD, 2003c).
- *Leeruitkoms 2: Praat. Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.* Leerders moet geleer word om hul kommunikasievaardighede doeltreffend oor kultuur- en taalgrense heen te gebruik. Hulle behoort deur ervaring te leer dat veeltaligheid tot persoonlike en sosiale verryking lei. Hulle moet blootgestel word aan kommunikasie met mense wat spraak- en gehoorgebreke het en leer om sensitief ten opsigte van hul behoeftes te wees (DvO 2002a; 2002c; WKOD, 2003c).
- *Leeruitkoms 3: Lees en Kyk. Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.* Die hoofdoel met lees moet wees om betekenis uit die teks te skep. Tegnieke en strategieë, wat leerders help om toenemend akkuraat te lees, ondersteun hierdie proses van betekenis skep. Lees (insluitend visuele en multimedia-tekste) is noodsaaklik vir taalontwikkeling, om te leer skryf, vir genot,



persoonlike groei en om oor die wêreld te leer (DvO, 2002a; 2002c; WKOD, 2003c).

- *Leeruitkoms 4: Skryf. Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlikhede en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.* In die Grondslagfase werk leerders om hierdie leeruitkoms te bereik. Hulle leer dat skrif betekenis oordra en dat hulle daardie betekenis self skep. Hulle ontwikkel hul handskrifvaardighede om sodoende hul gedagtes en idees te kan aanteken, sodat ander dit kan lees. Die skryfkonvensies en die gebruike daarvan word bemeester, soos spelling en leestekens, om sodoende hul skryfwerk vir ander verstaanbaar te maak. Hulle leer dat skryf 'n proses is wat die volgende insluit: konsepskryf (kladwerk), hersiening, redigering, illustrasie en publikasie (DvO, 2002a; 2002c; WKOD, 2003c).
- *Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer. Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.* Die vaardighede in hierdie leeruitkoms vorm deel van alle aspekte van taalleer. Die rede vir die insluiting hiervan as 'n afsonderlike leeruitkoms is om die belangrikheid daarvan in die ontwikkeling van taal, regdeur die kurrikulum, te beklemtoon. Tale kan as 'n "toegangs" -leerarea beskou word, wat dit vir leerders moontlik maak om al hul ander leerareas te kan bestudeer. Opvoeders en programontwikkelaars moet dus verseker dat hulle voortdurend die taalgereedskap vir denke en redenering ontwikkel en konsolideer. Dit kan nie in isolasie plaasvind nie en leerders moet dus hierdie vaardighede in alle leerareas toepas (DvO, 2002a; 2002c; WKOD, 2003c).
- *Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik. Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.* Leerders sal begin ondersoek hoe taal werk en begin om 'n gedeelte taal te ontwikkel om oor taal te praat. Hulle sal byvoorbeeld terme soos "klank", "woord", "sin" en "punt" leer en gebruik. Dit sal hulle in staat stel om byvoorbeeld oor die spelling van woorde en die samestelling en punktuasie van enkelvoudige sinne na te dink en dit te bespreek (DvO, 2002a; 2002c; WKOD, 2003c).

Opsommend is dit volgens die DvO (2002a; 2002c) en die WKOD (2003c) baie duidelik dat reeds genoemde ses leeruitkomst die grondslag van 'n leerder se taalontwikkeling vorm. Die navorser is, soos die DvO (2002c), bewus van die feit dat leerders by skooltoetreding alreeds baie geleer het deur te luister en met verskillende grade van vlotheid en selfvertroue kan praat. Hulle is grootgemaak met die kultuur, tradisies en kennis wat integraal tot hul tuisomgewing is, wat 'n deel van hul taalkennis vorm. Die klaskamer behoort 'n ruimte te wees waar leerders se kennis geprys, gerespekteer en verder ontwikkel word. Dit is juis daarom dat graad een opvoeders, deur middel van aanvangsassessment, wil probeer vasstel wat die stand van 'n leerder se taalontwikkeling by skooltoetreding is én of dit op peil vir graad een is, al dan nie (DvO, 2002a; 2002c; WKOD, 2003c).

Vervolgens word daar as voorbeeld aangedui hoe die verskillende leeruitkomst met hul assesseringskriteria van die leerarea Huistaal (Engels), geïntegreer word met die kriteria vir skoolgereedmaking, soos in die vorige hoofstuk ontwikkel. Die nommers van die kriteria of die verskillende aspekte en die bladsy(e) waar hulle aangedui word, word na die assesseringskriteria aangedui. Sodoende verseker die navorser dat daar aan die eise vir kurrikulumontwikkeling voldoen word.

<b>LANGUAGE: ENGLISH HOME LANGUAGE: LO 1: Assessment Standards: Gr. R &amp; 1</b>	
<b>Learning Outcome 1: LISTENING: The learner will be able to listen for information and enjoyment, and respond appropriately and critically in a wide range of situations</b>	
<b>Gr. R</b>	<b>Gr. 1</b>
<b><i>We know this when the learner:</i></b>	<b><i>We know this when the learner:</i></b>
<p>1. Listens attentively to questions, instructions and announcements, and responds appropriately (<i>xxxii, p.29</i>); (<i>vii, p.54</i>); (<i>xxxii, p.55</i>); (<i>xxxvii, p.55</i>); (<i>xxxviii, p.55</i>).</p>	<p>1. Listens attentively to instructions and announcements, and responds appropriately (<i>xii, p.54</i>).</p>
<p>2. Demonstrates appropriate listening behaviour by listening without interrupting, showing respect for the speaker, and taking turns to speak (<i>xxxii, p.55</i>).</p>	<p>2. Demonstrates appropriate listening behaviour by listening without interrupting, showing respect for the speaker, taking turns to speak, and asking questions for clarification (<i>xxviii; xxix, p.68</i>).</p>
<p>3. Listens with enjoyment to oral texts (simple songs, rhymes, short poems and stories), and shows understanding:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• notes details and gives the main idea of an oral text (<i>xii, p.54</i>); (<i>xiii, p.55</i>).</li> <li>• acts out parts of the story, song or rhyme (<i>xii, p.54</i>); (<i>xiii, p.55</i>).</li> <li>• joins in choruses at the appropriate time (<i>vii, p.54</i>); (<i>xiii, p.55</i>).</li> <li>• draws a picture of the story,</li> <li>• song or rhyme (<i>xxx, p.55</i>).</li> <li>• puts pictures in the right sequence. (<i>visual perception, p.21</i>); (<i>auditory perception, p.30</i>).</li> </ul>	<p>3. Listens with enjoyment to short stories, rhymes, poems and songs from a variety of cultures, and shows understanding:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• listens for the main idea and important details in the story;</li> <li>• acts out parts of story, song or rhyme;</li> <li>• joins in choruses;</li> <li>• draws a picture of the story and writes a few words about it (<i>xxxii, p.55</i>); (<i>xxxvi; xxxvii, p.56</i>).</li> <li>• puts pictures in right sequence and matches captions with pictures (<i>visual memory; p.23</i>); (<i>auditory memory, p.32</i>).</li> <li>• answers open questions about the story (<i>xxviii, p.55</i>); (<i>xli, p.56</i>).</li> <li>• expresses feelings about the story (<i>emotional development, p.64</i>).</li> <li>• communicates back the sequence of ideas (<i>auditory memory, p.32</i>).</li> </ul>

4. (No Assessment Standard)	4. Listens, enjoys and responds appropriately to riddles and jokes ( <i>vii, p.54</i> ).
5. (No Assessment Standard)	5. Listens to messages and conveys them correctly ( <i>viii, p.54</i> ); ( <i>xxxi, p.55</i> ).
<p>6. Develops phonic awareness:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• distinguishes between different sounds, especially at the beginning and ends of words (<i>auditory discrimination, p.30</i>).</li> <li>• recognises some rhyming words in common rhymes and songs such as 'We're going to the zoo, zoo, zoo; you can come too, too, too' (<i>auditory discrimination, p.30</i>).</li> <li>• recognises that words are made up of sounds (<i>auditory analyses &amp; synthesis, p.33</i>).</li> <li>• segments oral sentences into individual words (using words of one syllable at first) (<i>auditory analysis, p.33</i>).</li> <li>• segments spoken multi-syllabic words into syllables (e.g. ba-na-na) using clapping or drumbeats (<i>auditory analysis, p.33</i>).</li> </ul>	<p>6. Develops phonic awareness:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• distinguishes between different phonemes, especially at the beginning of words (<i>auditory discrimination, p.30</i>).</li> <li>• recognises some rhyming words in common rhymes and songs such as 'We're going to the zoo, zoo, zoo; you can come too, too, too' (<i>auditory discrimination, p.30</i>).</li> <li>• recognises plurals ('s' and 'es'), '-ing' and '-ed' at the end of words (<i>xxxvii, p.56</i>).</li> </ul>

**Tabel 3.4: Leeruitkoms 1: Engels Huistaal en assesseringstandaarde (DvO, 2002c:16-56)**

<b>LANGUAGE: ENGLISH HOME LANGUAGE: LO 2: Assessment Standards: Gr. R &amp; 1</b>	
<b>Learning Outcome 2: SPEAKING: The learner will be able to communicate confidently and effectively in spoken language in a wide range of situations.</b>	
<b>Gr. R</b>	<b>Gr. 1</b>
<b><i>We know this when the learner:</i></b>	<b><i>We know this when the learner:</i></b>
1. Talks about family and friends ( <i>xxxvii, p.56</i> ).	1. Talks about personal experiences, feelings and news ( <i>xxxvii, p.56</i> ); ( <i>emotional development, 64</i> ).
2. Expresses own feelings and the feelings of real or imaginary people ( <i>emotional development, 64</i> ).	2. Communicates ideas using interesting descriptions and action words ( <i>xxxiv p.55; xxxv; xlv, p.56</i> ).
3. Sings and recites simple songs and rhymes ( <i>auditory expressive language, p.53</i> ).	3. Sings, recites, acts out and mimes songs, poems and rhymes ( <i>auditory expressive language, p.53</i> ).
4. Uses language imaginatively for fun and fantasy (e.g. to make up rhyming words) ( <i>auditory expressive language, p.53</i> ).	4. Uses language imaginatively for fun and fantasy ( <i>auditory expressive language, p.53</i> ).
5. Passes on messages ( <i>xxiii, p.68</i> ); ( <i>auditory memory, p.32</i> )	5. Passes on messages ( <i>xxiii, p.68</i> ); ( <i>auditory memory, p.32</i> ).
6. Recounts own personal experiences (i, p.67); ( <i>xiv, xvii &amp; xxvii, p.55</i> ).	6. Recounts in sequence personal experiences ( <i>xiv; xvii; xxvii, p.55</i> ).
7. Tells own stories and retells stories of others in own words ( <i>xxiv; xxxi, p.55</i> ).	7. Tells a familiar short story that has a beginning, middle and ending, using pictures for support if necessary ( <i>xxiv; xxxi, p.55</i> ).
8. Participates confidently and fluently in a group. <ul style="list-style-type: none"> <li>• Asks questions when the learner does not understand or needs more information, and responds clearly to questions asked of the learner (<i>xv; xxviii, p.55</i>); (<i>expressive language, p.53</i>).</li> </ul>	8. Contributes to class and group discussions: <ul style="list-style-type: none"> <li>• by taking turns, asking questions and showing sensitivity to the rights and feelings of others (<i>ii, p.67</i>).</li> <li>• reports back on behalf of group following group work (<i>xxxii; xxxiii, p.55</i>).</li> <li>• responds to questions asked by listeners (<i>xxviii, p.55</i>); (<i>auditory expressive language, p.53</i>).</li> </ul>

<p>9. Shows sensitivity when speaking to others.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Role-plays different kinds and manners of speech (e.g. telephone conversation) (<i>xxxix, p.56</i>).</li> </ul>	<p>9. Uses appropriate language for different occasions and with different people:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• interviews an adult visitor to the class (<i>xxii; xxviii, p.55</i>).</li> <li>• role-plays relevant situations such as making new friends (<i>xxx, p.68</i>).</li> <li>• varies tone and volume of voice (<i>expressive language, p.53</i>).</li> </ul>
---	--

**Tabel 3.5: Leeruitkoms 2: Engels Huistaal en assesseringstandaarde (DvO, 2002c:16-56)**

<b>LANGUAGE: ENGLISH HOME LANGUAGE: LO 3: Assessment Standards: Gr. R &amp; 1</b>	
<b>Learning Outcome 3: READING AND VIEWING: The learner will know and be able to read and view for information and enjoyment, and respond critically to the aesthetic, cultural and emotional values in texts.</b>	
<b>Gr. R</b>	<b>Gr. 1</b>
<b><i>We know this when the learner:</i></b>	<b><i>We know this when the learner:</i></b>
<p>1. Uses visual cues to make meaning:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• looks carefully at pictures and photographs to recognise common objects and experiences (<i>ii, p.28</i>).</li> <li>• identifies a picture or figure from the background (<i>figure ground, p.27</i>).</li> <li>• makes sense of picture stories (<i>ix p.54; xi, p.55</i>).</li> <li>• matches pictures and words (<i>xxxvi, p.29</i>).</li> <li>• uses illustrations to understand simple captions in story books (<i>ii, p.28</i>).</li> </ul>	<p>1. Uses visual cues to make meaning:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• predicts from the cover of a book what the story is about (<i>xxi, p.29</i>).</li> <li>• uses illustrations to interpret the meaning of stories, and tells a story (<i>xxi, p.29</i>); (<i>expressive language, p.53</i>).</li> <li>• interprets information including simple tables and graphical images found in print, media and advertising such as calendars and rosters, HIV/AIDS posters (<i>visual perception, p.21</i>).</li> </ul>
<p>2. Role-plays reading:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• holds a book the right way up, turns pages appropriately, looks at words and pictures and understands the relationship between them, and uses pictures to construct ideas (<i>xli, p.56</i>).</li> <li>• distinguishes pictures from print (e.g. by pointing at words rather than pictures when 'reading') (<i>visual discrimination, p.21</i>).</li> </ul>	<p>2. Role-plays reading:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• holds a book the right way up (<i>spatial orientation, p.38</i>).</li> <li>• turns pages appropriately (<i>xii, p.49</i>).</li> <li>• looks at words and pictures (<i>eye movements, p.45</i>).</li> <li>• uses pictures to construct ideas (<i>xli, p.56</i>).</li> </ul>
<p>3. Makes meaning of written text:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• understands the purpose of print - that it carries meaning (e.g. that a written word can signify own name);</li> <li>• 'reads' in a group with the teacher (<i>eye movements, p.45</i>).</li> <li>• makes links to own experience when reading with the teacher, viewing television or pictures;</li> <li>• describes and gives opinions of characters in stories or television programmes (<i>xi, p.50</i>); (<i>expressive language, p.53</i>).</li> </ul>	<p>3. Makes meaning of written text:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• reads a story with the teacher and: <ul style="list-style-type: none"> <li>- discusses the main idea (<i>expressive language, p.53</i>).</li> <li>- identifies the details (e.g. main characters, sequence of events, setting) (<i>auditory memory, p.32</i>).</li> <li>- says whether the story was liked and why (<i>xii, p.55</i>).</li> </ul> </li> </ul>

4. Listens to and retells a story with a moral value from own culture. ( <i>social development, p.65</i> ); ( <i>auditory memory, p.32</i> ); ( <i>expressive language, p.53</i> ).	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sequences pictures of stories with a moral value from a range of South African cultures, including own culture. (<i>social development, p.65</i>); (<i>auditory memory, p.32</i>); (<i>visual memory, p.23</i>); (<i>eye-hand coordination, p.47</i>).</li> </ul>
5. Identifies and names symbols linked to own religion. ( <i>cognitive development, p.57</i> ); ( <i>visual discrimination, p.21</i> ); ( <i>visual memory, p.23</i> ); ( <i>receptive language, p.51</i> ); ( <i>expressive language, p.53</i> ).	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Matches symbols associated with a range of religions in South Africa. (<i>cognitive development, p.57</i>); (<i>social development, p.65</i>); (<i>visual memory, p.23</i>).</li> </ul>

**Tabel 3.16: Leeruitkoms 2: Lewensoriëntering en assesseringstandaarde (DvO, 2002b:12-22)**

<b>LIFE ORIENTATION: Learning Outcome 3: PERSONAL DEVELOPMENT: The learner will be able to use acquired life skills to achieve and extend personal potential to respond effectively to challenges in his or her world.</b>	
<b>Gr. R</b>	<b>Gr. 1</b>
<b><i>We know this when the learner:</i></b>	<b><i>We know this when the learner:</i></b>
1. Says own name and address. ( <i>expressive language, p.53</i> ); ( <i>xviii, p.55</i> ).	<ul style="list-style-type: none"> <li>• States personal details. (<i>xxv, p.55</i>); (<i>expressive language, p.53</i>).</li> </ul>
2. Describes what own body can do. ( <i>expressive language, p.53</i> ); ( <i>xxxi, xxxii, p.55</i> )	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Describes own body in a positive way. (<i>expressive language, p.53</i>); (<i>xxxvii, p.56</i>); (<i>xxvii, p.68</i>).</li> </ul>
3. Expresses emotions without harming self, others or property. ( <i>emotional development, p.64</i> ); ( <i>social development, p.65</i> ).	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Shows and identifies different emotions, including respect for living things. (<i>emotional development, p.64</i>); (<i>receptive language, p.51</i>); (<i>expressive language, p.53</i>); (<i>xxiv; xxv; xxvi, p.68</i>).</li> </ul>
4. No Assessment Standard	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Copes with anger and disagreement in non-destructive ways. (<i>emotional development, p.64</i>); (<i>social development, p.65</i>).</li> </ul>
5. Adjusts to classroom routine and follows instructions. ( <i>emotional development, p.64</i> ); ( <i>social development, p.65</i> ); ( <i>auditory memory, p.32</i> ); ( <i>receptive language, p.51</i> ); ( <i>xxi, p.68</i> ).	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Manages the changed environment of the class and school. (<i>xxviii, p.68</i>); (<i>social development, p.65</i>); (<i>emotional development, p.64</i>).</li> </ul>

**Tabel 3.17: Leeruitkoms 3: Lewensoriëntering en assesseringstandaarde (DvO, 2002b:12-22)**



<b>LIFE ORIENTATION: Learning Outcome 4: PHYSICAL DEVELOPMENT AND MOVEMENT: The learner will be able to demonstrate an understanding of, and participate in, activities that promote movement and physical development.</b>	
<b>Gr. R</b>	<b>Gr. 1</b>
<b><i>We know this when the learner:</i></b>	<b><i>We know this when the learner:</i></b>
1. Plays running, chasing and dodging games using space safely. ( <i>ix - p.43; xiv; xvi; xviii, p.44; (xvi; xviii, p.68); (spatial orientation, p.38).</i> )	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Demonstrates ways of throwing, striking, rolling, bouncing, receiving and moving with a ball or similar equipment. (<i>xiv; xvi; xix; xx; xxi, p.44); (eye-hand coordination, p.47); (eye-foot coordination, p.48); (spatial orientation, p.38); (eye movement, p.45).</i>)</li> </ul>
2. Explores different ways to locomote, rotate, elevate and balance. ( <i>i; ii, p.43; (iii; iv; v; vi - p.43; x; xiii; xv, p.44).</i> )	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Uses a combination of body parts to locomote, rotate, elevate and balance, with or without equipment. (<i>i; ii, p.43); (iii; iv; v; vi; x; xiii); (xv; xvii; xviii, p.44).</i>)</li> </ul>
3. Performs expressive movements using different parts of the body. ( <i>emotional development, p.64); (eye-hand coordination, p.47); (eye-foot coordination, p.48).</i> )	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Responds to a variety of stimuli and expresses a range of different moods and feelings through movement. (<i>emotional development, p.64); (auditory memory, p.32); (xviii; xxi, p.44).</i>)</li> </ul>
4. Participates in free play activities. ( <i>social development, p.65); (xvii; xviii; xxiii, p.68); (eye-hand coordination, p.47); (eye-foot coordination, p.48); (spatial orientation, p.38).</i> )	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Participates in free play activities using a variety of equipment. (<i>xxix, p.68); (eye-hand coordination, p.47); (eye-foot coordination, p.44); (spatial orientation, p.38); (social development, p.65).</i>)</li> </ul>

**Tabel 3.18: Leeruitkoms 4: Lewensoriëntering en assesseringstandaarde (DvO, 2002b:12-22)**

### 3.7 ONTWIKKELING VAN DIE SKOOLFASILITERINGSPROGRAM

Die navorser sal die leeruitkomstes wat hier bo in die verskillende leerprogramme aangedui is, hulle onderskeie assesseringstandaarde, die kriteria wat in die vorige hoofstuk by laasgenoemde geïntegreer is gebruik as riglyne vir die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram.

In hierdie hoofstuk word aangedui dat die skoolfasiliteringsprogram aan die volgende vereistes moet voldoen:

- Aan die hand van die NKV-riglyne uitgewerk word

- Rekening hou met die kritieke uitkomst
- Gebaseer wees op die leeruitkomst en assesseringstandaarde van Grade R en een
- Ontwikkelingskriteria soos bespreek in die vorige hoofstuk
- Voorsiening maak vir leerderprogressie
- Integrasie binne, sowel as tussen die verskillende leerareas
- Saamgroepering van assesseringstandaarde binne een leeruitkoms
- Goed beplande aktiwiteite
- Hulpbronne
- Uitgebreide leerdergeleenthede
- Akkommodering van leerders met spesiale onderwysbehoefte
- Assesseringsbeginsels en assesseringsbeleid.

In die volgende hoofstuk sal daar gefokus word op die ontwikkeling van die skoolfasileringsprogram én die ontwikkeling van 'n geskikte assesserings-instrument.

## HOOFSTUK 4

# DIE ONTWIKKELING VAN 'N SKOOLFASILITERINGSPROGRAM EN 'N ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR VROEË SKOOLBEGINNERS

### 4.1 INLEIDEND

Die hoofdoelwit wat vir hierdie studie gestel is, omvat die ontwikkeling van 'n skoolfasiliteringsprogram vir vroeë skoolbeginners in die Wes-Kaap. So 'n program sal uit goed beplande leeraktiwiteite moet bestaan, wat op grond van die assesseringstandaarde van die drie leerprogramme se leeruitkomste gebaseer is, soos in die vorige hoofstuk genoem is. Ook moet dit aan die kriteria vir skoolgereedheid voldoen, soos ook in hoofstuk twee bespreek is. Vroeë skoolbeginners sal sodoende gehelp kan word om hul leerondervindinge te integreer, sodat ontwikkelingstake onderliggend tot skolastiese gereedheid, optimaal ontwikkel kan word. Om vir die vroeë skoolbeginners voorsiening te maak, sal die skoolfasiliteringsprogram aktiwiteite moet insluit waardeur ontwikkelingsagterstande en algemene probleme wat dié groep leerders met skooltoetrede ervaar, uitgeskakel of beperk kan word. Die program moet terselfdertyd prakties uitvoerbaar binne die huidige konteks van die teikengroep wees.

Ten einde die ontwikkelingsvlak van die skooltoetreders, asook die effektiwiteit van die voorgestelde program te bepaal, is 'n geskikte assesseringsinstrument ook noodsaaklik.

Die eerste deel van hierdie hoofstuk sal dus oor die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram handel, terwyl die assesseringsinstrument in die tweede deel aandag sal geniet.

Vervolgens word daar nou oorgegaan tot 'n beskrywing van hoe die skoolfasiliteringsprogram ontwikkel is.

## 4.2 DIE ONTWIKKELING VAN DIE SKOOLFASILITERINGSPROGRAM

### 4.2.1 Samestelling van die multifunksionele span

Die navorser het uit die staanspoor besef dat hy nie self die skoolfasiliteringsprogram sou kon ontwikkel nie en besef dat so 'n omvattende en omvangryke program slegs met die hulp van 'n multifunksionele span kundiges ontwikkel sou kon word. Die navorser het besef dat hy 'n span kundiges sou moes saamstel wat onder meer:

- vertrouwd is met Vroeë Kindontwikkeling;
- bewese ervaring in die onderrig van voorskoolse en Grondslagfase-leerders het;
- oor kennis van die ontwikkelingsielkunde beskik;
- kennis en ervaring van programontwikkeling het én
- vertrouwd met die DvO se riglyne vir programontwikkeling is.

Die navorser het toe 'n span saamgestel wat die skoolfasiliteringsprogram sou ontwikkel, wat uit die volgende professionele persone bestaan het:

- Die navorser as spanleier/fasiliteerder;
- 'n Grondslagfase kurrikulumadviseur in diens van die WKOD, wat moes toesien dat die programme aan die nasionale riglyne voldoen, soos vervat in die Onderwysersgids vir die Ontwikkeling van Leerprogramme (DvO, 2003);
- Drie baie ervare Graad een opvoeders in diens van die WKOD, waarvan een die outeur van verskeie boeke is wat oor die Graad een kurrikulum handel;
- Twee arbeidsterapeute, waarvan een 'n dosent aan die Universiteit van Stellenbosch is. Die ander een was vroeër betrokke by die uitwerk van tuisprogramme vir die Tygerberg Hospitaalskool en is tans op die personeel van 'n spesiale skool;
- 'n Hoof van 'n spesiale skool, wat deeglik met Vroeë Kindontwikkeling vertrouwd is en by programontwikkeling vir Spesiale skole betrokke is en

- 'n Grondslagfase-kundige wat heelyds programme skryf, kursusse aangaande Vroeë Kindontwikkeling aanbied én alreeds talle publikasies die lig laat sien het.

#### **4.2.2 Analisering van al die navorser se versamelde inligting**

Na deeglike analisering van die resultate van die 9 364 kinders wat gedurende 2002 en 2003 aan die WKOD se meetinstrument onderwerp was, is bevind dat slegs 36,69% (soos reeds in hoofstuk 1 genoem) van die leerders die volgende kriteria ten opsigte van skoolgereedheid suksesvol bemeester het, nl:

- Visueel motoriese koördinasie;
- Visuele persepsie;
- Ouditiewe persepsie;
- Taalbevoegdheid (kognitief);
- Emosioneel - sosiale vaardighede.

Op grond van dié inligting is besluit om 'n skoolfasiliteringsprogram te ontwikkel wat aan bogenoemde kriteria moes voldoen.

Vervolgens sal verwys word na die raamwerk wat gebruik is om die skoolfasiliteringsprogram te ontwikkel en gebruikersvriendelik te maak.

#### **4.2.3 Samestelling van die programraamwerk**

Tydens 'n beplanningsessie saam met die multifunksionele span oor die samestelling van die programraamwerk, is die promotor ook uitgenooi om hom van die proses te vergewis.

Vir die doel van hierdie studie is daar op die volgende programraamwerk besluit:

- (a) Naam van die leerarea waarvoor aktiwiteite uitgewerk moet word;
- (b) Die leeruitkoms wat aangespreek word;
- (c) Die assesseringstandaard wat aangespreek word;
- (d) Die ontwikkelingsvlak waarop die aktiwiteit(e) gebaseer is;
- (e) Integrasie met ander leerareas en assesseringstandaarde;

- (f) Die kennis wat die assesseringstandaarde aanvul;
- (g) Die vaardighede wat ontwikkel behoort te word;
- (h) Waardes en houdings wat aangespreek behoort te word;
- (i) Hulpbronne wat benodig word;
- (j) 'n Uiteensetting van die aktiwiteite en
- (k) wenke aan opvoeders ten opsigte van die aktiwiteite.

Die eerste uitgangspunt was dat die program op die bereiking van leeruitkomste en hul onderskeie assesseringstandaarde gebaseer sou word. Ten einde die assesseringstandaarde te bereik, moet bepaal word watter kennis, vaardighede, houdings en waardes relevant is. Deur al bogenoemde in gedagte te neem, is op relevante aktiwiteite besluit, wat die bereiking van leeruitkomste en assesseringstandaarde, binne 'n relevante konteks, sou komplementeer. Daarna is aangedui watter hulpbronne nodig sou wees vir die suksesvolle voltooiing van die aktiwiteite. Aangesien beplanning en assessering geïntegreerd behoort te wees, is die betrokke assesseringstandaarde gebruik om gepaste assesseringsaktiwiteite te beplan. Aangesien beplanning en assessering die diverse behoeftes van alle leerders in ag behoort te neem, is handige wenke ingesluit om die leer- en assesseringsproses te vergemaklik.

#### **4.2.4 Werkswyse in die ontwikkeling van die program**

Met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, is daar streng by die riglyne vir die ontwikkeling van leerprogramme gehou, wat in die Onderwysersgids vir die Ontwikkeling van Leerprogramme (Grondslagfase) vervat is, soos in die vorige hoofstuk genoem en bespreek is (DvO, 2003). Die leerder(s) se onderliggende ontwikkelingsvlakke tot skoolgereedheid en die spesifieke behoeftes en omstandighede van leerders in die Wes-Kaap, is ook in ag geneem.

Die primêre doel met die skoolfasiliteringsprogram was om die volgende ontwikkelingsaspekte aan te spreek, naamlik: motoriese, visueel-perseptuele, auditief-perseptuele, emosionele en sosiale ontwikkeling. Ook is ten doel gestel om die geletterdheids- en gesyferdheidsprobleme, wat deur Wes-Kaapse onderouderdom-leerders in graad een ervaar word, aan te spreek.

Die uitgangspunt was onder meer gegrond op die beginsels van kognitiewe en sosiale konstruktivisme, soos reeds in die vorige hoofstuk genoem en bespreek is.

Na deeglike bestudering van die drie leerprogramme se kernleerareas (Tale, Wiskunde en Lewensoriëntering), met hul onderskeie leeruitkomste en assesseringstandaarde, het die navorser besef dat aktiwiteite uitgewerk moes word om leerders se genoemde probleme te identifiseer en aan te spreek. Die genoemde drie leerareas, met hul leeruitkomste en assesseringstandaarde, sou die basis hiervan moes vorm. Die navorser en die multifunksionele span het daarna die nasionale riglyne vir die ontwikkeling van leerprogramme geraadpleeg en bestudeer.

Uit vele gesprekke wat die navorser met Grondslagfase-opvoeders en -kurrikulumadviseurs gevoer het, is tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n beduidende persentasie leerders is wat nooit voorheen in pre-primêre klasse/skole was nie en groot ontwikkelingsagterstande toon. Daar is tot die besef gekom dat die skoolfasiliteringsprogram aan die hand van die assesseringstandaarde van Grade R en 1 ontwikkel moes word, maar dat genoemde assesseringstandaarde addisioneel nog verder afgewentel sou moes word, sodat die skoolgereedheidsvlak van die heel swakker leerders ook geassesseer en bevorder sou kon word.

Volgens Landsberg en Gericke (2002), Sandall en Schwartz (2002) moet die kurrikulum oor basiese vlakke beskik, sodat leerders op verskillende intreevlakke geakkommodeer kan word én sukses kan ervaar. Engelbrecht et al. (1999) noem dat voorbereiding vir individuele leerders op die leerder se vlak van funksionering moet geskied. Dit impliseer dus dat die kurrikulum buigsaam genoeg moet wees, sodat dit in die behoeftes van alle leerders, gemeenskappe, gelowe, taalgroepe, etniese of ander groepe kan beantwoord. Daarom kan rigiditeit ten opsigte van die kurrikulum nié deur nasionale of provinsiale owerhede voorgeskryf word nie. Die kurrikulum moet wél gestruktureerd wees en daar moet voorsiening gemaak word dat dit toeganklik vir alle leerders sal wees (DvO, 2003; Landsberg & Gericke, 2002; Sandall & Schwartz, 2002; WKOD, 2003d).

Die ontwikkelaars van die skoolfasiliteringsprogram (hierna verwys as span) het toe besluit dat elke assesseringstandaard van al drie reeds genoemde leerprogramme in nege vlakke afwaarts ontwikkel moes word.

Elke vlak sou 'n ses maande ouderdomsinterval verteenwoordig, aangesien die navorser besluit het dat die ouderdomspektrum drie tot sewe jaar gedek moes word, soos in hoofstuk twee genoem.

Vir die doel van hierdie studie is daar besluit om funksioneringsvlakke (soos in hoofstuk 2 omskryf) aan leervlakke te koppel. Volgens onderstaande tabel word dit as volg voorgestel:

<b>Funksioneringsvlak</b>	<b>Leervlak</b>
3 jaar	leervlak 1
3½ jaar	leervlak 2
4 jaar	leervlak 3
4½ jaar	leervlak 4
5 jaar	leervlak 5
5½ jaar	leervlak 6
6 jaar	leervlak 7
6½ jaar	leervlak 8
7 jaar	leervlak 9

**Tabel 4.1: Koppelling van funksioneringsvlakke aan leervlakke**

Die voordeel hieraan verbonde is dat opvoeders kan sien dat leerders in Graad een die aktiwiteite van leervlakke 7, 8 en 9 volgens die assesseringstandaarde behoort te kan doen. Indien daar deur middel van evaluering vasgestel is dat 'n leerder nie die aktiwiteite van die leervlakke kan doen nie, kan die opvoeder bloot terugbeweeg na byvoorbeeld die aktiwiteite van leervlakke 6, 5, 4 ens, totdat 'n leerder wel die aktiwiteite suksesvol kan voltooi. Dit stel die opvoeder dan in staat om die leerder te help om daarvandaan progressief te kan vorder na die volgende leervlak totdat hy/sy leervlak 9 se aktiwiteite kan bemeester. 'n Verdere voordeel verbonde aan die leervlakke is dat dit die opvoeder help met die deurlopende assessering van die leerder se vordering in die drie verskillende leerprogramme.



Volgens nasionale riglyne is leer- en onderrigondersteuningsmateriaal ook 'n baie belangrike aspek wat deel van programontwikkeling vorm (DvO, 2003; WKOD, 2003d).


Verskillende leerareas en leerprogramme maak op 'n verskeidenheid hulpmiddels staat vir die sukses daarvan (DvO, 2003; WKOD, 2003d). Tydens die programontwikkeling is daar genoegsaam voorsiening gemaak vir onderrigondersteuningsmateriaal, omdat die span bewus is van die diverse behoeftes van skole, sowel as beperkte hulpbronne by sommige skole.

Met die ontwikkeling van die werksvelle, wat ook deel van leer-en onderrigondersteuningsmateriaal is, is daar onder meer ook voorsiening gemaak vir selfassessering en paar- en groepassessering. Met selfassessering kry leerders geleentheid om uitdrukking te gee aan wat hulle dink en hoe hulle oor hulleself en hulle werk voel/of tot watter mate hulle aan die taak se kriteria voldoen. Leerders moet dan bewus wees van watter kriteria gebruik word en dit verstaan. Engelbrecht et al. (1999) beskou selfassessering as 'n betekenisvolle stap in die rigting van selfbeheersde gedrag, wat leerders in staat stel om beheer oor hul eie leer en die aankweek van die gewoonte van lewenslange leer te neem. Aan die ander kant beskou die opvoeder weer selfassessering as 'n barometer van 'n suksesvolle opvoeder. Paar- en groepassessering vind plaas wanneer 'n aantal groeplede, wat van twee tot ongeveer tien wissel, mekaar assesseer (DvO, 2003; WKOD, 2003d). Volgens Engelbrecht et al. (1999) lei hierdie vorm van assessering daartoe dat leerders nie assessering deur hul portuurgroep as bedreigend ervaar nie en groter vrymoedigheid het om hul opinies te lug. Sodra leerders voel dat by die leerproses betrokke is en die verskillende maniere en kriteria van assessering verstaan, evalueer hulle dan weer die waarde van dié ondervinding wat nou eie aan hulle is.

Verder is daar ook genoegsaam voorsiening gemaak vir:

- interaksie tussen leerders;
- interaksie tussen leerders en opvoeders binne en buite die klaskamer en
- leergeleentede in die gemeenskap, binne gesinsverband of in ander sosiale of religieuse organisasies wat beskikbaar is (DvO, 2003; Landsberg & Gericke, 2002; WKOD, 2000a; 2003d ).

Tydens die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram is daar ook voldoende voorsiening gemaak vir sinvolle integrasie van leeruitkomste in die drie leerprogramme. In diagram 4.1 word geïllustreer hoe die verskillende leerareas geïntegreer is om die Gesyferdheid-leerprogram te vorm. Ten opsigte van die ander twee leerprogramme (Geletterdheid en Lewensvaardighede) is presies dieselfde gedoen.



**Diagram 4.1: Verskillende leerareas geïntegreer in die Gesyferdheid-leerprogram**

Aangesien die skoolfasiliteringsprogram, wat uit die drie leerprogramme bestaan, geweldig omvangryk is en uit 2 046 bladsye bestaan, sal dit nie moontlik wees om die inhoud daarvan hier te bespreek nie. Die drie leerprogramme se leeruitkomste en onderskeie assesseringstandaarde is in lesformaat uitgewerk en in CD formaat aan die binnekant van die proefskrif se agterste omslag beskikbaar. Sien Bylae C (p.

257) vir 'n volledig uitgewerkte assesseringstandaard op al nege ontwikkelingsvlakke wat aktiwiteitsbladsye met uitgewerkte lesse, sowel as leerondersteuningsmateriaal en leerderwerksblaaie insluit.

Vir die doel van hierdie studie word die bladuitleg vervolgens bespreek (sien voorbeeld op p.151) waarvolgens lesse uitgewerk en aktiwiteite beplan is.

#### **4.2.5 Bladuitleg van die leerprogramme**

'n Beplanningsbladsy (sien p.151) wat aan die hand van nasionale riglyne ontwerp is, bevat die volgende inligting:

- (a) LA: Life Orientation wat die naam van die leerprogram aandui.
- (b) LO1: Health Promotion. Dit dui die leeruitkoms se nommer aan en dit gee ook 'n beskrywing van wat die leerder aan die einde van die leeruitkoms behoort te bereik.
- (c) Direk onder dit, en in dieselfde raampie, volg die nommer van die spesifieke assesseringstandaard. Dit is die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet toon, ten einde die leeruitkomste te bereik.
- (d) In die daaropvolgende horisontale raampie volg die nommer van die spesifieke leervlak (level) waarvolgens die beplanning geskied en aktiwiteite voor uitgewerk is.
- (e) In die daaropvolgende raampie volg 'n beskrywing van die integrasie met ander verskillende leerareas en hulle leeruitkomste. Soos alreeds vroeër in die vorige hoofstuk genoem, is geïntegreerde leer van kernbelang in UGO (DvO, 2003; WKOD, 2003d). Daarom is daar met die ontwikkeling van dié programme gesoek na geleenthede vir integrasie, sowel binne leerareas as daaroor heen.

Die beplanningsbladsy word dan vervolgens verder onderverdeel in sewe vertikale kolomme:

- (f) Die *kennis*-kolom dui aan watter kennis die leerder veronderstel is om te bemeester tydens/na afloop van die les, d.w.s wat hulle moet ken, verstaan en weet.

- (g) Die *vaardighede*-kolom dui weer aan watter vaardighede die leerder(s) veronderstel is om tydens/na afloop van die les te bemeester, bv. vertel, skryf, vergelyk, beskryf en tel.
- (h) Die kolom vir *waardes* en *houdings* illustreer weer dié waardes en houdings wat die leerder(s) veronderstel is om aan te leer gedurende, sowel as na afloop van die les, bv. onafhanklikheid, mededeelsaamheid, waardering, genot ens.
- (i) Die vierde kolom bevat inligting omtrent die verskeidenheid van *bronnemateriaal*, sowel as die werksvelle wat die opvoeder gaan gebruik om leerder(s) te help, sodat hulle aan die assesseringstandaarde kan voldoen en die onderskeie leeruitkomst bereik. Op bladsy 152 is 'n voorbeeld van so 'n werksvel. Op bladsy 153 is ook 'n voorbeeld van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal wat weer deur opvoeders tydens die aanbieding van 'n les gebruik kan word.
- (j) Die *aktiwiteite* kolom word basies vir lesbeplanning gebruik. Kolomme vier (materiaal) en vyf (aktiwiteite) is dus komplementêrend tot mekaar in die beplanning van die les(se). Dit is ook belangrik om te noem dat 'n opvoeder, na gelang van 'n leerder se stand van skoolgereedheid, dalk meer as een lesuur sal benodig om 'n les te voltooi. In sommige gevalle kan opvoeders besluit watter aktiwiteite hy/sy wil gebruik, na gelang van die leerder(s) se probleem.
- (k) In die *assesserings*kolom word aangedui wat die opvoeder na afloop van die les(se) assesseer. Volgens die DvO (2003) is dit belangrik dat assessering 'n integrale deel van onderrig, leer en assessering tydens die ontwikkeling van 'n leerprogram sal vorm. Dit is belangrik om assessering só te beplan dat leerders met leerstoornisse en dié wat nie skoolgereed is nie, ook ingesluit word. Die kern bly steeds om te bepaal wat presies geassesseer moet word (d.w.s. begrippe, toepassing, vaardigheid). Die programme is juis ook só ontwikkel dat daar voorsiening gemaak word vir verskillende vorms van assessering, wat alreeds in die vorige hoofstuk bespreek is.
- (l) Die sewende kolom is 'n addisionele kolom uitsluitlik vir opvoeders. Dit bevat *wenke* wat hulle tydens hulle lesaanbieding(s) kan gebruik, asook met die oog op verdere beplanning.

Alhoewel die Grondslagfase-opvoeders in die Wes-Kaap reeds in die NKV opgelei is, behoort hierdie bladuitleg ten opsigte van die verskillende leerprogramme vir hulle van groot waarde te wees, sowel as die inhoud daarvan.

<b>(a)</b> LA: LIFE ORIENTATION						
<b>(b)</b> LO 1: HEALTH PROMOTION: The learner will be able to make informed decisions regarding personal, community and environmental health.						
<b>(c)</b> ASSESSMENT STANDARD 1: We know this when the learner: Explains the importance of drinking only clean water and eating fresh food.						
<b>(d)</b> LEARNING BLOCK 1: Shows some knowledge of how to use different eating utensils while enjoying a balanced meal.						
<b>(e)</b> INTEGRATION: LA: LANGUAGE: LO 1. Listens attentively; LO 2. Participates confidently; LO 3. Uses visual cues; LO 4. Experiments with writing. LA: SOCIAL SCIENCES: Geography: LO 3. Knows basic needs such as eating and the resources that help to meet these needs. LA: NATURAL SCIENCES: LIFE AND LIVING: Interaction in Environments: Knows that people depend on plants for food.						
<b>(f)</b> KNOWLEDGE	<b>(g)</b> SKILLS	<b>(h)</b> VALUES AND ATTITUDES	<b>(i)</b> MATERIALS	<b>(j)</b> ACTIVITIES	<b>(k)</b> ASSESSMENT	<b>(l)</b> TIPS
Shows some knowledge of how to use different eating utensils while eating a balanced meal.	<p>Listens to the vocabulary of and explanations how to use eating utensils.</p> <p>Observes the use of or demonstrations of the use of the utensils.</p> <p>Copies actions and ways to handle utensils.</p> <p>Names and describes uses of utensils.</p> <p>Demonstrates or performs eating actions.</p> <p>Lays a table with the necessary utensils for a meal.</p> <p>Uses utensils set out for a meal.</p>	Shows appreciation for healthy food by willingly using different eating utensils.	<p>Plastic, play or real cutlery, glassware and crockery.</p> <p>Cup, saucer or mug and spoon. Tea, coffee, drinking chocolate</p> <p>Slice of bread, plate, knife, margarine, spread or jam.</p> <p>Plate and spoon. Soft food like porridge/cereal.</p> <p>Play dough, plates, knife and fork.</p> <p>All the utensils needed for a tea party or meal.</p> <p>WORKSHEET 1: Eating utensils</p>	<p><b>Activity 1:</b> The educator and learner discuss the names and uses for the following: Plates, side-plates, bowls, glasses, mugs, cups, saucers, knives, forks, spoons and teaspoons. The following vocabulary for actions that has to do with eating are also demonstrated and discussed: Stir, scoop, pour, ladle, cut, stir, helping, Slurp, gobble, stuff, chew, swallow, hick-up, burp, etc. Discuss different ways of eating according to the customs of different cultures.</p> <p><b>Activity 2:</b> The learner copies the actions performed by the educator to learn how to pour in milk, spoon in sugar, stir with a teaspoon and drink chocolate, tea or coffee.</p> <p><b>Activity 3:</b> The learner copies the actions performed by the educator to learn how to spread margarine or butter and a spread or jam on a slice of bread, cut it in four and eat it neatly.</p> <p><b>Activity 4:</b> The learner copies the actions of the educator to learn how to eat food from a plate with a small knife and fork where no cutting is necessary. E.g. porridge/cereal.</p> <p><b>Activity 5:</b> The learner uses plastic cutlery and crockery and play-acts eating and using the utensils. Use play dough to practise the cutting up of food into small bite size pieces. The educator helps the learner by demonstrating the correct way to hold the knife and fork when cutting food.</p> <p><b>Activity 6:</b> The learner uses plastic cutlery and crockery to set the table for a meal. Learners enjoy the meal prepared for the centre or a dish prepared by parents at home, e.g. Macaroni &amp; cheese. For desert: some fruit (peeled and cut into bite-sized pieces, using spoons to enjoy)</p> <p><b>Activity 7:</b> The learner matches the utensils with the actions. E.g. Spoon - eating porridge; Knife - cutting food; Fork - lifting food to mouth; Teaspoon - stirring tea.</p>	Use utensils in the correct way while enjoying a balanced meal.	Collect different kinds of cutlery, glassware and crockery to have a ready supply for these lessons. Plastic utensils and play cups and saucers are readily available and necessary for the learner to play with and act out the methods of use.

Name: \_\_\_\_\_

Work Sheet 3


LA: LIFE ORIENTATION: LO 1. 3

Learning Block 1


Activity 3

## Visiting the doctor

Study the picture and tell what you see.



# Workers in and around our homes






#### **4.2.6 Assessering en aanpassing van die program**

Na voltooiing van die skoolfasiliteringsprogram het die navorser en die multifunksionele span weer krities na die program gekyk om vas te stel of dit aan die kriteria, soos in hoofstuk 2 ontwikkel is, asook die programvereistes (hoofstuk 3) voldoen, dit bespreek en die nodige aanpassings gemaak.

Onderstaande diagram 4.2 dien as opsomming en illustrasie van die werkswyse wat gevolg is in die ontwikkeling van die drie leerprogramme wat dien as skoolfasiliteringsprogram, aan die hand van nasionale riglyne vir program-ontwikkeling.



**Diagram 4.2: 'n Skematiese voorstelling wat al die aspekte met die ontwikkeling van die drie leerprogramme illustreer**

Samevattend kan gesê word dat, met die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram vir onderouderdom-leerders in die Wes-Kaap, gepoog is om 'n optimale bydrae tot hul skoolgereedheid te lewer. Ten einde die effek van die program te bepaal, is daar besluit om dit onder meer empiries te evalueer. Dit is gedoen deur 'n assesseringsinstrument vir dié doel te bekom, wat in die volgende afdeling van die hoofstuk bespreek word.

### **4.3 ONTWIKKELING VAN DIE ASSESSERINGSINSTRUMENT VIR SKOOLGEREEDHEID**

#### **4.3.1 Inleiding**

Die tweede doelwit wat vir hierdie studie gestel is, omvat die evaluering van die skoolfasiliteringsprogram vir vroeë skoolbeginners in die Wes-Kaap. Om dit te kan doen, is 'n geskikte assesseringsinstrument nodig wat ook aan empiriese evaluering onderwerp sal word. 'n Toepaslike assesseringsinstrument, wat as voor- en natoets sou dien, moes dus ontwikkel word.

#### **4.3.2 Ontwikkelingspan wat meetinstrument ontwikkel het**

Weens die diverse leerdersamestelling van die meeste skole in die Wes-Kaap, veral na die 1994 verkiesing, het die navorser, as deel van 'n multidissiplinêre span kundiges van die WKOD, 'n meetinstrument ontwikkel. Hierdie span kundiges het onder meer uit die volgende professionele persone bestaan:

- Twee sielkundiges (waarvan die navorser een was),
- Verskeie adjunk-hoofonderwyskundiges (leerondersteuning) en
- Leerondersteuningsfasiliteerders.

#### **4.3.3 Metode van ontwikkeling**

Die DvO (2004; 2005a) het bepaalde riglyne neergelê aan die hand waarvan assesseringsinstrumente ontwikkel behoort te word. Een van die basiese vereistes is dat assesseringsinstrumente die nodige vaardighede, kennis en houdings waaroor leerders by skooltoetreding moet beskik, kan assesseer. Die DvO (2004; 2005a)

bepaal verder dat sifting, identifikasie en assessering as 'n aaneenlopende proses van integrale onderrig en leer beskou moet word.

Trouens, die DvO (1997) beskou die vroeë identifisering en assessering van leerders met moontlike leerstoornisse, sowel as vroeë intervensie deur middel van programontwikkeling, as 'n nasionale prioriteit.

Tydens die ontwikkeling van die assesseringsinstrument moes onder meer die volgende aspekte van ontwikkeling ondersoek word, naamlik:

- motoriese ontwikkeling;
- visueel-perseptuele ontwikkeling;
- ouditief-perseptuele ontwikkeling;
- gesyferdheid;
- geletterdheid;
- emosionele en
- sosiale ontwikkeling.

Weens die feit dat die meetinstrument volgens nasionale riglyne ontwikkel en saamgestel moes word, kon daar gevolglik nie van bestaande evalueringinstrumente (BABY, 1994; Beery, 1967; Frostig, 1966; Goodenough-Harris Draw-A-Man Toets, 1992; Griffiths Scales of Mental Development, 1988; Groeptoets vir Skoolgereedheid van die Universiteit van Pretoria (SG), 1980; Herbst, 1989; Jooste, 1983; JSAIS, 1981; SEGO, 1984 ) gebruik gemaak word nie. As riglyn vir die samestelling van die assesseringsinstrument is bestaande meetinstrumente wel nagegaan, ten einde items as voorbeelde te gebruik (ASB, 1974; Beery, 1967; Frostig, 1966; JSAIS, 1981). By die seleksie van items vir die onderskeie subafdelings van die meetinstrument, is verseker dat die onderskeie items die nodige vaardighede, kennis en houdings sou toets wat leerders moes kon bemeester om skolasies optimaal te kan presteer. Tog is gepoog dat dit interessant en uitdagend vir die onderouderdom-leerders moes wees. Items wat verbale reaksie, sowel as handelings insluit, is verder so gekies dat die toetsafnemers terselfdertyd 'n

aanduiding van die leerder se werksingesteldheid, aandagtoespitsing en taakverrigting kon kry.

Na die ontwikkeling en seleksie van geskikte evalueringstems, wat leerders by skooltoetreding behoort te kan doen, is dit op so 'n wyse georden dat die leerders dit interessant sou vind, dit hul aandag sou behou en belangstelling sou prikkel. Volgens Griessel (2001) is dit belangrik dat items wat relatief maklik en nie bedreigend is nie, eerste afgeneem sal word. Die rede hiervoor is om te help voorkom dat die toetsling(e) oorweldig voel en eerder selfvertroue sal opbou en gemotiveerd wees soos wat die assesseringsproses vorder. Items wat konsentrasie, redenering en probleemoplossing verg, is gewoonlik in die middel van die assesseringssessie. Indien dit aan die einde geplaas word, bestaan die moontlikheid dat die toetsling(e) moeg kan wees en die toetsafnemer nie van die toetsling(e) se beste poging verseker sal wees nie. Die finale items moet ook relatief maklik en nie bedreigend wees nie, sodat die toetsling(e) die assesseringssessie op 'n hoë noot kan afsluit.

Omdat die navorser uit die staanspoor geweet het dat daar heelwat leerders by die studie betrek sou word, is daar ook in besonder aandag geskenk aan die lengte van die assesseringsinstrument. Volgens Griessel (2001) behoort die lengte van die assesseringssessie ook deeglik vooruit beplan te word. Dit sal hoofsaaklik deur die toetsling(e) se kognitiewe en fisiese vlak van ontwikkeling bepaal word. Griessel (2001) meen dat die assesseringstyd vir leerders in die Grondslagfase nie langer as vyf-en-veertig minute tot 'n uur behoort te wees nie.

Die meetinstrument is so opgestel dat elke sub-afdeling uit instruksies vir die opvoeder, sowel as die evalueringstems, bestaan. Dit het verseker dat die aanbieding van items vlot kon verloop en dat die assesseringsinstrument maklik geadministreer kon word.

Na voltooiing van die assesseringsinstrument, het die kurrikulumadviseur (grondslagfase), wat deel vorm van die multifunksionele span wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram, die inhoud geëvalueer en kommentaar gelewer. Aanbevelings is in berekening gebring voordat dit gefinaliseer is.

Daarna het die navorser 20 onderouderdom leerders geëvalueer, wat nie deel van die studie was nie. Geen probleme is ondervind met die afneem van die toets nie en dit het die navorser gemiddeld 25 minute geneem om 'n leerder te evalueer. Die navorser het ook twee leerondersteuningsopvoeders in twee skole, waarin hy werksaam is, gevra om die assesseringsinstrument uit te toets. Selfs hulle het geen aanbevelings gehad om te maak nie.

Aangesien daar Afrikaans-, Engels- en Xhosasprekende leerders én opvoeders by die studie betrek is, is die meetinstrument in al drie genoemde tale vertaal, soos alreeds vroeër gemeld. Volgens Kanjee (2001) verwys die vertaling van toetse na 'n proses waar 'n assesseringstrument van een taal na 'n ander taal vertaal word, met die behoud van sy oorspronklike betekenis. Toetsaanpassing behels ook dat die oorspronklike betekenis van die toets behoue bly, maar dat die toets meer aanpasbaar gemaak word vir 'n spesifieke konteks, sonder om die taal te verander. Volgens Jooste (1983) kan kommunikasie tussen die toetsafnemer en toetsling problematies wees wanneer 'n vreemde taal gebruik moet word. In hierdie verband kan die navorser noem dat by die vertalingsproses van die assesseringsinstrument uit Afrikaans in Engels en isiXhosa, al bogenoemde aspekte in berekening gebring is.

Volgens die DvO (2003), WKOD (2007) en Kanjee (2001) moet leerders se huistaal, waar moontlik as die taal vir onderrig, leer en assessering gebruik word.

'n Ander belangrike vereiste wat aan die meetinstrument gestel is, is dat objektiewe puntetoekenning moontlik moes wees.

#### **4.3.4 Omskrywing van die toetsmateriaal**

Die meetinstrument is in 'n toetsantwoordboek vervat, wat in *proefskrif bylae A* gevind kan word.

Vervolgens word daar oorgegaan tot die omskrywing van die verskillende onderafdelings waaruit die assesseringsinstrument bestaan.

##### **4.3.4.1 Motoriese ontwikkeling**

*Motoriese ontwikkeling* bestaan onder meer uit die volgende agt aktiwiteite:

- (i) Grootmotoriese beweging, waar die leerder alternerend drie keer op elke been moet spring.
- (ii) Fynmotoriese beweging, wat die los - en vasmaak van knope behels.
- (iii) 'n Oog-hand koördinasie aktiwiteit, waar die leerder 'n driehoek moet kan teken wat die opvoeder aan hom wys, soos in die addendum vervat.
- (iv) Oog-voet koördinasie, wat vereis dat die leerder 'n bal skop.
- (v) 'n Lateraliteit-aktiwiteit, waar die leerder sekere liggaamsdele moet kan uitwys.
- (vi) Middellyn-kruising, waar verwag word dat die leerder met een liggaamsdeel aan 'n ander een raak deur die middellyn van sy liggaam te kruis.
- (vii) Balans, waar die leerder vir minstens ses meter op 'n reguit lyn moet kan loop.
- (viii) Oogbewegings, waar die leerder met sy vinger aan sy neus moet raak terwyl hy na sy vinger kyk.

#### **4.3.4.2 Visueel perseptuele ontwikkeling**

*Visueel perseptuele ontwikkeling* bestaan onder meer uit die volgende agt aktiwiteite:

- (i) Visuele geheue. 'n Prent, wat in die bylae vervat is, word vir ongeveer 30 sekondes aan die leerder getoon en dan weer weggeneem. Daarna word van die leerder verwag om ten minste vier dinge te kan noem wat hy in die prent gesien het.
- (ii) By die visuele waarnemingsoefening moet die leerder kan uitwys watter prentjie in die groot blok soos die een in die klein blokkie lyk.
- (iii) Visuele diskriminasie-oefening, waar die leerder na vier prentjies kyk en 'n streep deur dié een moet trek wat nie soos die ander lyk nie.

- (iv) By figuur-agtergrond word daar 'n prentjie, wat in die addendum vervat is, aan die leerder gewys, waarna hy 'n hasie en 'n vis moet identifiseer.
- (v) By perseptuele konstantheid word van die leerder verwag om al die vierkante te kan identifiseer, soos in die addendum vervat is.
- (vi) By ruimtelike verhoudings moet die leerder met behulp van 'n potlood of kryt 'n kolletjie aan die bokant van die hoed maak.
- (vii) Die gestaltoefening vereis dat die leerder dieselfde figuur langsaan moet trek deur die kolle te verbind.
- (viii) Interpretasie van prente behels dat drie prente aan die leerder gewys word en hy dit dan in die regte volgorde moet rangskik, deur te sê wat onderskeidelik eerste en laaste gebeur het.

#### **4.3.4.3 Ouditiewe persepsie**

*Ouditiewe persepsie* bestaan ook uit agt aktiwiteite. Wat hier van belang is, is dat die opvoeder voor elke opdrag eers 'n oefenvoorbeeld saam met die leerder doen. Daarna word die opdrag aan die leerder gegee.

- (i) Hierdie aktiwiteit behels die identifikasie/diskriminasie van 'n enkelklank. Die opvoeder lees 'n sin vir die leerder en vra daarna vir die leerder om die laaste klank in 'n spesifieke woord te identifiseer.
- (ii) Die aktiwiteit behels ouditiewe geheue en herroeping van 'n sin. Die opvoeder lees 'n sin aan die leerder wat hy dan weer moet herhaal.
- (iii) Vir die aktiwiteit aangaande ouditiewe diskriminasie lees die opvoeder vir die leerder pare woorde waarin van die woorde dieselfde is en ander weer nie. Die leerder moet dan aandui of twee woorde dieselfde of anders klink.
- (iv) Die aktiwiteit aangaande ouditiewe diskriminasie (herkenning van beginklanke), behels weer dat die opvoeder aan die leerder 'n woord sê en die leerder moet kan sê watter klank hy eerste hoor.



- (v) Die aktiwiteit aangaande ouditiewe diskriminasie (herkenning van eind-klank), behels weer dat die opvoeder 'n woord aan die leerder sê en die leerder moet kan sê watter klank hy laaste hoor.
- (vi) Ouditiewe sintese behels dat die opvoeder 'n woord wat byvoorbeeld uit drie letters bestaan aan die leerder klank en die leerder weer op sy beurt moet kan aandui watter woordjie dit vorm.
- (vii) Ouditiewe volgorde behels dat die opvoeder aan die leerder 'n opdrag gee wat byvoorbeeld uit drie stappe bestaan en dan van die leerder verwag om dit uit te voer.
- (viii) Storiegeheue behels dat die opvoeder 'n storie vir die leerder lees wat hy op sy beurt vir die opvoeder moet kan herhaal.

#### **4.3.4.4 Syferkundigheid**

Die afdeling oor *syferkundigheid* bestaan uit twaalf verskillende aktiwiteite. Afhangende van die opdrag, moet die leerder dan die korrekte antwoord omkring of 'n streep daardeur trek.

- (i) In die eerste aktiwiteit word aan die leerder drie blokkies vertoon waarin onderskeidelik twee, vier en net een vissie in is. Hy moet dan 'n streep trek deur die blokkie met net een vissie in.
- (ii) By aktiwiteit nommer twee word weereens drie blokkies aan die leerder vertoon met onderskeidelik drie, vier en een potlood(e) in. Die leerder moet dan 'n streep deur die blokkie trek met die vier potlode in.
- (iii) In die daaropvolgende aktiwiteit word 'n sirkel met drie seeperdjies daarin aan die leerder vertoon. Daar naas is daar drie blokkies met onderskeidelik twee, vier en vyf seeperdjies in. Die opdrag is dan dat die leerder die blokkie moet omkring met een seeperdjie méér as dié in die sirkel.
- (iv) Die volgende aktiwiteit is gebaseer op dieselfde beginsel as die vorige een, maar hier word nou van die leerder verwag om die blokkie te omkring wat twee appels minder bevat as die een met die omkringde appels.

- (v) By die aktiwiteit word drie seuns van verskillende lengtes aan die leerder getoon. Van die leerder word dan verwag om met 'n potlood 'n streep deur die langste leerder te trek.
- (vi) Twee voorwerpe word aan die leerder getoon en hy moet dan 'n streep deur die swaarste een trek.
- (vii) Hier word vier skape wat horisontaal gerangskik is aan die leerder getoon. Hy moet dan 'n streep trek deur die een wat laaste is.
- (viii) Vyf huisies word aan die leerder getoon. Hy kry dan die opdrag om 'n streep deur die middelste een te trek.
- (ix) Vier hasies met 'n hond tussen hulle word aan die leerder getoon met die opdrag om 'n streep deur die hasie te trek wat agter die hond sit.
- (x) 'n Varkie, twee skoelappers en 'n vis word aan die leerder getoon. Die opdrag is dan dat die leerder 'n streep deur die skoelapper sal trek wat langs die vis is.
- (xi) Vier blokkies met vissies daarin word aan die leerder getoon. Die leerder moet dan 'n streep trek met die blokkie met ewe veel vissies daarin.
- (xii) Drie glase word aan die leerder getoon met die opdrag dat hy 'n streep deur die volste glas moet trek.

#### **4.3.4.5 Geletterdheid**

By die afdeling oor *geletterdheid*, is aktiwiteite saamgestel met die ASB (Aanlegtoets vir Skoolbeginners) as riglyn. Dié afdeling bestaan onder meer uit aktiwiteite wat insluit:

- (i) Voorsetsels. Die opvoeder sê aan die leerder. Sit jou vinger op die blaar en trek 'n streep deur die seuntjie wat bo is.
- (ii) Kategorisering. Die leerder moet sy vinger op die motor/kar plaas en dan 'n streep deur die prentjie trek wat nie by die ander pas nie.

- (iii) Kategorisering. Die opvoeder sê vir die leerder om sy vinger op die peer te sit en dan 'n streep deur die prentjie te trek wat nie by die ander pas nie.
- (iv) Negatief. Die leerder moet sy vinger op die baba plaas en dan 'n streep deur die seuntjie trek wat nié die bal het nie.
- (v) Tyd. Die opvoeder sê aan die leerder om sy vinger op die emmer te plaas en dan 'n streep deur die prentjie te trek wat wys dat mamma die wasgoed opgehang het.
- (vi) Vergelykende verhoudings. Die opvoeder sê aan die leerder om sy vinger op die trui te sit en dan 'n streep deur die dier te trek wat groter is as die muis, maar kleiner is as die vark.
- (vii) Vergelykende verhoudings. Die opvoeder sê vir die leerder om sy vinger op die kat te sit en dan 'n streep deur die prentjie te trek wat swaarder is as die ballon, maar ligter as die besem is.
- (viii) Verbale redenering. Die opvoeder sê aan die leerder om sy vinger op die son te plaas en dan 'n streep te trek deur die voertuig wat net op 'n spoor kan ry.

#### **4.3.4.6 Emosionele ontwikkeling**

Hierdie afdeling bestaan uit vier vrae ten opsigte van die emosionele beoordeling van die leerder.

- (i) Ten opsigte van die eerste vraag moet die opvoeder kan bepaal of die leerder dit moeilik vind om nuwe take aan te pak al dan nie.
- (ii) Ten opsigte van die tweede vraag moet die opvoeder kan bepaal of die leerder take met selfvertroue kan voltooi.
- (iii) By hierdie vraag moet die opvoeder weer kan bepaal of die leerder dromerig en stadig in die uitvoer van opdragte is.
- (iv) Die laaste vraag handel of die leerder die nodige selfbeheersing kan openbaar en nie impulsief optree nie.

#### **4.3.4.7 Sosiale ontwikkeling**

Soos die vorige afdeling, bestaan hierdie een ook uit vier vrae vir beoordeling deur die opvoeder van die leerder.

- (i) Die opvoeder moet kan vasstel of die leerder maklik opstandig raak al dan nie.
- (ii) By hierdie vraag moet die opvoeder kan bepaal of die leerder die opvoeder se aandag met die res van sy klasmaats kan deel.
- (iii) Ten opsigte van hierdie vraag moet die opvoeder weer kan vasstel of die leerder maklik sy behoeftes kan kommunikeer, bv. toestemming vra om die klas te verlaat of as hy iets soos bv. 'n potlood sou benodig.
- (iv) By die laaste vraag moet die opvoeder weer kan bepaal of die leerder probeer om, by wyse van onvanpaste gedrag, aandag op hom te vestig al dan nie.

#### **4.3.5 Afneemprosedures**

Elke onderouderdom-leerder wat by die studie betrek word, sal weens logistiese redes by sy eie skool deur sy klasopvoeder geëvalueer word. Afgesien van die bekendheid van die omgewing aan die leerders by hul onderskeie skole, sal daar tog spesiale aandag aan die strukturering van die toetsomgewing gegee moet word. Omdat opvoeders nie die geraas van ander graad een leerders geheel en al sal kan uitskakel nie, sal aanbeveel word dat leerders in 'n aparte stil lokaal/klaskamer geëvalueer word, terwyl ander opvoeders toesig hou oor die res van die leerders. 'n Ander alternatief is dat opvoeders spesiale reëlings met leerders se ouers kan tref, waarvolgens leerders aan die hand van 'n program na skool geëvalueer kan word.

Die leerder se response/antwoorde word in 'n toetsantwoordboekie aangeteken, soos alreeds vroeër genoem is. Evaluering behoort binne 'n rustige atmosfeer te geskied en leerders moet aangemoedig word om hul bes te doen. Opvoeders moet instruksies noukeurig en nougeset uitvoer.

### **4.3.6 Punttoekenning**

'n Leerder verdien een punt vir 'n korrekte respons terwyl 'n verkeerde respons geen punt verdien nie. Op elke bladsy langs die onderskeie items is daar twee smal kolomme aan die regterkant. In die eerste kolom staan daar heel bo "in staat" met 'n 1 daar onder en in die tweede kolom "nie in staat nie" met 'n 0 daaronder. Indien 'n vraag onder 'n afdeling uit meer as een aktiwiteit bestaan, word daar presies aan die opvoeder/toetsafnemer verduidelik onder watter omstandighede 'n korrekte respons(e) wel 'n punt verdien, al dan nie. Puntetotale van die onderskeie onderafdelings verskil ook. Dit wissel van twaalf tot vier per onderafdeling, mits 'n leerder al die items korrek het. Hierdie puntetotale kan linêr getransformeer word, sodat leerderprestasie volgens die Nasionale Kodes van die Nasionale Onderwysdepartement gerapporteer en bespreek kan word. Op die buiteblad van die meetinstrument, net onder die afdeling wat handel oor instruksies vir die toepassing daarvan, is daar voorsiening gemaak vir die plot van die leerder se prestasie in elkeen van die onderafdelings volgens die Nasionale Kodes. Dit stel dan die opvoeder/toetsafnemer in staat om 'n geheelbeeld van 'n leerder se prestasie voor hom te hê. Dié toetsprofiel is ontleen aan die ASB, waar 'n geheelbeeld van 'n leerder se prestasie gevorm kan word.

### **4.3.7 Betroubaarheid van die meetinstrument**

Dit is belangrik dat 'n toets tog aan sekere eienskappe moet kan voldoen om goeie resultate te verkry. Twee van dié baie belangrike eienskappe is onder meer geldigheid en betroubaarheid. Omdat die meetinstrument, wat vir die doel van hierdie studie ontwikkel is, nie aan 'n ander meetinstrument gemeet kan word nie, kan die geldigheid daarvan daarom nie bepaal word nie. Die betroubaarheid van 'n toets verwys na die konsekwentheid waarmee dit van geleentheid tot geleentheid sal meet, ongeag van wanneer dit toegepas word en deur wie dit nagesien word (Anastasi & Urbina, 1997; Drummond, 2004; Huysamen, 1986; Owen & Taljaard, 1989). Vir die doel van hierdie navorsing is die toets-hertoets betroubaarheid en die interne konsekwentheid bereken. Omdat dit 'n assesseringsinstrument is wat die skolastiese vaardighede van leerders toets om te bepaal of hulle skoolgereed is al dan nie, sal die effektiwiteit van die assesseringsinstrument ook bepaal word.

### 4.3.8 Toets-hertoetsbetroubaarheid

Volgens Huysamen (1986) moet 'n relatief groot groep proefpersone, wat verteenwoordigend van die populasie is waarvoor die toets ontwerp is, verkry word om die toets-hertoetsbetroubaarheid te kan ondersoek. Dieselfde toets word dan by twee opeenvolgende geleenthede op hierdie groep toegepas en die tellings wat so verkry is, word dan gekorreleer om 'n stabiliteitskoëffisiënt te verkry (Anastasi & Urbina, 1997; Cohen & Swerdlik, 2002). Volgens Cohen en Swerdlik (2002), Huysamen (1986), Rosenthal en Rosnow (1991) is hierdie metode egter alleenlik geldig vir toetse wat nie vir geheue, oefening of ander oordragseffekte vatbaar is nie. Die toets-hertoets betroubaarheid van die assesseringsinstrument is gemeet deur die voor- en natoetsmetings, wat agt maande na mekaar op al die motoriese-, visueel-perseptuele-, ouditief-perseptuele-, gesyferdheid-, geletterdheid-, emosionele en sosiale onderafdelings verkry is, met behulp van 'n SPSS-X (Pearson korrelasie koëffisiënt)-program te korreleer.

#### 1. TOETS HERTOETSBETROUBAARHEID

	<b>Pearson Produktmoment Korrelasie</b>	<b>p-waarde</b>
A	0.575	0.000
B	0.629	0.000
C	0.631	0.000
D	0.485	0.000
E	0.451	0.000
F	0.558	0.000
G	0.308	0.000
Totaal	0.676	0.000

Die korrelasies is almal beduidend op die 1% betekenispeil.

Die toets-hertoets betroubaarheid (stabiliteitskoëffisiënt) vir die meetmiddel in geheel is 0.676 (N=204). Die determinasie-koëffisiënt hiervan dui op 'n ooreenkoms van 46% tussen die voor- en natoetsresultate. Die onderskeie toets-hertoets betroubaarheidskoëffisiënte, wat vir die globale motoriese-, visueel-perseptuele-, ouditief-perseptuele-, gesyferdheid-, geletterdheid-, emosionele en sosiale onderafdelings verkry is, was in genoemde volgorde onderskeidelik 0.575, 0.629, 0.631, 0.485, 0.451, 0.558, 0.308. Hierdie koëffisiënte is almal beduidend op die 1%

peil en is bereken op die data van die kontrolegroep. Eksperimentele data is uitgesluit, aangesien insluiting van persone wat aan behandeling (skoolfasiliteringsprogram) blootgestel was, die kans vir 'n tipe 1 fout (foutiewe verwerping van nulhipotese) sou verhoog. Die toets-hertoets betroubaarheid is die hoogste by visueel-perseptuele en ouditief-perseptuele vaardighede, gevolg deur motoriese en emosionele vaardighede en daarna gesyferdheid en geletterdheid. Die betroubaarheid is die laagste by sosiale vaardighede. In hierdie verband kan genoem word dat ware veranderinge moontlik kon ingetree het in die agt maande periode tussen die toets- en die hertoets periode. Tot die mate waartoe dit plaasgevind het sal die toets-hertoets betroubaarheid afneem. Kline (1993) noem in hierdie verband dat in sulke gevalle mag die toets-hertoets betroubaarheid laag voorkom, hoewel dit nie werklik die geval is nie. Dit is heel waarskynlik dat, in die agt maande periode tussen toets en hertoetsing van hierdie leerders, daar ontwikkeling (ware veranderinge) kon plaasgevind het in van die vaardighede.

#### **4.3.9 Interne konsekwentheid**

Volgens Cohen en Swerdlik (2002) kan die interne konsekwentheid van 'n toets onder meer bepaal word deur formules, soos ontwikkel deur Kuder en Richardson (1937) en Cronbach (1970). Die inter-item konsekwentheid van 'n toets verwys na die graad van korrelasie van alle items op 'n skaal en kan deur middel van 'n eenmalige afneem van 'n enkele vorm van 'n toets bepaal word. 'n Indeks van inter-item konsekwentheid is baie bruikbaar by die bepaling van die homogeniteit van 'n toets. Hoe meer homogeen die gedragdomein is, hoe hoër die interne konsekwentheid. In kontras met homogeniteit, bepaal heterogeniteit weer tot watter mate 'n toets verskillende faktore meet (Anastasi & Urbina, 1997).

Volgens Kaplan en Saccuzzo (1997) is koëffisiënt alfa 'n meer algemene betroubaarheidskoëffisiënt as Kuder en Richardson, omdat dit die variansie van items beskryf, ongeag of dit in 'n reg/verkeerde formaat is. Koëffisiënt alfa is eerstens baie effektief wanneer dit kom by die meting van 'n enkele konstruk, domein of onderwerp area. Die grootte van die verwantskap word beïnvloed deur die graad van homogeniteit van die items op 'n toets. Indien die toets heterogene eienskappe meet, is die koëffisiënt laer. Tweedens word hierdie metode nie aanbeveel vir toetse wat bestaan uit 'n reeks relatief maklike items, of take of

probleme waaraan daar 'n tydsbeperking gekoppel word nie (Drummond, 2004). Dus is koëfisiënt alfa die mees algemene geval van interne betroubaarheid konstantheid. Al die metings van interne konsekwentheid evalueer tot watter mate die verskillende items op 'n toets dieselfde vermoë of eienskap meet. Indien die items nie dieselfde kenmerk of eienskap meet nie, kan ons nié praat van interne konsekwentheid nie. Vanuit 'n teoretiese oogpunt beskou, verteenwoordig die alfa koëfisiënt ook die mate waartoe persone se verkreeë telling verteenwoordigend is van hule 'ware' telling.<sup>1</sup> Indien die alfa koëfisiënt hoog is, beteken dit dat daar 'n groot mate van ooreenkoms bestaan tussen 'n leerder se ware telling en sy verkreeë telling. Hoe hoër die betroubaarheid, hoe hoër korreleer die verkreeë tellings met die ware tellings.

## 2. ALFA BETROUBAARHEIDSKOËFFISIËNT

### Betroubaarheid Statistieke

Cronbach se Alfa	Aantal Items
.872	52

Die Alfa betroubaarheidskoëfisiënt van die skaal is baie goed. Die toets is intern konsekwent, wat beteken al die items meet in 'n groot mate dieselfde basiese vaardigheid, naamlik "skoolgereedheid". Om 'n aanduiding te kry van die mate waartoe sekere items nie dieselfde basiese vaardigheid meet nie, word die itemtotale korrelasie hieronder gelys. Indien 'n spesifieke item nie hoog met die 'totaaltelling' korreleer nie, beteken dit die item meet 'n ander konsep as die res van die items.

	Skaal gemiddeld indien item verwyder word	Skaalvariansie indien item verwyder word	Item-Totale korrelasie	Cronbach se Alfa koëfisiënt
A1	29.62	67.285	.365	.870
A2	29.44	69.084	.199	.872
A3	29.59	67.691	.322	.870
A4	29.44	69.782	.056	.873
A5	29.72	67.760	.271	.871
A6	29.89	66.983	.360	.870
A7	29.43	68.859	.260	.871
A8	29.58	67.370	.373	.869
B1	29.89	66.988	.359	.870

<sup>1</sup> Weens die feilbaarheid van menslike meetmiddels om akkuraat 'n werklike of ware telling weer te gee, is die verkreeë telling nie 'n 100% getroue weergawe van leerders se ware tellings nie (teoreties gesproke).




	<b>Skaal gemiddeld indien item verwyder word</b>	<b>Skaalvariansie indien item verwyder word</b>	<b>Item-Totale korrelasie</b>	<b>Cronbach se Alfa koëffisiënt</b>
B2	29.85	67.641	.276	.871
B3	29.60	66.885	.428	.869
B4	29.49	69.270	.130	.873
B5	29.75	66.753	.394	.869
B6	29.85	67.064	.348	.870
B7	30.13	67.739	.337	.870
B8	30.01	67.433	.323	.870
C1	30.04	66.445	.471	.868
C2	29.85	66.369	.435	.868
C3	29.85	65.735	.515	.867
C4	29.99	66.270	.471	.868
C5	30.08	66.746	.451	.868
C6	30.02	67.128	.370	.869
C7	29.58	67.171	.401	.869
C8	29.94	66.792	.391	.869
D1	29.40	69.044	.261	.871
D2	29.48	67.934	.373	.870
D3	30.00	67.693	.287	.871
D4	29.74	68.241	.208	.872
D5	29.54	68.770	.188	.872
D6	29.49	68.644	.238	.871
D7	29.64	67.348	.348	.870
D8	29.52	68.030	.315	.870
D9	29.52	67.686	.370	.870
D10	29.50	68.306	.284	.871
D11	29.95	67.047	.360	.870
D12	29.73	68.031	.236	.872
E1	29.50	68.027	.328	.870
E2	29.71	67.037	.363	.870
E3	29.94	67.170	.340	.870
E4	29.50	68.284	.288	.871
E5	30.19	69.615	.068	.874
E6	30.13	68.443	.229	.872
E7	30.15	68.481	.232	.872
E8	29.92	67.135	.344	.870
F1	29.86	66.498	.419	.869
F2	29.84	65.452	.551	.866
F3	29.95	67.037	.362	.870
F4	29.66	66.739	.420	.869
G1	29.76	70.545	-.075	.877
G2	29.65	67.345	.345	.870
G3	29.60	67.494	.345	.870
G4	29.89	68.956	.116	.874

Item E5, G1 en G4 het onaanvaarbare lae item-totale korrelasies, omdat dit iets anders meet as die res van die items. Die betroubaarheid van die skaal neem toe as

hierdie items verwyder word. Dit word aanbeveel dat sodanige items in die toekoms eerder uitgelaat word by die samestelling van 'n assesseringsinstrument óf sodanig geformuleer word dat dit presies dieselfde kennis en vaardighede meet as die res van die instrument.

#### 4.3.10 Bepaling van die effektiwiteit van die assesseringsinstrument

Die effektiwiteit van die assesseringsinstrument is ook bepaal aan die hand van beskrywende statistiek. Die frekwensie-verspreiding van die toetsresultate kan in figuur 4.3 gesien word.



**Figuur 4.3: Frekwensie-verspreiding van toetsresultate**

<b>Beskrywende Statistiek</b>	
Gemiddeld	59%
Standaardfout	0.63%
Mediaan	59.62%
Modus	75.00%
Standaardafwyking	16.08%
Kurtose	-0.37
Skeefheid	-0.21
Wydte	80.77%
Minimum	13.46%
Maksimum	94.23%

**Tabel 4.2: Uiteensetting van statistiek van frekwensie-verspreiding soos in figuur 4.3**

Die verspreiding van leerders se tellings vorm 'n normaalverspreiding, wat strek oor 'n omvangwydte van 80%. Daar is 'n effense skeefheid na links, wat aanduidend is van meer leerders wat 'n telling minder as die gemiddelde behaal het, in vergelyking met meer as die gemiddelde. Die verspreiding vorm 'n normaalverspreiding, wat aanduidend is van 'n meetmiddel wat effektief toets.

#### **4.4 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is eerstens die ontwikkeling van die program, met inagneming van die Nasionale riglyne waarbinne dit ontwikkel is, bespreek. Vervolgens is daar ook verduidelik hoe daar te werk gegaan is om 'n geskikte assesseringstinstrument vir die evaluering van die program te ontwikkel.

In die volgende hoofstuk word die implementering van die skoolfasiliteringsprogram aan die hand van aksienavorsing bespreek. Die program sal ook deur opvoeders en empiries geëvalueer word.

## HOOFSTUK 5

# PROGRAMIMPLEMENTERING EN EVALUERING

### 5.1 INLEIDING

Die derde doelwit wat vir hierdie studie gestel is, was die evaluering van die skoolfasiliteringsprogram. Om te verseker dat die program wel aan sy doel beantwoord, is dit dus nodig dat dit binne die konteks, waarvoor dit ontwikkel is, geïmplementeer en geëvalueer sal word. Beide aspekte sal in hierdie hoofstuk in oënskou geneem word. By die evaluering van die program, wat aksienavorsing en empiriese evaluering behels, word onder meer van 'n evalueringsvraelys vir opvoeders, sowel as die meetinstrument gebruik gemaak, wat vir hierdie doel ontwikkel is.

### 5.2 DIE IMPLEMENTERING VAN DIE PROGRAM

#### 5.2.1 Aksienavorsing

Aksienavorsing is 'n doelbewuste oplossingsgeoriënteerde metode van navorsing wat in groepsverband of individueel uitgevoer word. Dit word gekenmerk deur siklusse van probleemidentifikasie, sistematiese dataversameling, refleksie, analise, data-geïnspireerde aksie wat geneem word en uiteindelik herdefiniëring van die probleem. Die koppeling van die terme *aksie* en *navorsing* beklemtoon die essensiële kenmerke van hierdie metode, naamlik dat idees in die praktyk uitgetoets word met die oog op verbetering van kennis en/of die kurrikulum, onderrig en leer as einddoel (Kemmis & McTaggart, 1982).

Huysamen (1993) beskou weer aksienavorsing as die proses om 'n oplossing vir 'n bepaalde praktiese probleemsituasie in 'n spesifieke, toegepaste opset te vind. Hy beskou die volgende vier eienskappe as kenmerkend van aksienavorsing, naamlik:

1. Aksienavorsing behels die oplossing van 'n praktiese probleem en nie die toetsing of uitbreiding van 'n teorie nie.

2. Die gebruik van 'n ontwerp wat gedurig gewysig en aangepas kan word, na aanleiding van inligting en resultate wat tydens die navorsing verkry word.
3. Alle deelnemers moet by elk van bogenoemde fases betrek word. Indien al die groepe, wat belang by die navorsing het, verantwoordelikheid vir die uitvoering van die aksienavorsing en die toepassing van die resultate daarvan aanvaar, kan dit as demokraties beskou word.
4. Aksienavorsing stel nie 'n hoë premie op eksterne geldigheid nie. Die program wat in een spesifieke opset ontwikkel en toegepas word, word nie noodwendig voorgedou as oplossing vir enige ander soortgelyke situasie nie.


Koshy (2005) beskou aksienavorsing as 'n proses wat lei tot die ontwikkeling van nuwe kennis, wat op navrae binne 'n spesifieke en dikwels praktiese konteks, gebaseer is. Die doel met aksienavorsing moet wees om te leer deur middel van aksie - met persoonlike en professionele ontwikkeling as die einddoel.

Volgens Armstrong en Moore (2004) verwys die term aksienavorsing na die sikliese aard van samewerkende beplanning, die uitvoer van die evaluering van 'n spesifieke intervensie met 'n uitkenbare fokus en doel, sonder vooruit bepaalde uitkomst of die verwerping van buitengewone uitkomst. Aksienavorsing genereer kennis deur middel van idees en praktisering en is ook gemoeid daarmee om verandering met behulp van observasie, reflektoring en kritiese betrokkenheid te bewerkstellig. Dus bestaan aksienavorsing nie uit 'n stel instruksies óf tegniese vereistes nie, maar verwys eerder na 'n vloeiende benadering wat die ontdekking van waardes en praktyke insluit. Die fokale deelnemers is die hoofagente hierin en verantwoordelik vir die verandering van die omgewing waarin hul hulself bevind. Konsultasie en samewerking vorm kernelemente in die navorsingsontwerp en proses.

Aksienavorsing kan as 'n kragtige metode 'n tweeledige doel hê, naamlik om beleidsverandering af te dwing én beleid te implementeer (Armstrong & Moore, 2004). Volgens Armstrong en Moore (2004) word daar die afgelope paar jaar onder meer druk deur die Britse regering uitgeoefen dat navorsing oor onderwyskwessies in Engeland rekening met die implementering van nasionale beleid moet hou, wat as deel van die groter geheel skoolverbetering en verhoging van standarde tot gevolg moet hê. Dit kan ook as 'n kragtige meganisme vir die transformasie van skoolkulture

gebruik word en lei tot die bemagtiging van skole, opvoeders en leerders. Die benadering van die WKOD (2006b) ten opsigte van sy Geletterdheid-en-Syferkundigheidstrategie (2006 - 2016) dui ook baie sterk aan dat genoemde strategie as deel van aksienavorsing bestuur moet word en dat resultate opgevolg én suksesse deel van hoofstroomonderwys moet vorm. Monitorings- en ondersteuningskomitees is alreeds op skool-, streek- en provinsiale vlak gestig om skole wat hulp benodig, die nodige ondersteuning te bied. Die DvO dui ook aan dat: *"Psychologists need to engage in action research with a view to improve teaching and learning at sites"* (DvO, 2002:182). Dit is presies wat die navorser ook gedoen het.

Vir die doel van hierdie studie is van Armstrong en Moore (2004) se aksienavorsingsmodel gebruik gemaak. Alhoewel Armstrong en Moore (2004) baie huiwerig is om na stappe te verwys, is daar volgens hulle tóg duidelik identifiseerbare stappe wat nie as rigied beskou moet word nie. Dit moet eerder as 'n aaneenlopende, oorvleuelende proses van refleksie, konsultasie, beplanning en verandering beskou word, in plaas van 'n volgorde van gesegmenteerde aktiwiteite. In figuur 5.1 word Armstrong en Moore (2004) se aksienavorsingsmodel voorgestel.



Figuur 5.1: Armstrong en Moore (2004) se aangepaste model aangaande medewerkende aksienavorsing

Armstrong en Moore (2004) se stappe word soos volg uiteengesit:

***Stap 1 - Om te begin***

- Observasie
- Praat met ander
- Lees/kritiese denke
- Identifiseer kwessies
- Formulering van vrae en ontwikkeling van idees
- Begin met navorsingsdagboek

***Stap 2 - Vestiging van konsultasie***

- Vestig groep
- Konsultasie met betrokkenes by die implementering van die program
- Verkry toestemming
- Dink oor etiese kwessies

***Stap 3 - Werk saam***

- Gesamentlike beplanning
- Programimplementering aan die hand van 'n rooster
- Monitering van programimplementering
- Monitering en evaluering van verandering

***Stap 4 - Verander saam***

- Konsultasie met groep en andere wat deur verandering geaffekteer word
- Kritiese reflektoring
- Optekening van opsomming oor proses en uitkomst
- Herassesseer situasie.



Die stappe wat tydens die implementering van die program deur middel van aksienavorsing gevolg is, word vervolgens aan die hand van Armstrong en Moore (2004) se stappe en riglyne uiteengesit.

### **5.2.2 Stap 1 - Om te begin**

Volgens Armstrong en Moore (2004) is hierdie fase uiters belangrik, omdat dit die navorser onder meer toets ten opsigte van die erns, belangrikheid en indringendheid van die beoogde navorsing.

#### **5.2.2.1 Observasie**

Volgens Armstrong en Moore (2004), Koshy (2005) en Roberts-Holmes (2005) is observasie 'n belangrike instrument in die versameling van inligting wanneer aksienavorsingsprojekte beplan word. Observasie word deur genoemde skrywers as 'n natuurlike proses beskou, waartydens mense en insidente geobserveer word. Navorsers van vroeë kindontwikkeling maak op 'n deurlopende basis van observasie gebruik wanneer hulle inrigtings besoek waar hulle navorsing doen. Navorsers is gewoonlik altyd op die uitkyk en luister vir inligting wat hulle met hul navorsing kan help. Volgens Burton en Bartlett (2005) word daar dan op grond van observasies sekere afleidings gemaak, wat as verdere motivering vir beoogde navorsing kan dien.

Na afloop van die assessering van die 9 364 onderouderdom-leerders, waarvan slegs 3 450 (36,69%) gereed vir formele onderwys vir 2002 en 2003 bevind is, het die navorser begin om die vordering van dié onderouderdom-leerders, in die primêre skole waarvoor hy verantwoordelik is, te monitor. Tydens skoolbesoeke het die navorser besoek gaan aflê by die graad een opvoeders om dié leerders se skolastiese vordering waar te neem. Die navorser het nie slegs met van die onderouderdom-leerders persoonlik gesels nie, maar hulle optrede in die klasopset geobserveer. Leerders se portefeuljes was ook tydens skoolbesoeke vir die navorser beskikbaar. Tydens die progressie- en promosieproses aan die einde van 2002 en 2003, is daar aanbeveel dat baie van dié onderouderdom-leerders graad een moes herhaal en gevolglik meer tyd in die fase sou benodig. Die navorser het onmiddellik tot die besef gekom dat daar 'n dringende behoefte aan ondersteuning bestaan en dat dié leerders, sowel as alle ander onderouderdom-leerders in die Wes-Kaap,

gehelp sal moet word. Volgens Onderwyswitskrif Ses is alle leerders immers geregtig op hulpverlening en ondersteuning (DvO, 2001b).

### **5.2.2.2 *Praat met ander***

Tydens gesprekke wat die navorser met graad een opvoeders, kurrikulum-adviseurs (Grondslagfase en Vroeë Kindontwikkeling) en leerondersteunings-fasiliteerders gevoer het, het dit duidelik geblyk dat hulle dieselfde standpunt as die navorser huldig, naamlik dat daar hulpprogramme ontwikkel sal moet word om dié leerders te help wat nie skoolgereed is nie, sowel as vir skoolbeginners wat skolasties swak vaar. Na etlike weke van navrae en skakeling met kundiges, ook in ander provinsies, is tot die besef gekom dat daar nêrens skoolfasiliteringsprogramme bestaan, wat aan die hand van die NKV uitgewerk of uitgetoets is nie.

### **5.2.2.3 *Lees en kritiese denke***

Na identifisering van die behoefte, wat uit die gesprekvoering met verskeie kundiges (aangaande programontwikkeling) gespruit het, was die volgende logiese stap om onder andere beleidsdokumente oor die NKV in besonderhede te bestudeer.

Volgens Costello (2003) en Roberts-Holmes (2005) moet relevante literatuur wat op die navorsing betrekking het, sorgvuldig bestudeer word. Dit kan onder meer gedoen word deur die lees van relevante boeke, beleidsdokumente en joernaalartikels (Armstrong & Moore, 2004).

Verder word die besigtiging van dokumentêre televisieprogramme en die nagaan van webtuistes op die internet ook aanbeveel. In hierdie geval is die WKOD se webtuiste ook rakende moontlike riglyne oor die uitwerk van leerprogramme besoek.

Die navorser kan ook reflekteer oor dit wat hy in sy werksituasie ervaar. Deur net te lees en met ander te praat, het die navorser gou tot die besef gekom hoe kompleks en ingewikkeld sy onderwerp is. Dit het weer tot hernude belangstelling in die navorsingsarea gelei. Die navorser het ook huidige VKO-praktyke krities deurdink en tot die gevolgtrekking gekom dat Grondslagfase onderwysers 'n skoolfasiliteringsprogram benodig. Dit was een van die redes wat die navorser tot hierdie studie gemotiveer het.

Omdat die navorser sterk gemotiveerd was om wél die studie ten uitvoer te bring, het hy in die proses baie wyd gelees. Tydens die proses het hy onder andere ontdek dat die DvO (2003) bepaalde riglyne voorskryf waarvolgens leerprogramme in die Grondslagfase ontwikkel moet word.

#### **5.2.2.4 Identifisering van kwessies wat op navorsing gefokus is**

Volgens Roberts-Holmes (2005) is dit belangrik dat die navorsingsprojek vir die navorser persoonlik betekenisvol moet wees. Roberts-Holmes (2005) is van mening dat, wanneer 'n navorsingsonderwerp gekies word, die navorser moet beseef dat dit baie tyd en energie gaan verg. Hy moet in staat wees om die waarde van die navorsing te kan bepaal sodat dit betekenisvol sal wees én waarde tot sy loopbaan kan toevoeg.

Hierdie navorsingsprojek was vir die navorser van besondere belang, aangesien hy die leerders wil help wat hulp nodig het, sodat hulle in staat sal kan wees om hulle volle menslike potensiaal te verwesenlik, vir sover dit prakties haalbaar is. Die navorser het ook terdeë beseef dat hierdie navorsing tydwendend sou wees en baie energie sou verg, maar het homself dienooreenkomstig ingestel en teikendatums vir sy studie gestel.

#### **5.2.2.5 Formulering van vrae en die ontwikkeling van idees**

In navorsing is dit krities belangrik om gefokus te bly. As navorser moet jy presies weet wat jy wil doen. Daarom is die stelling van die vrae wat die navorser wil beantwoord, baie belangrik.

Volgens McNiff en Whitehead (2005) verkies sommige navorsers om een probleem op 'n slag aan te spreek.

Dit is noodsaaklik dat die navorser vir homself moet afvra: Wat is dit wat ek wil navors? Hoe moet ek dit navors?

Een van die belangrikste vrae wat die navorser vir homself sal moet afvra is: "Sal die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram wel die vlak van skoolgereedheid van vroeë skoolbeginners kan help bevorder?"

Volgens McNiff en Whitehead (2005) moet die navorser ook tussen korttermyn- en langtermynkwessies onderskei. Vir die doel van hierdie navorsing was die navorser se korttermyn doelwit die ontwikkeling en evaluering van 'n skoolfasiliteringsprogram, terwyl sy langtermyn doelwit is om skoolgereedheid te bevorder by daardie leerders wat nie skoolgereed is nie. Hy moet weet wat om te doen om daardie doelwitte te bereik.

Verder moet die navorser besin oor wie almal by die navorsingsprojek betrek moet word, hoe ander persone betrokke gaan raak en hoe met hulle gekommunikeer gaan word. Volgens Armstrong en Moore (2004), McNiff en Whitehead (2005) kan daar verskeie persone by die navorsing betrek word, elk met 'n verskillende rol en funksie.

Vervolgens word die verskillende rolspelers wat by die navorser se navorsingsprojek betrek gaan word, sowel as hul rol en funksie, kortliks bespreek.

- *Navorsingsdeelnemers*

Die navorser moet besluit oor wie die deelnemers moet wees wat terugvoering kan gee oor kwessies soos die volgende: of al die leeruitkomstes voldoende gedek is; die leerstof praktykgerig is en welvoorsiening maak vir alle kulture en verskillende leeromgewings; die taalgebruik duidelik en verstaanbaar is; die hoeveelheid materiaal genoegsaam is; die leer- en ondersteuningsmateriaal nuttig en waardevol vir die opvoeder is, ensovoorts (WKOD, 2006b). Hier beoog die navorser om van 'n vraelys gebruik te maak, sodat die graad een opvoeders nie net die bruikbaarheid van die leerprogramme moet kan beoordeel nie, maar ook vir die navorser van enige ander nuttige wenke en idees kan voorsien. In hierdie geval was die navorser baie bevoorreg, omdat die graad een opvoeders wat hy by sy studie betrek het, oor die algemeen baie ervare opvoeders is.

Vervolgens word bespreek watter kundiges betrokke by die ontwikkeling van die skoolfasiliteringsprogram was.

- *Medewerkende kollegas*

Aangesien die navorser nêrens 'n skoolfasiliteringsprogram kon vind wat aan die hand van die NKV-riglyne uitgewerk is nie, het hy besluit om 'n multifunksionele span

kundiges by die ontwikkeling van sodanige skoolfasiliteringsprogram te betrek. Die span het uit die volgende lede bestaan:

- Die navorser as spanleier/fasiliteerder;
- 'n Grondslagfase kurrikulumadviseur, wat moes toesien dat die programme aan die NKV-riglyne voldoen;
- Drie graad een opvoeders wat vertrouwd is met die inhoud en implementering van die NKV;
- Twee arbeidsterapeute, wat insette aangaande veral motoriese vaardighede gelewer het;
- 'n Hoof van 'n spesiale skool wat goed met vroeë kindontwikkeling en die akkommodering van leerders met spesiale onderwysbehoefte vertrouwd is;
- 'n Grondslagfase-kundige wat baie kennis en ervaring aangaande vroeë kindontwikkeling het.

Wanneer kollegas besluit om saam te werk, kan hulle byvoorbeeld 'n gesamentlike standpunt teenoor 'n spesifieke aangeleentheid wat van nasionale en/of provinsiale belang is inneem en dan besluit om dit as medewerkers aan te pak (Armstrong & Moore, 2004).

Die navorser se motivering vir die samestelling van die multifunksionele span kundiges was dan om leerprogramme te ontwikkel wat moontlik nasionaal en/of provinsiaal waarde tot die onderwysstelsel sou kon toevoeg. Die diversiteit van die kundiges sou kon bydra dat al die kennis, vaardighede en ingesteldhede waaroor die skoolbeginner behoort te beskik, by die program ingesluit sou word.

Die navorser het terdeë besef dat alle aangeleenthede wat op die navorsing betrekking gehad het, deeglik opgeteken moes word. Vir hierdie doel is van 'n navorsingsdagboek gebruik gemaak, wat vervolgens bespreek sal word.

### **5.2.2.6 *Begin navorsingsdagboek***

Die gebruik van 'n navorsingsdagboek of veldnotas is volgens Armstrong en Moore (2004) en Koshy (2005) 'n baie belangrike hulpmiddel in aksienavorsing, omdat dit gebruik kan word vir die optekening van gebeure, nuwe idees en die navorsingsproses self. Die navorsingsdagboek se inligting is veral belangrik by die optekening van bevindinge wat nie deur middel van 'n vraelys of empiriese ondersoek vasgestel kon word nie. Hierdie dagboek is eintlik die joernaal van die bevindinge deur die aksienavorsing. Die reflektiewe proses wat betrokke is by die skryf van 'n dagboek, dra ook by tot die professionele ontwikkeling van die navorser. Die navorser kan byvoorbeeld betekenisvolle gebeure gedurende sy observasie of spesifieke situasies, sowel as sekere gevoelens, neerstip (Armstrong & Moore, 2004).

Die navorser het uit die staanspoor vir hom so 'n dagboek aangelê en op 'n gereelde basis belangrike en relevante inligting aangeteken en daarop gereflekteer, ten einde sy navorsing te rig en te versterk.

Die navorser het ook moontlike teikendatums ten opsigte van die volgende aangeteken, nl.:

- Wanneer met die opleiding van graad een opvoeders in die toepassing van die assesseringsinstrument, wat by die toets en hertoets van leerders gebruik moes word, begin kon word;
- Watter tyd van die dag dit moontlik gedoen sou kon word;
- Wanneer die voortoetsing moes begin en eindig;
- Wanneer daar met die programimplementering begin kon word;
- Wanneer die programimplementering moontlik afgehandel sou wees;
- Wanneer opvoeders met die hertoetsing van leerders moes begin en klaar wees;
- Wanneer opvoeders die progamevalueringsvraelyste moes begin en voltooi, ens.

- Belangrike onderhoude wat met belanghebbende persone, wat by die projek betrokke was, gevoer is, is ook aangeteken.

### **5.2.3 Stap 2 - Vestiging van konsultasie**

Hierdie stap in die aksienavorsingsproses is volgens Armstrong en Moore (2004) van kritieke belang, aangesien dit op al die belangrike rolspelers, wat in die uitvoering van die aksienavorsingsproses betrokke is, betrekking het. Indien daar in hierdie fase van beplanning iets sou skeefloop, kan dit die hele navorsingsproses kelder.

#### **5.2.3.1 Vestig groep**

Volgens Armstrong en Moore (2004) is die vestiging van 'n klein groep mense, wat vir die volle duur van die projek saam met die navorser gaan werk, van groot belang. Daarom het die navorser besluit om vir die volle duur van die studie én totdat die finale afrondingswerk gedoen is, met 'n multifunksionele span kundiges saam te werk, soos wat alreeds in die vorige hoofstuk genoem en bespreek is. Die rasionaal vir hierdie besluit was dat die navorser, na gesprekvoering met verskeie graad een opvoeders en kurrikulumadviseurs, tot die gevolgtrekking gekom het dat die drie leerprogramme slegs deur kundiges op die gebied van vroeë kindontwikkeling ontwikkel sou kon word. Omdat die leerprogramme vir leerders van alle kulture ontwikkel moes word, moes die navorser voorsiening maak dat opvoeders wat klasse met 'n diverse, kulturele samestelling onderrig, sowel as persone verteenwoordigend van ander kulture, deel van die multifunksionele span vorm.

Volgens Armstrong en Moore (2004) is dit onafwendbaar dat daar in baie gevalle 'n groepleier of projekteier moet wees. In hierdie geval was die navorser die projekteier vir die volle duur van hierdie studie.

By die keuse van die deelnemers wat betrek sou word, is 'n ewekansige seleksiestrategie gevolg, sodat leerders en skole verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling moes wees. Die beskikbare inligting van graad een leerders is gebruik om 'n beeld van die algemene situasie by primêre skole van die streek (Metropool Noord), waar die navorser werksaam is, te vorm.

### **5.2.3.2 Konsultasie met betrokkenes by die implementering van die program**

Armstrong en Moore (2004) beskou konsultasie met diegene wat ook by die implementeringsproses betrokke is, as die kritieke beginpunt van die navorsingsproses. Gedurende hierdie stadium van die beplanningsproses is die navorser en sy multifunksionele span besig met die identifisering van kundiges, wat die beoogde navorsing as waardevol, relevant en betekenisvol vir die teikengroep sal beskou. Volgens Koshy (2005) moet die basiese doelstelling van aksienavorsing die ondersteuning van die navorser/(s) wees, wat 'n indiepte studie aangaande 'n aspek van praktykverbetering loods en deur middel van ondervinding leer.

Na die bestudering van beskikbare inligting van graad een leerders om 'n beeld van die algemene situasie by primêre skole in Metropool Noord te vorm, is op 'n ewekansige seleksiestrategie, vir die eksperimentele sowel as die kontrolegroep skole, besluit.

Die skoolhoofde van al 21 skole is alreeds gedurende Oktober 2004 besoek en 'n uiteensetting van die navorsingsprojek en die omvang en besonderhede daarvan, is met elke skoolhoof en die graad een opvoeders bespreek. Daar is onder meer verduidelik watter skole onderskeidelik die eksperimentele en kontrolegroepe sou vorm. Aan elke personeellid is ook verduidelik dat deelname vrywillig is en dat rekords van die gesprekke gehou sou word. Die skoolhoofde, sowel as die graad een opvoeders van al 21 skole, was baie opgewonde oor die studie en het toe mondelings hul bereidwilligheid verklaar om betrokke te raak.

Na vestiging van die groep, het die navorser met onderskeidelik opvoeders van die eksperimentele en kontrolegroepe gekonsulteer, waartydens die primêre doel van die studie breedvoering met hulle bespreek is. Die eksperimentele groep is onder andere ingelig dat hulle van die skoolfasiliteringsprogram voorsien sou word, wat in hul klasse geïmplementeer én evalueer moes word.

Die navorser stem saam met Koshy (2005) dat die kwaliteit van onderrig en leer, deur die implementering van die skoolfasiliteringsprogram (in hierdie geval in graad een klasse), in 'n groot mate van die opvoeders sal afhang.



### **5.2.3.3 Verkry toestemming**

Om aksienavorsing te laat realiseer, behels ook die betrokkenheid van ander mense, ongeag of daar individueel of kollektief gewerk word. Die navorser moet dus seker maak dat hy oor die nodige toestemming beskik én die samewerking van alle belanghebbendes het. Die verkryging van toestemming is volgens Costello (2003) baie belangrik, veral wanneer daar met kinders gewerk word.

Volgens Costello (2003) mag geen vorm van observasie óf enige vorm van programimplementering gedoen word, mits daar nie toestemming daarvoor verleen is nie. Nadat 'n volledig gemotiveerde brief aan die Wes-Kaap Onderwysdepartement geskryf is en die rasionaal van die beoogde studie daarin verduidelik is, het die Direkoraat: Navorsing, positief daarop reageer. Na die ontvangs van bevestigende antwoorde van al die skole wat betrokke by die navorsingsprojek sou wees, is 'n afskrif van die toestemmingsbrief, wat die navorser van die Wes-Kaap Onderwysdepartement se Direkoraat: Navorsing ontvang het, aan elke skoolhoof en graad een opvoeder gegee.

### **5.2.3.4 Dink oor etiese kwessies**

Volgens Costello (2003) en Koshy (2005) is dit baie belangrik om etiese riglyne te volg wanneer navorsing gedoen word. Weens die feit dat kinders as belangrike deelnemers in die navorsingsproses beskou word, behoort etiese kwessies sentraal tot enige vorm van navorsing wat met vroeë kindontwikkeling verband hou, te staan (Roberts-Holmes, 2005). Sodra ander persone as deelnemers en potensiële bronne van dataversameling by navorsing betrek word, raak dit 'n etiese kwessie en word toestemming benodig (Armstrong & Moore, 2004). Volgens Burton en Bartlett (2005) en McNiff en Whitehead (2005) kan die hele kwessie van etiek in onder meer die volgende twee kategorieë saamgevat word, naamlik:

- Beskerming van deelnemers
- Versekering van geloofwaardigheid.

Vervolgens word elkeen van hierdie twee kategorieë kortliks bespreek.

*(i) Beskerming van deelnemers*

By die verlening van toestemming vir die navorsingsprojek, het die WKOD ook versoek dat geen persoon(e) of organisasie(s) se name genoem sal word by die bekendmaking van navorsingsresultate nie, mits skriftelike toestemming daartoe verleen is. Die navorser het ook aan hierdie versoek voldoen. In die geval van mense is nommers aan hulle toegeken en in die geval van skole, simbole. Daar is ook aan hulle gestel dat indien hulle vrywillig wil onttrek, hulle toegelaat sou word om dit te kan doen.

*(ii) Versekering van geloofwaardigheid*

Dit is belangrik dat mense moet weet dat hulle die navorser ten volle kan vertrou. 'n Goeie reputasie en persoonlike integriteit is van uiterste belang, sowel as betroubaarheid en die hantering van andere met respek. Wanneer mense sien dat die navorser se geloofwaardigheid bo verdenking is, sal dit moontlik 'n positiewe uitwerking op die beoogde navorsing hê. Betrokkes by die navorsing moet meegedeel word dat die navorser graag van hulle wil leer en die hele navorsingsproses baie leersaam vind. Die navorser moet te alle tye taakgerig bly, maar besef dat dit beter in spanverband as in isolasie gedoen kan word (Koshy, 2005).

Om geloofwaardigheid te verseker is dit noodsaaklik dat ouers en leerders ingelig word rakende hul rol en funksie in die navorsingsproses. Deur middel van kommunikasie aan die leerders en hul ouers, bied dit die navorser die geleentheid om geloofwaardigheid te vestig. Spesiale sorg is ook gedra dat die manier(e) waarop inligting ingewin en resultate bekend gemaak word, bo verdenking sal wees.

Die volgende kan as riglyne dien om geloofwaardigheid te verseker (Koshy, 2005):

- Verkry altyd die deelnemers aan die navorsingsprojek se toestemming. Wanneer data aangaande kinders ingesamel word, kan hul ouers daarvoor ingelig word. Dieselfde reëlings geld vir kollegas, lede van die plaaslike onderwysdepartement, ouers en ander regeringsamptenare.

- Verduidelik die doel van die navorsing. Omdat die resultate van aksienavorsing gewoonlik vir praktykverbetering aangewend word, is dit heel onwaarskynlik dat daar van deelnemerkant af enige weerstand daarteen sal wees.
- Hanteer werklike name en die identiteite van die subjekte met die nodige vertroulikheid.
- Indien u van voorneme is om nuwe idees bekend te stel en intervensies met leerders te doen, moet hulle ouers daarvoor ingelig word.
- Wees sensitief vir beide leerders en ouers se gevoelens en persepsies. Dit is veral van belang as die intervensieprogramme juis ontwikkel is vir diegene wat as minder bevoorreg beskou word. Dit moet duidelik gemaak word dat almal by die navorsingsprogram sal baatvind.
- Wanneer die ondersoek sosiaal sensitiewe aspekte behels, behoort u ekstra pogings aan te wend om die doel en objekte daarvan met die deelnemers te deel.

Die navorser het tydens sy projek aan hierdie riglyne voldoen.

### **5.2.4 Stap 3 - Samewerking**

Volgens Koshy (2005) bied aksienavorsing heelwat geleenthede vir meewerking of samewerking. Samewerking of meewerking hou in die meeste gevalle die sleutel tot sukses. Die navorser beskou hierdie afdeling van die aksienavorsing as uiters belangrik, omdat dit deeglike beplanning van beide die opvoeders en die navorser verg - beide as belangrike rolspelers in die suksesvolle implementering én uitvoering van die navorsingproses.

#### **5.2.4.1 Gesamentlike beplanning**

Die navorser het na verlening van amptelike goedkeuring vir sy projek, elkeen van die 21 skole wat daarby betrek sou word, besoek toe die skole in Januarie 2005 heropen het. Die eerste belangrike aspek rakende die projek, was die gesamentlike beplanning met al 21 skole se graad een opvoeders oor die teikengroep wat by die studie betrek sou word. Dit is duidelik aan die opvoeders gestel dat, slegs leerders

wat voor of op 30 Junie 2005 ses jaar oud sou word, by die studie betrek moes word. Ten einde dit te verseker, het al 21 skole se opvoeders ooreengekom om voor of op 31 Januarie 2005 'n naamlys met leerders se geboortedatums vir kontroledoelindes aan die navorser beskikbaar te stel. Die navorser het die skole besoek en die geboortedatums gekontroleer.

'n Volgende belangrike beplanningsaspek het behels die opleiding van graad een opvoeders in die toepassing van die assesseringsinstrument. Daar is in samewerking met die opvoeders ooreengekom dat die navorser hulle op vasgestelde dae en tye waarop ooreengekom is, hul by hul onderskeie skole sou oplei. Die navorser het oor 'n periode van 11 dae twee skole se graad een opvoeders per dag opgelei. Die tydsduur per opleidingsessie was ongeveer 45 minute. 'n Ander belangrike beplanningsaspek, het die voor- en natoetsing van die sogenaamde 5½ jariges behels.

Omdat die navorser as sielkundige vir die WKOD werk, het hy in sy interaksie met opvoeders oor die jare heen tot die besef gekom dat, opvoeders verbonde aan skole, dwarsdeur die jaar baie bedrywig is.

Na deeglike gesprekvoering met die graad een opvoeders, is daar gesamentlik besluit dat die voortoetsing van leerders teen die einde van Februarie 2005 afgehandel sou wees. Die versekering is ook aan die navorser gegee dat die natoetsing van dieselfde leerders teen die einde November 2005 ook afgehandel sou wees. Met die insameling van die toetsgegewens by die 14 eksperimentele skole, is die data van 420 leerders ingesamel. By die 7 kontrole skole is 229 leerders se data ook ingesamel.

Na die afhandeling van reeds genoemde belangrike aspekte, word daar nou oorgegaan tot die stappe wat tydens die programimplementering gevolg is.

#### **5.2.4.2 Programimplementering aan die hand van 'n rooster**

Na gesamentlike beplanning met die graad een opvoeders aangaande aspekte soos genoem en bespreek onder 5.2.4.1, was die implementering van die skoolfasiliteringsprogram die volgende belangrike besprekingspunt.

Die navorser het met die opvoeders van die 14 eksperimentele ooreengekom dat hy tydens die insameling van die toetsgegevens (voortoetsing) aan die einde van Februarie, twee skole per dag sou besoek en aan opvoeders opleiding aangaande die toepassing van die skoolfasiliteringsprogram verskaf. In totaal het die navorser 41 graad een opvoeders in die toepassing van die skoolfasiliteringsprogram opgelei. Die opvoeders van die 7 kontroleskole het geen programmateriaal ontvang nie, máár daar is met hulle ooreengekom dat hulle na die hertoetsing van hulle skole se leerders elkeen 'n afskrif van die skoolfasiliteringsprogram sou ontvang.

Die feit dat die navorser oor die algemeen met baie ervare opvoeders te doen gehad het, wat almal opleiding in die implementering van die NKV ontvang het, het die opleidingsproses aansienlik vergemaklik.

Opvoeders het verstaan dat hulle die skoolfasiliteringsprogram, wat uit 2 046 bladsye bestaan, as bykomende ondersteuningsmateriaal met hul daaglikse beplanning moes integreer.

Die drie afsonderlike leerprogramme, wat gesamentlik die skoolfasiliteringsprogram vorm, het bestaan uit 'n beplanningsbladsy met aktiwiteite wat volledig uitgewerk is, werksvulle vir leerders om te help verseker dat hulle die betrokke leeruitkomst met hul onderskeie assesseringstandaarde bereik het en leerondersteuningsmateriaal vir opvoeders bedoel met/tydens die aanbieding van lesse. Omdat daar so baie materiaal was, is daar na konsultasie met die 41 graad een opvoeders, sowel as die multifunksionele span, besluit om elke vier weke 'n leeruitkoms van elkeen van die drie leerprogramme (Geletterdheid bestaan uit ses; Gesyferdheid uit vyf en Lewensvaardighede uit vier leeruitkomste), by elkeen van die 14 eksperimentele skole af te lewer. Dit sou aan opvoeders genoegsaam tyd gee om daardeur te werk en dit by hul eie daaglikse beplanning te integreer.

Aan die hand van 'n vasgestelde rooster in oorlegpleging met die 41 graad een opvoeders is die drie leerprogramme soos volg aan opvoeders voorsien:

- 1 - 9 Maart 2005 (Leeruitkoms 1 van Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede)

- 5 - 8 April 2005 (Leeruitkoms 2 van Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede)
- 3 - 6 Mei 2005 (Leeruitkoms 3 van Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede)
- 6 - 10 Junie 2005 (Leeruitkoms 4 van Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede)
- 18 - 22 Julie 2005 (Leeruitkoms 5 van Geletterdheid en Gesyferdheid)
- 22 - 26 Augustus 2005 (Leeruitkoms 6 van Geletterdheid).

Vervolgens word daar oorgegaan tot die bespreking van die monitering van programimplementering.

#### **5.2.4.3 Monitering van programimplementering**

*"Monitoring is about keeping track of what is happening"* (McNiff & Whitehead, 2005:62). Omdat die fokus van die aksie die navorser is, is dit daarom nie net belangrik om te weet wat hy doen nie, maar ook hoe hy die leer van ander beïnvloed. Kessel (1979) is van mening dat dit ewe belangrik is om te weet wat die leerders binne die program ervaar en doen, as hoe hulle leer en vorder. Volgens Kessel (1979) behoort die vernaamste waarde van programmonitering die bydrae wat dit tot programontwikkeling kan lewer te wees, en nie soseer die identifisering van suksesse en mislukkings nie. Ten opsigte van die leerders self moet besef word watter bydrae hulle, afkomstig uit sosiaal- en kultureel verskillende agtergronde, tot die program lewer.

Tydens skoolbesoeke het die navorser 'n punt daarvan gemaak om die graad een opvoeders van die 14 eksperimentele skole te besoek. Die navorser het tydens sy besoeke gereeld verneem hoe dit met die implementering van die drie leerprogramme gaan en of opvoeders dalk enige probleme aangaande die programimplementering ondervind. Leerder werksboeke en portefeuljes is ook tydens skoolbesoeke besigtig en ongestruktureerde onderhoude met sommige leerders gevoer, of selfs van observasie as tegniek gebruik gemaak. Volgens Opie (2005) bied ongestruktureerde onderhoude geleentheid vir die insameling van groot

hoeveelhede inligting. Die persoon met wie die onderhoud gevoer word, kry onder meer die geleentheid om hul eie idees, gevoelens, insigte, verwagtinge of houdings te ontwikkel en uit te druk. Ander voordele verbonde aan ongestruktureerde onderhoude is dat dit baie buigsaam is, die rigting van die onderhoud onvoorspelbaar is en dat onverwagse inligting ook ingewin kan word. Ten opsigte van die 7 kontroleskole, wat geen programme gekry het nie, kan die navorser noem dat hy dié skole vir die volle duur van die navorsingsproses, een keer per maand besoek het.

Soos wat McNiff en Whitehead (2005) aanbeveel, het die navorser dus met programimplementering ook van observasie as voorbeeld van monitering gebruik gemaak.

#### **5.2.4.4 *Monitering en evaluering van verandering***

Tydens gesprekvoering met graad een opvoeders is verneem dat hulle die leerondersteuningsmateriaal baie sinvol gevind het en dat leerderwerkswelle, wat deel van die leerprogramme is, ook by die leerders se portefeuljes ingesluit is.

Van die graad een opvoeders het die leerprogramme vir hul onderskeie skole se leerondersteuningsfasiliteerders gegee, sodat hulle op 'n individuele basis of selfs in groepsverband dié graad een leerders wat baie swak was, deur middel van gespesialiseerde hulpverlening verder kon help.

Dit was vir die navorser en die multifunksionele span 'n positiewe stap wat betref die optimale bevordering van leerders se skoolgereedheid én die hulpverlening aan leerders met moontlike leerstoornisse.

Van die opvoeders het selfs te kenne gegee dat die manier en wyse waarop die drie leerprogramme deur die multifunksionele span uitgewerk is, hulle ook met hul eie daaglikse beplanning en voorbereiding van aktiwiteite gehelp het.

'n Verdere positiewe nadraai was dat leerondersteuningsfasiliteerders by die betrokke skole baie positief op die drie leerprogramme reageer het en te kenne gegee het dat nie net graad een leerders nie, maar leerders vanaf Grade R-3 deur middel van die programme gehelp kan word. Volgens hulle is die programme baie

deeglik en uiters volledig uitgewerk en leerondersteuningsfasiliteerders het nou ook vir die eerste keer 'n bron van ondersteuning, wat aan die hand van die NKV uitgewerk is.

Al bogenoemde positiewe terugvoering het volgens die graad een opvoeders 'n positiewe uitwerking op menige leerders se skoolastiese prestasie gehad. As gevolg van die feit dat die assesseringstandaarde in verskillende vlakke afgewentel was, het meegehelp dat leerders op hul vlak van funksionering "ontmoet" en progressief verder gehelp en ontwikkel kon word, totdat hulle die vereiste assesseringstandaarde van graad een kon bemeester het.

#### **5.2.5 Stap 4 - Verander saam**

Volgens Armstrong en Moore (2004) behels hierdie stap die moontlike invloed wat die skoolfasiliteringsprogram op die rolspelers wat by die aksienavorsing betrokke is, kan hê en hoe dit tot moontlike praktykverbetering kan aanleiding gee.

##### ***5.2.5.1 Konsultasie met groep en andere wat deur verandering geaffekteer word***

Na afloop van die voltooiing van die programimplementering, het die navorser 'n geheeloorsig van die proses, tydens twee klustervergaderings met die 14 eksperimentele skole se graad een opvoeders en hul skoolhoofde, probeer verkry. Dit was vir die navorser baie belangrik om vas te stel hoe opvoeders, leerders en ouers die proses beleef en ervaar het.

Baie opvoeders het te kenne gegee dat hulle die skoolfasiliteringsprogram as basis vir die daaropvolgende jaar se beplanning gaan gebruik. Hul motivering was onder meer dat leerder werkvelle en die leerondersteuningsmateriaal baie konkreet en praktykgerig is, vir veral die swakker leerder.

Volgens baie van die opvoeders was sommige leerders met wie se ouers daar tydens oueraande gesels is, ook baie beïndruk met die praktiese aktiwiteite wat hulle in hul kind(ers) se boek(e) gesien het.

Opvoeders in ander streke het van die skoolfasiliteringsprogram verneem en het by die navorser verneem of hulle dit ook kon bekom.



'n Verdere positiewe aspek was ook dat baie opvoeders openlik te kenne gegee het dat hulle nie oor die tyd óf kreatiwiteit beskik om self sulke programme uit te werk nie.

Met bogenoemde kompliment, het die navorser tot die besef gekom dat die hele navorsingsproses vir hom, sy multifunksionele span, asook vir die leerders, opvoeders en ouers, die moeite werd was.

### **5.2.5.2 Kritiese reflektoring**

Opvoeders verbonde aan Afrikaansmedium skole, het egter wel hul misnoeë te kenne gegee omdat die drie leerprogramme net in Engels beskikbaar was, ten spyte van die navorser se verduideliking voordat met die intervensieproses begin is.

Opvoeders verbonde aan isiXhosa skole het onder meer aanbeveel dat by die finale afronding van die drie leerprogramme, daar toegesien moes word dat ontwikkelde leerderwerkswelle en leerondersteuningsmateriaal aan hulle kulturele vereistes moet voldoen. Nes die Afrikaanssprekende opvoeders, wou hulle weet of die programme ook in isiXhosa vertaal kon word.

Volgens enkele opvoeders was daar ook ouers wat ontevrede was oor die feit dat hul kinders vir 'n tweede keer geassesseer is. Aangesien daar enkele opvoeders in die eksperimentele, sowel as kontroleskole was, wat weens praktiese redes verkies het om eerder hul leerders na skool te assesseer, het dié reëling sommige ouers verontrief.

Enkele opvoeders met baie groot graad een klasse, het ook te kenne gegee dat hulle by tye gevoel het dat die skoolfasiliteringsprogram té omvangryk en oorweldigend was. Hulle het onder meer aanbeveel dat, leervlakke 7, 8 en 9, wat betrekking op graad een se werk het, as 'n afsonderlike pakket saamgestel moes word.

### **5.2.5.3 Optekening van opsomming oor proses en uitkomst**

Uit die navorsing het dit geblyk dat die meeste opvoeders bly was dat hulle deel kon wees van die proses wat oor bykans 'n volle skooljaar gestrek het. In die meeste gevalle het dit ook tot hul eie persoonlike verryking bygedra. Enkele graad een

opvoeders het dit wel moeilik gevind om die programme by hul bestaande daaglikse werk te integreer. Hulle het ook te kenne gegee dat hulle geensins kreatiewe mense is nie. Benewens isiXhosa sprekende opvoeders, was daar ook enkele opvoeders wat van mening was dat sekere tekeninge/sketse in die leer- en onderrigondersteuningsmateriaal, dalk aantrekliker en op die leerder se belangstellingsvlak kon wees. Enkele opvoeders het ook te kenne gegee dat oorvol klasse hul taak bemoeilik het om individuele aandag aan veral baie swak leerders te skenk. Sommige opvoeders het erken dat hulle probleme ten opsigte van moedertaalonderrig ondervind het. Baie leerders word in Engels (Huis taal) onderrig, terwyl hul moedertaal eintlik Afrikaans of isiXhosa is. Dit bring gevolglik mee dat sodanige leerders weens hul karige Engelse woordeskat sekere instruksies nie kon verstaan nie en gevolglik skolasties nie optimaal kon funksioneer nie.

Die volgende positiewe terugvoering oor die programme is van die opvoeders ontvang:

- Baie opvoeders het te kenne gegee dat hulle nou oor die nodige leerstof beskik om leerders wat nie skoolgereed was nie, se skoolgereedheid te help bevorder. Vanaf 2006 sou hulle byvoorbeeld ook meer tyd tot hul beskikking kon hê om die leerstof saam met hul weeklikse en daaglikse beplanning te integreer.
- Die drie leerprogramme is deeglik beplan, uitgewerk en kindgerig. Die aktiwiteite wat vir elke assesseringstandaard uitgewerk is, is baie nuttig en bruikbaar.
- 'n Beduidende persentasie van die opvoeders het ook gevoel dat dié drie leerprogramme in Graad R geïmplementeer moet word, sodat daar eerder voorkomend opgetree moet word om leerders se skoolgereed betyds te help bevorder.
- Van die opvoeders het ook gevoel dat hierdie programme aan dagmoeders en Educare studente beskikbaar gestel moet word, omdat dit so omvangryk en deeglik uitgewerk is. Die gevoel is dat jong kinders met moontlike leerstoornisse vroegtydig geïdentifiseer en gehelp kan word. Dit is dan ook in lyn met nasionale beleid oor VKO.

- Opvoeders voel ook dat leerondersteuningsopvoeders in skole met kleiner groepies leerders werk en daarom die programme nuttig kan gebruik om leerders te help ondersteun. Omdat elke assesseringstandaard in nege verskillende vlakke afgewentel is, maak dit daarom ook voorsiening om die leerder te onderrig en op sy funksioneringsvlak te ondersteun. Soos wat die leerder vorder, kan die leerstof aangepas word totdat die leerder aan byvoorbeeld graad een se assesseringstandaarde voldoen. Indien nodig, kan die programme ook in die hele grondslagfase (Graad R-3) as ondersteuningsmateriaal gebruik word.
- Omdat die verskillende aktiwiteite in lesformaat uitgewerk is, kan dit ook deur klasassistentie gebruik word om leerders wat dit benodig te help ondersteun.
- Enkele opvoeders het ook, soos genoem en bespreek is, aangedui dat die programme in Afrikaans, sowel as isiXhosa beskikbaar gestel moet word.
- Byna al die opvoeders het aangedui dat die programme vir alle skole beskikbaar gestel moet word, omdat dit opvoeders kan help met die beplanning van hul leerprogramme, werkskedules en lesse.

#### **5.2.5.4 Herassesseer situasie**

Volgens Herbst (1989) kan praktykverbetering slegs effektief geskied, indien die probleme wat tydens die programimplementering geïdentifiseer is, by die verdere toepassing van die program(me) in ag geneem word. Die mening word deur die onderskeie rolspelers gehuldig dat die skoolfasiliteringsprogram, na aanleiding van die kritiese reflektoring en ander reeds genoemde aanbevelings, verder aangepas behoort te word. Dit sou help meebring dat die program provinsiaal en/of selfs nasionaal aan alle skole beskikbaar gestel sou kon word, ten einde alle leerders se stand van skoolgereedheid te help bevorder.

Omdat elke skool en gemeenskap 'n unieke karakter het, sal die implementering sensitief ten opsigte van eie behoeftes moet wees en dit ook waarskynlik nodig wees om self aanpassings op gepaste wyse te maak.

Volgens McNiff en Whitehead (2005) word navorsing ook gedoen met die oog op die beskikbaarstelling van nuwe kennis. Die beste aksienavorsingsprojekte is juis waar die navorser tot die gevolgtrekking kan kom dat nuwe kennis gegenerer is, vir beide die praktyk en leer.

In 'n volgende stap kan die navorser besluit om ander belanghebbendes in te lig aangaande die uitkoms van die navorsingsprojek (McNiff & Whitehead, 2005). Deur dit te doen, word die breër publiek die geleentheid gegun om die navorser se praktykverbetering uit te toets en daardeur te leer, indien hulle dit sou verkies. Volgens McNiff en Whitehead (2005) is dit baie belangrik dat die navorser vooraf duidelikheid moet hê aangaande die teikengroep vir wie die programme, soos in hierdie geval, ontwikkel word. In die onderwysopset is dit belangrik dat sodanige nuwe kennis deel van heelskool-ontwikkeling sal vorm. Skole kan dan transformeer in inrigtings vir opvoedkundige welvaart, waar onderwys as 'n proses van groei en ontwikkeling van alle deelnemers beskou kan word.

### **5.3 EVALUERING VAN DIE SKOOLFASILITERINGSPROGRAM DEUR OPVOEDERS**

Die ontwikkeling van 'n vraelys en die bewoording van die vrae is volgens Burton en Bartlett (2005) van kardinale belang tydens die beoordeling van programme, veral ten einde die suksesvolheid daarvan te help bepaal. Corbetta (2003) is weer van mening dat die formulering van 'n vraelys 'n moeilike taak is, aangesien daar geen vasgestelde reëls is wat die navorser moet volg nie. Corbetta (2003) stel wel voor dat die navorser se fokus duidelik moet wees en dat hy kennis moet dra van die teikengroep op wie die vraelys toegepas gaan word. In hierdie geval is die vraelys ontwikkel vir Graad een opvoeders, verbonde aan die 14 eksperimentele skole. Corbetta (2003) is van mening dat die navorser presies moet weet hoekom hy van 'n vraelys gebruik maak, aangesien die suksesvolle uitvoering daarvan deur die tipe inligting wat die navorser verlang, bepaal word. Die tipe vrae wat geformuleer is, het betrekking op die praktykverbetering van die aksienavorsingsproses. In die verband kan die navorser noem dat, ten spyte van die feit dat hy 'n gekwalifiseerde assessor is, die relevansie van die vrae vir die doel van sy studie ook deur drie lede van die multifunksionele span, wat by kurrikulumopleiding betrokke was, gekontroleer is.

Elke vraag wat die navorser geformuleer het, is volgens Corbetta (2003) se aanbeveling duidelik en met 'n spesifieke doel voor oë.

Omdat die WKOD versoek het dat respondente se anonimiteit beskerm moes word, is vraelyste naamloos aan die navorser terugbesorg na die programimplementering. Aangesien leerderassessering in die Grondslagfase aan die hand van die nasionale kodes se vierpuntskaal geskied, is daar besluit om ook vir die doel van hierdie progamevaluering hiervan gebruik te maak. In tabel 5.2 verskyn die nasionale kodes oor die rapportering van leerderprestasie. Na versameling van die data, het die navorser dit onmiddellik begin analiseer. Aangesien resultate volgens Coberta (2003) gewoonlik visueel deur middel van grafieke voorgestel word, het die navorser besluit om dit so te laat doen, omdat daar vir die doel van sy studie onder meer van beskrywende en inferensiële statistiese metodes gebruik gemaak moes word.

Nasionale kode	Beskrywing van leerderbevoegdheid
4	Uitstaande/Uitstekende prestasie
3	Bevredigende prestasie
2	Gedeeltelike prestasie
1	Nie verlangde prestasie behaal nie

**Tabel 5.2: Nasionale Kodes vir rapportering oor leerderprestasie (DvO, 2005b:9)**

Vervolgens volg die 22 vrae wat opvoeders aan die hand van die nasionale kodes moes beoordeel. Die vrae is presies dieselfde by al drie programme. Vraelyste is in Afrikaans en Engels aan opvoeders vir evaluering beskikbaar gestel.

Die volledige vraelys verskyn in *proefskrif bylae B*.

1	Die leeruitkomste is gedek	1	2	3	4
2	Elke assesseringstandaard ( <i>levels</i> 1-9) is progressief afgebreek aan die hand van die ontwikkelingsielkunde	1	2	3	4
3	Die leerstof is praktykgerig	1	2	3	4
4	Die leerstof voldoen aan die vereistes, soos deur die NKV bepaal word	1	2	3	4
5	Die leerstof maak voorsiening vir alle kulture en verskillende leeromgewings / onderrigomstandighede	1	2	3	4

6	Die leerstof vul ons leerprogramme, werkskedules en lesplanne aan	1	2	3	4
7	Elke vlak ( <i>levels</i> 1-9) is duidelik verstaanbaar wat betref kennis, vaardighede, materiaal benodig, aktiwiteite ens. Dit lees maklik en ek verstaan dit. Vlakke volg op mekaar	1	2	3	4
8	Die leerder werksvulle is prakties toepaslik	1	2	3	4
9	Die leer- en onderrigsteunmateriaal (LOSM) vir die opvoeder is nuttig en waardevol	1	2	3	4
10	Ek is tevrede met die integrasie van die verskillende leeruitkomste	1	2	3	4
11	Die taalgebruik is duidelik en verstaanbaar vir my	1	2	3	4
12	Die hoeveelheid materiaal is genoegsaam	1	2	3	4
13	Hierdie materiaal sou deur Graad R opvoeders gebruik kon word om leerders se vlakke van ontwikkeling te bepaal en hulle dan op 'n hoër vlak te kry	1	2	3	4
14	Hierdie materiaal sou ook as ondersteuningsmateriaal gebruik kon word in die res van die grondslagfase	1	2	3	4
15	Leerondersteuningsopvoeders sou ook dié materiaal met vrug kon gebruik om leerders met leerstoornisse te help	1	2	3	4
16	Die leeruitkomste is professioneel uitgewerk deur die multifunksionele span kundiges	1	2	3	4
17	Die leerstof kan ook vir ander graad een opvoeders van waarde wees	1	2	3	4
18	Ek kon die leerstof met groot sukses in my eie klas gebruik	1	2	3	4
19	Die leerstof het die assesseringsproses sinvol gemaak	1	2	3	4
20	Die leerstof het my gehelp om elke leerder se vlak van ontwikkeling te bepaal	1	2	3	4
21	Die leerstof het beplanning vergemaklik en onderrig meer effektief gemaak	1	2	3	4
22	Leerders het baat gevind by die leerstof	1	2	3	4

Vervolgens word daar oorgegaan tot die empiriese evaluering van die skoolfasiliteringsprogram.

## 5.4 EMPIRIESE EVALUERING VAN DIE SKOOLFASILITERINGSPROGRAM

### 5.4.1 Die navorsingsontwerp

Empiriese evaluering behels volgens Opie (2005) die insamel en die verwerking van data. Dit kan as 'n oorkoepelende term beskou word, waartydens daar van verskillende tegnieke gebruik gemaak kan word in die uitvoering daarvan.

Met die empiriese evaluering van die program is daar vir die doel van hierdie studie van *beskrywende* en *inferensiële* statistiese tegnieke gebruik gemaak. Volgens Opie (2005) behels beskrywende statistiek die beskrywing of opsomming van 'n aantal observasies. Die gebruik van persentasies of getalle by sodanige beskrywing(s) hang af van die grootte van die steekproef. Inferensiële statistiek, aan die ander kant, behels weer die organisering van groot getalle observasies en word gebruik by die maak van afleidings van die populasie waarvan dit geselekteer is. Afleidings word gemaak deur middel van toetse wat op die steekproef gebaseer is, maar wat verteenwoordigend is van die populasie waaruit dit geselekteer is. Inferensiële statistiek vereis verder die bestudering van die data wat versamel is, sodat die tipe analitiese metode wat gebruik moet word, bepaal kan word.

In hierdie studie was die onafhanklike veranderlike die skoolfasiliteringsprogram. Die afhanklike veranderlike is die ontwikkeling van die vroeë skoolbeginners se ontwikkelingstake, wat onderliggend aan skoolgereedheid is. Die ontwikkelingstake wat in hierdie verband by vroeë skoolbeginners geïdentifiseer is, is:

- motoriese ontwikkeling
- visueel-perseptuele ontwikkeling
- ouditief-perseptuele ontwikkeling
- gesyferdheid
- geletterdheid
- emosionele en
- sosiale ontwikkeling.

Ten einde die effek van die onafhanklike veranderlike op die vroeë skoolbeginners se ontwikkelingstake, wat onderliggend aan skoolgereedheid is te bepaal, is veertien

skole se onderouderdom-leerders, wat verteenwoordigend van die bevolkingsamestelling is, op 'n ewekansige wyse geselekteer. Die veertien skole se onderouderdom-leerders is vervolgens ewekansig aan die sewe behandelingswyses, wat uit elk van die ontwikkelingsvaardighede bestaan, toegewys. Soos alreeds genoem, is alle 5½ jariges by die onderskeie veertien skole by die ondersoek betrek. Die empiriese evaluering het (i) 'n voormeting, (ii) die toepassing van die drie leerprogramme (wat bekend staan as die skoolfasiliteringsprogram) en (iii) 'n nameting na verloop van agt maande ingesluit. Daar is hoofsaaklik van t-toetse en variansie-analise gebruik gemaak om verskille tussen toetstellings, hetsy tussen groepe (kontrole of eksperimenteel) of voor-en nametings, te ondersoek.

Ten einde die impak van die fasiliteringsprogram op leerders te meet, is slegs die eksperimentele groep aan die fasiliteringsprogram blootgestel en is vergelykings tussen eksperimentele en kontrolegroepe, op nametingsvlak, gebruik om afleidings aangaande die impak van die program te maak. Ten einde egter geldige afleidings op hierdie manier te maak, is dit noodsaaklik dat die eksperimentele en kontrolegroepe op voormetingsvlak vergelykbaar is, met ander woorde geen groep moet beduidend sterker as 'n ander groep op enige van die ontwikkelingsvaardighede wees nie. Indien daar vooraf-verskille tussen groepe is, kan afleidings oor die impak van die fasiliteringsprogram nie gemaak word, deur slegs nametingsresultate tussen die eksperimentele en kontrolegroepe te vergelyk nie en moet voormetingsresultate dan ook in ag geneem word.

Om vir hierdie vooraf-verskille te kompenseer, is daar twee opsies naamlik: Eerstens kan die eksperimentele en kontrolegroep op verskiltellings,<sup>1</sup> in plaas van nametingtellings alleen, vergelyk word. (hierna genoem: "verskiltelling-metode"). In hierdie geval sal *groter verskiltellings* by die eksperimentele groep aanduidend wees van 'n beduidende impak van die fasiliteringsprogram op leerders van die eksperimentele groep. Tweedens kan die eksperimentele en kontrolegroep op verbandsterktes tussen metingstyd (voor- of nameting ) en toetsprestasie vergelyk word. Die koëffisiënt wat hiervoor gebruik word is die eta koëffisiënte (hierna genoem "verbandsterkte-metode"). In hierdie geval sal 'n beduidende impak

---

<sup>1</sup> Verskille tussen na en voormetingsresultate



geïmpliseer word deur 'n *sterker verband* by die eksperimentele - as die kontrolegroep.

Met vergelykende variansie-analise, nadat die verlore leerders weggelaat is uit die voortoetsingsresultate, is gevind dat die twee groepe wel van mekaar verskil op die totale toets. Verskille is ook gevind op van die individuele ontwikkelingsvaardighede. Die eksperimentele groepe was deurentyd sterker as die kontrolegroep.

Hoewel genoemde twee metodes, naamlik verskiltelling-metode en verbandsterkte-metode tot dieselfde gevolgtrekking sal lei, wat betref die impak van die fasiliteringsprogram, is besluit om beide metodes te volg. Die voordeel hiervan is dat addisionele inligting verkry word deur die grootte van die verbandskoëffisiënte te vergelyk, wat waardevol is vir vergelykings van impak van die program op die verskillende ontwikkelingsvaardighede.

#### **5.4.2 Toepassing van die program**

Die skoolfasiliteringsprogram is sedert die begin van Maart 2005 tot en met die einde van Oktober 2005 eksperimenteel by 14 skole ingestel en 420 leerders is aan intervensie blootgestel.

Die 41 opvoeders van die 14 eksperimentele skole is nie net almal toepaslik opgelei vir die grondslagfase nie, maar het ook almal opleiding ontvang in die NKV. Soos alreeds vroeër in hoofstuk drie genoem is, is die drie leerprogramme volgens nasionale riglyne ontwikkel. Opvoeders is, gedurende die agt maande wat die drie leerprogramme toegepas is, voorsien van aktiwiteite (lesse) wat volledig uitgewerk is, leerondersteuningsmateriaal, sowel as werkvelle vir praktiese toepassing en vaslegging. Die 7 kontrole-skole het uiteraard geen stimulasie materiaal ontvang nie, behalwe vir die feit dat die navorser dié skole elk een keer per maand besoek het om oor die leerders se skolastiese vordering te verneem. Na afloop van die hertoetsing van die leerders, het die navorser die 7 kontroleskole besoek en hulle van al drie die leerprogramme se stimulasie materiaal voorsien.

### 5.4.3 Hipotesestelling

Die volgende hipotese is onderliggend aan die studies. Ter verkorting word die hipotese slegs geformuleer vir *motoriese ontwikkelingsvaardighede*. Neem in ag dat dit egter herhaal word vir elk van die ontwikkelingsvaardighede, binne elk van die die groepe hipoteses hieronder, onderskeidelik (a), (b) en (c) genoem.

#### a) Hipotese aangaande verskille tussen groepe op voormetingsvlak

$H_{01}$ : Daar is geen beduidende verskil tussen die eksperimentele en kontrolegroep, ten opsigte van *motoriese ontwikkelingsvaardighede*, op voormetingsvlak nie.

$H_{A1}$ : Daar is 'n beduidende verskil tussen die eksperimentele en kontrolegroep, ten opsigte van *motoriese ontwikkelingsvaardighede*, op voormetingsvlak.

#### b) Hipotese aangaande verskille tussen voor- na nametings<sup>2</sup>

$H_{01}$ : Nametings verskil nie beduidend van voormetings op *motoriese ontwikkelingsvaardighede* nie.

$H_{A1}$ : Nametings, ten opsigte van *motoriese ontwikkelingsvaardighede*, is beduidend groter as voormetings van *motoriese ontwikkelingsvaardighede*.

#### c) Hipotese aangaande verskille tussen groepe op verskiltellings<sup>3</sup>

$H_{01}$ : Verskiltellings ten opsigte van *motoriese ontwikkelingsvaardighede* verskil nie tussen die eksperimentele en kontrolegroepe nie.

$H_{A1}$ : Verskiltellings ten opsigte van *motoriese ontwikkelingsvaardighede* is beduidend groter by die eksperimentele- as die kontrolegroep.

Wat betref verbandsterkte tussen toetstyd (voor- of nameting) en motoriese ontwikkelingsvaardighede, soos gemeet deur die eta-koëffisiënt, sal slegs van beskrywende statistiek gebruik gemaak word om die verbande te rapporteer, aangesien inferensiële tegnieke nie hierop van toepassing is nie.

---

<sup>2</sup> Toegepas op beide eksperimentele en kontrolegroep

<sup>3</sup> Word verkry deur nameting minus voormeting

#### **5.4.4 Die verwerking van die data**

Die data is met behulp van SPSS-sagteware ontleed.

### **5.5 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is daar beskryf hoe die voorgestelde skoolfasiliteringsprogram geïmplimenter is en hoe dit by wyse van aksienavorsing en empiriese navorsing geëvalueer is.

In die volgende hoofstuk sal die navorser die bevindings van die studie bespreek, tot sekere gevolgtrekkings kom en aanbevelings maak.

## HOOFSTUK 6

# BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 INLEIDING

Ten einde die toepaslikheid van 'n skoolfasiliteringsprogram vir vroeë skoolbeginners in die Wes-Kaap te bepaal, is die program prakties toegepas en deur opvoeders, sowel as empiries, geëvalueer.

### 6.2 BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS

#### 6.2.1 Bevindinge ten opsigte van die aksienavorsing

Aksienavorsing was die basis vir die eksperimentele toepassing van die skoolfasiliteringsprogram by die vroeë skoolbeginners. Na afloop van die praktiese implementering van die drie leerprogramme, wat as die skoolfasiliteringsprogram gedien het, is aan elke graad een opvoeder van die veertien eksperimentele skole drie vraelyste gegee om die drie leerprogramme aan die hand van die puntetoekenning te evalueer, soos in hoofstuk 5 aangedui.

Aanvanklik het daar 41 graad een opvoeders aan die praktiese implementering van die drie leerprogramme deelgeneem. Na afloop van die programimplementering, was 40 van die opvoeders beskikbaar vir die evaluering van die programme. Een opvoeder was weens kraamverlof nie beskikbaar nie.


Volgens Opie (2005) is daar baie bruikbare metodes waarop inligting aan mense verduidelik kan word. Een metode is om van staafgrafieke gebruik te maak. Die voordeel van hierdie metode is dat sommige mense dit makliker vind om ruimtelike verhoudings tussen voorwerpe in te sien, in vergelyking met numeriese verhoudings. Vervolgens word die drie leerprogramme aan die hand van staafgrafieke, soos wat dit deur die opvoeders geëvalueer is, bespreek en geïnterpreteer.

##### 6.2.1.1 Geletterdheid

Uit die staafgrafiek in figuur 6.1 kan afgelei word dat die evalueringspunt van die leerprogram Geletterdheid tussen  $> 3,20$  en  $< 3,55$  wissel, vir al 22 vroeë. Volgens die nasionale kodes het opvoeders die leerprogram baie positief geëvalueer. Enkele

uitstaande aspekte rakende die evaluering van die program, word vervolgens bespreek. Vir dié doeleindes word die vraag/stelling eers geformuleer en daarna volg die bespreking.

*Vraag 1: Die leeruitkomste is gedek.* Ten opsigte van vraag 1 was die opvoeders veral beïndruk met die feit dat al die leeruitkomste van die leerarea Huistaal volledig tydens die programimplementering gedek is.



**Figuur 6.1: Die gemiddelde evalueringpunt van die opvoeders per vraag: *Geletterdheid***

*Vraag 5: Die leerstof maak voorsiening vir alle kulture en verskillende leeromgewings / onderrigomstandighede.* Hier het, veral swart opvoeders, gevoel dat daar nie behoorlik voorsiening in die leerprogram vir leerders van alle kulture, met betrekking tot hul leeromgewings en onderrigomstandighede gemaak is nie. Boonop is daar ook baie leerders wie se huistaal byvoorbeeld Afrikaans of isiXhosa is en dan in dié geval in Engels onderrig word.

*Vraag 7: Elke vlak (levels 1-9) is duidelik verstaanbaar wat betref kennis, vaardighede, materiaal benodig, aktiwiteite ens. Dit lees maklik en ek verstaan dit. Vlakke volg op mekaar.* Wat hierdie vraag betref, was opvoeders oor die algemeen

tevrede met die manier waarop elke assesseringstandaard met sy nege verskillende leervlakke uitgewerk is. Dit was duidelik verstaanbaar in terme van vaardighede, kennis, houdings, materiaal benodig, aktiwiteite, ens. Die nege verskillende leervlakke volg ook progressief op mekaar en daar is kontinuïteit te bespeur.

*Vraag 13: Hierdie materiaal sou deur Graad R opvoeders gebruik kon word om leerders se vlakke van ontwikkeling te bepaal en hulle dan op 'n hoër vlak te kry.* Graad een opvoeders is van mening dat, aangesien Graad R vanaf 2010 verpligtend vir alle leerders gaan wees, Graad R-opvoeders hierdie program sal kan gebruik om leerders se geletterdheidsvaardighede te help ontwikkel en sodoende skoolgereed help bevorder.

*Vraag 17: Die leerstof kan ook vir ander graad een opvoeders van waarde wees.* Aangesien die leerprogramme volgens die NKV-riglyne ontwikkel is, sou opvoeders van ander skole ook dié leerprogram met vrug in hul onderskeie skole kon gebruik.

*Vraag 18: Ek kon die leerstof met groot sukses in my eie klas gebruik.* Opvoeders het oor die algemeen gevoel dat die leerprogram Geletterdheid vir hulle waardevol was in die bevordering van leerders se vlak van skoolgereedheid.

*Vraag 19: Die leerstof het die assesseringsproses sinvol gemaak.* Opvoeders was van mening dat omdat die leerprogram Geletterdheid, aan die hand van die NKV-riglyne ontwikkel is, dit hulle baie kon help in die assessering van leerders ten opsigte van die onderskeie leeruitkomste met hul assesseringstandaarde.

*Vraag 20: Die leerstof het my gehelp om elke leerder se vlak van ontwikkeling te bepaal.* Opvoeders was van mening dat die leerprogram waardevol was, deurdat dit hulle gehelp het om elke leerder se ontwikkelingstand te help bepaal. Indien 'n leerder 'n beduidende agterstand ten opsigte van Geletterdheid sou toon, kon die leerprogram hulle help met die ontwikkeling van 'n individuele ondersteuningsprogram vir sodanige leerder(s).


*Vraag 22: Leerders het baat gevind by die leerstof.* Opvoeders was oor die algemeen van mening dat, danksy die leerprogram Geletterdheid, baie leerders se algemene taalontwikkeling heelwat gedurende die loop van die jaar verbeter het. Dit kon gevolglik daartoe bydra dat hulle aan die leerarea (Tale - Huistaal) se leeruitkomste en assesseringstandaarde kon voldoen.

Die algemene afleiding wat die navorser aangaande hierdie leerprogram maak, is dat opvoeders baie in hul skik was met die manier waarop die program ontwikkel is, ten spyte van die kritiek ten opsigte van vraag 5, soos bespreek.

### 6.2.1.2 Gesyferdheid

Uit die staafdiagram in figuur 6.2 kan daar afgelei word dat die evalueringpunt van die leerprogram Gesyferdheid, soos by die vorige leerprogram ook tussen  $> 3,20$  en  $< 3,50$  wissel, vir al 22 vrae. Volgens die nasionale kodes het opvoeders die leerprogram ook baie positief geëvalueer. Enkele uitstaande aspekte van die program sal ook bespreek word. Vir dié doeleindes word die vraag/stelling eers geformuleer en daarna volg die bespreking.

*Vraag 1: Die leeruitkomste is gedek.* Ten opsigte van vraag 1 was die opvoeders veral beïndruk met die feit dat al die leeruitkomste van die leerarea Wiskunde volledig tydens die programimplementering gedek is.



**Figuur 6.2: Die gemiddelde evalueringpunt van die opvoeders per vraag: Geslyferdheid**

*Vraag 4: Die leerstof voldoen aan die vereistes, soos deur die NKV bepaal word.* Omdat kognitiewe vaardighede so belangrik is ten opsigte van die bemeestering van sekere wiskundige konsepte, was graad een opvoeders oor die algemeen baie tevrede met die ontwikkeling van die leerprogram se aktiwiteite. Aangesien hulle kreatiwiteit in die ontwikkeling van die program kon bespeur, het hulle ook gevoel dat die leerprogram vir hulle baie waardevol is ten opsigte van die bevordering van belangrike wiskundige vaardighede, waarvoor leerders behoort te beskik.

*Vraag 5: Die leerstof maak voorsiening vir alle kulture en verskillende leeromgewings / onderrigomstandighede.* Hier het, veral swart opvoeders, gevoel dat daar nie behoorlik voorsiening in die leerprogram vir leerders van alle kulture, met betrekking tot hul leeromgewings en onderrigomstandighede, gemaak is nie.

*Vraag 7: Elke vlak (levels 1-9) is duidelik verstaanbaar wat betref kennis, vaardighede, materiaal benodig, aktiwiteite ens. Dit lees maklik en ek verstaan dit. Vlakke volg op mekaar.* Wat hierdie vraag betref, was opvoeders oor die algemeen tevrede gewees met die manier waarop elke assesseringstandaard met sy nege verskillende leervlakke uitgewerk is. Dit was duidelik verstaanbaar in terme van vaardighede, kennis, houdings, materiaal benodig, aktiwiteite, ens. Die nege verskillende leervlakke volg ook progressief op mekaar en daar is kontinuïteit te bespeur.

*Vraag 10: Ek is tevrede met die integrasie van die verskillende leeruitkomst.* Van die opvoeders het gevoel dat daar nie genoegsame integrasie in die Gesyferdheidsprogram, ten opsigte van die verskillende vyf leeruitkomst, was nie. Hulle was van mening dat dit sou meebring dat sekere belangrike wiskundige vaardighede beter vasgelê sou kon word.

*Vraag 13: Hierdie materiaal sou deur Graad R opvoeders gebruik kon word om leerders se vlakke van ontwikkeling te bepaal en hulle dan op 'n hoër vlak te kry.* Graad een opvoeders is van mening dat, aangesien Graad R vanaf 2010 verpligtend vir alle leerders gaan wees, Graad R-opvoeders hierdie program sal kan gebruik om leerders se gesyferdheidsvaardighede te help ontwikkel sodoende hul skoolgereedheid help bevorder.



*Vraag 18: Ek kon die leerstof met groot sukses in my eie klas gebruik.* Opvoeders het oor die algemeen gevoel dat die leerprogram Gesyferdheid vir hulle waardevol was in die bevordering van leerders se vlak van skoolgereedheid.


*Vraag 19: Die leerstof het die assesseringsproses sinvol gemaak.* Opvoeders was van mening dat, omdat die leerprogram Gesyferdheid aan die hand van die NKV-riglyne ontwikkel is, dit hulle baie kon help in die assessering van leerders ten opsigte van die onderskeie leeruitkomste en hul assesseringstandaarde.

Die algemene afleiding wat die navorser aangaande hierdie leerprogram maak, is dat opvoeders baie in hul skik was met die manier waarop die program ontwikkel is, ten spyte van die kritiek ten opsigte van vrae soos genoem en bespreek is.

### **6.2.1.3 Lewensvaardighede**

Uit die staafdiagram in figuur 6.3 kan daar afgelei word dat die evalueringpunt van die leerprogram Lewensvaardigheid, tussen > 3,25 en 3,55 wissel, vir al 22 vrae. Volgens die nasionale kodes het opvoeders dié leerprogram ook baie positief geëvalueer. Enkele uitstaande aspekte van die program word vervolgens bespreek. Vir dié doeleindes word die vraag/stelling eers geformuleer en daarna volg die bespreking.

*Vraag 1: Die leeruitkomste is gedek.* Ten opsigte van vraag 1 was die opvoeders veral beïndruk met die feit dat al die leeruitkomste van die leerarea Lewensoriëntering volledig tydens die programimplementering gedek is.



**Figuur 6.3: Die gemiddelde evalueringspunt van die opvoeders per vraag: Lewensvaardighede**

*Vraag 3: Die leerstof is praktykgerig.* Opvoeders was oor die algemeen van mening dat die leerstof nie net volgens die voorgeskrewe NKV-riglyne ontwikkel is nie, maar veral ten opsigte van die werksvulle en leer- en onderrigsteunmateriaal, vir beide leerder en opvoeder, van groot waarde was.

*Vraag 5: Die leerstof maak voorsiening vir alle kulture en verskillende leeromgewings / onderrigomstandighede.* Hier het, veral swart opvoeders, gevoel dat daar nie behoorlik voorsiening in die leerprogram vir leerders van alle kulture, met betrekking tot hul leeromgewings en onderrigomstandighede gemaak is nie. By die ontwikkeling van sekere aktiwiteite is daar nie altyd rekening gehou met die leerder wat hom in uiters swak omstandighede bevind nie.


*Vraag 6: Die leerstof vul ons leerprogramme, werkskedules en lesplanne aan.* Enkele opvoeders was van mening dat die leerstof nie rekening gehou het met hul sosio-ekonomiese omstandighede nie.

Vraag 7: Elke vlak (levels 1-9) is duidelik verstaanbaar wat betref kennis, vaardighede, materiaal benodig, aktiwiteite ens. Dit lees maklik en ek verstaan dit. Vlakke volg op mekaar. Wat hierdie vraag betref, was daar wel enkele opvoeders gewees wat nie heeltemal tevrede was met die manier waarop elke assesseringstandaard met sy nege verskillende leervlakke uitgewerk is nie. Dit was, volgens hulle, nie duidelik verstaanbaar in terme van vaardighede, kennis, houdings, materiaal benodig, aktiwiteite, ensovoorts nie.

Die algemene afleiding wat die navorser aangaande hierdie leerprogram maak, is dat opvoeders baie in hul skik was met die manier waarop die program ontwikkel is, ten spyte van die kritiek ten opsigte van vroeë soos genoem en bespreek is.

#### 6.2.1.4 Vergelyking van evalueringe per vraag van al drie die leerprogramme


In die staafdiagram in figuur 6.4 kan daar gesien word hoe die gemiddelde punt per vraag en per leerprogram met mekaar vergelyk. Uit meegaande figuur kan die afleiding gemaak word dat opvoeders se evalueringe ten opsigte van die 22 vrae redelik konstant was, behalwe ten opsigte van vrae 3, 7, 10 en 21, waar evalueringe ten opsigte van sekere leerprogramme beter as ander was.



**Figuur 6.4: Gemiddelde evalueringpunt per vraag per leerprogram deur die opvoeders toegeken**

### 6.2.1.5 Samevattend

In die staafdiagram in figuur 6.5 is die vergelykende evaluering van die drie leerprogramme, soos deur die opvoeders geëvalueer. In rangorde van evaluering kan die afleiding gemaak word dat opvoeders die Gesyferdheidsprogram as die beste geëvalueer het, gevolg deur Geletterdheid en Lewensvaardighede. In die geval van laasgenoemde program, is die gemiddelde evalueringpunt op die vierpuntskaal (soos van toepassing op leerders in die Grondslagfase en die Intermediêre Fase) van die nasionale kodes, effens hoër as 83.75%. In terme van opvoedkundige evaluering, word 'n persentasiepunt van 83.75% gewoonlik as baie goed beskou (Staatskoerant no. 29626, 12 Februarie 2007). Die afleiding kan dus gemaak word dat die opvoeders die drie leerprogramme as baie goed en bruikbaar beskou. Die navorser is dus van mening dat die drie leerprogramme ook met groot vrug deur ander opvoeders gebruik sal kan word.



**Figuur 6.5: Voorstelling van die gemiddelde evalueringpunt per leerprogram deur die opvoeders**

Omdat die skoolfasiliteringsprogram deur opvoeders van *verskillende kulture* geëvalueer is, word bevindinge op grond van die navorsers se waarneming en gesprekvoering met rolspelers óók aangedui.

#### **6.2.1.6 Bevindinge op grond van waarneming en gesprekvoering**

As projekteier/fasiliteerder van die aksienavorsingsproses, kon die navorsers gedurende sy interaksie met al die verskillende rolspelers ook tot die volgende bevindinge kom aangaande die skoolfasiliteringsprogram. Die bevindinge is ook onder 5.2.5.3 in die vorige hoofstuk breedvoerig bespreek.

- Opvoeders was van mening dat die drie leerprogramme baie deeglik beplan, uitgewerk en kindgerig is. In baie van die beplande aktiwiteite kon hulle kreatiwiteit bespeur, veral ten opsigte van die leerprogram Gesyferdheid.
- Opvoeders was oor die algemeen van mening dat Graad R opvoeders die programme so gou moontlik moet kry, sodat hulle leerders in hul klasse se vlak van skoolgereedheid kan help bevorder en sodoende 'n voorkomende opvoedkundige funksie kan help vervul.
- Baie opvoeders was van mening dat dagmoeders en Educare studente ook die programme kan gebruik, omdat dit vanaf drie- tot sewejarige ouderdom strek.
- Baie opvoeders was van mening dat die programme ten opsigte van NKV-riglyne ook voldoen aan nasionale beleid en riglyne aangaande VKO.
- Leerondersteuningsopvoeders in skole het ook die drie leerprogramme besigtig en te kenne gegee dat hulle dit ook met groot vrug sal kan gebruik.
- Omdat die verskillende aktiwiteite in lesformaat uitgewerk is, kan klasassistenten dit ook gebruik wanneer hulle leerders help ondersteun, veral waar opvoeders baie groot klasse het.
- Gedurende interaksie met graad een opvoeders, het byna almal te kenne gegee dat die programme vir alle skole beskikbaar gestel moet word, omdat dit opvoeders kan help met die beplanning van hul leerprogramme, werkskedules en lesse.

Die gevolgtrekking waartoe die navorsers kom is dat die gemiddelde evalueringspunte vir elk van die drie verskillende leerprogramme, soos grafies in figuur 6.5 gesien kan word, asook die navorsers se bevindinge op grond van sy

interaksie met al die graad een opvoeders van die eksperimentele skole, tog komplementêrend tot mekaar is.

Vervolgens word daar nou oorgegaan tot die bespreking van die empiriese resultate.

## 6.2.2 Resultate van empiriese evaluering


### 6.2.2.1 Vergelyking van die eksperimentele en die kontrolegroep op voormetingsvlak

Ontwikkelings-vaardigheid	SKw tussen groepe	SKw binne groepe	Vryheidsgrade	F-stat	p-waarde
Motoriese ontwikkeling	2.925	331.31	1/572	5.054	0.025
Visueel-perseptuele ontwikkeling	8.096	449.238	1/572	10.309	0.001
Ouditief-perseptuele ontwikkeling	18.465	728.044	1/572	14.507	0.000
Gesyferdheid	0.102	297.016	1/572	3.857	0.657
Geletterdheid	0.197	381.223	1/572	0.296	0.587
Emosionele ontwikkeling	64.703	1098	1/572	33.703	0.000
Sosiale ontwikkeling	15.432	1.144	1/572	13.483	0.000
Totale Skaal	43.727	1.230	1/3859	35.555	0.000

**Tabel 6.1: Variansie-analise van voortoetsingsresultate met die groep (eksperimenteel of kontrole) as die onafhanklike veranderlike**

### Bespreking

Daar is beduidende verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroep op voormetingsvlak by al die ontwikkelingsvaardighede, behalwe *Gesyferdheid* en *Geletterdheid*. Hierdie inligting word grafies in die staafdiagram in figuur 6.6. weergegee.



**Figuur 6.6: Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroepe ten opsigte van al die ontwikkelingsvaardighede op voormetingsvlak**

### Bespreking

Die eksperimentele groep is sterker as die kontrolegroep ten opsigte van al die ontwikkelingsvaardighede, behalwe *Gesyferdheid* en *Geletterdheid*. By laasgenoemde bestaan daar geen beduidende verskil tussen die eksperimentele en die kontrolegroep nie.

Aangesien die eksperimentele en kontrolegroepe tydens voormeting nie direk vergelykbaar is nie, kan afleidings aangaande die impak van die program met nameting nie gemaak word, sonder om die verskille in ag te neem nie. Soos reeds in hoofstuk vyf verduidelik, is daar twee opsies om vir vooraf-verskille te kompenseer. (1) *Verskiltellings*, in plaas van slegs routellings, kan gebruik word om die eksperimentele en kontrolegroep te vergelyk. Groter verskiltellings by die eksperimentele groep sal dui op beduidende impak van die program (2) Tweedens kan *sterkte van verbande* tussen toetstyd (voor- en nameting) en toetsprestasie

gebruik word om vir 'n impak te toets. Sterker verbande by die eksperimentele groep as by die kontrolegroep sal op 'n beduidende impak dui.

Aangesien groter verskiltellings sterker verbande tot gevolg sal hê, behoort beide strategieë tot dieselfde gevolgtrekking te lei.

Alvorens die impak van die ontwikkelingsprogram met behulp van bogenoemde twee strategieë ondersoek word, word eers ondersoek ingestel na die mate van verbetering, al dan nie, van voor- en natoetsing. Dit word by beide die eksperimentele en kontrolegroep ondersoek.

<b>Ontwikkelingsvaardigheid</b>	<b>Voortoetsing</b>	<b>Natoetsing</b>	<b>t-statistiek</b>	<b>p-waarde</b>
Motoriese Ontwikkeling	3.049	3.622	12.674	0.000
Visueel-Perseptuele ontwikkeling	2.138	2.996	14.310	0.000
Ouditief-Perseptuele ontwikkeling	1.786	3.267	21.273	0.000
Syferkundigheid	2.868	3.395	11.347	0.000
Geletterdheid	1.795	2.647	15.879	0.000
Emosionele Ontwikkeling	3.295	3.492	14.471	0.000
Sosiale Ontwikkeling	2.573	3.619	16.299	0.000

**Tabel 6.2: Eksperimentele Groep: T-toets vir beduidendheid van verskille tussen voor- en nameting**

### **Bespreking**

Die nulhipoteses word by al die ontwikkelingsvaardighede verwerp, wat beteken daar is beduidende verbetering van voor- en natoetsing.

<b>Ontwikkelingsvaardigheid</b>	<b>Voortoetsing</b>	<b>Natoetsing</b>	<b>t-statistiek</b>	<b>p-waarde</b>
Motoriese Ontwikkeling	2.890	3.189	5.978	0.000
Visueel-Perseptuele ontwikkeling	1.890	2.311	7.923	0.000
Ouditief-Perseptuele ontwikkeling	1.417	2.211	11.174	0.000
Syferkundigheid	2.840	3.017	3.828	0.000
Geletterdheid	1.833	2.120	4.789	0.000
Emosionele Ontwikkeling	1.593	2.613	10.535	0.000
Sosiale Ontwikkeling	2.230	3.402	13.834	0.000


**Tabel 6.3: Kontrolegroep: T-toets vir beduidendheid van verskille tussen voor en nametings**



## Bespreking

Die nulhipoteses by al die ontwikkelingsvaardighede op die kontrolegroep word verwerp. Toetsresultate het hier ook verbeter van voor- en nametings. Dit kan moontlik aan die kontrolegroep se blootstelling aan die gewone graad een kurrikulum toegeskryf word.

Verbetering in resultate van voor- en natoetsing het by beide die eksperimentele en kontrolegroep plaasgevind. Voor- en natoetsingsresultate van die eksperimentele groep word grafies in figuur 6.7 voorgestel.



**Figuur 6.7: Grafiese voorstelling van die voor- en nametingsresultate van die eksperimentele groep**

### 6.2.2.2 Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroepe deur middel van verskiltellings

Vervolgens word die verskiltellings tussen die eksperimentele groep (groep met blootstelling) en die kontrolegroep (groep sonder blootstelling) met mekaar vergelyk. Die t-toets vir onafhanklike groepe word gebruik, aangesien dit die navorser in staat stel om 'n afleiding te maak van watter groep se verskiltellings die grootste is. Dit is

in teenstelling met ANOVA, wat slegs 'n afleiding aangaande beduidendheid van verskille maak.

Die hipoteses wat ondersoek word is:

$H_{01}$ : Verskiltellings van leerders in die eksperimentele groep (groep met blootstelling aan die skoolfasiliteringsprogram) verskil nie beduidend van leerders in die kontrolegroep (groep sonder blootstelling) nie.

$H_{A1}$ : Verskiltellings van leerders in die eksperimentele groep is beduidend groter as die van leerders in die kontrolegroep.


Bogenoemde hipoteses is dieselfde vir die verskiltellings ten opsigte van die volgende ontwikkelingsvaardighede: *motoriese, visueel-perseptuele, ouditief-perseptuele, gesyferdheid, geletterdheid, emosionele en sosiale*.

Ontwikkelings-vaardighede	Gemiddelde Verskiltellings: Eksperimenteel	Gemiddelde Verskiltellings: Kontrole	t-statistiek	p-waarde
Motoriese ontwikkeling	0.570	0.290	4.014	0.000
Visueel-perseptuele ontwikkeling	0.858	0.422	4.855	0.000
Ouditief-perseptuele ontwikkeling	1.480	0.799	6.321	0.000
Syferkundigheid	0.527	0.176	4.911	0.000
Geletterdheid	0.853	0.287	6.666	0.000
Emosionele ontwikkeling	1.200	1.020	1.340	0.181
Sosiale ontwikkeling	1.05	1.170	-1.175	0.240

**Tabel 6.4: T-toets vir die beduidendheid van verskille in verskiltellings**

### Bespreking

Die nulhipotese word by al die ontwikkelingsvaardighede, behalwe by *emosionele* en *sosiale* ontwikkeling, verwerp. Die effek van die skoolfasiliteringsprogram ten opsigte van verskiltellings (blootstelling teenoor geen blootstelling), word vervolgens in tabel 6.8 voorgestel.



**Figuur 6.8: Grafiese voorstelling van die effek van die skoolfasiliteringsprogram deur middel van verskillings**

### Bespreking

Uit figuur 6.8 kan die afleiding gemaak word dat daar, ten opsigte van *emosionele* en *sosiale* ontwikkelingsvaardighede, geen beduidende verbetering was, selfs ná blootstelling aan die program nie.

#### 6.2.2.3 Vergelyking van die eksperimentele en kontrolegroepe deur gebruik te maak van verbandsterktes


Vervolgens word die eta koëffisiënte gerapporteer. Hierdie koëffisiënte dui die sterkte van die verband tussen toetstyd (voormeting of nameting) en toetsprestasie aan, by beide die eksperimentele en kontrolegroepe.

	MO	V-P O	O-P O	SYF	LET	EMO	SO
Eta Eksperimenteel	0.152	0.203	0.346	0.132	0.197	0.223	0.247
Eta Kontrole	0.036	0.055	0.106	0.018	0.030	0.108	0.247

**Tabel 6.5: Eta koëffisiënte van beide eksperimentele en kontrolegroepe**

## Bespreking

Met die uitsondering van *sosiale vaardighede* is die verbande almal sterker by die eksperimentele groep. Vervolgens word hierdie koëffisiënte grafies voorgestel en vergelyk.



**Figuur 6.9: Grafiese voorstelling van die effek (verbandsterktes) van die skoolfasiliteringsprogram**

## Bespreking

By al die vaardighede, behalwe *sosiale ontwikkeling*, is die verbandsterktes groter by die eksperimentele as kontrolegroep. Die grootste persentasie verbetering het plaasgevind by *Gesyferdheid* en *Geletterdheid*, terwyl die kleinste persentasie verbetering plaasgevind het by *emosionele ontwikkeling*. Vervolgens word die persentasie verbetering by elk van die ontwikkelingsvaardighede gerapporteer.

	MO	V-P O	O-P O	SYF	LET	EM O	SO
Persentasie verbetering in verbandsterktes	76.30%	72.93%	69.51%	86.15%	84.74%	51.60%	0%

**Tabel 6.6: Persentasie verbetering ten opsigte van verbandsterktes: Eksperimentele teenoor kontrolegroep**

## Bespreking

Dit is duidelik dat die grootste impak plaasgevind het by *Gesyferdheid* en *Geletterdheid*, gevolg deur *motoriese ontwikkeling*, *visuele persepsie*, *ouditiewe persepsie* en *emosionele ontwikkeling*. In ooreenstemming met die resultate by verskiltellings, het die minste/kleinste impak by *emosionele ontwikkeling* en *sosiale ontwikkeling* plaasgevind, wat onbeduidend geresulteer het.

Die resultate, wat na verloop van die agt maande van programimplementering verkry is, dui daarop dat die skoolfasiliteringsprogram 'n beduidende invloed op ses van die sewe afhanklike veranderlikes gehad het, naamlik: motoriese ontwikkeling, visueel-perseptuele ontwikkeling, ouditief-perseptuele ontwikkeling, gesyferdheid, geletterdheid en emosionele ontwikkeling. Die beduidende impak van die program kan óók moontlik aan die Hawthorne-effek toegeskryf word (Merrett, 2006). Volgens dié effek, gee kinders oor die algemeen goeie samewerking sodra hulle weet dat hulle deel van 'n eksperimentele groep vorm, ekstra aandag ontvang en dat hul optredes verder fyn gemonitor word. Volgens Marshall (2004) speel veranderlikes soos die fisiese omgewing, sosiale interaksie tussen leerders, asook tussen leerders en opvoeders, groepskohesie, interpersoonlike verhoudings en klaskamerorganisasie ook 'n belangrike rol by leer. In hierdie verband kan die navorser noem dat die volledig uitgewerkte leerprogramme wat aan die opvoeders van die 14 eksperimentele skole voorsien is, moontlik bydraend was tot die positiewe uitkoms van die studie in sy geheel. Dit is interessant dat die onafhanklike veranderlike (die skoolfasiliteringsprogram) geen interaksie-effek op sosiale ontwikkeling gehad het nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat baie van dié onderouderdom-leerders vanuit minder optimale/gedepriveerde sosio-ekonomiese omstandighede afkomstig is en hul ouers/voogde ook dikwels nie oor die nodige sosiale vaardighede beskik om hul kinders te leer nie. Sodanige leerders het moontlik langer opvoedkundige blootstelling en begeleiding nodig, voordat daar 'n beduidende verskil bespeur sal kan word. Volgens Entwisle en Alexander (1998) verander 'n voltydse skoolloopbaan die kind se sosiale rolle en verwagte gedrag drasties in die primêre jare. Kognitiewe versnelling, wat tussen die ouderdomme ses tot agt jaar plaasvind, bevorder ook die kind se sosiale ontwikkeling drasties. Vir optimale sosiale en intellektuele groei, het skoolbeginners ferm leiding nodig. Hulle is afhanklik van 'n warm, aangename klasatmosfeer, waar die opvoeders hulle veilig

laat voel (Grové & Hauptfleisch, 1990; Derbyshire, 2003). Dit kan volgens Grové (1984) gebeur dat skoolbeginners by 'n beginneronderwyseres geplaas word, wat as gevolg van haar beperkte ervaring in die beroep, angsgevoelens ervaar en by tye oorreegeer. Klasgroepe van 35 en meer kan ook 'n oorsaak wees dat 'n opvoeder nie voldoende tyd het om behoorlik in elke leerder se leerbehoefes te voorsien nie. 'n Ander moontlike oorsaak vir die feit dat daar geen beduidende ontwikkeling van sosiale en emosionele vaardighede plaasgevind het nie, kan wees dat daar soveel aandag aan Geletterdheid en Gesyferdheid gegee word, dat Lewensvaardighede (wat sosiale en emosionele vaardighede insluit) afgeskeep word.

### **6.3    BESPREKING VAN DIE PROJEK EN DIE RESULTATE**

Die doel met die skoolfasiliteringsprogram was om 'n wyse van intervensie te vind, waardeur die spesifieke probleme (ontwikkelingsvaardighede wat as 'n voorvereiste vir optimale skolastiese vordering beskou word) wat vroeë skoolbeginners in die Wes-Kaap ervaar, bekamp kan word (*hoofstuk1*). Die belowende resultate wat in hierdie ondersoek verkry is, moet egter teen die agtergrond van die omstandighede en konteks van die vroeë skoolbeginners, wat by die projek betrek is, geïnterpreteer word.

Die situasie-analises het eerstens meer lig gewerp op die probleme wat deur vroeë skoolbeginners in die Wes-Kaap met skooltoetreding ervaar word. Dit blyk dat probleme met motoriese ontwikkeling, visuele-persepsie, ouditiwe persepsie, gesyferdheid, geletterdheid, emosionele onrypheid, gebrekkige sosiale ontwikkeling en 'n gebrek aan werkgerigtheid, dikwels voorkom. Hierdie bevindinge is in ooreenstemming met dié van navorsers soos Botha et al. (1998), Derbyshire (2003), Huisamen (1991) en Van der Merwe (1998). Verskeie navorsers soos Derbyshire (2003), Grové en Hauptfleisch (1982), Hanekom (1991), Heckroodt (1995), Huisamen (1991) en Park (1986) meen ook dat gepaste chronologiese ouderdom nie noodwendig skoolgereedheid waarborg nie. Die afleiding kan dus gemaak word dat die skooltoetredingsouderdom van leerlinge nie noodwendig 'n positiewe of 'n negatiewe invloed op hul skoolprestasie hoef te hê nie, maar dat evalueringsmeganismes ook in plek gestel behoort te word om elke leerling se ontwikkelingsvlak so noukeurig moontlik te bepaal. Volgens Botha et al. (1998) en Grové (1984) speel die volgende ontwikkelingstake veral 'n belangrike rol om die kleuter (wat die 5½ jariges insluit) vir formele onderwys te help voorberei, naamlik:

Perseptuele ontwikkeling; groot- en fynmotoriese ontwikkeling; kognitiewe ontwikkeling; taalontwikkeling; sosiale- en emosionele gereedmaking. Uit hierdie inligting kan dus die afleiding gemaak word dat Wes-Kaapse skoolbeginners soortgelyke probleme as skoolbeginners elders in Suid-Afrika ervaar. Dié faktore sal hul verhoed om skolasties optimaal te presteer, indien al bogenoemde ontwikkelingstake nie suksesvol aangespreek kan word nie.

Aangesien dit 'n bekende feit is dat toepaslike vroeë stimulasie die bereiking van ontwikkelingstake by kinders kan bevorder (Botha et al., 1998; Derbyshire, 2003; Grové, 1984; Heckroodt, 1995; Herbst, 1989; Huisamen, 1991), is toepaslike ontwikkelingskriteria in *hoofstuk 2* vir die doel ontwikkel. NKV-riglyne waarvolgens leerprogramme ontwikkel moet word, soos vervat in *hoofstuk 3*, is ook eers deeglik bestudeer. Enkele oorsese lande se skoolgereedmakingsprogramme is ook bestudeer, ten einde ooreenkomste met die NKV-riglyne, waarvolgens leerprogramme in Suid-Afrika ontwikkel moet word, te ondersoek. Aangesien daar nie 'n beduidende korrelasie tussen oorsese programme en die NKV-riglyne gevind kon word nie, is daar besluit om 'n skoolfasiliteringsprogram te ontwikkel wat rekening met die diversiteit van die Suid-Afrikaanse skoolpopulasie sou hou. Aangesien daar ook nêrens Suid-Afrikaanse programme gevind kon word wat aan die hand van die NKV-riglyne ontwikkel is nie, het die navorser 'n ervare multifunksionele span kundiges saamgestel, om die skoolfasiliteringsprogram te ontwikkel (*hoofstuk 4*).

Leerders, wat verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse skoolpopulasie is, is op 'n ewekansige wyse uit veertien skole geselekteer en by die eksperimentele uittoetsing van die drie leerprogramme betrek. Hierdeur kon die invloed van die skoolfasiliteringsprogram (onafhanklike veranderlike) op die sewe afhanklike veranderlikes, naamlik die vroeë skoolbeginners se motoriese vaardighede, visuele-perseptuele vaardighede, auditief-perseptuele vaardighede, gesyferdheid, geletterdheid, emosionele en sosiale vaardighede tegelykertyd ondersoek word. In teenstelling hiermee, is leerders ook op 'n ewekansige wyse uit sewe ander skole geselekteer, wat geen programblootstelling gehad het nie, om as kontrolegroep te kon dien.

Die feit dat die implementering van die skoolfasiliteringsprogram deur middel van aksienavorsing (*hoofstuk 5*) geskied het, het die navorser die geleentheid tot 'n meer

